# Graad 3

# TERMYN 3

# AFRIKAANS HUISTAAL

# Lesplanne

## VRYWARING/REDIGERING PROSES

Beste Kollegas,

Welkom by die NECT Huistaal Program!

Let asseblief daarop dat die NECT Huistaal Termyn 3 se material in n baie kort periode ontwikkel is.

As gevolg van hierdie rede, is dit moontlik dat daar in die toekoms vernaderinge sal wees in die program.

Ons sal ook graag vir julle wil betrek by die ontwikkeling van hierdie program en sal enige insette waardeer. Dit is n aaneenlopende proses van ontwikkeling en verbetering. Indien julle enige foute opmerk, volg asseblief die volgende proses om dit te rapporteur:

1. Stuur 'n e-pos aan die relevante presoon:
   xitsonga@homelanguage.co.za
   tshivenda@homelanguage.co.za
   sepedi@homelanguage.co.za
   siswati@homelanguage.co.za
   isizulu@homelanguage.co.za
   isindebele@homelanguage.co.za
   isixhosa@homelanguage.co.za
   sesotho@homelanguage.co.za
   setswana@homelanguage.co.za
   afrikaans@homelanguage.co.za
   english@homelanguage.co.za
2. In die onderwerp lyn, skryf die dokument se verwysing. Byvoorbeeld: GRAAD 3 TERMYN 3 LESPLAN BL 45–47.
3. Verduidelik dan die veranderinge wat julle graag onder ons aandag wil bring **OF** maak die vernaderinge op jou harde kopie, skandeer dit en heg dit aan die e-pos.
4. Indien julle 'n ernestige TAAL probleem ondervind wat julle onder ons aandag wil bring, skryf dan byvoorbeeld die volgende in die onderwerp lyn: BEWYSE VAN STREEKSDIALEK.
5. Skryf dan n volledige verslag oor die probleem.
6. Stuur asseblief alle e-posse met jou naam, rang by skool asook jou selnommer. Ons sal dan met jou in verbinding tree om die probleem te bespreek.
7. **Baie dankie vir jou kundigheid en bydrae tot hierdie program. Ons wil graag die beste en mees korrekte kopie vir alle tale aanbied.**

# Inhoud


Bestuursnotas v
Kernmetodologieë xii

**Week 1 Tema: Deernis** **1**
Maandag 3
Dinsdag 8
Woensdag 13
Donderdag 20
Vrydag 24

**Week 2 Tema: Deernis** **29**
Maandag 31
Dinsdag 37
Woensdag 43
Donderdag 50
Vrydag 55

**Week 3 Tema: Eerlikheid** **59**
Maandag 61
Dinsdag 67
Woensdag 73
Donderdag 80
Vrydag 84

**Week 4 Tema: Eerlikheid** **89**
Maandag 91
Dinsdag 96
Woensdag 102
Donderdag 109
Vrydag 113

**Week 5 Tema: Los probleme op** **117**
Maandag 119
Dinsdag 124
Woensdag 129
Donderdag 136
Vrydag 140

**Week 6 Tema: Los probleme op** **145**
Maandag 147
Dinsdag 153
Woensdag 159
Donderdag 166
Vrydag 170

**Week 7 Tema: Leer nuwe goed** **175**
Maandag 177
Dinsdag 182
Woensdag 188
Donderdag 195
Vrydag 199

**Week 8 Tema: Leer nuwe goed** **203**
Maandag 205
Dinsdag 211
Woensdag 217
Donderdag 224
Vrydag 228

**Week 9 Tema: Identiteite** **233**
Maandag 235
Dinsdag 240
Woensdag 246
Donderdag 253
Vrydag 257

**Week 10 Tema: Identiteite** **261**
Maandag 263
Dinsdag 267
Woensdag 273
Donderdag 280
Vrydag 284

# Bestuursnotas

## Leeruitkomste

Hierdie termyn behoort die leerders die volgende uitkomste te bereik:

### LUISTER EN PRAAT

1. Leerders behoort 4 nuwe rympies of liedjies te ken.
2. Leerders behoort deel te neem aan klasbepsrekings om sodoende vorrige kennis te kan deel.
3. Leerders behoort gedeelde lees stories te bespreek deur ‘n besprekeings-raamwerk te gebruik.
4. Leerders behoort eie stories op te kan maak, veral vir die kreatiewe storievertellingsaktiwiteit.
5. Leerders behoort te kan praat oor wat hulle geksryf het.
6. Leerders behoort die gebruik van die volgende klanke te vertsaan

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| deernis | deernisvol | eensaam | insluit | uitsluit | ingesluit |
| uitgesluit | dankbaar | verdien | behandel | geheim | belofte |
| vertroubaar | wit leuen | offer | grom | sluip | verleë |
| oordeel | per ongeluk | doelgerig | eerlik | oneerlik | waarheid |
| leuen | erken | armband | skitter | bewonder | jaloers |
| soek of soektog | verneuk / gekul | toertjie / verneukslag / kul / ‘n poets bak | gek | nuuskierig | eksperiment |
| gehinder | geïrriteerd | nood | gevolg | bedrieg | ignoreer |
| windpomp | krag | ingenieur | ingenieurswese | hongersnood | droogte |
| om honger to lei | beïndruk | indrukwekkende | bespot | joernalis | fokus |
| battery | uitvinding | soorteglyk | heimwee | innoverende | probeer en leer |
| aas | ontwikkel | navorsing | internet | informasie | bronne |
| artikels | biblioteek | leen | data | kliek | blaai |
| ruimtevaarder | wiskundige | briljant | swaartekrag | diskriminasie | onregverdig |
| krediet | lof | bereken | identiteit | verkleurmannetjie | uniek |
| geslag | ras | geloof | behoort | onwettig | misdaad |
| komediant | kultuur | Burundi | fees | tradisie | tradisioneel |
| erfenis | behoort | geleentheid | familielid | | |

## FONEMIESE BEWUSTHEID EN KLANKE

1. Leerders behoort klanke mondelings te kan identifiseer.
2. Leerders behoort die volgende klanke outomaties te herken.
3. Leerders behoort die volgnde klanke te kan meng en opbreek.

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| ooi | aai | eeu | oei | kr | kn |
| pl | pr | st | sw | gl | gr |
| ng | nk | ld | lk | | |

Leerders behoort die volgnde woorde in lettergrepe op te kan deel.

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| n/a | | | | | |

## LEES

Leerders behoort die volgnde woorde te kan klank en die woord te vorm.

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| tooi | nooi | kooi | vlooi | rooi | laai |
| taai | swaai | kraai | draai | spreeu | sneeu |
| leeu | skreeu | groei | broei | koei | boei |
| bloei | kraan | krap | kreun | krop | kreef |
| knoei | kneus | knoop | knor | knaap | plaas |
| ploeg | plaak | plant | pluis | proe | pruik |
| praat | pret | prooi | stoel | stout | steel |
| stap | strooi | swoeg | swak | swart | sweet |
| swem | gloei | glad | glips | gleuf | glinster |
| groente | grys | graat | groet | ring | bang |
| sing | meng | bring | bank | tenk | drink |
| pienk | sink | held | skuld | naald | veld |
| wild | wolk | melk | valk | dalk | bulk |

Leerders behoort die volgende sigwoorde te kan lees.

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| onder | alleen | pouses | iemand | jammer | gunsteling |
| middagete | broodjie | ekstra | kosblik | armband | myne |
| verloor | gekry | bewonder | oggend | beeste | trop |
| kul | dorpenaars | elektrisiteit | windpomp | materiale | droogte |
| uitvinding | dieselfde | vullisdrom | elektroniese | gereël | toerusting |
| aarbeie | plante | groei | geplant | internet | eendag |
| vuurpyl | getel | briljante | verslae | bekende | rasse |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| parkie | gesin | polisie | oorlog | erfenis | kultuur |
| kulture | tradisionele | | | | |

Leerders behoort ‘n teks te kan lees soos aangedui in die voorbeeld wat volg.

> "Dit is amper Erfenisdag. Môre sal ons al die Suid-Afrikaanse kulture en tradisies vier!" kondig Mnr. Dube aan. "Wat is 'n spesiale tradisie in jou kultuur?" Ithabeleng steek haar hand op. "Ek hou daarvan dat wanneer daar 'n spesiale geleentheid is ek en my ma ons sheswe klere dra!" sê sy.
> "O! Ek is mal oor die Indlamu dans in my kultuur," roep Funani uit. Oliver sit stil op sy sitplek. Hy dink aan die Karyenda dromme wat die mans speel met feeste in Bujumbura. "Ek wonder of ek toegelaat gaan word om my Burundese tradisies op Erfenisdag te vier?" dink hy.

## BEGRIP

1 Leerders behoort n voorspelling van die teks te kan maak deur na die prente te kyk.
2 Leerders behoort detail oor ‘n teks te kan herroep.
3 Leerders behoort die teks te kan hervertel.
4 Leerders behoort die teks in volgorde te kan hervertel.
5 Leerders behoort te verstaan wat dit beteken om ‘n teks die visualiseer en koneksies en voorspellings te maak.
6 Leerders behoort oor die teks te kan gesels deur die besprekings-raamwerk te gebruik.
7 Leerders behoort begripsvrae oor die teks te kan beantwoord.
8 Leerders behoort die teks te kan opsom.

## SKRYFWERK

1 Leerders behoort ‘n prentjie te kan teken wat n boodskap oordra.
2 Leerders behoort om een of twee byskrifte by die prentjie te kan voeg.
3 Leerders behoort ‘n kort skryfraamwerk te kan gebruik.
4 Leerders behoort om 1 paragraaf te skryf aan die hand van ‘n skryfraamwerk of plan.
5 Leerders behoort die volgende te kan skryf: ‘n lys /‘n brief

## GROEPBEGELEIDE LEES

1 Leerders behoort hardop, in ‘n vaardigheidsgebaseerde groep, saam met die juffrou te kan lees.
2 Leerders behoort hulle woordeskat kennis, kontekstuele leidrade en hulle sigwoorde te kan gebruik as hulle lees.
3 Leerders behoort hulself te kan monitor aangaande woord herkenning en begrip.

## Materiaal en Hulpbronne Voorsien

**Let asseblief daarop dat alle hulpbronne die eiendom van die skool bly. Hulpbronne sal slegs een maal uitgereik word. Hulpbronne moet dus voldoende gekontroleer en opgepas word.**

Gedurende Termyn 3 word onderwysers van die volgende hulpbronne voorsien:

1 **Gekleurde vertoonborde × 4**
Gebruik hierdie borde om jou werk vir die week uit te stal. Elke week, vertoon jou: fonetiese klanke en woorde; hoë frekwensie woorde; tema woordeskat; illustrasies en skryfraamwerk.

2 **Handskrifkaarte**
Vertoon hierdie kaarte voor in die klaskamer, sodat hul duidelik vir leerders sigbaar is. Daar sal drukskrifkaarte aan Graad 1 en 2 onderwysers voorsien word. Daar sal drukskrif – en lopendeskrifkaarte aan Graad 2 en 3 onderwysers voorsien word.

3 **Termyn 3 Onderrigplan**
Gebruik die onderrigplan om te bepaal wat op ’n daaglikse basis aangeleer moet word. Die kernmetodologieë sal verduidelik hoe elke les aangebied moet word. Daar sal ’n oriëntasie program aangebied word vir die eerste twee weke van Termyn 3.

4 **Termyn 3 Kontrolelys**
Gebruik hierdie dokument om jou (ATP) (Gevorderde Onderwysplan – GOP) en Termynbeplanning te voltooi. Merk af en dateer elke les en assesseringsaktiwiteite soos dit voltooi is. Besin oor jou onderrig.

5 **Termyn 3 Grootboek**
Gebruik die Grootboek stories gedurende gedeelde lees lesse. Daar is agt stories vir die termyn – een storie vir elke week.

6 **Termyn 3 Hulpbronpakket**
Die Hulpbronpakket sluit die volgende items in:
- **Flitskaarte** word vir tema woordeskat; hoë frekwensie woorde; klanke en woorde voorsien.. Knip hul uit en bêre dit op ordelike wyse. Gebruik hierdie flitskaarte op die vertoonborde.
- **Tema Woordeskat Illustrasies** word voorsien waar van toepassing. Knip hul uit en bêre dit op ordelike wyse. Gebruik hierdie flitskaarte op die vertoonborde.
- **Kreatiewe storieblaaie** word voorsien vir elke tema. Dit is ’n reeks van 3 of 4 prentjies wat ’n storie uitbeeld. Daar is 10 kopieë van elke werksblad – een per klein groepie. Maak asseblief meer afskrifte indien nodig.
- **Assesseringsrekordblaaie** word voorsien om leerders se resultate en kommentaar vir die termyn aan te teken.

7 **Termyn 3 Leeswerksblaaie × 8**
Agt leeswerksblaaie word voorsien vir die termyn – een vir elke week van Week 3 tot 10. Gebruik hierdie werksblaaie vir die hele klas gedurende groepbegeleide lees. Daar is 20 kopieë van elke leeswerksblad. Maak asseblief meer afskrifte indien nodig.

## Weeklikse roetine: 7 ure

1. Die gestruktureerde leerprogram volg dieselfde roetine elke week.
2. Dit maak dit makliker vir onderwysers en leerders om te volg.
3. Leerders kan voorberei vir die volgende aktiwiteit sodra hul die roetine ken.
4. Hierdie roetine is gebaseer op die KAVB minimum tyd vir Huistaal: 7 ure per week.
5. Hierdie roetine is ontwerp as deel van ’n tweetalige program, tesame met die PSRIP (Inisiëring program vir openbare sektor) EFAL (AEAT Afrikaans Eerste addisionele taal) gestruktureerde onderwysprogramme.
6. Stal asseblief hierdie roetine in jou klaskamer uit en probeer om dit uit jou kop te leer!

| MAANDAG | | DINSDAG | | WOENSDAG | | DONDERDAG | | VRYDAG | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Mondelinge Aktiwiteite | 15 | | | Mondelinge Aktiwiteite | 15 | | | Mondelinge Aktiwiteite | 15 |
| | | Klanke | 15 | Klanke | 15 | Klanke | 15 | Klanke | 15 |
| Handskrif | 15 | Handskrif | 15 | Handskrif | 15 | | | | |
| Gedeelde lees | 15 | Gedeelde lees | 15 | | | Gedeelde lees | 15 | Gedeelde lees | 15 |
| Handskrif | 30 | | | Handskrif | 30 | | | | |
| Groep begeleide lees | 30 | Groep begeleide lees | 30 | Groep begeleide lees | 30 | Groep begeleide lees | 30 | Groep begeleide lees | 30 |
| **1.45** | | **1.15** | | **1.45** | | **1.00** | | **1.15** | |

## Weeklikse voorbereiding

Dit is belangrik om te onthou dat die Huistaal program die volume BEPLANNING vir onderwysers verminder het, maar dat VOORBEREIDING steeds vereis word! Sit een middag per week, tesame met jou kollegas (al die Grondslagfase Onderwysers), en doen jul voorbereiding saam.

**Wanneer jou voorbereiding gedoen word, onthou die volgende:**

1. Lees deur die lesplan vir die week.
2. Maak seker dat jy die metodologieë wat gebruik gaan word ken en verstaan. Indien nie, gaan na die afdeling getitel “Kernmetodologieë, en hersien dienooreenkomstig.
3. Volgende, maak seker watter flitskaarte en illustrasies nodig is vir die tema woordeskat, hoë frekwensie woorde, klank en die skryfraamwerk. Kry hierdie flitskaarte en illustrasies as volg gereed:
4. Knip die flitskaarte en illustrasie uit.
5. Probeer om hul op ’n karton of papier te plak.
6. Indien moontlik, lamineer of trek dit met plastiek oor.

7 Bêre die flitskaarte en les saam in 'n koevert, of hou dit bymekaar met 'n rekkie.
8 Kry enige ander hulpbronne wat jy mag benodig bymekaar, insluitend prentjies en werklike voorwerpe.
9 Maak seker dat jou Grootboek in orde is.
10 Lees deur enige aktiwiteite in die Departement van Onderwys Werkboek wat jy moet voltooi.
11 Oefen die skryfwerk lesse.
12 Maak seker dat jou Kontrolelys op datum is van die vorige week en besin oor jou vordering.

## Temas en Leesskedule

| WEEK NOMMER | TEMA | GEDEELDE LEES TEKS | LEES WERKSKAART |
|---|---|---|---|
| 1 | Aanhouer wen! | Khumo maak 'n nuwe vriend | 1 |
| 2 | Aanhouer wen! | Die ekstra middagete | 2 |
| 3 | Families gee om vir mekaar | Die blou armband | 3 |
| 4 | Families gee om vir mekaar | Die beeswagter wat 'leeu' geskree het | 4 |
| 5 | Boelies | William se briljante windpomp | 5 |
| 6 | Boelies | Kelvin Doe: DJ Focus | 6 |
| 7 | Ons is skrywers | Zandile gebruik die internet | 7 |
| 8 | Ons is skrywers | Wie is Katherine Johnson? | 8 |
| 9 | Dinge wat ons bang maak! | Trevor Noah, die verkleurmannetjie | 9 |
| 10 | Dinge wat ons bang maak! | Almal se Suid-Afrika | 10 |

## Termyn 3 Assesseringsprogram

Die assesseringsprogram is ontwerp in lyn met die Verkorte Afdeling 4 van die CAPS dokument. Dit kan agter in die **/TRACKER/** van elke kwartaal gevind word.

## Klaskamer Uitstallings

### VERTOONBORDE

1. As deel van die program sal jy van vier groot vertoonborde van verskillende kleure voorsien word.
2. Elke gekleurde bord sal gebruik word om ’n verskillende stel woorde van die week uit te stal.
3. Gebruik hierdie borde as volg:
   - a **Groen bord** – vertoon die tema woordeskat woorde en illustrasies van die week.
   - b **Blou bord** – vertoon die hoë frekwensie woorde vir die week.
   - c **Geel bord** –vertoon die klanke en woorde vir die week.
   - d **Pienk bord** – vertoon die skryfraamwerk vir die week.
4. Die woorde op die bord moet elke week vervang word.
5. Moet asseblief nie alle temawoordeskat en illustrasies vir die jaar op die borde los nie. Hierdie uitstalling moet verband hou met die tema waarmee jy besig is. As die hele klas vol woorde en illustrasies is raak dit oorweldigend en sal die leerders dit nie meer raaksien nie.
6. Haal woorde en illustrasies af en bêre dit op ’n geordende wyse.
7. Pas hierdie woorde op sodat jy hul weer kan gebruik in die volgende jaar.

### TEMATAFEL

1. Probeer om ’n tematafel in jou klas te skep.
2. Gebruik hierdie spasie om prentjies en voorwerpe wat betrekking het op die tema uit te stal.
3. Merk hierdie items, sodat leerders die woordeskat kan leer.

# Kernmetodologieë

## Klaskamer Bestuur

Sommige fundamentele klaskamer bestuursstrategieë is ingesluit as 'kern metodologieë'. Hierdie is strategieë wat regdeur die program gebruik word. Dit is dus belangrik om hul te bemeester.

***Doel:*** *Om tyd per taak, leerder gedrag en samewerking tussen leerders te verbeter. Om onderbrekings aan leerders te verminder. Om 'n element van speel om te leer in te stel.*

### SITPLEK EN KLEINGROEPIES

1 Dit is baie belangrik om tyd en noukeurige aandag te gee aan waar jy leerders laat sit in jou klaskamer.
2 Oorweeg die volgend belangrike punte wanneer jy dit doen:
   a **Plaas leerder in gemengde vermoëns** – jy wil nie leerders wat sukkel bymekaar laat sit nie, of sterk leerders saam te laat sit nie. Meng die leerders sodat die hele klaskamer 'n gemengde vermoë spasie is.
   b **Plaas leerders strategies om konflik of lawaai te voorkom**. Moet nie leerders wat mekaar pla bymekaar laat sit nie. Moenie leerders wat nie kan ophou praat bymekaar laat sit nie. Verhoed probleme deur sulke leerders te skei.
3 In die leerprogram is daar 'n paar aktiwiteite wat vereis dat leerders in kleingroepies moet werk.
4 Sulke groepies, bestaande uit 3–4 leerders, sit naby aan mekaar. Deur dit te doen kan leerders, wanneer jy vra dat hulle in hul 'kleingroepies' moet werk, die groepie vinnig en effektief vorm, sonder om te veel rond te beweeg.
5 Indien leerders in rye sit, is 'n maklike manier om klein groepies te vorm deur twee leerders in die voorste ry te laat omdraai na die twee leerders reg agter hulle in die tweede ry. So kan hulle 'n kleingroepie vinnig en effektief vorm.
6 Moenie dit aan die leerders oorlaat nie. Besluit hoe die klein groepies in jou klaskamer gevorm gaan word en leer die leerders om die groepe vinnig en rustig te vorm.
7 Maak veranderinge aan die groep indien jy sien dat die dinamiek in 'n groep nie werk nie – moet leerders nie forseer om saam te werk nie.

### BESTUUR VAN GROEPBESPREKINGS

1 In die leerprogram is daar 'n paar aktiwiteite wat vereis dat leerders groepbesprekings hou.
2 Leer leerders om dit as volg te doen:
   a Eerstens moet leerders in hul kleingroepe kom.
   b Tweedens moet die leerders oplet wat die besprekingsvrae of raamwerk is.

c. Dan moet elke leerder die kans gegun word om elke vraag te beantwoord, bv.:
   - Leerder 1 antwoord Vraag 1
   - Leerder 2 antwoord Vraag 1
   - Leerder 3 antwoord Vraag 1
   - Leerder 4 antwoord Vraag 1
   - Leerder 1 antwoord Vraag 2
   - Leerder 2 antwoord Vraag 2
   - Leerder 3 antwoord Vraag 2
   - Leerder 4 antwoord Vraag 2
   - Ensovoorts

3. Dit mag ’n goeie idee wees om gebruik te maak van ’n ’praatstok /klip/ item’ om dit te beheer.
   a. Gee aan elke groep ’n kleurvolle item soos ’n gekleurde stok of klip.
   b. Die persoon wat die stok vashou, mag dan praat en almal anders in die groep moet luister.
   c. Sodra die eerste leerder klaar gepraat het moet hy of sy die item aangee aan die volgende leerder, ensovoorts.
4. Indien die groep moet terug rapporteer, kan hulle sodra almal geantwoord het, stem vir die beste antwoord vir elke vraag.

## LEES OORGANGSAKTIWITEITE

1. Gedurende alle groepbegeleide lees les, moet onderwysers met twee groepe werk.
2. Tussen groepe is dit belangrik om ‘ktiewe breuk’ te neem, voordat leerders gereed is om aan die volgende Leeswerksblad te werk.
3. Doen dit as volg:
   a. Wanneer jy klaar met Groep 1 gewerk het, stuur hulle terug na hulle tafels.
   b. Roep die klas tot aandag.
   c. Doen ’n Lees oorgangsaktiwiteit met die hele klas.
   d. Laat die klas rustig word met die volgende Leeswerksblad.
   e. Verduidelik die volgende aktiwiteit op die Leeswerksblad.
   f. Herinner leerders dat hulle elke aktiwiteit waaraan hulle werk moet voltooi voordat hulle mag aanbeweeg na die volgende aktiwiteit – hulle moet teen hul eie tempo werk.
   g. Roep Groep 2 om saam met jou te kom werk.
4. Gedurende Termyn 3 stel ons voor dat jy die volgende 4 Lees oorgangsaktiwiteite gebruik:

### Aktiwiteit 1: Juffrou sê

1. Sê aan leerders om op te staan.
2. Verduidelik dat julle verskillende bewegings gaan doen, soos: vat aan jou kop; vlieg 'n vlieër; wikkel jou neus; spring drie keer; ens.
3. Indien jy sê, "Juffrou sê" moet die leerders die aksie uitvoer.
4. Indien jy nie sê "Juffrou sê" nie, moet die leerders stil staan.
5. Wanneer 'n leerder die aksie uitvoer wanneer jy nie gesê het "Juffrou sê" nie, is die leerder uit en moet gaan sit.
6. Die wenner is die laaste leerder wat bly staan.

### Aktiwiteit 2: Dans Partytjie

1. Sê aan leerders om op te staan.
2. Verduidelik dat jy musiek op jou foon gaan speel.
3. Sodra die leerders die musiek hoor, moet hulle dans.
4. Sodra jy die musiek afsit moet hulle vries.
5. Skakel die musiek 'n paar keer aan en af, sodat die leerders 'n paar keer kan dans en vries!

### Aktiwiteit 3: Wikkel, wikkel, vries

1. Sê aan die leerders om op te staan.
2. Sê: wikkel, wikkel, wikkel, wikkel, wikkel, wikkel, vries!
3. Leerders moet dit saam met jou sê en hul lyfies wikkel wanneer hulle sê 'wikkel'.
4. Wanneer hulle 'vries' moet hulle doodstil staan en doodstil wees!
5. Herhaal dit 'n paar keer.

### Aktiwiteit 4: Ek en my stoel

1. Sê aan die leerders om langs hul stoele te staan. Daar moet 'n bietjie spasie rondom hulle wees.
2. Gee aan die leerders instruksies om te volg – hulle moet dit vinnig en stil doen.
3. Hierdie instruksies hou almal verband met die stoel en hul oefen so die gebruik van voorsetsels.
4. Gee instruksies soos:
   - staan agter jou stoel
   - tel jou stoel op
   - klim op jou stoel
   - klim bo-oor jou stoel
   - ens.

## Mondelinge Aktiwiteite

Aan die begin van die Huistaal lesse op Maandae, Woensdae en Vrydae sal julle mondelinge aktiwiteite doen. Hierdie is die luister – en praat aktiwiteite van die program. Dit is met oorleg ontwerp om aan die leerders geleentheid te gee om individueel te praat.

### Onderrig van Tema Woordeskat

***Doelwit:*** *Leerders se kognitiewe – konseptuele en akademiese woordeskat word uitgebrei, om sodoende leesbegrip en algemene kennis te verbeter. Leerders word beter toegerus met die taal wat vereis word om effektief in die Intermediêre fase te funksioneer.*

1. Leer 3 nuwe tema woordeskat woorde vir leerders.
2. Gebruik die metodiek 'PATS' om nuwe woordeskat aan te leer.
3. PATS is 'n akroniem vir Wys, Speel, Vertel en Sê.
4. Dit is nie altyd moontlik om al vier aksies vir elke temawoord te doen nie – doen slegs wat van toepassing is:
   - **a** WYS na 'n prent of werklike item, indien moontlik.
   - **b** Die temawoord word deur AKSIES uitgespeel.
   - **c** VERTEL die leerders wat die temawoord is en die betekenis daarvan.
   - **d** Sê die woord in 'n sin, en laat die leerders die woord na jou herhaal.
5. Wanneer jy die tema woordeskat vir die leerders geleer het, vertoon die woorde op die vertoonbord, tesame met die temawoord illustrasie.
6. Nie elke leerder sal die nuwe tema woordeskat onmiddellik ken nie. Onderwysers hoef nie hieroor bekommerd te wees nie, en moenie leerders die woorde baie kere laat herhaal nie!
7. Leerders sal na herhaalde kere die nuwe woordeskat teëkom gedurende die tema, en sal die geleentheid gegee word om hulle eie woordeskat outentiek te bou.

### Lied of Rympie

***Doelwit:*** *Leerders se kennis van die nuwe woordeskat word gekonsolideer. Leerders leer deur middel van spel.*

1. Die spesifieke lied of rympie wat jy met die leerders doen, is in die lesplan gelys.
2. Die leerders sal oor 'n gegewe tyd hierdie liedere en rympies leer ken, en hulle sal dit outomaties sing.
3. Alhoewel, wanneer dit aanvanklik bekend gestel word, is dit nodig dat jy die woorde, aksies en wysie (as daar een is), aan die leerders moet leer.
4. Leer die lied of rympie reël-vir-reël soos volg vir die leerders aan:

- **a** Sing of sê die hele lied of rympie vir die klas. Verduidelik die betekenis daarvan aan die leerders, indien nodig.
- **b** Sing of sê die eerste reël, en laat die leerders dit na jou herhaal.
- **c** Sing of sê die tweede reël, en laat die leerders dit na jou herhaal.
- **d** Sing of sê die eerste twee reëls saam, en laat die leerders dit na jou herhaal.

5 Gaan op hierdie wyse voort totdat jy die hele lied of rympie aan die leerders geleer het.
6 Gepaste aksies moet altyd by die lied en rympie ingesluit word.
7 Laat leerders toe om hulle geliefkoosde lied aan die einde van die dag te sing – hierdie is ŉ prettige manier om die nuwe taal wat hulle aangeleer het, vas te lê.

## Sing of rym

***Doelwit:*** *Konsolideer leerders se kennis van die nuwe woordeskat. Leerders leer deur spel.*

1 Die spesifieke lied of rympie wat jy met die leerders moet doen, is in die lesplan gelys
2 Leerders sal oor 'n tyd hierdie liedere en rympies leer ken, en hulle sal dit outomaties sing.
3 Aanvanklik as dit aan die leerders bekendgestel word sal aksies en wysies aangeleer moet word.
4 Die lied en rympies moet reël-vir-reël aan die leerders geleer word, soos hieronder uiteengesit.
- **a** Sing of sê die hele lied vir die klas. Indien nodig verduidelik die doel daarvan, aan die leerders.
- **b** Sing of sê die eerste reël, en laat die leerders dit dan na jou herhaal.
- **c** Sing of sê die tweede reël, en laat die leerders dit dan na jou herhaal.
- **d** Sing of sê die eerste twee reëls saam, en laat die leerders dit dan na jou herhaal.
- **e** Hou op hierdie manier aan, totdat jy die leerders die hele lied of rympie aangeleer het


5 Gepaste aksies moet altyd met die lied of rympie ingesluit word.
6 Laat leerders toe om aan die einde van die dag hulle geliefkoosde liedere of rympies te kies – dit is 'n prettige manier om die nuwe taal wat hulle aangeleer het, vas te lê.

## Stel die Tema bekend: Assessering Vorige Kennis.

***Doelwit:*** *Stel die vooraf kennis van die leerders oor ŉ onderwerp vas, en bou op wat reeds oor daardie onderwerp bekend is. Die grafiese organisasie erken die kennis van die leerders en bou op wat reeds bekend oor die onderwerp en organisasie is. Gebruik geheuekaarte om die grafiese organisasie van kennis te ontwerp.*

1 In hierdie aktiwiteit, begin die onderwyser deur 'n vinnige geheuekaart op die bord te skryf.
2 Die onderwyser trek ŉ sirkel op die bord met die naam van die tema in die middel.
3 Die onderwyser vra nou aan die leerders: Wat weet julle reeds van hierdie tema?

**4** Die onderwyser skryf die leerders se idees rondom die geheuekaart. Die onderwyser moet probeer om soortgelyke idees saam te groepeer byvoorbeeld, as die tema 'Vriendskap' is, mag jy dalk ŉ geheuekaart hê wat soos hierdie lyk.




**5** In die tweede week van die siklus, sal die onderwyser die geheuekaart gebruik om leerders te help met hersiening en te reflekteer wat hulle in die eerste week van die siklus geleer het.

**6** Die onderwyser sal aan die leerders vra: Watter nuwe en interessante dinge het ons sover van hierdie tema geleer?

## Kreatiewe Storievertel Week 1

***Doelwit***: *Gee leerders die geleentheid om ŉ nuwe taal suiwer te gebruik, en om hulle kennis van 'n onderwerp en kreatiwiteit te gebruik om 'n betekenisvolle storie te bou. Bou leerders se volgorde vaardighede uit. Gee leerders die geleentheid om samewerkend en mede – samewerkend – in 'n klein groep te werk.*

**1** Hierdie aktiwiteit gee leerders die geleentheid om hulle verbeelding en kreatiwiteit te gebruik; hulle nuwe tema woordeskat en hulle volgorde vaardighede aan te wend om 'n nuwe storie te op te maak.

2 Sê aan leerders om na hulle kleingroepe te gaan.
3 Gee aan elke groep ’n afskrif van die kreatiewe storievertelbladsy vir die tema. Jy sal dit in die hulpbronpakket vind
4 Hierdie bladsye het ’n series van 3–4 prente wat gebruik kan word om ’n storie te bou wat met die tema verband hou.
5 Sê aan die leerders om aan ’n storie te dink wat by die prente pas.
6 Gee aan leerders ’n minuut of twee om oor hulle idees te dink.
7 Elke leerder in die groep moet ’n beurt kry om hulle weergawe van die storie te vertel.
8 Stap rond en luister na verskillende leerders soos hulle hulle stories vertel.
9 Neem die bladsye in en bêre dit sorgvuldig vir die volgende week.
10 Moedig leerders aan om hulle stories aan iemand anders by die huis te vertel.

## Kreatiewe storievertel week 2

***Doelwit**: Gee leerders die geleentheid om ŉ nuwe taal suiwer te gebruik, en hulle kennis en kreatiwiteit te gebruik om ’n betekenisvolle storie te bou. Bou leerders se volgorde vaardighede. Gee leerders die geleentheid om samewerkend en mede-samewerkend in ’n klein groep te werk.*

1 Sê aan leerders om na hulle kleingroepe te gaan.
2 Gee aan elke groep ’n afskrif van die kreatiewe storievertelbladsy van die tema.
3 Herinner leerders daaraan dat hulle die vorige week, hulle eie stories rondom die prente opgemaak het.
4 Gedurende hierdie week moet die leerders in ŉ groep werk om op ’n groepstorie te besluit.
5 Herinner leerders daaraan dat hulle stories kreatief moet wees, maar dat dit by die prente moet pas!
6 Maak seker jy het die hele klas se aandag.
7 Vra 1–2 verskillende groepe om hulle groepstories te deel.
8 Bedank leerders dat hulle hulle stories gedeel het.

## Bespreking van Gedeelde Lees Teks

***Doelwit:** Leer leerders kritiese denke en opsommingsvaardighede aan en gee hul die geleentheid om hierdie vaardighede te oefen en te ontwikkel. Bou leerders se selfvertroue op deur oorspronklike geleenthede te gee om te formuleer en aan opinies uitdrukking te gee, te evalueer, konneksies te maak en tot ŉ gevolgtrekking te kom.*
*Gee aan leerders die geleentheid om gesamentlik en mede-gesamentlik in ŉ klein groep te werk.*

1 Bespreking van die Gedeelde Lees Teks word op Vrydae gedoen.
2 Begin by die skryf van die besprekingsraamwerk op die bord.
3 Vervolgens lees en verduidelik die besprekingsraamwerk aan die leerders.

4 Leerders moet verstaan dat daar geen foute met antwoorde van oop en geslote vrae is nie – alle antwoorde en opinies word verwelkom.
5 Kry die klas se aandag aan die einde van die les.
6 In die laaste paar minute, vra verskillende leerders of ŉ spesifieke groep om hulle antwoorde te deel.
7 Bedank leerders vir hulle antwoorde en bydraes.
8 As antwoorde nie korrek is nie, of uitbreiding daarop benodig word, korrigeer die leerders of vra leidende vrae.

## Fonetiese Bewustheid & Klanke/Handskrif Graad 1 & 2 (totdat die fonetiese programme voltooi is)

Fonetiese Bewustheid & Klanke en Handskrif werk saam in hierdie programme.

### Konsolidasie: Maandae

***Doelwit:** Leerders se fonetiese bewustheid word informeel geassesseer en die herroeping van geleerde klanke en handskrif. Klanke en handskrif word geremidieër of konsolideer deur self-regstelling. Gebruik assesserings waarneming vir formele doeleindes.*

1 Op Maandae gedurende Handskrif, sal leerders hulle drukskrif oefen deur klanke, lettergrepe en woorde wat in vorige weke aangeleer is, te hersien.
2 Sê aan leerders om hulle boeke oop te maak. Leerders moet die datum skryf, sodra hulle daartoe in staat is.
3 Vervolgens sê aan leerders om hulle bladsy in die helfte te vou, en nommer van 1–5 in die kantlyn, en 6–10 in die middel van die bladsy. (Die aantal klanke, lettergrepe en woorde sal van les tot les verskil).
4 Sê aan leerders om die klank, lettergreep of woord neer te skryf soos jy dit sê – hulle moet langs die korrekte nommer skryf. Indien hulle nie die woord of klank kan skryf nie, moet hulle ’n koppelteken skryf –.
5 Herinner leerders daaraan dat hierdie ’n vinnige aktiwiteit is, om te sien of hulle kan onthou hoe om die klanke, lettergrepe en woorde wat hulle alreeds geleer het te kan skryf.
6 Sê aan leerders dat hulle hulle klanke en handskrif kontroleer.
   - Hulle moet kan sien of hulle weet hoe om ’n klank, lettergreep of woord korrek te skryf.
   - Hulle moet kan sien of hulle weet hoe om die letters behoorlik te vorm.
7 Vra die klanke, lettergrepe en woorde in die lesplan.
8 Die leerders neem ’n kleurpotlood om hulle eie werk te korrigeer.
9 Skryf die antwoorde korrek op die bord, sê die klanke terwyl jy die skryfproses verduidelik.

10 Indien leerders sukkel om ’n klank te onthou of ’n letter te skryf, moet hulle in die week hieraan werk.
11 Neem leerders se boeke aan die einde van die dag in, en maak ’n nota wie addisionele hulp benodig.

## Leer nuwe Klanke en Woorde aan: Dinsdae en Woensdae.

***Doelwit:*** *Leerders se fonemiese bewustheid word sistematies ontwikkel. Om duidelike en sistematies huistaal foneme en lettergrepe aan leerders te leer, en om die identifikasie en gebruik van geleerde foneme en lettergrepe in woorde te oefen.*

### Bekendstelling van die nuwe klank

1 Sê die klank en wys die flitskaart, byvoorbeeld: **/p/**
2 Sê die klank, die leerders herhaal die klank 3x.
3 Bespreek hoe die **/p/** klank <u>dieselfde</u> in Afrikaans en Engels is.
4 Vir enkelklanke wys leerders die klanke op die Alfabetkaart.
5 Vra aan leerders: Kan jy aan woorde dink wat die klank **/p/** gebruik?
6 Dinkskrum woorde met leerders, soos: **pote, pere, krap, prys**

### Bekendstelling van nuwe woorde

1 Sê elke woord hard en duidelik terwyl jy die flitskaart aan leerders wys: **pote, pere, krap, prys**
2 Vra die leerders om die woorde te herhaal terwyl klem gelê word op die teikenklank.
3 Plak die flitskaarte van die woorde op die Klanke Vertoonbord.

## Skryf nuwe Letter(s) en Woorde: Dinsdae en Woensdae

***Doelwit:*** *Om duidelik en sistematies die Leerders se vermoë om korrek en vlot grafeme wat ooreenstem met die aangeleerde foneme te kan beskryf.*

1 Leer die leerders om die drukskrifletter(s) korrek te vorm van die aangeleerde klanke.
2 Wys hoe om die klank op die bord te skryf – beskryf die vormingsproses soos jy skryf.
3 Sê aan linkshandige skrywers om hulle koppe op die lessenaar te lê.
4 Staan dan met jou rug na die klas en lig jou regterhand op.
5 Sê aan die regshandige leerders om in die lug te volg soos jy die letter(s) skryf.
6 Vervolgens herhaal die proses met die linkshandiges.
7 Sê dan aan die leerders om met ’n maat saam te werk en die klank om die beurt op mekaar se rug met hulle vingers te skryf.
8 Sê hierna aan die leerders om die klank met hulle vingers op hul lessenaars te skryf.
9 Heel laaste wys leerders nog eenkeer hoe om die letter(s) en woorde op die bord te vorm.

10 Leerders moet hierna die klank /woorde/ sinne in hulle boeke skryf.
11 Leerders moet die nuut geleerde klank in enige woord/sin wat geskryf is <u>onderstreep</u>.

## Segmentering en vermenging: Donderdae

***Doelwit:*** *Om duidelik en sistematies leerders se fonemiese bewustheid te ontwikkel,* en *hulle vaardigheid om alle aangeleerde foneme en lettergrepe te vermeng en segmenteer om sodoende onafhanklik te lees en skryf. Deur die herkenning van foneme en lettergrepe kan outomatisme verbeter word.*

**Ek...**

1 Begin met 'n woord van die Dinsdag les.
2 Sê die woord:
3 Segmenteer die woord in individuele klanke:: **/p/** – **/e/** – **/r/** – **/e/**
4 Sê die eerste enkelklank van die woord: **/p/**
5 Sê die tweede enkelklank van die woord: **/e/**
6 Sê die derde enkelklank van die woord: **/r/**
7 Sê die laaste enkelklank van die woord: **/e/**
8 Skryf die woord op die bord: **pere**
9 Deur jou voorbeeld, wys na die bord om klanke te vermeng om 'n woord te maak: **/p/** – **/e/** – **/r/** – **/e/** = **pere**
10 Vervolgens sê die eerste lettergreep van die woord: **/pe/**
11 Sê die tweede lettergreep van die woord: **/re/**
12 Deur jou voorbeeld wys, na die bord om die lettergrepe saam te voeg om 'n woord te maak: **/pe/** – **/re/**
13 Herhaal dit met 'n woord van die Woensdag les.

**Ons...**

1 Begin met 'n woord van die Dinsdag les.
2 Sê die woord: **pote**
3 Vra aan die leerders: Wat is die eerste enkelklank in die woord? **/p/**
4 Vra aan die leerders: Wat is die tweede enkelklank in die woord? **/o/**
5 Vra aan die leerders wat is die derde enkelklank in die woord? **/t/**
6 Vra aan die leerders wat is die laaste enkelklank in die woord? **/e/**
7 Vra die leerders om die woord in individuele klanke te segmenteer: **/p/** – **/o/** – **/t/** – **e/**
8 Skryf die woord op die bord: **pote**
9 Gee opdrag aan die leerders om die klanke in die woord te segmenteer: **/p/** – **/o** – **/t/** – **/e/**
10 Vra aan die leerders wat is die eerste lettergreep van die woord? **/po/**
11 Vra aan die leerders wat is die laaste lettergreep van die woord? **/te/**

**12** Sê aan die leerders om die lettergrepe saam te voeg om 'n woord te vorm:
**/po/ – /te/** = **pote**

**13** Herhaal hierdie proses met 'n woord uit die Woensdag les.

## Woordsoek: Vrydae

***Doelwit:*** *Gee aan leerders die geleentheid om hulle kennis van geleerde foneme te konsolideer. Die leerders kry geleentheid om die vaardigheid van vermenging te oefen om woorde te bou. Die herkenning van foneme word outomaties gedoen.*

Skryf die tabel op die bord wat vorige geleerde klanke sowel as klanke aangeleer op Dinsdag en Woensdag insluit.

| | | |
|---|---|---|
| **y** | **i** | **p** |
| **kr** | **d** | **a** |
| **pr** | **e** | **m** |

### Model:

**1** Herinner leerders aan die klanke van die week byvoorbeeld: **/kr/** en **/pr/.**
**2** Hersien alle klanke en vermengings op die bord.
**3** Verduidelik dat leerders drie minute sal hê om soveel woorde as moontlik te kan skryf en moet van die klanke en vermengings hierbo gebruik.
**4** Wys aan leerders hoe om 'n woord te maak deur 'n teikenklank te gebruik: **/kl/ – /i/ – /m/**
**5** Herinner leerders daaraan dat hulle 'n woord kan maak deur enige van die klanke te gebruik – hulle hoef nie **/kr/ of /y/** te gebruik nie.
**6** Wys leerders hoe om 'n ander woord te maak: **/kr/ – /a/ – /p/**
**7** Herinner leerders dat hulle woorde kan maak deur die teikenklanke te gebruik, soos/ **kl – /i/ –/p**, of woorde sonder die teikenklank soos **dink.**

### Leerders doen:

**1** Sê aan die leerders om hulle boeke uit te haal en die opskrif te skryf: **kl, pr**
**2** Gee die instruksie dat die leerders moet begin skryf.
**3** Gee leerders 3 minute om soveel as wat hulle kan nuwe woord te vind en te bou.
**4** Laat leerders toe om hulle eie werk te korrigeer. Wys leerders hoe om hierdie woorde te bou ( en nog ander): **klink, klank, klap, pad, dam, mank, dink, klep, demp, prys**

# Fonemiese Bewustheid & Fonetiek/Handskrif

**Graad 2 & 3 (sodra die fonetiekprogramme voltooi is)**

Fonemiese Bewustheid & Fonetiek en Handskrif werk saam in hierdie programme.

## GRAAD 2 TERMYN 3–4

### HANDSKRIF

### Verander Woorde: Maandae

***Doelwit:*** Om *fonetiek – en handskrifkennis te remedieër en konsolideer deur selfkorreksie. Om leesvaardigheid te ontwikkel deur leerders te help om te fokus op en veranderinge in woorde en sinne te identifiseer, wat die betekenis van die woorde of sinne verander*

***Nota:*** *Aan die begin sal leerders hierdie aktiwiteit in DRUKSKRIF moet doen. Sodra die leerders genoeg kursiewe skrif ken, gee asseblief opdrag aan hulle om die aktiwiteit in KURSIEF te voltooi.*

1. Op Maandae tydens Handskrif, oefen leerders hulle kursiewe skrif deur klanke en woorde wat in vorige weke aangeleer is, te hersien.
2. Sê aan die leerders om hulle oefenboeke oop te maak en die datum te skryf.
3. Vervolgens sê aan die leerders om van 1–5 in die kantlyn te skryf, en tussen elke nommer ’n lyn oor te slaan.
4. Skryf die sin wat in die lesplan voorgeskryf is op die bord langs die nommer 1, bv.:
   1. Ek wil my boek hê.
5. Sê aan leerders om die sin in hulle boeke te kopieër.
6. Vervolgens sê aan leerders om verskillende voornaamwoorde langs die nommers te skryf, bv.:
   - Hy
   - Sy
   - Hulle
   - Ons
7. Sê aan die leerders om die sin oor te skryf, deur elkeen van hierdie voornaamwoorde te gebruik.
8. Herinner leerders dat hierdie ’n vinnige aktiwiteit is, om te sien of hulle onthou om die klanke en woorde wat hulle alreeds geleer het, te kan skryf.
9. Sê aan leerders dat hulle hulle eie klanke en handskrif nagaan.
10. Aan die einde van die les skryf die sinne korrek op die bord, sê die klanke en verduidelik die kursiewe skryfproses terwyl jy dit doen.
11. Vra die leerders daarna om enige patroon wat hulle kan sien, uit te wys, bv.: waar die sinne verander.
12. Onderstreep enige patroon, soos:

- Hy wil <u>sy</u> boek hê.
- Sy wil <u>haar</u> boek hê.
- Hulle wil <u>hul</u> boek hê.
- Ons wil <u>ons</u> boek hê.

**13** Sê aan die leerders om 'n kleurpotlood te neem om hulle eie werk te korrigeer.

**14** Indien leerders gesukkel het om 'n klank te onthou of om 'n letter in kursief te skryf, moet hulle in die week daaraan werk.

**15** Neem leerders se boeke aan die einde van die dag in, en maak 'n nota oor wie addisionele hulp benodig. Sommige leerders mag met klanke sukkel, terwyl ander sukkel om kursief te skryf!

## GRAAD 3 TERMYN 1–2

### HANDSKRIF

### Enkelvoud tot Meervoud Woorde: Maandae

***Doelwit:*** Om *fonetiek – en handskrifkennis te remedieër en konsolideer deur self korreksie. Om leesvaardigheid te ontwikkel deur leerders te help om te sien en fokus op die patrone van verandering in 'n sin, afhangende van die selfstandige naamwoord voorvoegsel.*

***Nota****: In die begin sal leerders hierdie aktiwiteit in DRUKSKRIF doen. So gou as wat leerders genoeg drukskrif ken, gee asseblief opdrag dat hulle die aktiwiteit in KURSIEF moet voltooi.*

**1** Op Maandae tydens Handskrif, oefen leerders hulle <u>kursiewe handskrif</u> deur hersiening van klanke en woorde wat in die vorige weke geleer is

**2** Sê aan leerders om hulle oefenboeke oop te maak en die datum en opskrif **<u>Enkelvoud – na Meervoudwoorde</u>**.

**3** Vervolgens sê aan leerders om nommers 1–5 in die kantlyn te skryf en om lyne tussen die nommers oor te slaan

**4** Herinner leerders dat hierdie 'n vinnige aktiwiteit is, om te sien of hulle onthou hoe om die klanke en woorde wat hulle reeds geleer het, te skryf.

**5** Sê aan leerders dat hulle hulle eie klanke en handskrif nagaan.

**6** Roep die enkelvoudwoorde in die lesplan uit. Leerders moet hierdie woorde soos volg langs die nommers skryf.

**<u>Enkelvoud na Meervoud Woorde</u>**

- bak
- hek
- sak
- gans
- kind

**7** Vervolgens sê aan leerders om die woorde oor te skryf as meervoude.

**8** In die laaste vyf minute van die les, skryf die woorde korrek op die bord, terwyl jy die klanke sê en beskryf die kursiewe skryfwyse proses soos jy dit doen.

9 Vra dan aan die leerders om enige patrone wat hulle kan sien, uit te wys, soos waar die woorde verander.
10 Onderstreep hierdie patrone, soos:
**Enkelvoud na Meervoud Woorde**
- bak
- bakke
- hek
- hekke
- sak
- sakke
- gans
- ganse
- kind
- kinders

11 Sê aan leerders om te dink oor hierdie patrone wanneer hulle lees of skryf.
12 Sê aan leerders om ’n kleurpotlood te neem en hulle eie werk te korrigeer.
13 Sê aan leerders dat indien hulle sukkel om ’n klank te onthou, of om ’n letter in kursief te skryf, hulle daaraan gedurende die week moet werk.
14 Neem leerders se boeke aan die einde van die dag in, en maak ’n nota oor wie addisionele hulp benodig. Sommige leerders mag sukkel met klanke, terwyl ander met kursiewe skrif mag sukkel!

## GRAAD 3 TERMYN 3–4

### HANDSKRIF

### Enkelvoud na Meervoud Sinne: Maandae

***Doelwit:*** Om *fonetiek – en handskrifkennis te remedieër en konsolideer deur selfkorreksie. Om leesvaardigheid by leerders te ontwikkel deur leerders te help om te fokus op – en verandering van patrone in ’n sin afhangende van die voornaam voorvoegsel.*

***Nota**: Aan die begin sal leerders hierdie aktiwiteit in DRUKSKRIF moet doen. Sodra leerders genoeg weet van Kursiewe skrif, gee asseblief opdrag aan hulle om die aktiwiteit in KURSIEF te voltooi.*

1 Op Maandae gedurende Handskrif, oefen leerders hulle kursiewe skrif deur woorde wat in vorige weke geleer is, te hersien.
2 Sê aan leerders om hulle oefenboeke oop te maak en die datum te skryf met die opskrif **Enkelvoud na Meervoud Sinne**.
3 Vervolgens sê aan leerders om nommers 1–5 in die kantlyn te skryf, maar laat ’n lyn tussen elke nommer oop.
4 Herinner leerders daaraan dat hierdie ’n vinnige aktiwiteit is, om te sien of hulle onthou hoe om die woorde te skryf wat hulle reeds geleer het.

5 Sê aan leerders dat hulle hulle klanke en handskrif nagaan.

6 Roep die enkelvoudige sinne in die lesplan uit. Leerders moet hierdie sinne langs die nommers skryf, soos volg:

**<u>Enkelvoud na Meervoud Sinne</u>**

- **a** Die bak is op die tafel.
- **b** Die hek is toe.
- **c** Die sak is swaar.
- **d** Die gans eet.
- **e** Die kind speel

7 Vervolgens sê aan die leerders om die sinne in die meervoud te skryf.

8 In die laaste vyf minute van die les, skryf die sinne korrek op die bord, terwyl jy die klank sê en die kursiewe skryfproses verduidelik soos jy skryf.

9 Vra dan aan die leerders om enige patroon wat hulle kan sien, uit te wys, soos: waar woorde verander.

10 Onderstreep hierdie patrone, soos:

**<u>Enkelvoud na Meervoud Sinne</u>**

- **a** Die bak is op die tafel.
- **b** Die bak<u>ke</u> is op die tafel.
- **c** Die hek is toe.
- **d** Die hek<u>ke</u> is toe.
- **e** Die sak is swaar.
- **f** Die sak<u>ke</u> is swaar.
- **g** Die gans eet.
- **h** Die gans<u>e</u> eet.
- **i** Die kind speel.
- **j** Die kind<u>ers</u> speel.

11 Sê aan leerders om te dink oor hierdie patrone wanneer hulle lees of skryf.

12 Sê aan leerders om ’n kleurpotlood te neem en hulle eie werk te korrigeer.

13 Indien leerders gesukkel het om ’n klank te onthou of ’n letter in kursief te skryf, moet hulle dit gedurende die week oefen.

14 Neem leerders se boeke aan die einde van die dag in, en maak ’n nota oor wie addisionele hulp benodig. Sommige leerders mag sukkel met klanke, terwyl ander met kursiewe skrif mag sukkel!

**FONETIEK**

## Hersiening van klanke deur verdeling en vermenging: Dinsdae en Woensdae

***Doelwit:*** *Om uitdruklik en sistematies leerders se fonemiese bewustheid en vermoë om aangeleerde foneme en lettergrepe saam te voeg en te verdeel te ontwikkel, om sodoende onafhanklik te lees en skryf. Om herkenning van foneme deur outomatisme te vermeerder*

**Ek…**

1. Begin met ’n woord van die Dinsdag les.
2. Sê die woord: klank
3. Breek die woord op in klanke: **/kl/ – /a/ – /nk/**
4. Sê die eerste klank van die woord: **/kl/**
5. Sê die middelste klank van die woord: **/a/**
6. Sê die laaste klank van die woord: **/nk/**
7. Skryf die woord op die bord: **klank**
8. Wys na die klanke en voeg hulle saam om ’n woord te vorm: **/kl/ – /a/ – /nk/ = klank**
9. Herhaal dit met ’n woord van die Woensdag les.

**Ons…**

1. Begin met ’n woord uit die Dinsdag les.
2. Sê die woord: **krank**
3. Vra aan die leerders: Wat is die eerste klank in die woord? **/kr/**
4. Vra aan die leerders: Wat is die middelste klank van die woord? **/a/**
5. Vra aan die leerders: Wat is die laaste klank van die woord? **/nk/**
6. Skryf die woord op die bord: **krank**
7. Sê aan die leerders om saam met jou die klanke in die woord saam te voeg: **krank**
8. Herhaal hierdie met ’n woord van die Woensdag les.

**Jy…**

1. Sê aan leerders om hulle boeke uit te haal en die datum en opskrif te skryf: kl woorde.
2. Vervolgens sê aan leerders om van 1–5 in die kantlyn te nommer.
3. Roep die vyf woorde van die lesplan uit.
4. Leerders moet hierdie woorde langs die korrekte nommer skryf. Hulle behoort hulle verdeling – en vermengingsvaardighede te gebruik om hierdie woorde te spel.
5. Leerders moet die teikenklanke in elke woord onderstreep.
6. In die laaste twee minute van die les, skryf die woorde korrek op die bord, en onderstreep die teikenklank.
7. Sê aan die leerders om met ’n kleurpotlood hulle eie werk te korrigeer.
8. Verduidelik aan leerders dat hulle sal leer om hierdie klank in KURSIEF in die volgende les te skryf.
9. Anders as die onderstreepte punt hierbo, is hierdie dieselfde as Gr1–2 Donderdae.

### HANDSKRIF

## Skryf Nuwe Letter(s) en Woorde: Dinsdae en Woensdae

***Doelwit:*** *Om uitdruklik en sistematies die leerders se vermoë om korrek en vlot grafeme te skryf wat korrespondeer met die aangeleerde foneme.*

1. Leer die leerders om korrek die kursiewe letter(s) te vorm vir die klank wat geleer is.
2. Leer die kleinletters sowel as die hoofletters vir elke letter.
3. Wys deur jou voorbeeld van die klank op die bord te skryf – verduidelik die lettervormingsproses soos jy skryf.
4. Sê aan linkshandige leerders om hulle koppe op die lessenaar te lê.
5. Staan dan met jou rug na die leerders en lig jou regterhand op.
6. Sê aan die regshandige leerders om jou te volg soos jy die letter(s) in die lug skryf.
7. Herhaal daarna hierdie proses met die linkshandige leerders.
8. Sê dan aan die leerders om saam met ’n maat te werk deur die klanke met hulle vingers op mekaar se rûe te skryf.
9. Vertel leerders hierna om die klank met hulle vingers op hulle lessenaars te skryf.
10. Laastens, wys leerders nog ’n keer hoe om die letter(s) en woorde op die bord te vorm.
11. Leerders moet dan die klanke /woorde/ sinne in hulle boeke skryf. .
12. Wanneer voorbeelde van woorde gewys word, lê klem op hoe die kursiewe letters bymekaar kom of aanmekaar geskryf word.
13. Leerders moet die klank in enige woorde/sinne wat geskryf word, onderstreep.
14. Anders as die onderstreepte punt hierbo, is hierdie dieselfde as Gr1–2 Vrydae.

### FONETIEK

## Letters Omruil: Donderdae

***Doelwit:*** *Om fonetiese kennis te remedieër of konsolideer. Om leesvaardighede te ontwikkel deur leerders te help om te fokus op en ’n enkele verandering in ’n woord te identifiseer wat die betekenis van die woord verander*

**Ek...**

1. Verduidelik dat ons vandag gaan oefen om na klein verskille in woorde te soek. Dit help ons om beter lesers te wees.
2. Skryf die twee woorde wat in die lesplan voorkom op die bord, soos b**ank, mank**
3. Verduidelik dat ons vandag gaan probeer om uit te vind watter klank verskillend is in die twee woorde.
4. Wys aan die leerders hoe om die verskil te vind, soos: **<u>b</u>ank, <u>m</u>ank**
5. Verduidelik die verskil, soos: die **/b/** en **/m/** klank is verskillend, maar alles verder in die woord is dieselfde!

**Ons...**

**Deel 1**

1 Skryf die twee woorde wat in die lesplan voorgeskryf is op die bord, soos: **vrug, vlug**
2 Vra die aan die leerders: wat is die verskil tussen hierdie twee woorde?
3 Roep 'n leerder om na vore te kom en die verskil tussen die twee woorde te onderstreep, byvoorbeeld: **<u>vr</u>ug, <u>vl</u>ug**
4 Verduidelik die verskil tussen die twee woorde.

**Deel 2**

1 Vervolgens, skryf die woord wat in die lesplan voorgeskryf word op die bord, soos **klank**
2 Vra aan die leerders: **Wat is die een klank wat jy in hierdie woord kan omruil om dit te verander na 'n verskillende woord?**
3 Skryf 'n lys van die leerders se idees op die bord, soos: **slank, flank, plank, blank, sak, pak**

**Julle...**

1 Skryf die woord wat in die lesplan voorgeskryf word op die bord: **klank**
2 Vra die leerders: **Wat is een klank wat jy in hierdie woord kan vervang om sodoende 'n ander woord te maak?**
3 Sê aan die leerders om soveel as moontlik ander woorde te maak as wat hulle kan, deur net een klank in die woord te vervang.
4 Aan die einde van die les, roep die leerders saam terug.
5 Roep die leerders om vorentoe na die bord te kom en een van hulle woorde te skryf.
6 Gaan deur die woorde en verduidelik watter klank is omgeruil.
7 **Vlug, vrug, slank, klank, bank, mank**

**FONETIEK**

## Woordsoek: Vrydae

***Doelwit:*** *Om geleentheid aan leerders te bied om hulle kennis van aangeleerde foneme te konsolideer. Om leerders toe te laat om hulle vaardighede van samevoeging om woorde te bou, te oefen. Om die herkenning van foneme met outomatisme te verbeter.*

Skryf die tabel op die bord. Dit sluit vorige aangeleerde klanke in, sowel as die klanke geleer op Dinsdag en Woensdag. <u>Dit sluit ook sommige voorvoegsels in:</u>

| | | | |
|---|---|---|---|
| **-ank** | **i** | **p** | **-s** |
| **d** | **t** | **a** | **-ge** |
| **l** | **e** | **kr** | **o** |

**Wys deur jou voorbeeld.**

1. Herinner leerders oor die klanke van die week: **/ank/** en **/kr/**
2. Hersien al die klanke en samevoegings op die bord.
3. Verduidelik dat leerders drie minute sal kry, om soveel woorde as wat hulle kan, te maak deur die klanke en samevoegings hierbo te gebruik.
4. Wys aan die leerders hoe om ’n woord te maak deur ’n teikenklank te gebruik, soos: **– /a/ – /nk/ = klank**
5. Herinner leerders dat hulle ’n woord kan maak deur enige van die klanke te gebruik – hulle hoef nie klanke **/kl/** of **/rk/** te gebruik nie.
6. Wys leerders hoe om ’n ander woord te maak, soos: **/t/ – /a/ – /s/ = tas**
7. Herinner leerders dat hulle woorde kan maak deur die teikenklank te gebruik, soos **bank**, of woorde sonder die teikenklank te gebruik soos, **tas**.

**Leerders**

1. Sê aan leerders om hulle boeke oop te maak en die opskrif te skryf: **kl**, **kr**.
2. Sê dat leerders moet begin skryf.
3. Gee leerders 3 minute om soveel woorde as wat hulle kan, te vind en te bou.
4. Laat leerders toe om hulle eie werk te korrigeer. Wys leerders hoe om hierdie woorde (en nog meer) te bou: **bank, rank, slank, tjank, tronk, park, mark, vark, hark getref, gehurk, getjank**

**Anders as die onderstreepte punt hierbo, is hierdie dieselfde as Gr1–2 Vrydae.**

## Gedeelde lees met begripsstrategieë

’n Nuwe Gedeelde Lees storie word elke week gelees.

Gedeelde lees word as volg gedoen:

| | |
|---|---|
| Maandag: | Pre-lees |
| Dinsdag: | Eerste lees |
| Donderdag: | Tweede lees |
| Vrydag: | Nalees |

Vir hierdie Gedeelde Lees sessies, maak seker al die leerders sit rustig en dat hulle duidelik die grootboekprente kan sien. Herinner leerders wat jou verwagtinge is gedurende gedeelde leestyd, byvoorbeeld:

- Sit gemaklik en STIL
- Hou jou HANDE op jou skoot
- Hou jou oë en gedagtes by die boek
- Skakel jou KLANK af (wys met ’n handgebaar om hul lippe te seel)

***Die hoofdoel van Gedeelde Lees in hierdie program is as volg:***

**1** *Die leerders ervaar hoe dit voel om 'n hele storie te lees wat moeiliker is as die stories wat hulle al op hul eie kan lees. Omdat leerders nie bekommerd hoef te wees oor die tegniese deel van lees nie, kan hulle nou net konsentreer op die storielyn en die karakters. Die leerders kan die stories geniet en so 'n liefde vir lees ontwikkel.*

**2** *Soos wat die onderwyser die storie hardop lees, demonstreer sy toevallig leesvaardighede. Sy lees van die eerste tot die laaste bladsy, sy lees van bo tot onder van die bladsy, sy lees van links na regs, sy reageer volgens leestekens, sy lees vlot en teen 'n goeie pas. Sy lees met die nodige uitdrukking, dit gee betekenis aan die teks. Leerders leer toevallig baie vaardighede aan wanneer hulle 'n leser wat vlot lees dophou.*

**3** *Soos wat die onderwyser lees, lê sy betekenis neer deur: te wys na 'n deel van die prent, deur 'n handgebaar of aksie en deur met uitdrukking te lees. Die onderwyser voeg uitdruklik betekenis by, deur te stop en 'n woord of 'n frase te verduidelik. Deur na die onderwyser te luister en te kyk, leer die leerders nuwe leesvaardighede aan.*

**4** *Iets wat baie belangrik is gedurende Gedeelde Lees, is dat die onderwyser leerders moet leer hoe om te dink oor 'n storie en hoe om hul begrip van 'n storie te bou. In hierdie program het ons gekies om begripsvaardighede te bou deur die demonstrasie en leer van verskillende begripsstrategieë. Die volgende begripsstrategieë word gebruik:*

**5** *Kies om begripsvaardighede te demonstreer en te leer deur verskillende begripsstrategieë. Die volgende begripsstrategieë word gebruik:*

- *Voorspel*
- *Visualiseer*
- *Soek die teks*
- *Opsomming*
- *Dink oor die teks (wonder)*
- *Maak konneksies*
- *Maak afleidings*
- *Evalueer*

## BEGRIPSSTRATEGIEË

Onderstaande tabel verskaf inligting oor elke strategie.

| **Strategie 1: Voorspel** | |
|---|---|
| Verduideliking | Wanneer leerders voorspel, sê hulle wat hulle <u>dink</u> gaan gebeur in die storie.<br><br>Leerders kan voorspel wat gaan gebeur deur te kyk na die prente in die boek. Hulle kan ook voorspel wat volgende gaan gebeur nadat hulle 'n bladsy van die teks gelees het. Uiteindelik kan leerders voorspel hoe hulle dink die storie gaan eindig. |
| *Doel* | *Deur leerders te laat voorspel, kry jy hulle om te dink oor die storie voor hul dit nog gelees het. Leerders moet leidrade gebruik om uit te werk wie die karakters is en wat die hoofgebeure is wat gaan plaasvind. Deur te voorspel, ontwikkel leerders hul begripsvaardighede deur oor die storie na te dink.* |

| | |
|---|---|
| Stappe<br>*(Om te voorspel met prente)* | **1** Kyk na die prent.<br>**2** Vra leerders: Wat dink julle gebeur hier?<br>**3** Laat leerders dink oor die vraag.<br>**4** As leerders nie kan antwoord nie, gee 'n voorbeeld antwoord tot die vraag.<br>**5** Wys hoe die prente tot mekaar verband hou om die storie te bou. |
| Voorbeelde<br>*(Om met prente te voorspel)* | **1** Wat dink julle gebeur hier?<br>**2** Hoe dink julle voel die karakter? Hoekom?<br>**3** Wat dink julle gaan julle in die volgende prent sien? |
| Stappe<br>*(Om met teks te voorspel)* | **1** Lees 'n bladsy van die teks.<br>**2** Vra leerders: Wat dink julle gaan volgende gebeur?<br>**3** Laat leerders dink oor die vraag.<br>**4** As leerders nie kan antwoord nie, gee 'n voorbeeld antwoord tot die vraag. |
| Voorbeelde<br>*(Om met teks te voorspel)* | **1** Wat dink julle gaan volgende gebeur?<br>**2** Wat dink julle gaan die karakter volgende doen?<br>**3** Hoe dink julle gaan die storie eindig? |
| **Strategie 2: Visualiseer** | |
| Verduideliking | Wanneer leerders visualiseer moet hulle dink wat in die storie gebeur, soos 'n toneel in 'n fliek. Hulle moet probeer om die storie soos dit gebeur in hul gedagtes te sien. |
| *Doel* | *Visualisering help om betekenis te gee aan die woorde op die bladsy deur dit soos 'n toneel uit 'n fliek in die gedagtes van die leerder te plaas. Visualisering help ook vir leerders om te sien hoe gebeure in die teks met mekaar verband hou. Dit help hulle om begrip te bou en aan die storie as 'n geheel te dink, eerder as bladsy per bladsy.* |
| Stappe | **1** Lees die teks op die bladsy.<br>**2** Sê: Nou gaan ons die storie visualiseer asof ons na 'n fliek kyk.<br>**3** Vra die leerders om hulle oë toe te maak. Verduidelik aan leerders hulle moet luister na die woorde en hulle moet 'n fliek in hulle gedagtes maak.<br>**4** Lees weer die teks.<br>**5** Vertel die leerders wat jy gevisualiseer het. (Wys die vaardigheid.)<br>**6** Vra leerders: Wat het julle gesien? (Wat het in julle fliek gebeur?)<br>**7** Luister na leerders se antwoorde en bespreek dit. Maak seker dat leerders se antwoorde van toepassing is op wat in die storie gebeur het. |
| Voorbeelde | **1** Ek het gevisualiseer hoe Joe die resies wen. Ek kon sien hoe die sweet van sy voorkop af loop en oral spat. Ek kon sien hoe sy oë gefokus was op die eindpaal en hoe sy lyf so hard as moontlik gewerk het.<br>**2** Wat het julle gevisualiseer? Wat het in julle fliek gebeur? |
| **Strategie 3: Soek die teks** | |
| Verduideliking | Soek die teks vrae, is die mees basiese tipe van begripsvrae. Hierdie vrae vra leerders om te dink aan, of te kyk na die woorde op die bladsy en inligting te herroep. |
| *Doel* | *Hierdie vrae is om basies te kyk of daar begrip is vir die woorde op die bladsy.*<br>*Hierdie strategie wys leerders hoe om te identifiseer en te soek na 'n sleutelwoord wat hulle sal help om die antwoord op 'n vraag te kry.* |

| | |
|---|---|
| Stappe | **1** Lees die teks op die bladsy.<br>**2** Vra leerders 'n vraag oor inligting in die teks, byvoorbeeld: Wie wou Joe in die resies wen?<br>**3** Laat leerders die vraag antwoord.<br>**4** NOTA: Help leerders om die antwoord te vind deur 'n sleutelwoord uit te wys en om dan deur die teks te soek na hierdie sleutelwoord. Dit sal hulle gewoonlik lei na die antwoord. |
| Voorbeelde | **1** **Wie** wou Joe in die resies wen?<br>**2** **Wat** het Joe gedoen voor die resies?<br>**3** **Wanneer** het Joe geoefen vir die resies?<br>**4** **Waar** is die resies gehou? |
| **Strategie 4: Opsomming** | |
| Verduideliking | Wanneer leerders opsom, dink hulle aan wat gebeur het in die storie. Hulle kan ook aan ander goed dink, byvoorbeeld: waarvan hulle gehou het in die storie en wat hulle uit die storie geleer het. |
| *Doel* | *'n Opsomming wys dat leerders die storie verstaan het en dat hulle oor die storie gedink het. Om leerders te vra om 'n storie op te som, is die beste manier om hul begrip te toets.* |
| Stappe | **1** Lees die teks.<br>**2** Herinner leerders: Wanneer ons opsom, dink ons aan die belangrikste dele van die storie. Ons kan ook dink waarvan ons gehou het in die storie en wat ons uit die storie geleer het.<br>**3** Gee leerders 'n paar minute om te dink oor die storie.<br>**4** Vra leerders om na mekaar te draai en om hulle opsomming van die storie met mekaar te deel.<br>**5** Laastens kan jy leerders vra om hul opsomming neer te skryf, deur aan hulle riglyne te gee om hul hiermee te help. |
| Voorbeeld | Storie: Joe wen die resies.<br>Leerders kan die storie as volg opsom:<br>**Hierdie storie gaan oor** 'n seun met die naam Joe, hy wil die vinnigste seun in die skool, Sizwe, wen in 'n resies. Joe oefen die heel tyd en uiteindelik wen hy vir Sizwe.<br>**Ek het van die deel gehou** waar Joe deur die wenpaal hardloop – dit was so opwindend.<br>**Ek het geleer** dat as jy hard probeer en nooit moed opgee nie, jy suksesvol kan wees. |
| **Strategie 5: Dink oor die teks (Wonder)** | |
| Verduideliking | Wanneer die onderwyser wonder, dink die onderwyser hardop oor die teks. Sy laat die leerders hoor wat sy dink oor die teks. |
| *Doel* | *Deur te wys hoe om te dink/wonder oor die teks, leer ons leerders twee dinge.*<br>*Eerstens, leer ons leerders dat goeie leerders nie net woorde lees nie, hulle dink altyd oor dit wat hulle lees. Tweedens, wys ons leerders watter tipe gedagtes goeie lesers het oor 'n teks.*<br>*Deur dit te doen wys ons lesers hoe om kreatief en krities te dink oor 'n teks.*<br>*Met tyd sal leerders begin om dit vir hulleself te doen.* |

| | |
|---|---|
| Stappe | **1** Lees die teks op die bladsy.<br>**2** Dink aan 'n vraag of 'n idee wat 'n vlot leser miskien mag hê oor die teks. (Idees word verskaf in die Eerste Lees en Tweede Lees blokke van die lesplan.)<br>**3** Sê: Ek sien/Ek let op ....<br>**4** Sê: Ek wonder ....?<br>**5** Leerders hoef **nie** die vraag te antwoord nie. |
| Voorbeeld | **Ek sien** hoe lag Sizwe vir Joe toe hy by die resies aankom. **Ek wonder** of dit vir Joe gaan ontstel? |
| **Strategie 6: Maak konneksies** | |
| Verduideliking | Wanneer leerders *konneksies maak*, vergelyk hulle die storie met hul eie lewens (teks na hulself), of na 'n ander teks (teks na teks), of na iets anders in die wêreld (teks na die wêreld). |
| *Doel* | *Om konneksies te maak help leerders om die teks dieper te verstaan deur dit te verbind met ander dinge wat hulle reeds ken of reeds ervaar het. Deur leerders te wys dat hul verskillende konneksies kan maak: teks tot 'n ander teks; teks tot hulself; tot hul eie lewens; teks tot die wêreld – ander inligting wat hul reeds ken van die wêreld.* |
| Stappe | **1** Lees die teks op die bladsy.<br>**2** Vra leerders 'n vraag, byvoorbeeld: Wanneer wou jy graag iets wen, soos Joe?<br>**3** Gebruik demonstrasie om 'n voorbeeld antwoord te gee, byvoorbeeld: Toe Joe die resies wou wen het dit my herinner hoe ek teen my suster op skool meegeding het. Sy het altyd volpunte gekry vir alles en my ouers was baie trots op haar. Ek wou hê my ouers moes so trots op my ook wees. |
| **Strategie 7: Maak afleidings** | |
| Verduideliking | Om 'n afleiding te maak gebruik jy dit wat jy reeds weet, saam met dit wat jy lees om 'n raaiskoot te maak oor iets in die storie. Dit is wat bedoel word met 'om tussen die lyne te lees'. Wanneer leerders 'n afleiding maak, maak hulle 'n raaiskoot oor iets in die storie.<br><br>Soms skryf die skrywer nie elke stukkie detail in 'n storie in nie. Die skrywer laat seker dele van die storie onvolledig, op hierdie manier kan lesers vir hulleself uitwerk wat gaan gebeur. |
| *Doel* | *Leerders moet sekere dele van die storie uitwerk deur afleidings te maak – hulle moet 'tussen die lyne lees'. Om dit te kan doen moet hulle gebruik wat geskryf is saam met dit wat hulle reeds weet om uit te werk wat nie spesifiek neergeskryf is nie.* |
| Stappe | **1** Lees die teks op die bladsy.<br>**2** Vra leerders: Wat weet julle hiervan? Wat sê die teks?<br>**3** Vra leerders: Wat kan ons nog hieroor raai? Is daar iets wat die teks ons nie vertel nie?<br>**4** Vra leerders: Wat kan ons aflei van Joe van die manier waarop hy oefen?<br>**5** Luister en **bespreek** leerders se antwoorde. Maak seker leerders se antwoorde is logies.<br>**6** As leerders sukkel, gee hulle 'n voorbeeld van 'n afleiding. Gebruik die volgende sin om hulle te help: Gebaseer op .... Ek dink .... |
| Voorbeeld | **Teks:**<br><br>My broer het aansoek gedoen om Universiteit toe te gaan. Toe ek by die huis kom het my broer 'n brief vasgehou en geglimlag. My ma het gehuil en gelag en hom vasgedruk. |

| | |
|---|---|
| | Afleiding:<br><br>Gebaseer op die feit dat my broer aansoek gedoen het om Universiteit toe te gaan en omdat hy 'n brief vasgehou en baie gelukkig gelyk het, kan ons raai dat sy aansoek suksesvol was. |
| **Strategie 8: Evalueer** | |
| Verduideliking | Wanneer ons 'n teks evalueer, maak ons 'n besluit oor 'n aspek van die teks. |
| *Doel* | *Leerders moet geleer word dat hulle altyd moet evalueer wat hulle lees en hulle moet hulle afleidings kan verduidelik.* |
| Stappe | **1** Lees die teks.<br>**2** Vra leerders om te evalueer en om hierdie evaluering te verduidelik. Byvoorbeeld: Dink jy x het die regte ding gedoen? Hoekom of hoekom nie?<br>**3** Luister na leerders se antwoorde en bespreek dit. Maak seker leerders se antwoorde is logies.<br>**4** Indien leerders sukkel, deel jou eie evaluasie as voorbeeld: **Ek dink** x het die regte ding gedoen **want** x |
| Voorbeeld | **Sommige evaluasie vrae kan begin met:**<br><br>**1** Dink jy .....<br>**2** Stem jy saam met ....<br>**3** Volgens jou opinie ......<br>**4** Het jy gehou van ....... |

Hier onder is 'n beskrywing van die kernmetodologieë van elk van die Gedeelde Lees lesse: Pre-Lees; Eerste Lees; Tweede Lees en Nalees. Lees hierdie beskrywings om 'n duidelike begrip te kry van die vloei van elke les.

## GEDEELDE LEES: PRE-LEES

### BEGRIPSSTRATEGIE: VOORSPEL

In die Pre-Lees bou ons begripsvaardighede om leerders te laat dink oor 'n storie voor hulle dit lees.

1. Sê vir leerders dat hulle vandag na die prente gaan kyk en dink oor die storie.
2. Sê vir leerders dat, gebaseer op wat hulle sien, hulle 'n voorspelling moet maak oor die storie. Dit beteken hulle moet die prente gebruik om te raai waaroor die storie gaan.
3. Verduidelik aan leerders dat hulle nie aan elke prent op sy eie moet dink nie. Hulle moet dink hoe elke prent by die volgende een aansluit. Hulle moet die prente as 'n geheel sien en op hierdie manier uitwerk waaroor die storie gaan.
4. Wys die leerders die buiteblad van die boek en lees die titel hardop.
5. Vra leerders: Wat dink julle gaan in die storie gebeur?
6. Volgende, kyk na elke prent in die boek en soos jy kyk vra die leerders:
   a. Wat sien jy in hierdie prent?
   b. Wat dink jy gebeur hier?
   c. Wat dink jy gaan in die teks gebeur?

7 As leerders vergeet om die prente met mekaar te verbind, herinner hulle om dit te doen. Byvoorbeeld: 'Kan julle onthou wat die seun in die vorige prent gedoen het? Wat doen hy nou? Wat dink julle is besig om te gebeur?'
8 Wanneer jy by die laaste prent kom, vra leerders: Hoe dink julle gaan die storie eindig (Indien toepaslik)?
9 Bedank leerders vir hulle voorspellings.
10 Indien jy tyd het, lees een maal deur die storie sonder om te stop.

## GEDEELDE LEES: EERSTE LEES

### BEGRIPSSTRATEGIE: DIE STRATEGIE WAT GEBRUIK MOET WORD IS IN DIE LESPLAN.

Tydens die Eerste Lees, bou ons eerstens begripsvaardighede deur die storie te lees en te verduidelik aan leerders. Ons demonstreer ook hoe om te dink oor die storie. Voor jy begin lees, verduidelik eers aan die leerders wat jy gaan doen. Sê iets soos: *'Klas, dit is nou tyd vir Gedeelde Lees. Onthou wanneer ons lees of luister na 'n storie is dit altyd belangrik om te dink aan die storie. Vandag gaan ek julle wys hoe om te dink oor die storie. Ek gaan dit doen deur (byvoorbeeld) te visualiseer wat in die storie gebeur. Dit beteken dat soos ek lees, ek 'n fliek van die storie in my gedagtes gaan maak.'*

1 Lees elke bladsy vlot en duidelik. Soos jy lees, gebruik handgebare, aksies en gesigsuitdrukkings en verander die toon van jou stem (uitdrukking) om die betekenis duideliker te maak.
2 Waar nodig, stop en verduidelik 'n woord of frase aan die leerders.
3 Op dieselfde tyd, gedurende die Eerste Lees, fokus ons ook op demonstrasies en die leer van begripsstrategieë aan leerders.
4 Aan die einde van elke bladsy sal jy twee gekleurde blokke sien, dit is gemerk Eerste Lees en Tweede Lees.
5 Sodra jy 'n bladsy aan leerders gelees het, stop en wys wat jy dink deur te sê wat in die blok vir Eerste Lees staan. Deur dit te doen, demonstreer jy hoe om te dink oor die storie. Dit is belangrik dat jy verstaan wat jy sê – as dit nie vir jou sin maak nie, sal dit ook nie vir die leerders sin maak nie.
6 Op die laaste bladsy van die storie is daar 'n paar vrae in die Eerste en Tweede Leesblokke.
7 Vra verskillende leerders om te antwoord.
8 Wys leerders dat daar meer as een korrekte antwoord op 'n vraag kan wees en dat leerders verskillende opsies het.

## GEDEELDE LEES: TWEEDE LEES

### BEGRIPSSTRATEGIE: DIE STRATEGIE WAT GEBRUIK MOET WORD IS GEÏDENTIFISEER IN DIE LESPLAN.

In die Tweede Lees bou ons voort op begripsvaardighede deur die storie aan leerders te lees en te demonstreer hoe om te dink oor die storie. Weereens, vertel aan die klas wat jy gaan doen. Sê iets soos: *'Klas, dit is tyd vir Gedeelde Lees. Onthou wanneer ons 'n storie lees of luister is dit altyd belangrik om te dink oor die storie. Ek gaan dit doen deur (byvoorbeeld) te visualiseer wat gebeur in die storie. Dit beteken dat terwyl ek lees, ek 'n fliek in my gedagtes gaan maak.'*

**1** Lees elke bladsy vlot en duidelik. Soos jy lees, gebruik handgebare, aksies en gesigsuitdrukkings en verander die toon van jou stem (uitdrukking) om die betekenis duideliker te maak.
**2** Op dieselfde tyd, gedurende die Tweede Lees, moet jy demonstreer hoe om te dink oor die storie.
**3** Aan die einde van elke bladsy sal jy twee gekleurde blokke sien, dit is gemerk Eerste Lees en Tweede Lees.
**4** Sodra jy 'n bladsy aan leerders gelees het, stop en wys wat jy dink deur te sê wat in die blok staan vir Tweede Lees. Deur dit te doen, demonstreer jy hoe om te dink oor die storie. Dit is belangrik dat jy verstaan wat jy sê – as dit nie vir jou sin maak nie, sal dit ook nie vir die leerders sin maak nie.
**5** Op die laaste bladsy van die storie is daar 'n paar vrae in die Eerste en Tweede Leesblokke.
**6** Vra verskillende leerders om te antwoord.
**7** Laastens, vra leerders om 'n vraag te formuleer oor die teks.
  - **a** Vra leerders om elkeen op hul eie te dink aan 'n vraag wat hulle kan vra oor die teks.
  - **b** Indien nodig, herinner leerders aan van die vraagwoorde of frases, byvoorbeeld: wie; wat; waar; hoe; hoekom; in jou opinie; dink jy; maak 'n lys; ens.
  - **c** Vra leerders om na mekaar te draai en hulle vrae met mekaar te deel.
  - **d** Vra dan 'n paar leerders om hulle vrae met die klas te deel.
  - **e** Gee ander leerders die kans om die vrae te beantwoord.

## GEDEELDE LEES: NALEES

Die doel van die Nalees aktiwiteit is om leerders die kans te gee om hulle begrip van die storie goed vas te lê. Sowel as om die nuwe taal wat hulle geleer het te oefen.

Gedurende die nalees, gaan jy een van vier aktiwiteite beoefen:
**1** Illustreer die teks.
**2** Voer die storie op.
**3** 'n Mondelinge of geskrewe vertelling van die storie.
**4** 'n Geskrewe begripstoets.

### ILLUSTREER DIE TEKS

1. Laat die leerders by hulle banke sit, met hulle boeke of ’n skoon vel papier, potlode en kryte.
2. Sê vir leerders dat hulle iets gaan visualiseer uit die teks. Herinner leerders dat wanneer hulle iets visualiseer, hulle moet dink hoe dit lyk, hoe dit ruik, hoe dit voel en hoe dit klink. Hulle moet ook dink hoe hulle voel oor die karakter, ’n gebeurtenis of ’n item in die teks.
3. Vra leerders om hul oë toe te maak en te ontspan. Lees die teks nog een maal vir hulle.
4. Vra dan vir leerders om hul oë oop te maak en iets uit die teks te teken wat hulle gevisualiseer het. Leerders kan byskrifte maak om reuk, smaak ens. te verduidelik.
5. Dan moet leerders die aanvang van ’n sin/sinne gebruik om ’n sin of twee te skryf oor wat hul gevisualiseer het.
6. Laastens, laat leerders na mekaar draai en met mekaar gesels oor wat hul gevisualiseer het.

### VOER DIE STORIE OP

1. Laat die leerders rustig op die mat, of op ’n stil plek buite sit.
2. Vertel vir leerders dat hulle vandag dele van die storie wat hulle gelees het gaan opvoer.
3. Hou die groot boek op. Lees die eerste bladsy.
4. Gee die leerders instruksies oor wat hulle moet opvoer. (In lesplan)
5. Voer die instruksies saam met die leerders uit.
6. Herhaal elke bladsy.
7. Leer leerders om te reageer op ’n teken dat hulle moet stil wees en luister wanneer jy ’n bladsy tussen aksies lees.


### ’N MONDELINGE OF GESKREWE VERTELLING VAN DIE STORIE.

1. Maak die leerders rustig om hulle aandag te kry.
2. Volg die stappe in die lesplan om ’n deel van die storie te herhaal aan die leerders.
3. Eerstens demonstreer jy ’n herhaling van iets uit die storie.
4. Volgende vra jy die leerders om te dink aan iets oor die storie, hulle moenie jou voorbeeld gebruik nie.
5. Dan moet leerders DRAAI EN GESELS en hulle herinnering met hul maat deel.
6. Laastens vra jy ’n paar leerders om hul herinnering van die storie met die res van die klas te deel.
7. Indien die les ’n geskrewe herinnering is, moet leerders hulle herinnering teken of skryf in hul skrifte.

### ’N GESKREWE BEGRIPSTOETS

1. Voor die les, skryf die titel van die teks as opskrif op die bord.
2. Volgende, skryf die begripstoetsvrae op die bord, saam met die aanvangswoorde om die sinne mee te begin vir die antwoorde. (Waar van toepassing.)
3. Gee die leerders instruksies om hul boeke oop te maak en die opskrif te skryf.

4 Sê vir leerders dat hulle vandag gaan dink oor die vrae en dan hulle antwoorde gaan neerskryf.
5 Lees saam met die leerders deur die vrae en verduidelik, indien nodig.
6 Sê vir leerders hulle hoef nie die vrae neer te skryf nie, slegs die antwoorde.
7 Loop deur die klas en help leerders wat sukkel.
8 Gedurende die laaste twee minute, gaan deur die antwoorde met die leerders en gee hulle kans om hulle eie werk na te sien.



## Groepbegeleide Lees

***Doelwit:*** *Om na elke leerder te luister wat individueel hardop lees. Om tegniese leesvaardighede te onderrig en die leerders se leesbegrip te ontwikkel. Om die res van die klas die geleentheid te gee om woordbouwoorde, hoë frekwensie woorde, sowel as kort ontsyferbare sinne te lees, kort begripsaktiwiteite voltooi en onafhanklik te skryf.*

Dit is baie belangrik dat jy ten minste een keer per week na elke leerling wat individueel lees, sal luister.

### WAT OM MET DIE RES VAN DIE KLAS TE DOEN:

1 Voordat jy met ’n groep met die begeleide groepslees begin, moet jy vooraf die res van die klas tot orde bring met hulle boeke en ontsyferbare Lees Werkkaarte.
2 Maak seker dat die werkkaarte beskerm word, deur van toevou lêers (flip files) of plastiese lêers gebruik te maak.
3 Oefen leerders op die roetine van Huistaal begeleide Groepslees soos volg:
   a Bring die klas tot orde met hulle lees werkkaarte.
   b Verduidelik die eerste werkkaarte aktiwiteit wat voltooi moet word.
   c Roep ’n groep om vir jou te kom lees.
   d Wanneer jy na elke leerder in die groep geluister het, stuur die groep terug na hulle sitplekke.
   e Gee opdrag aan die klas om ’n oordrag aktiwiteit te doen, soos: Juffrou sê: Dansparty; Wikkel, wikkel, fries; of My stoel en ek.
      - *Nota: 30 minute is ’n lang tyd vir jong leerders om te bly sit en stil en onafhanklik te werk. Om hierdie rede is dit belangrik om ’n oordrag aktiwiteit te doen om leerders die geleentheid te gun om ’n pouse te hê en iets prettig en fisies te doen.*
   f Bring die klas tot orde met hulle werkkaarte.
   g Verduidelik die volgende werkkaarte aktiwiteit wat voltooi moet word.
   h Roep ’n ander groep om vir jou te kom lees.
4 Dit is ’n goeie plan om ’n swak leser langs ’n sterker leser te laat sit, sodat soos leerders die werkkaarte lees, gelyke onderrig deur ’n eweknie kan plaasvind.

## STRUKTURE VAN DIE LEES WERKKAARTE:

1. Elke weeklikse werkkaart bestaan uit 10 aktiwiteite. Daar is 10 begeleide groepslees sessies per week. Alhoewel, elke groep kry 'n beurt om een maal per week saam met die onderwyseres te werk. Dit beteken dat leerders die Werkkaart aktiwiteite gedurende 9 sessies sal voltooi.
2. Simbole wat leerders daaraan herinner wat om elke dag te doen:
   - **a** Die mond herinner leerders om woorde te klank.
   - **b** Die oog herinner leerders dat hulle hierdie woorde op sig moet lees.
   - **c** Die enkel kind herinner leerders dat hulle op hul eie moet lees.
   - **d** Die twee kinders herinner leerders om saam met 'n maat te lees.
   - **e** Die hand wat 'n pen vashou herinner leerders dat hulle moet teken of skryf.
3. 'n Meesterlys van alle geleerde fonetiese – en hoë frekwensie woorde word gehou. Nuwe stories word saamgestel deur die gebruik van fonetiese en hoë frekwensie woorde wat voorheen geleer is. Dit beteken dat leerders nooit woorde op die werkkaart teëkom wat hulle nog nie tevore gesien het nie.

## DIE AANWYSING VAN GROEPE EN TEKS SELEKSIE VIR BEGELEIDE GROEPSLEES

1. Gedurende die eerste twee weke van skool, luister na elke leerder se leeswerk individueel.
2. Gebruik die rubriek hieronder om die leerders volgens hulle bekwaamheid te sorteer.
3. Wys leerders toe aan dieselfde bekwaamheids groepe.
4. In hierdie programme is daar 10 tydgleuwe per week om na lees te luister. Dit beteken dat jy tot 10 groepe mag vorm. As jy minder as 10 groepe vorm, mag jy die ekstra tydgleuwe gebruik om met sukkelende lesers te werk. .
5. In jou Kontrolelys sal jy 'n vorm vind waarop die name van leerders per groep ingevul moet word, en 'n tabel waar jy kan rekord hou van wat elke groep gelees het.
6. **Neem asseblief kennis:** Hierdie rubriek verdeel leerders gebaseer op hulle tegniese lees vaardighede.
7. Indien daar baie leerders op dieselfde vlak is, mag jy leesbegrip as 'n verdere manier gebruik om die groep verder te verdeel.
8. **In 'n klas van 40 leerders, mag daar:**
   - Geen vol groep op vlak 1 nie, legs 'n paar individuele leerders.
   - 1 groep op vlak 2
   - 2 of 3 groepe op vlak 3
   - 2 of 3 groepe op vlak 4
   - 1 of 2 groepe op vlak 5

| **Ek dink hierdie leerder lees op:**<br>**Vlak 1** | **Ek dink hierdie leerder lees op:**<br>**Vlak 2** | **Ek dink hierdie leerder lees op:**<br>**Vlak 3** | **Ek dink hierdie leerder lees op:**<br>**Vlak 4** | **Ek dink hierdie leerder lees op:**<br>**Vlak 5** |
|---|---|---|---|---|
| • Hierdie leerder ken geen of baie min woorde.<br>• Hierdie leerder blyk nie in staat te wees om baie letter-klank verhoudings te herken nie. | • Hierdie leerder ken slegs 'n paar gewone woorde.<br>• Hierdie leerder blyk nie in staat te wees om sommige letter-klank verhoudings te herken nie OF hierdie leerders benodig baie hulp om vorige<br>• ongesiene woorde te lees. | • Hierdie leerder ken baie algemene woorde.<br>• Hierdie leerder benodig hulp om vorige ongesiene woorde te ontsyfer. | • Hierdie leerder ken baie algemene woorde en kan die meeste van vorige ongesiene woorde ontsyfer.<br>• Hierdie leerder het soms hulp nodig om vorige uitdagende ongesiene woorde te ontsyfer. Hierdie leser lees ietwat vlot. | • Hierdie leerder ken baie algemene woorde.<br>• Hierdie leerder kan vorige ongesiene woorde ontsyfer.<br>• Hierdie leerder lees vlot en met intonasie.<br>• Hierdie is een van die beste lesers in die klas. |

**WAT OM MET ELKE GROEP TE DOEN TYDENS BEGELEIDE GROEPSLEES:**

**1** Roep 'n groep om vir jou te kom lees.
   **a** Maak seker hulle het almal die korrekte teks.
   **b** Plaas die groep in 'n sirkel.
   **c** Herinner leerders aan die sigwoorde wat hulle vir die week geleer het. Wys aan die groep die flitskaarte van hierdie woorde en oefen om dit te lees.
   **d** Gee hierna aan die leerders 'n paar minute om 'n gedeelte van die teks onafhanklik en in stilte te lees.
   **e** Vra dan aan elke leerder om 'n gedeelte van die teks op sy of haar eie, hardop te lees.

**2** Gedurende begeleide groepslees, is dit belangrik om te onthou:
   **a** **Dui die hoë frekwensie woorde aan.** Herinner leerders dat daar sommige woorde is wat so dikwels voorkom, dat ons moet leer om dit te siglees.
   **b** **Bou van ontsyfervaardighede.** As 'n leerder 'n woord nie kan lees nie, moenie die leerder sommer dadelik met die woord help nie. Moedig eerder die leerder aan om die woord te klank en dan die klanke saam te voeg om die woord te vorm.
   **c** **Pryse en moedig leerders aan.** Maak van begeleide groepslees 'n positiewe ondervinding vir leerders en gebruik hierdie tyd om leerders se selfvertroue op te bou.

- **d** **Bou vlotheid van lees.** Help leerders om hulle leesvlotheid te verbeter Sê aan leerders dat hulle lees moet klink asof hulle praat. Demonstreer leesvlotheid aan leerders en laat hulle jou voorbeeld herhaal.
- **e** **Bou Leesbegrip.** Sê aan leerders dat hulle altyd moet dink waaroor hulle lees. Leer leerders om te wag, terug te gaan en dit wat hulle gelees het, weer te lees**,** indien hulle die spoor of die doel verloor het. Leer leerders om te visualiseer soos hulle lees – om ’n fliek in hulle koppe te bou oor dit wat hulle lees. Leer leerders om te probeer onthou wat hulle gelees het. Moedig leerders ook aan om te vra, indien daar iets is wat hulle nie verstaan nie.

### VERSORGING VAN DIE LEES WERKKAARTE:

1. Dit is ’n goeie plan om die werkkaarte in toevou lêers of plastiese saklêers te sit wanneer leerders dit gebruik.
2. Pas hierdie werkkaarte versigtig op en bêre dit behoorlik na gebruik.
3. Jy behoort dieselfde werkkaarte vir baie jare te kan gebruik, aangesien leerders nie daarop skryf nie. In plaas daarvan skryf hulle in hulle in hulle boeke.

## ALTERNATIEF TOT BEGELEIDE GROEPSLEES

Onthou dat die doel van Begeleide Groepslees is om na elke leerder se lees individueel te luister, om sodoende vir hulle tegniese leesvaardighede te help bou. Indien jy nie genoeg spasie in jou klaskamer hiervoor het nie, of as jy sukkel om die klas se gedrag te beheer terwyl jy na ’n groepslees luister, is daar ’n alternatief.

Bring al die leerders tot orde by hulle lessenaars gedurende Begeleide Groepslees met hulle lees werkkaarte. Doen dan die volgende:

1. Verduidelik die eerste werkkaart aktiwiteit wat hulle moet doen.
2. Roep daarna individuele leerders een op ’n keer na jou tafel om hardop vir jou te lees.
3. Luister na elke leerder wat van ’n toepaslike vlak teks lees.
4. Bou die leerder se tegniese leesvaardigheid.
5. Gee na 15 minute opdrag aan die klas om ’n oorgangsaktiwiteit te doen.
6. Bring leerders daarna tot orde in hulle sitplekke met hulle werkkaarte.
7. Verduidelik die volgende aktiwiteit wat hulle moet doen.
8. Gaan voort om individuele leerders na jou tafel te roep om hardop vir jou te lees.

Indien jy sou besluit om hierdie alternatiewe metode van luister na lees te gebruik, moet jy seker maak dat jy ten minste een maal per week na elke leerder sa luister.

## Prosesskryf

***Doel:** Om aan leerders 'n proses te leer om, met ondersteuning, hul oorspronklike gedagtes in skryfwerk om te sit. Om aan leerders te wys dat om deur 'n proses te werk, hul die geleentheid gegun word om hul gedagtes te verander, te verfyn en te verbeter, eerder as om 'dit die eerste keer reg te kry".*

Prosesskryf bestaan uit beplanning, rofwerk, redigering, publisering en aanbieding. Hierdie vier dele van die prosesskryf word, soos die leerders vaardiger word, oor die eerste drie grade aan hulle bekend gestel.

### BEPLAN SKRYFWERK

1. In hierdie program, fokus beplanning daarop om die leerders te leer hoe om te beplan deur die volgende te gebruik:
   - **a** 'n Lys
   - **b** 'n Breinkaart
2. Voordat leerders hul eie plan skep, moet jy dit volledig aan hul demonstreer, sodat hulle presies weet wat om te doen. Die lesplan sal jou lei hoe om dit te doen.
3. Verduidelik aan leerders dat jy altyd DINK waaroor jy gaan skryf. Jy moet gedagtes hardop verduidelik sodat leerders hul kan hoor.
4. Gebruik die beplanningsvoorbeeld om jou skryfwerkplan te skep.
5. Volgende, gee die leerders 'n paar minute om te dink oor dit waaroor hul gaan skryf.
6. Laat leerders toe om om te draai, te praat, en hul idees met 'n maat te deel.
7. Ten laaste, lei en ondersteun leerders wanneer hulle nou die beplanningsvoorbeeld gebruik om hul eie planne te voltooi.

### SKRYFROFWERK

1. Voordat die les begin, herskryf jou beplanningsraamwerk van MAANDAG op die bord. Skryf die skryfraamwerk voorbeeld op die bord.
2. Verduidelik volgende kortliks en demonstreer hoe leerders die plan gaan gebruik om hul rofwerk te skep.
3. Wys aan leerders die skryfraamwerk voorbeeld wat hul gaan help om dit te doen.
4. Loop rond in die klas en bied ondersteuning aan terwyl leerders hul rofwerk voltooi.

### REDIGERING VAN SKRYFWERK

1. Skryf die redigering kontrolelys van die lesplan op die bord.
2. Lees deur en verduidelik die kriteria aan die leerders.
3. Jy mag dalk aan die leerders wys hoe om algemene foute reg te maak.
4. Laat leerders toe om hul eie skryfwerk te redigeer en reg te maak deur die kontrolelys te gebruik.

### BIED DIE SKRYFWERK AAN EN GEE VERSLAG DAAROOR

1. Gee instruksie aan die leerders om die finale weergawe netjies oor te skryf.
2. Gee aan leerders die geleentheid om boeke uit te ruil en mekaar se skryfwerk te lees.
3. Gee aan verkillende leerders die geleentheid om hul skryfwerk te deel deur dit aan die hele klas voor te lees.
4. Vra sommige leerders om hul storie oor te skryf op ’n blanko papier, dit te illustreer en hul naam by te skryf. Vertoon die skryfwerk op die klaskamer se muur.
5. Neem die leerders se boeke in. Daar word slegs van jou verwag om formeel 2 stukke skryfwerk per termyn te merk deur die rubrieke wat voorsien word. Lees egter en lewer kommentaar op die leerders se finale stuk skryfwerk vir elke siklus.
6. Onthou weereens dat selfvertroue ’n belangrike deel van die ontwikkeling van skryfvaardighede is.

## Skryfstrategieë

***Doel:*** *Om die leerders met verskeie strategieë toe te rus wat sal dien as boublokke om hul in staat te stel om hul gedagtes in oorpronklike skryfwerk te verander.*

1. Volg die lesplanne om die skryfwerk opdrag vir elke week te voltooi.
2. Jy sal oplet dat dieselfde roetine altyd in die lesplanne gevolg word. Dit is om die leerders te help om te weet wat om te verwag in skryflesse. Dit help dan ook om hul selfvertroue te bou.
3. Jy sal oplet dat verskillende strategieë stadig aan leerders geleer word om hulle in staat te stel om sinraamwerke suksesvol te voltooi.
4. Die doel is vir leerders om uiteindelik hierdie strategieë outomaties te gebruik.
5. Hierdie strategieë help leerders om vol selfvertroue te voel oor hul skryfwerk en deur hulle te wys dat daar ’n reeks stappe is om te volg wanneer hulle skryf.

### STRATEGIE 1: ONDERWYSER DEMONSTREER EERS DIE SKRYFWERK

a. Die onderwyser demonstreer eers die opdrag aan die klas (sy wys presies aan die klas wat hulle gaan doen).
b. Die leerders kry ’n duidelike idee van die opdrag deur te sien wat die onderwyser doen.

**STRATEGIE 2: LEERDERS DINK VOORDAT HULLE SKRYF**

**a** Skryf is die aksie om gedagtes op papier neer te skryf.
**b** Dit beteken dat skrywers eers moet dink en besluit wat om te skryf voordat hulle skryf.
**c** Dit beteken ook dat daar geen korrekte of verkeerde 'antwoorde' in skryfwerk is nie – elke skrywer het haar of sy eie gedagtes om oor te skryf.
**d** Voorsien altyd genoeg tyd vir leerder om eers te dink waaroor hulle wil skryf.

**STRATEGIE 3: SKRYWERS TREK LYNE VIR ELKE WOORD**

**a** Leerders dink oor die sin wat hul wil skryf, en sê dit hardop.
**b** Hulle moet dan die woorde in hul sinne tel en 'n lyn trek wat elke woord verteenwoordig.
**c** Lyne moet van links na regs op die bladsy getrek word.
**d** Lyne moet min of meer so lank as die woord wees.
**e** Spasies moet oopgelaat word tussen woorde.
**f** Die leerder moet aan die einde van 'n sin 'n punt sit.
**g** Met die lyne in plek, moet leerders die woorde invul wat hulle ken, of probeer om die beginklanke neer te skryf voordat hulle om hulp vra.
**h** Dit gee struktuur aan die leerder se skryfwerk, wat selfvertroue bou. Selfs leerders wat werklik sukkel kan die skryfproses op die manier begin.

**STRATEGIE 4: SKRYWERS GEBRUIK HULPBRONNE OM WOORDE TE SKRYF**

**a** Leer leerders om nie vir hulp te vra met al die onbekende woorde nie. Hulle moet eers van ander hulpbronne gebruik maak om uit te vind hoe om die onbekende woord te skryf. Byvoorbeeld:
- Woorde op die muur
- Ander boeke
- Spellyste
- Hulle kan selfs hul klasmaats vra.

**STRATEGIE 5: SKRYWERS GEBRUIK HUL GEHEUE OM WOORDE TE SKRYF**

**a** Leerders moet probeer om woorde te onthou wat hul reeds geleer het, en om hierdie woorde van geheue te skryf.

**STRATEGIE 6: LEERDERS SÊ WOORDE STADIG**

1. Leer leerders om onbekende woorde baie stadig te sê om die verskillende klanke te hoor. (Segmentering)
2. Volgende, leer die leerders om elke klank wat hul kan hoor, neer te skryf. (Hul mag dalk nie die woord korrek spel nie, maar dit dien as beginpunt om onbekende woorde te skryf. Byvoorbeeld, **bring** mag dalk as **brig** geskryf word of self **brng**. Die onderwyser kan dan hierop bou en aan die leerder die korrekte spelling wys.)
3. Probeer om die leerder se fonetiese skryfwerk te lees en prys hulle omdat hulle hul fonetiese kennis gebruik het om woorde te bou. Dit is ’n belangrike vaardigheid om aan te moedig.

**STRATEGIE 7: SKRYWERS LEES WAT HULLE SKRYF**

**a** Leerders lees hul sin hardop aan hulself of ’n klasmaat. Die skryfproses word meer betekenisvol deur hul skryfwerk aan ’n klasmaat te lees.
**b** Maak seker dat hulle nie woorde uitgelaat het terwyl hulle dit doen nie.
**c** Hulle maak ook seker dat die woordorde korrek is.
**d** Die belangrikste is om dit so aan te bied dat leerders die skryfproses geniet en trots voel oor wat hulle geskryf het.

**STRATEGIE 8: SKRYWERS DRAAI OM EN GESELS**

**a** Skrywers kan op verskillende tye gedurende die les omdraai na ’n klasmaat en beurte maak om met mekaar te praat.
**b** Dit kan dan gebruik word om idees uit te ruil oor wat hulle wil skryf, deur hul skryfwerk aan mekaar te lees, deur mekaar te vertel oor hul prentjies of om seker te maak hulle verstaan wat hulle moet doen.
**c** Leer leerders om mekaar in die gesig te kyk en saggies te praat wanneer hulle omdraai om te gesels.

**STRATEGIE 9: HOU MINI KONFERENSIES**

**a** Dit is ’n nuttige strategie om te gebruik terwyl leerders skryf.
**b** Loop deur die klaskamer en stop wanneer jy sien dat ’n leerder sukkel.
**c** Hou mini konferensies met daardie leerder.
**d** Neem deel met die leerder se werk, luister na die leerder en bied hulp aan waar nodig.
**e** Onthou om te probeer om aan alle leerders individuele aandag te gee en om hul pogings en verbeteringe te prys.

# Graad 3
## TERMYN 3
# Week 1

# TEMA:
# Deernis

## Klaskamer Voorbereiding

1 Aan die begin van die week maak seker dat jou klaskamer netjies en skoon is.
2 Opdateer jou vertoonborde deur items wat nie meer relevant is nie te verwyder en dit netjies en versigtig weg te bêre.
3 Volgende moet jy die flitskaart woorde, tema woorde en illustrasies wat jy gaan gebruik voorberei.
4 Vind en berei items voor vir jou temamuur en tafel wat jou leerders interessant sal vind byvoorbeeld: kort stories oor deernis, prente van mense wat bedagsame / deernisvolle goed vir ander mense doen.
5 Doen navorsing op die internet om voor te berei vir die tema. Byvoorbeeld: Idees oor hoe om deernis aan ons maats te betoon.
6 Maak seker dat alle leerders se Boeke / DBO Werkboeke netjies gebêre is waar hulle hoort.
7 Maak seker dat al jou grootboeke, graad leesboeke en klas biblioteek boeke in goeie toestand is.
8 Pas jou Groep Begeleide Lees groepe aan indien nodig.
9 Beplan jou formele en informele assesseringsaktiwiteite vir die week.

## Uitbreidingsaktiwiteite

Hierdie aktiwiteite kan gebruik word as onafhanklike werk vir leerders wat hul werk vroeg klaarkry OF terwyl jy leerders assesseer.

**Aktiwiteit 1:** DBO Werkboek 2: Bladsy 2, Ons lees & Bladsy 3, Ons skryf

**Aktiwiteit 2:** DBO Werkboek 2: Bladsy 4 & 5, Ons doen

**Aktiwiteit 3:** DBO Werkboek 2: Bladsy 6 & 7, Ons lees

**Aktiwiteit 4:** Teken ’n prent van ’n tyd toe jy deurnis aan ’n maat betoon het.

# Maandag

## Mondelinge Aktiwiteite 15 minute

### STEL DIE TEMA BEKEND: ASSESSEER VORIGE KENNIS

1 Wys aan leerders die prent van Thomas wat ongelukkig lyk in die Grootboek storie: Khumo se nuwe maat
2 Vertel aan leerders dat ons 'n nuwe tema begin: Deernis
3 Teken 'n sirkel met die naam van die **tema** in die middel van die swartbord.
4 Vra aan leerders: *Wat weet julle reeds van die tema?*
5 Skryf die leerders se idees neer rondom die breinkaart. Groepeer soortgelyke idees bymekaar.
6 Indien leerders sukkel om te antwoord, vra die volgende leidende vrae:
   a Wat beteken die woord deernis?
   b Aan wie moet ons deernis betoon?
   c Wie betoon deernis aan ons?
   d Hoe betoon ons deernis aan ander mense?

### TEMA WOORDESKAT

1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
   - deernis
   - deernisvol
   - eensaam

| Rympie of liedjie | Aksies |
|---|---|
| Doen aan ander, | *Swaai jou wysvinger om 'ja' te wys* |
| Soos wat jy aan jouself gedoen wil hê, | *Swaai jou wysvinger om 'ja' te wys* |
| Wees gaaf en lief en help waar jy kan, | *Wys 'n hartjie met jou hande* |
| Dit maak jou deel van die tip top span! | *Hou jou duim in die lug om te wys dit is die beste* |

## Handskrif 15 minute

1 Vra die leerders om hulle boeke oop te maak en die datum neer te skryf.
2 Sê aan die leerders om 1–5 in die kantlyn te skryf.
3 Skryf die volgende sin op die swartbord, langs nommer 1: Ek sing 'n lied terwyl ek dans.
4 Skryf die volgende voornaamwoorde (vakmorfeme) langs nommer 2 – 5:
   2 Hy

   3 Ons
   4 Sy
   5 Hulle
5 Sê aan die leerders om die sin oor te skryf met elkeen van die voornaamwoorde.
6 In die laaste 5 minute van die les skryf die korrekte sinne op die swartbord neer. Sê die klanke hardop en verduidelik die lopende skrif proses terwyl jy skryf.
7 Vra die leerders om enige patrone wat hulle kan sien uit te wys soos waar die sin verander.
8 Onderstreep die patrone soos volg:
   1 Ek sing ’n lied terwyl ek dans.
   2 Hy sing ’n lied terwyl hy dans.
   3 Ons sing ’n lied terwyl ons dans.
   4 Sy sing ’n lied terwyl sy dans.
   5 Hulle sing ’n lied terwyl hulle dans.
9 Sê aan die leerders om ’n gekleurde potlood te neem en hulle eie werk te korrigeer.

### ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

Sin: ______________________________

______________________________

## Gedeelde Lees: 15 minute

## Voorlees

### BEGRIPSTRATEGIE: VOORSPEL

1 Laat leerders op die mat sit sodat hulle die Grootboek kan sien.
2 Maak die Grootboek oop by die storie: Khumo se nuwe maat
3 Gaan deur die prente van elke bladsy en vra leerders wat hulle dink gaan gebeur.
4 Help leerders om die prentjies met mekaar te verbind, sodat hulle ’n goeie idee het waaroor die storie gaan.
5 Stel nuwe woorde bekend by die relevante dele van die storie.
6 Lees die storie een maal deur sonder om te stop.

## Skryfwerk:

30 minute

### Beplan En Berei Voor

**ONDERWERP:** Skryf 'n storie waarin 'n karakter deernis aan iemand anders betoon.

**OPDRAG:** Skryf 'n storie van ten minste 10 sinne wat bymekaar gesit gaan word vir 'n klasboek met die naam: Stories oor deernis.

**BEPLANNINGSTRATEGIE:** Teken 'n breinkaart

#### STEL DIE SKRYF ONDERWERP BEKEND

1 Wys aan leerders dat jy **dink voordat jy skryf.**
2 Mondelings, verduidelik jou idees vir jou storie soos:
*Ek gaan 'n storie skryf oor 'n seun wat sy kleinboetie by 'n avontuur met sy maats insluit want hy het opgemerk dat sy broer eensaam gevoel het. Hy betoon deernis aan sy broer deur hom te behandel soos wat hy graag wil hê mense moet hom behandel*

#### DEMONSTREER DIE BEPLANNINGSTRATEGIE (EK DOEN)


1 Teken 'n breinkaart raam aan die eenkant van die swartbord.
2 Wys aan die leerders hoe jy die breinkaart opstel deur die vrae te beantwoord.
3 Voltooi die breinkaart op die anderkant van die swartbord.


| **Breinkaart Plan** | | |
|---|---|---|
| Wie is die hoofkarakter in die storie? | Is daar enigee ander karakters? | Wat betoon deernis? |
| Hoe betoon die hoofkarakter deernis? | **My storie** | Wat is die problem in die storie? |
| Waar speel die storie af? | Is daar enige ander belangrike besonderhede? | Hoe word die probleem in die storie opgelos? |

| **Breinkaart** | | |
|---|---|---|
| Pieter | Pieter se kleinboetie Michael. | Pieter betoon deernis aan Michael. |
| Pieter sluit Michael in by die avontuur met sy maats sodat hy nie eensaam voel nie. | **My storie** | Michael voel eensaam. Hy wil saam met Pieter gaan. |
| Die storie speel af by hulle huis. | Pieter se maats wil nie hê Michael moet op die avontuur saam kom nie maar Pieter kom op vir hom. | Pieter besluit om deernis aan Michael te betoon deur hom in te sluit by die avontuur |

**LEERDERS MAAK GEBRUIK VAN DIE BEPLANNINGSTRATEGIE (JY DOEN)**

**1** Vertel leerders om hulle oë toe te maak en te dink aan ’n karakter wie deernis aan ander mense betoon.
**2** Sê aan leerders om **te draai en** met ’n maat **te praat** oor hulle eie stories.
**3** Wys aan die leerders die breinkaart raam (Spinnekop –en – web metode) op die swartbord. Vertel leerders om die raam te gebruik om hulle skryfwerk te beplan net soos jy vir hulle gedemonstreer het.
**4** Deel leerders se boeke uit.
**5** Vertel leerders dat hulle hulle eie idees moet neerskryf – hulle moet nie die onderwyser se voorbeeld afskryf nie.
**6** Terwyl leerders besig is om te skryf beweeg rond in die klas en hou mini konferensies.





## Groep Begeleide Lees

30 minute

**GROEPE: ______________________________**

1 Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 1** het.
2 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul tafels.
5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hulle gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

# Dinsdag

## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Hersien Klanke, Verbindings En Segmentering

**EK DOEN ...**

1. Sê die klank**: ooi**
2. Sê die woord: **kooi**
3. Segmenteer die woord in individuele klanke: **/k/-/ooi/**
4. Sê die beginklank van die woord: **/k/**
5. Sê die endlklank van die woord: **/ooi/**
6. Skryf die woord op die swartbord: **kooi**
7. Demonstreer deur na die klanke te wys en saam te voeg, hoe die klanke 'n woord bou: **/k/-/ooi/ = kooi**

**ONS DOEN...**

1. Sê die klank**: ooi**
2. Sê die woord: **rooi**
3. Vra leerders: Wat is die eerste klank in die woord? **/r/**
4. Vra leerders: Wat is die laaste klank in die woord? **/ooi/**
5. Vra leerders om die woord in individuele klanke te segmenteer: **/r/-/ooi/**
6. Skryf die woord op die swartbord: **rooi**
7. Sê aan die leerders om die klanke in die woorde saam met jou, reg te saam te voeg: **/r/-/ooi/ = rooi**

**JY DOEN ...**

1. Sê aan leerders om hul boeke uit te haal en die datum en opskrif te skryf: **ooi woorde.**
2. Sê nou aan leerders om in die kantlyn te nommer van 1–5.
3. Roep die volgende woorde uit:
    1. **tooi**
    2. **nooi**
    3. **kooi**
    4. **vlooi**
    5. **rooi**
4. Leerders moet die woorde langs die korrekte nommer skryf en die teikenklank in elke woord onderstreep.
5. In die laaste twee minute van die les, skryf die korrekte woorde op die swartbord en onderstreep die teikenklanke.
6. Gee opdrag aan die leerders om hul eie werk met 'n kleurpotlood te korrigeer

7 Verduidelik aan leerders dat hul in die volgende les gaan leer hoe om hierdie klank in LOPENDE SKRIF te skryf.

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________________________________


Woorde: ______________________________________________

______________________________________________________

## Handskrif: 15 minute

### Skryf letter(s) / woorde / sinne in lopende skrif

1. Leer leerders hoe om die lopende skrif letter(s) korrek te vorm: **ooi**
2. Demonstreer hoe die letter(s) te skryf vir regshandige leerders en linkshandige leerders.
3. Gee leerders nou opdrag om met 'n maat te werk en om die letter(s) op mekaar se rûe te skryf met hul vingers.
4. Gee leerders nou opdrag om die letter(s) op hul tafels te skryf met hul vingers.
5. Wys ten laatste weereens aan leerders op die swartbord, hoe om die letter(s) en woorde te vorm.
6. Leerders moet dan die klank/woorde/sinne in hul boeke skryf.
7. Leerders moet die teikenklanke <u>onderstreep</u> in al die woorde/sinne wat hul geskryf het.



vlooi

rooi

Die nooi dra 'n rooi trui.

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

Sin: ______________________________

______________________________

## Gedeelde Lees: 15 Minute

### Aanvangslees


**BEGRIPSTRATEGIE: MAAK VERBINDINGS**

| Teks | Aanvangslees (Dink Hardop) |
|---|---|
| **Khumo maak 'n nuwe vriend**<br>Khumo het alles saam met Bonga en Bantu gedoen. Hulle het altyd saam onder dieselfde boom gesit om hul middagete te eet. Hulle het altyd op dieselfde plek op die veld hulle sokkerbal heen en weer geskop. | Khumo spandeer al sy vrye tyd saam met sy twee beste vriende. Dit is **net soos** ek en my beste vriendin! Ons hou ook daarvan om alles saam te doen! |
| Een dag toe die klok lui vir pouse, roep mnr. Ngoma vir Khumo om agter te bly in die klas. Khumo kyk na Bonga en Bantu. Hulle kyk terug na hom. "Ek ontmoet julle buite," sê Khumo. | – |
| "Khumo, ek het jou geroep om met jou oor een van jou klasmaats te praat," sê mnr. Ngoma. "Ek het opgemerk dat Thomas baie skaam is. Ek sien dat hy elke pouse alleen sit. Ek het gehoop dat jy hom by jou vriende kan laat aansluit." | Khumo wil nie vir Thomas laat aansluit nie, maar hy wil ook nie nee sê vir sy onderwyser nie! Ek **wonder** wat hy gaan besluit om te doen? |

| Teks | Aanvangslees (Dink Hardop) |
|---|---|
| Khumo weet nie wat om te sê nie. Hy wil vir mnr. Ngoma sê dat Thomas stil en vreemd is, sy vriende wil nie met Thomas speel nie, maar Khumo het niks gesê nie. | |
| Toe Khumo buitentoe gaan, sit Bonga en Bantu reeds op hulle gewone plek. "Is jy in die moeilikheid?" vra Bantu.<br><br>"Nee – mnr. Ngoma het my potlood op die vloer gekry," jok Khumo. Hy was nie lus om hulle te vertel wat mnr. Nogoma gesê het nie. Nie tot hy ten minste daaroor gedink het nie. | Khumo het tyd nodig om te dink oor wat hy moet doen. Dit **herinner** my! Soms, wanneer ek en my man nie saamstem nie, het ek ook eers tyd nodig om te dink voor ons daaroor praat! |
| Daardie aand kla Khumo by sy ma. "Ag! Mnr. Ngoma het my gevra om vriende te wees met die vreemde seun, Thomas," kla Khumo. "Hy het nie vriende nie en hy praat nie eens met enige iemand nie. Ek weet nie hoekom hy my gevra het om met hom te speel nie?"<br><br>Khumo se ma kyk aandagtig na hom. "Wel jy hoef nie. Mnr. Ngoma het jou net gevra. Daar is niks wat mnr. Ngoma kan doen om jou dit te maak doen, as jy nie wil nie," sê sy ernstig.<br><br>Dit laat Khumo beter voel. "Ek hoef nie met daardie vreemde kind te speel nie," dink hy. | Khumo voel 'n bietjie beter nadat hy met sy ma gepraat het oor wat by die skool gebeur het. Wanneer ek omgekrap is, voel ek ook altyd beter wanneer ek met iemand gepraat het vir wie ek lief is en vertrou, **net soos** Khumo. |
| Toe Khumo die aand in die bed lê, dink hy aan toe hy net met skool begin het, voor hy vir Bonga en Bantu geken het. Hy dink aan daardie paar weke, toe hy alleen tydens pouses gesit het, terwyl hy gehoop het dat iemand by hom kom sit. "Miskien hoef ek nie," dink Khumo, "maar ek wil." | Khumo **sien 'n verband** tussen hom en Thomas. Khumo dink aan toe hy alleen gesit het, net soos Thomas. Toe hy hierdie **verband sien**, besluit hy om Thomas in te sluit, selfs al wou hy aan die begin nie. |
| Die volgende dag, sit Khumo by Bonga en Bantu. Hy sien hoe Thomas op sy eie sit. "Ek dink ons moet kyk of Thomas by ons wil sit," sê Khumo.<br><br>"Thomas? Hoekom wil jy hom by ons laat aansluit?" vra Bantu, laggend.<br><br>"Ja! Hy lyk nie na pret nie!" sê Bonga.<br><br>"Ek dink hy is alleen," sê Khumo. "Ek voel jammer vir hom. Nie een van ons sal daarvan hou om pouse alleen te sit nie. Plus, as ons 'n vierde vriend het, kan ons in spanne speel."<br><br>"Nou maar goed," stem Bantu en Bonga saam. | – |
| Khumo stap na Thomas."Hi! Wil jy by ons kom sit?"<br><br>Thomas kyk om. "Ek?" vra hy.<br><br>"Ja, jy. Wil jy by ons kom sit?"<br><br>Thomas se hele gesig verander in 'n glimlag. "Asseblief!," sê hy. | Khumo hoef nie vir Thomas te vra om met hom en sy vriende te speel nie. Dit is op die ou einde sy eie besluit. Khumo **sien 'n verband**! Hy doen wat hy wens iemand vir hom sou gedoen het! |

| Teks | Aanvangslees (Dink Hardop) |
|---|---|
| Nadat hulle geëet het, gebruik die seuns klippe om doelhokke te maak. Hulle speel twee teen twee. "Dit was die beste sokker wat ons nog ooit gespeel het!" sê Bantu. "Kom speel weer môre saam met ons!" sê Bonga vir Thomas. | – |
| "Ek is trots op jou, Khumo," sê mnr. Ngoma, aan die einde van die dag, toe Khumo by die deur uitloop. Hy voel trots. | O! Mnr. Ngoma moes gesien het dat Khumo vir Thomas by hulle laat aansluit het! Dit is soos wanneer my dogter haar jonger sussie nooi om saam te speel. Ek het trots gevoel dat sy so lief was met haar sussie! |

| **Opvolg vrae** | **Moontlike antwoordeonses** |
|---|---|
| Wie is Khumo se onderwyser? | Sy onderwyser is mnr. Ngoma. |
| Wat het mnr. Ngoma Khumo gevra om te doen? | Hy het Khumo gevra om Thomas pouse by hulle te laat sit. |
| Saam met wie het Thomas gewoonlik tydens pouse gesit? | Hy het gewoonlik alleen gesit. |
| **Hoekom vrae** | **Moontlike antwoorde** |
| Hoekom was mnr. Nogoma trots op Khumo? | • Omdat Khumo besluit het om Thomas te vra om by hom en sy vriende te sit.<br>• Omdat Khumo gaaf was. Hy het nie nodig gehad om te wees nie!<br>• Omdat Khumo Thomas by hulle laat aansluit het.<br>• Omdat Khumo gedoen het wat mnr. Ngoma hom gevra het. |



## Groep Begeleide Lees

30 minute

**GROEPE: ____________________________**

1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 1** het.
2 Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Woensdag

## Mondelinge Aktiwiteite 15 minute

### TEMA WOORDESKAT

1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
   - insluit
   - uitsluit
   - ingesluit
   - uitgesluit

| Rympie of liedjie | Aksies |
|---|---|
| Doen aan ander, | *Swaai jou wysvinger om 'ja' te wys* |
| Soos wat jy aan jouself gedoen wil hê, | *Swaai jou wysvinger om 'ja' te wys* |
| Wees gaaf en lief en help waar jy kan, | *Wys 'n hartjie met jou hande* |
| Dit maak jou deel van die tip top span! | *Hou jou duim in die lug om te wys dit is die beste* |

### KREATIEWE STORIEVERTEL



1 Verdeel leerders in hul klein groepe.
2 Gee aan elk 'n kopie van die kreatiewe storievertel prentjies.
3 Sê aan leerders om te dink aan 'n storie wat by die prentjies pas.
4 Gee aan leerders 'n minuut of twee om oor hul idees te dink.
5 Vervolgens moet elke leerder in die groep 'n kans kry om te draai en hul weergawe van die storie te deel.
6 Herinner leerders daaraan dat hul storie kreatief moet wees, maar ook by die prentjies moet pas!
7 Herinner leerders om aandagtig na mekaar se stories te luister.
8 Bedank die leerders dat hulle hul stories gedeel het.

## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Hersien Klanke, Vermenging En Segmentasie

**EK DOEN ...**

1 Sê die klank: **aai**
2 Sê die woord: **taai**
3 Segmenteer die woord in individuele klanke: **/t/-/aai/**
4 Sê die beginklank van die woord: **/t/**
5 Sê die endlklank van die woord: **/aai/**
6 Skryf die woord op die swartbord: **taai**
7 Demonstreer deur na die klanke te wys en saam te voeg, hoe die klanke 'n woord bou: : **/t/-/aai/ = taai**

**ONS DOEN ...**

1 Sê die klank: **aai**
2 Sê die woord: **swaai**
3 Vra leerders: Wat is die eerste klank in die woord? **/sw/**
4 Vra leerders: Wat is laaste klank in die woord? **/aai/**
5 Vra leerders om die oorpronklike woord in individuele klanke te segmenteer: **/sw/-/aai/**
6 Skryf die woord op die swartbord: **swaai**
7 Sê aan die leerders om die klanke in die woorde saam met jou reg te saam te voeg: **/ sw/-/aai/ = swaai**

**JY DOEN ...**

1 Sê aan leerders om hul boeke uit te haal en die datum en opskrif te skryf: **aai woorde.**
2 Sê nou aan leerders om in die kantlyn te nommer van 1–5.
3 Roep die volgende woorde uit:
   1 **laai**
   2 **taai**
   3 **swaai**
   4 **kraai**
   5 **draai**
4 Leerders moet die woorde langs die korrekte nommer skryf en die teikenklank in elke woord onderstreep.
5 In die laaste twee minute van die les, skryf die korrekte woorde op die swartbord en onderstreep die teikenklanke.
6 Gee opdrag aan die leerders om hul eie werk met 'n kleurpotlood te korrigeer
7 Verduidelik aan leerders dat hul in die volgende les gaan leer hoe om hierdie klank in LOPENDE SKRIF te skryf.

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________________


Woorde: ______________________________

______________________________

## Handskrif: 15 minute

### Skryf letter(s) / woorde / sinne in lopende skrif

1. Leer leerders hoe om die klein letters in lopende skrif letter(s) korrek te vorm: **aai**
2. Demonstreer hoe die letter(s) te skryf vir regshandige leerders en links-handige leerders.
3. Gee leerders nou opdrag om met 'n maat te werk en om die letter(s) op mekaar se rûe te skryf met hul vingers.
4. Gee leerders nou opdrag om die letter(s) op hul tafels te skryf met hul vingers.
5. Wys ten laatste weereens aan leerders op die swartbord, hoe om die letter(s) en woorde te vorm.
6. Leerders moet dan die klank/woorde/sinne in hul boeke skryf.
7. Leerders moet die teikenklanke <u>onderstreep</u> in al die woorde/sinne wat hul geskryf het.



draai

Wat kraai so vroeg in

die oggend?

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ________________________________________

Woorde: ________________________________________

______________________________________________

Sin: ___________________________________________

______________________________________________

## Skryfwerk:

30 minute

### Rofwerk / Opstel

**ONDERWERP:** Skryf ’n storie waarin ’n karakter deernis aan iemand anders betoon.

**OPDRAG:** Skryf ’n storie van ten minste 10 sinne wat bymekaar gesit gaan word vir ’n klasboek met die naam: Stories oor deernis.

**SKRYFRAAMWERK:**

***(Beskryf die karakters en die plek waar die storie af speel)***

Eendag ... *(Beskryf die probleem)*

Toe ... *(Verduidelik hoe is die probleem opgelos)*

Aan die einde ... *(Vertel hoe deernis die karakters geaffekteer het)*

**VOORBEREIDING:** Skryf Maandag se plan op die swartbord voor die skryfles begin.

## DEMONSTREER DIE SKRYFPROSES (EK DOEN)

1 Herinner leerders aan die plan wat jy Maandag opgestel het.
2 Lees deur jou plan wat op die swartbord geskryf is.
3 Demonstreer hoe jy die skryfraamwerk voltooi met jou plan soos:
*Pieter het saam met sy gesin en sy kleinboetie, Michael, in Pretoria gewoon. Pieter was 'n ekstrovert en verskriklik vriendelik. Michael was verskirklik skaam.* ***Eendag*** *het Pieter en Michael in die tuin gespeel toe Pieter se maats kom kuier het. Hulle het Pieter genooi om saam met hulle na die park toe te gaan. Michael het gevra om saam te kom maar Pieter se maats het vir hom gelag. Pieter het vir sy broer gewaai en saam met sy maats weg gehardloop.*
***Toe*** *het Pieter omgedraai en gesien hoe Michael ongelukkig gelyk het. Hy het na Michael geroep om saam te kom. Michael het groot geglimlag. Pieter het sy maats vertel dat hy sy broer wou insluit en dat hulle hom vriendelik moet behandel.* ***Aan die einde*** *het almal pret gehad. Pieter was bly dat hy sy broer gelukkig kon maak.*

## LEERDERS VOLTOOI DIE SKRYFPROSES (JY DOEN)


1 Deel leerders se boeke uit.
2 Vertel leerders om die datum en opskrif neer te skryf: **'n Storie oor deernis: Rofwerk / Opstel**
3 Sê aan leerders om na die plan wat hulle Maandag voltooi het te blaai en aan hulle idees te dink.
4 Sê aan leerders om die skryfraamwerk te voltooi deur van hulle planne gebruik te maak.
5 Sê aan leerders dat hulle meer sinne kan byvoeg indien hulle genoeg tyd het.
6 Herinner leerders aan die strategieë wat hulle kan gebruik om hulle te help.
7 Terwyl leerders besig is om te skryf, beweeg rond in die klas en help leerders wat sukkel.

Julie 8 2020

'n Storie oor deernis: Konsep

Boitumelo het in 'n dorpie saam met har mama, pappa en boetie gebly. Elke dag as Boitumelo by die huis kom, sou sy speel terwyl har ma die huis skoonmaak. Op 'n dag sien Boitumelo dat haar ma aanhou om haar kop te vryf en haar oe toe te maak. Boitumelo kon sien dat haar ma nie goed voel nie maar dat sy aanhou om die huis skoon te mak.

Boitumelo kry 'n idee. Sy neem die besem by har ma en se vir haar om in die bed te gaan klim. Mamma het gaan le terwyl Boitumelo die res van die huis skoon gemak het. Uiteindelik het mama baie beter gevoel en Boitumelo 'n groot drukkie gegee. Boitumelo het besef dat sy haar ma meer moet help



## Groep Begeleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ______________________________

1 Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 1** het.
2 Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul tafels.
5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hulle gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Donderdag

## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Letter Ruil

**EK DOEN ...**

1 Verduidelik dat ons vandag gaan oefen om vir klein verskille in woorde te soek. Dit help ons om beter lesers te wees.
2 Skryf die twee woorde op die swartbord: **tooi, nooi**
3 Demonstreer aan leerders hoe jy die verskille vind, bv.: **tooi, nooi**
4 Verduidelik die verskil, bv. die **/t/** en **/n/** klanke is verskillend, maar die res van die woord is dieselfde!

**ONS DOEN ...**

**DEEL 1**

1 Skryf die twee woorde op die swartbord: **laai, taai**
2 Vra leerders: Wat is die verskil tussen die twee woorde?
3 Vra 'n leerder om die verskil tussen die twee woorde te kom onderstreep, bv.: **laai, taai**
4 Verduidelik die verskil tussen die twee woorde.

**DEEL 2**

1 Skryf nou die volgende woord op die swartbord: **tooi**
2 Vra leerders: **Wat is een letter in die woord wat jy kan uitruil om 'n ander woord te bou?**
3 Skryf 'n lys van leerders se idees om die swartbord, bv **: nooi, kooi, vlooi, rooi, taai**

**JY DOEN ...**

1 Skryf die woord op die swartbord: **laai**
2 Gee aan leerders instruksie om soveel woorde as wat hul kan, te maak, deur slegs een klank in die woorde te vervang.
3 Roep nou leerders na die swartbord om een van hul eie woorde neer te skryf.
4 Gaan deur die woorde, en verduidelik watter klank uitgeruil is.
**taai, swaai, kraai, draai, leeu**

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

## Gedeelde Lees: 15 minute


### Tweede Lees

**LEESSTRATEGIE: MAAK VERBINDINGS**

| Teks | Tweede lees (Dink Hardop) |
|---|---|
| **Khumo maak 'n nuwe vriend**<br><br>Khumo het alles saam met Bonga en Bantu gedoen. Hulle het altyd saam onder dieselfde boom gesit om hul middagete te eet. Hulle het altyd op dieselfde plek op die veld hulle sokkerbal heen en weer geskop. | – |
| Een dag toe die klok lui vir pouse, roep mnr. Ngoma vir Khumo om agter te bly in die klas. Khumo kyk na Bonga en Bantu. Hulle kyk terug na hom. "Ek ontmoet julle buite," sê Khumo. | Kyk na Khumo! Hy lyk bekommerd. Dit **herinner** my! Soms, wanneer die skoolhoof my roep vir 'n vergadering, dan voel ek bekommerd dat ek iets verkeerd gedoen het! |
| "Khumo, ek het jou geroep om met jou oor een van jou klasmaats te praat," sê mnr. Ngoma. "Ek het opgemerk dat Thomas baie skaam is. Ek sien dat hy elke pouse alleen sit. Ek het gehoop dat jy hom by jou vriende kan laat aansluit."<br><br>Khumo weet nie wat om te sê nie. Hy wil vir mnr. Ngoma sê dat Thomas stil en vreemd is, sy vriende wil nie met Thomas speel nie, maar Khumo het niks gesê nie. | Khumo moet onseker voel oor wat om te doen. Hy moet ook bekommerd wees wat sal gebeur as hy vir sy onderwyser nee sê. Hy moet ook bekommerd wees oor wat sy vriende gaan sê as hy Thomas by hulle laat aansluit. Dit **herinner** my! My vriendin en my suster het my altwee genooi vir ete een Saterdag. Ek het nie geweet wat om te sê nie, want ek wou nie vir enige een van die twee teleurstel nie. |
| Toe Khumo buitentoe gaan, sit Bonga en Bantu reeds op hulle gewone plek. "Is jy in die moeilikheid?" vra Bantu.<br><br>"Nee – mnr. Ngoma het my potlood op die vloer gekry," jok Khumo. Hy was nie lus om hulle te vertel wat mnr. Nogoma gesê het nie. Nie tot hy ten minste daaroor gedink het nie. | – |
| Daardie aand kla Khumo by sy ma. "Ag! Mnr. Ngoma het my gevra om vriende te wees met die vreemde seun, Thomas," kla Khumo. "Hy het nie vriende nie en hy praat nie eens met enige iemand nie. Ek weet nie hoekom hy my gevra het om met hom te speel nie?" | – |

| **Teks** | **Tweede lees (Dink Hardop)** |
|---|---|
| Khumo se ma kyk aandagtig na hom. "Wel jy hoef nie. Mnr. Ngoma het jou net gevra. Daar is niks wat mnr. Ngoma kan doen om jou dit te maak doen, as jy nie wil nie," sê sy ernstig.<br><br>Dit laat Khumo beter voel. "Ek hoef nie met daardie vreemde kind te speel nie," dink hy. | |
| Toe Khumo die aand in die bed lê, dink hy aan toe hy net met skool begin het, voor hy vir Bonga en Bantu geken het. Hy dink aan daardie paar weke, toe hy alleen tydens pouses gesit het, terwyl hy gehoop het dat iemand by hom kom sit. "Miskien hoef ek nie," dink Khumo, "maar ek wil." | Khumo onthou hoe alleen hy gevoel het toe hy nie vriende gehad het om by te sit pouse nie. Dit herinner hom aan Thomas. Hy besef Thomas moet alleen voel, net soos hy gevoel het. Hy weet hoe hartseer dit mens maak. Ek dink dit is hoekom Khumo besluit om met Thomas te speel. |
| Die volgende dag, sit Khumo by Bonga en Bantu. Hy sien hoe Thomas op sy eie sit. "Ek dink ons moet kyk of Thomas by ons wil sit," sê Khumo.<br><br>"Thomas? Hoekom wil jy hom by ons laat aansluit?" vra Bantu, laggend.<br><br>"Ja! Hy lyk nie na pret nie!" sê Bonga.<br><br>"Ek dink hy is alleen," sê Khumo. "Ek voel jammer vir hom. Nie een van ons sal daarvan hou om pouse alleen te sit nie. Plus, as ons 'n vierde vriend het, kan ons in spanne speel."<br><br>"Nou maar goed," stem Bantu en Bonga saam. | Ek dink Khumo moet gelukkig voel wanneer hy Thomas sien glimlag. |
| Khumo stap na Thomas."Hi! Wil jy by ons kom sit?"<br><br>Thomas kyk om. "Ek?" vra hy.<br><br>"Ja, jy. Wil jy by ons kom sit?"<br><br>Thomas se hele gesig verander in 'n glimlag. "Asseblief!," sê hy. | Khumo voel trots dat hy iets goeds vir iemand anders gedoen het en dat hy iemand gelukkig gemaak het. Dit **herinner my**! Een maal, het ek my sitplek op die bus aangebied aan 'n ouer vrou wat gestaan het. Ek wou rêrig my sitplek hê, maar ek het geweet sy het dit nodiger as ek. Sy het so gelukkig gelyk toe ek my sitplek vir haar aanbied. Ek was trots dat ek iets goeds gedoen het en iemand anders gelukkig gemaak het! |
| Nadat hulle geëet het, gebruik die seuns klippe om doelhokke te maak. Hulle speel twee teen twee. "Dit was die beste sokker wat ons nog ooit gespeel het!" sê Bantu. "Kom speel weer môre saam met ons!" sê Bonga vir Thomas. | – |
| "Ek is trots op jou, Khumo," sê mnr. Ngoma, aan die einde van die dag, toe Khumo by die deur uitloop. Hy voel trots. | Khumo moet gelukkig voel, want hy het soveel mense gelukkig gemaak. |

| Opvolg vrae | Moontlike antwoorde |
|---|---|
| Hoe lank het dit Khumo geneem om te besluit of hy Thomas gaan insluit? | Dit het hom een aand geneem. |
| Hoe het Thomas gevoel toe Khumo hom vra om saam te speel? | Verras / gelukkig |
| Aanvanklik wou Khumo nie vir Thomas insluit nie. Kan jy 'n verband sien? Wou jy al ooit iemand uitsluit? Hoekom? | Leerder se eie reaksie. |
| **Hoekom vrae** | **Moontlike antwoorde** |
| Hoekom het Khumo besluit om Thomas in te sluit? | • Omdat hy gedink het hoe dit voel om pouses alleen te sit.<br>• Omdat hy besef het dat toe hy alleen gesit het, het hy gewens iemand wil by hom kom sit.<br>• Omdat hy besef het dit was die regte en vriendelike ding om te doen. |



## Groep Begeleide Lees

30 minute

**GROEPE: ______________________**

1. Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 1** het.
2. Verduidelik **Donderdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5. Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Donderdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

# Vrydag

## Mondelinge Aktiwiteite

15 minute

### TEMA WOORDESKAT

1. Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2. Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
   - dankbaar
   - verdien
   - behandel

| Rympie of liedjie | Aksies |
|---|---|
| Doen aan ander, | *Swaai jou wysvinger om 'ja' te wys* |
| Soos wat jy aan jouself gedoen wil hê, | *Swaai jou wysvinger om 'ja' te wys* |
| Wees gaaf en lief en help waar jy kan, | *Wys 'n hartjie met jou hande* |
| Dit maak jou deel van die tip top span! | *Hou jou duim in die lug om te wys dit is die beste* |

### BESPREKING VAN GEDEELDE LEES TEKS

1. Skryf die besprekingsraamwerk op die swartbord:
   Die storie handel oor …
   Khumo betoon deernis want ...
   Die storie is verwant aan die tema oor 'Deernis' want …
2. Lees die besprekingsraamwerk aan die leerders.
3. Verdeel leerders in hul **klein groepe**.
4. Sê aan leerders dat elkeen 'n beurt moet kry om elke besprekingsvraag te antwoord.
5. Roep die klas tot aandag.
6. Vra verskillende leerders of 'n spesifieke groep om hul antwoorde te deel.
7. Korrigeer die antwoorde indien hul verkeerd is.
8. Bedank die leerders vir hul bydrae.

## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Woordsoek

Skryf die tabel op die swartbord wat vorige aangeleerde klanke insluit, sowel as die klanke wat op Dinsdag en Woensdag geleer is.

| | | |
|---|---|---|
| **ooi** | **aai** | **t** |
| **a** | **k** | **e** |
| **l** | **v** | **s** |
| **i** | **d** | **n** |
| **w** | **r** | **o** |

#### DEMONSTREER

1. Herinner leerders aan die klanke van die week: **/ooi/** en **/aai/**
2. Hersien al die klanke en samevoegings op die swartbord.
3. Gee aan leerders 3 minute om soveel woorde as hul kan te maak met die klanke en samevoegings hierbo.
4. Wys aan leerders hoe om 'n woord te bou deur die teikenklank te gebruik, bv.: **/t/-/ooi/ = tooi**
5. Herinner leerder dat hul 'n woord kan bou deur enige van die klanke te gebruik – hulle het nie nodig om **/ooi/** of **/aai/** te gebruik nie.
6. Wys leerders hoe om nog 'n woord te bou, bv.: : **/s/-/o/-/e/-/t/ = soet**

#### LEERDERS DOEN

1. Sê aan die leerders om hul boeke oop te maak en die opskrif te skryf: **ooi, aai**
2. Gee aan leerders opdrag om te begin skryf.
3. Gee leerders 3 minute om soveel as moontlik woorde te vind en bou as wat hulle kan.
4. Gee aan leerders die geleentheid om hul eie werk te korrigeer. Wys aan leerders hoe om hierdie woorde (en ander) te bou: **tooi, nooi, kooi, vlooi, rooi, laai, taai, swaai, kraai, draai, soet, kis, los, rot, meer, koor, slot, twak**

#### ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM

Klank/e: ____________________

Woorde: ____________________

____________________


## Gedeelde Lees: 15 minute

### Na-Lees

**BEGRIPSTRATEGIE: SOM OP / MAAK VERBINDINGS**

**MONDELINGE OF GESKREWE OPSOMMING VAN DIE STORIE**

1. Verduidelik aan die leerders dat ons vandag aan die mees belangrike dele van die teks gaan dink.
2. Ons gaan ook dink aan goed wat ons onself in die storie kan **verbind.**
3. Ons gaan die storie ’n punt uit vyf sterre toe ken. Ons gee ’n storie vyf sterre as ons daarvan gehou het. Ons gee ’n storie nul sterre as ons nie daarvan gehou het nie.
4. Skryf die opsommingsraam op die swartbord.
5. Gee opdrag aan die leerders dat hulle die raam moet gebruik om die vrae te beantwoord:
   **Die storie handel oor...** (2–3 sinne)
   **Ek kan myself met die storie verbind want...**
   **Die storie hou verwant met deernis want ...**
   **Uit vyf sterre sal ek ... ster(re) aan die storie toe ken want....**
6. Verduidelik aan die leerders dat hulle nie alles wat in die teks geskryf is kan oor vertel nie. Hulle moet die mees belangrikste dele uitsoek.
   Demonstreer jou voorbeeld vir die leerders. Sê: ***<u>Die storie handel oor</u>*** *Khumo wat deernis betoon aan Thomas.* ***<u>Ek kan myself met die storie verbind want</u>*** *Khumo moet self besuit wat die regte ding is om te doen. Partykeer het ek ook baie tyd nodig om belangrike besluite te neem.* ***<u>Die storie hou verwant met deernis want</u>*** *aan die einde het Khumo besluit om Thomas te behandel soos wat hy wil he mense moet hom behandel. Dit is deernis!* ***<u>Uit vyf sterre sal ek</u>*** *drie* ***<u>sterre aan die storie toe ken want</u>*** *ek het daarvan gehou maar dit was nie my gunsteling storie nie.*
7. Gee leerders ’n paar minute om oor die teks te dink.
8. Gee opdrag aan die leerders om **‘te draai en te praat’** en hulle eie opsomming met ’n maat te deel. / Gee opdrag aan die leerders om hulle eie opsommings te skryf deur gebruik te maak van die skryfraamwerk.
9. Kry die leerders se aandag.
10. Vra 1–2 leerders om hulle opsommings met die klas te deel.
    Skep ’n klas opsomming soos: ***<u>Die storie handel oor</u>*** *Khumo. Hy moes besluit om Thomas in te sluit of om hom uit te sluit. Dit was ’n moeilike besluit want Khumo se maats wou Thomas uit sluit maar sy inderwyser het Khumo gevra om Thomas in te sluit.* ***<u>Ons kan onself met die storie verbind want</u>*** *ons het almal net soos Thomas by die skool al uitgesluit gevoel.* ***<u>Die storie hou verwant met deernis want</u>*** *Khumo het deernis aan Thomas betoon. Hy het vir sy besluit opgestaan toe sy maats hom gekritiseer het.* ***<u>Uit vyf sterre sal ons</u>*** *vier* ***<u>sterre aan die storie toe ken want</u>*** *baie van ons het van die storie gehou maar dit was nie die beste storie wat ons al die jaar gelees het nie.*



## Groep Begeleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ____________________________

1 Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 1** het.
2 Verduidelik **Vrydag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul tafels.
5 Doen ’n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Vrydag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hulle gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.



## Week-eind taal onderrig hersiening

15 minute

1 Laat leerders op die mat sit aan die einde van die dag.
2 Voer die weeklikse taal oorsig sessie uit. Jy kan kies om Huistaal en Eerste Addisionele Taal in hierdie verslag te kombineer.
3 Onthou om die leerders toe te laat om om te “Draai en Praat” en hul antwoorde met maats te bespreek. Kies dan ’n paar leerders om hul antwoorde met die klas te deel.
4 Gebruik die volgende leidende vrae om die taal gedeelte van julle bespreking te lei:
   a **Wat was ons taal tema vir die week?**
   b **Watter stories het ons saam gelees?**
   c **Wat was jou gunsteling nuwe woorde vir die week?**
   d **Wat het jy geleer van die stories wat ons gelees het?**
   e **Waaroor het ons geskryf die week?**
   f **Hoe het jou eie skryfwerk verbeter die week?**
   g **Hoe het jou eie leeswerk verbeter die week?**
   h **Waaroor is jy die trotste die week?**
5 Ten einde, sê aan die leerders om aan twee dinge te dink wat hulle aan hul families gaan vertel oor wat hulle geleer het of hoe hulle verbeter het gedurende die week by die skool.

*Let wel: Hierdie proses van self evaluasie en refleksie is ’n krities belangrike deel van leer. Moet asseblief nie die weeklikse aktiwiteit oorslaan nie.*

# Graad 3

## TERMYN 3

# Week 2

# TEMA:

# Deernis

## Klaskamer Voorbereiding

1. Aan die begin van die week maak seker dat jou klaskamer netjies en skoon is.
2. Opdateer jou vertoonborde deur items wat nie meer relevant is nie te verwyder en dit netjies en versigtig weg te bêre.
3. Volgende moet jy die flitskaart woorde, tema woorde en illustrasies wat jy gaan gebruik voorberei.
4. Vind en berei items voor vir jou temamuur en tafel wat jou leerders interessant sal vind byvoorbeeld: Dankie sê, Simpatie en Beterskap kaartjies.
5. Doen navorsing op die internet om voor te berei vir die tema. Byvoorbeeld: aktiewe luistervaardighede. Deel van deernis betoon behels om ’n goeie luisteraar te wees.
6. Maak seker dat alle leerders se Boeke / DBO Werkboeke netjies gebêre is waar hulle hoort.
7. Maak seker dat al jou grootboeke, graad leesboeke en klas biblioteek boeke in goeie toestand is.
8. Pas jou Groep Begeleide Lees groepe aan indien nodig.
9. Beplan jou formele en informele assesseringsaktiwiteite vir die week.

## Uitbreidingsaktiwiteite

Hierdie aktiwiteite kan gebruik word as onafhanklike werk vir leerders wat hul werk vroeg klaarkry OF terwyl jy leerders assesseer.

**Aktiwiteit 1:** DBO Werkboek 2: Bladsy 8 & 9, Ons doen

**Aktiwiteit 2:** DBO Werkboek 2: Bladsy 10, Ons lees

**Aktiwiteit 3:** DBO Werkboek 2: Bladsy 11, 12 & 13, Ons skryf

**Aktiwiteit 4:** Teken ’n prent van iemand wat deurnis aan jou betoon het.

# Maandag

## Mondelinge Aktiwiteite 15 minute

### HERSIEN DIE TEMA: ASSESSEER VORIGE KENNIS

1. Wys aan leerders die prent van <u>Matuma wat vir Ntsako ’n toebroodjie gee</u> in die Grootboek storie: <u>Die ekstra middagete</u>
2. Vertel aan leerders dat ons voortgaan met die tema: <u>Deernis</u>
3. Teken ’n sirkel met die naam van die **tema** in die middel van die swartbord.
4. Vra aan leerders: *Wat weet julle reeds van die tema?*
5. Skryf die leerders se idees neer rondom die breinkaart. Groepeer soortgelyke idees bymekaar.
6. Indien leerders sukkel om te antwoord, vra die volgende leidende vrae:
   - **a** Hoe kan ons deernis aan ander betoon?
   - **b** Waarom is dit belangrik om deernis te betoon?
   - **c** Hoe voel ons as iemand deernis aan ons betoon?
   - **d** Wat is die teenoorgestelde van deernis?

### TEMA WOORDESKAT

1. Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2. Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
   - geheim
   - belofte
   - vertroubaar

| Rympie of liedjie | Aksies |
|---|---|
| Doen aan ander, | *Swaai jou wysvinger om ‘ja’ te wys* |
| Soos wat jy aan jouself gedoen wil hê, | *Swaai jou wysvinger om ‘ja’ te wys* |
| Wees gaaf en lief en help waar jy kan, | *Wys ’n hartjie met jou hande* |
| Dit maak jou deel van die tip top span! | *Hou jou duim in die lug om te wys dit is die beste* |

## Handskrif 15 minute

1. Vra die leerders om hulle boeke oop te maak en die datum en die opskrif <u>**Enkelvoud na Meervoud Woorde**</u> neer te skryf.
2. Sê aan die leerders om 1–5 in die kantlyn te skryf en om ’n lyn tussen elke nommer oop te los.

3 Lees die woorde wat onder gelys is hardop aan die leerders. Leerders moet die woorde langs die regte nommer neer skryf.

**Enkelvoud na Meervoud Woorde**

1 voet
2 tand
3 gaans
4 mes
5 blaar

4 Sê aan die leerders om elke woord oor te skryf as meervoude onder die enkelvoud woord.

5 In die laaste 5 minute van die les skryf die korrekte woorde op die swartbord neer. Sê die klanke hardop en verduidelik die lopende skrif proses terwyl jy skryf.

6 Vra die leerders om enige patrone wat hulle kan sien uit te wys soos waar die woorde verander.

7 Onderstreep die patrone soos volg:

**Enkelvoud na Meervoud Woorde**

1 voet
voete
2 tande
tande
3 gaans
ganse
4 mes
messe
5 blaar
blare

8 Sê aan die leerders om aan die patrone te dink as hulle lees en skryf.

9 Sê aan die leerders om 'n gekleurde potlood te neem en hulle eie werk te korrigeer.

## ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

Sin: ______________________________

______________________________

## Gedeelde Lees: 15 minute

### Voorlees

**BEGRIPSTRATEGIE: VOORSPEL**

1. Laat leerders op die mat sit sodat hulle die Grootboek kan sien.
2. Maak die Grootboek oop by die storie: Die ekstra middagete
3. Gaan deur die prente van elke bladsy en vra leerders wat hulle dink gaan gebeur.
4. Help leerders om die prentjies met mekaar te verbind, sodat hulle 'n goeie idee het waaroor die storie gaan.
5. Stel nuwe woorde bekend by die relevante dele van die storie.
6. Lees die storie een maal deur sonder om te stop.

## Skryfwerk: 30 minute

### Redigeer

**ONDERWERP:** Skryf 'n storie waarin 'n karakter deernis aan iemand anders betoon.

**OPDRAG:** Skryf 'n storie van ten minste 10 sinne wat bymekaar gesit gaan word vir 'n klasboek met die naam: Stories oor deernis.

**VOORBEREIDING:**

- Skryf die redigering kontrolelys op die swartbord voor die les begin.
- Skryf jou rofwerk/opstel op die swartbord voor die begin van die les. Sluit een of twee foute in.

**REDIGERING KONTROLELYS:**

1. Het ek die verlede tyd gebruik?
2. Toon een karakter deernis aan 'n ander karakter?
3. Is daar 'n probleem in my storie?
4. Word die probleem in die storie opgelos?
5. Het ek al die woorde reg gespel?
6. Begin elke sin met 'n hoofletter?
7. Eindig elke sin met die regte leesteken?

**DEMONSTREER DIE REDIGERINGSPROSES (EK DOEN)**

1. Lees die redigering kontrolelys hardop vir die leerders.
2. Lees jou rofwerk/opstel haardop vir die leerders.
3. Werk deur die kontrolelys, wys aan die leerders waar jou rofwerk/opstel reg is of waar jy verbeterings of regstellings moet maak.
4. Demonstreer die regstellingsproses vir die leerders.

## LEERDERS VOLTOOI DIE REDIGERINGSPROSES (JY DOEN)


1. Deel leerders se boeke uit.
2. Sê aan leerders om na hulle rofwerk / opstel van die skryfopdrag te blaai.
3. Sê aan leerders om deur die redigering kontrolelys te werk en verbeterings of regstellings te maak.
4. Terwyl leerders besig is om te skryf, beweeg in die klas rond en hou mini konferensies – maak seker jy werk saam met 'n verskillende groep leerders vir elke skryfopdrag.
5. Maak 'n nota van enige algemene foute wat leerders maak in hulle skryfwerk.
6. Kry die leerders se aandag en skryf die algemene foute op die swartbord neer.
7. Wys vir die leerders hoe om die foute reg te stel.

Julie 8 2020

'n Storie oor deernis: Konsep

Boitumelo het in 'n dorpie saam met haar mama, pappa en boetie gebly. Elke dag as Boitumelo by die huis kom, sou sy speel terwyl haar ma die huis skoonmaak. Op 'n dag sien Boitumelo dat haar ma aanhou om haar kop te vryf en haar oe toe te maak. Boitumelo kon sien dat haar ma nie goed voel nie, maar dat sy aanhou om die huis skoon te maak.

Boitumelo kry 'n idee. Sy neem die besem by haar ma en se vir haar om in die bed te gaan klim. Mamma het gaan lê terwyl Boitumelo die res van die huis skoon gemaak het. Uiteindelik het mamma baie beter gevoel en Boitumelo 'n groot drukkie gegee. Boitumelo het besef dat sy haar ma meer moet help.



## Groep Begeleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ______________________________

1 Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 2** het.
2 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul tafels.
5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hulle gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

# Dinsdag

## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Hersien Klanke, Vermenging En Segmentasie



**EK DOEN ...**

1 Sê die klank**: eeu**
2 Sê die woord: **sneeu**
3 Segmenteer die woord in individuele klanke: **/sn/-/eeu/**
4 Sê die beginklank van die woord: **/sn/**
5 Sê die endlklank van die woord: **/eeu/**
6 Skryf die woord op die swartbord: **sneeu**
7 Demonstreer deur na die klanke te wys en saam te voeg, hoe die klanke 'n woord bou: **/sn/-/eeu/ = sneeu**

**ONS DOEN...**

1 Sê die klank**: eeu**
2 Sê die woord: **leeu**
3 Vra leerders: Wat is die eerste klank in die woord? **/l/**
4 Vra leerders: Wat is die laaste klank in die woord? **/eeu/**
5 Vra leerders om die woord in individuele klanke te segmenteer: **/l/-/eeu/**
6 Skryf die woord op die swartbord: **leeu**
7 Sê aan die leerders om die klanke in die woorde saam met jou, reg te saam te voeg: **/l/-/eeu/ = leeu**

**JY DOEN ...**

1 Sê aan leerders om hul boeke uit te haal en die datum en opskrif te skryf: **eeu woorde.**
2 Sê nou aan leerders om in die kantlyn te nommer van 1–5.
3 Roep die volgende woorde uit:
    1 **spreeu**
    2 **sneeu**
    3 **leeu**
    4 **skreeu**
4 Leerders moet die woorde langs die korrekte nommer skryf en die teikenklank in elke woord onderstreep.
5 In die laaste twee minute van die les, skryf die korrekte woorde op die swartbord en onderstreep die teikenklanke.
6 Gee opdrag aan die leerders om hul eie werk met 'n kleurpotlood te korrigeer

7 Verduidelik aan leerders dat hul in die volgende les gaan leer hoe om hierdie klank in LOPENDE SKRIF te skryf.

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

## Handskrif:

15 minute

### Skryf letter(s) / woorde / sinne in lopende skrif

1. Leer leerders hoe om die lopende skrif letter(s) korrek te vorm: **eeu**
2. Demonstreer hoe die letter(s) te skryf vir regshandige leerders en linkshandige leerders.
3. Gee leerders nou opdrag om met ’n maat te werk en om die letter(s) op mekaar se rûe te skryf met hul vingers.
4. Gee leerders nou opdrag om die letter(s) op hul tafels te skryf met hul vingers.
5. Wys ten laatste weereens aan leerders op die swartbord, hoe om die letter(s) en woorde te vorm.
6. Leerders moet dan die klank/woorde/sinne in hul boeke skryf.
7. Leerders moet die teikenklanke <u>onderstreep</u> in al die woorde/sinne wat hul geskryf het.



skreeu

Ons maak 'n sneeuman.

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

Sin: ______________________________

______________________________

## Gedeelde Lees: 15 Minute

### Aanvangslees


**BEGRIPSTRATEGIE: MAAK AFLEIDINGS**

| Teks | Aanvangslees (Dink Hardop) |
|---|---|
| **<u>Die ekstra middagete</u>**<br><br>Een Maandag, haal Matuma sy toebroodjies uit sy kosblik. Dit is hoender mayonnaise – sy gunsteling. Hy neem 'n happie voor hy sien dat Ntsako nie eet nie.<br><br>"Waar is jou middagete?" vra Matuma vir Ntsako.<br><br>"Ek het nie vandag middagete nie," sê Ntsako. "My ma was in 'n ongeluk en nou is sy in die hospitaal. Ons het nie brood by die huis nie, maar moenie vir iemand sê nie."<br><br>Matuma breek sy toebroodjie in twee en gee die helfte vir Ntsako. "Ek sal nie – belowe," sê hy. | – |
| Dinsdagoggend, stap Matuma die kombuis binne.<br><br>"Asseblief Mamma, kan ek vandag twee broodjies kry vir middagete?" vra hy mooi.<br><br>"Twee? Hoekom twee?" vra sy ma.<br><br>"Mmm … ek is vandag ekstra honger!" sê hy oortuigend. | Matuma is nie heeltemal eerlik met sy ma nie. Ek kan nie besluit of dit reg is om vir sy ma te jok of nie. |

| Teks | Aanvangslees (Dink Hardop) |
|---|---|
| "Miskien groei hy?" dink Matuma se ma, soos wat sy die tweede toebroodjie in sy kosblik sit. | |
| Met pouse, neem Matuma die twee broodjies uit sy kosblik en geen een vir Ntsako.<br>"Vir my?" vra Ntsako, hy lyk verras.<br>"Ek sal elke dag vir jou middagete bring totdat jou ma terug is by die huis," sê Matuma, "moenie bekommerd wees nie." | Ek sien Matuma het net 'n klein leuentjie vertel om sy maat te help. **Volgens my**, is dit reg dat sy 'n leuen vertel het, want hy het dit gedoen om te help en nie seer te maak nie. |
| Woensdag voor skool, glip Matuma vroeg in die kombuis in om 'n toebroodjie vir Ntsako te maak. Hy wil nie weer sy ma vra om 'n ekstra broodjie te maak nie, maar sy ma stap verby net soos wat hy die grondboontjiebotter op die brood smeer.<br>"Weer 'n ekstra toebroodjie?" vra sy ma nuuskierig.<br>"Mmm … ek het vandag sport, so ek het ekstra kos nodig," jok hy. | Weer vertel Matuma 'n klein leuentjie om sy belofte aan sy maat te hou.Ek maak die **afleiding** dat hy die regte ding doen, want hy probeer om 'n goeie maat te wees. |
| Tydens pouse haal Matuma die twee toebroodjies uit sy kosblik – die ham en kaas toebroodjie wat sy ma vir hom gemaak het en die grondboontjiebotter toebroodjie wat hy self gemaak het.<br>"Watter een wil jy hê?" vra hy sy maat.<br>"Kan ek die ham en kaas kry?" sê Ntsako.<br>"Enige tyd!" antwoord Matuma vriendelik, selfs al sou hy graag self die ham en kaas toebroodjie wou hê. | – |
| Donderdagoggend, neem Matuma aspris ekstra lank om te was en aan te trek, sodat hy nie tyd sal hê vir ontbyt nie.<br>"Matuma! Jy is laat!" roep sy ma.<br>"Jammer Mamma," roep hy terug. "Maak asseblief vir my 'n toebroodjie vir ontbyt!"<br>Soos wat hy skool toe loop, sit hy die ekstra toebroodjie in sy kosblik. Hy besluit hy kan vir een dag sonder ontbyt bly. | Ek maak die **afleiding** dat dit vir Matuma moeilik was om vir sy ma te jok. Hy het selfs ontbyt oorgeslaan net sodat hy sy maat kan help en om te keer dat hy weer vir sy ma 'n leuen vertel. |
| Teen middagete, grom Matuma se maag, maar hy gee sonder om twee keer te dink sy ekstra broodjie vir sy maat. | Ek maak die **afleiding** dat Matuma daarop ingestel is om sy maat te help – hy is selfs bereid om die hele oggend honger te wees as dit sal beteken dat Ntsako middagete kry. |
| Daardie aand, terwyl Matuma buite speel voor aandete, kry sy ma 'n telefoonoproep.<br>"Dit is Ntsako se ma," sê die stem op die telefoon. | – |

| Teks | Aanvangslees (Dink Hardop) |
|---|---|
| "Ntsako sê vir my jy het elke dag vir hom middagete gestuur terwyl ek in die hospitaal was. Baie dankie dat jy vir hom gesorg het," sê sy.<br>Matuma se ma glimlag by haarself. Sy verstaan nou uiteindelik die twee toebroodjies. | |
| Matuma se ma roep hom. "Matuma, ek moet met jou praat, kom sit hier," sê sy ma.<br>"Agge nee, sy gaan met my raas omdat ek te veel toebroodjies geëet het!" dink hy.<br>"Ek weet nou hoekom jy vir ekstra middagete gevra het," sy ma glimlag, "maar hoekom het jy my nie net vertel nie?"<br>"Wel, ek het Ntsako belowe ek sal niemand vertel dat hy nie kos by die huis het nie," sê Matuma.<br>"Dit was baie bedagsaam van jou, Matuma. Ek is trots op jou!" | Ek dink dat Matuma se ma verstaan hoekom hy bietjie oneerlik was, want sy was tevrede met toe hy verduidelik het. Ek maak die **afleiding** dat Matuma se ma gedink het hy het die regte ding gedoen. |
| Die volgende dag met middagete, haal Ntsako 'n stokkielekker uit sy kosblik.<br>"Dit is vir jou, van my en my ma af." Sê Ntsako. | – |
| Soos wat Matuma sy stokkielekker suig, dink hy hoe lekker dit gevoel het om sy maat te help. | Matuma se optrede was alles om sy maat te help. Ek is bly hy is gelukkig met sy optrede. |

| **Opvolg vrae** | **Moontlike antwoordeonses** |
|---|---|
| Watter tipe toebroodjie is Matuma se gunsteling? | Matuma se gunsteling toebroodjie is 'n hoender mayonnaise toebroodjie. |
| Vir wie het Matuma ekstra toebroodjies gebring? | Hy het ekstra toebroodjies gebring vir sy maat Ntsako. |
| **Hoekom vrae** | **Moontlike antwoorde** |
| Hoekom het Matuma nie vir sy ma vertel dat die ekstra broodjie vir Ntsako is nie? | • Omdat hy sy maat belowe het om vir niemand te sê nie.<br>• Omdat hy nie sy belofte met Ntsako wou verbreek nie.<br>• Omdat hy 'n goeie maat wou wees.<br>• Omdat hy 'n deernisvolle/vriendelike/ bedagsame maat is. |



## Groep Begeleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ______________________________

1. Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 2** het.
2. Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5. Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Woensdag

## Mondelinge Aktiwiteite 15 minute



### TEMA WOORDESKAT

1. Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2. Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
   - Wit leuen
   - offer
   - grom
   - sluip

| Rympie of liedjie | Aksies |
|---|---|
| Doen aan ander, | *Swaai jou wysvinger om 'ja' te wys* |
| Soos wat jy aan jouself gedoen wil hê, | *Swaai jou wysvinger om 'ja' te wys* |
| Wees gaaf en lief en help waar jy kan, | *Wys 'n hartjie met jou hande* |
| Dit maak jou deel van die tip top span! | *Hou jou duim in die lug om te wys dit is die beste* |

### KREATIEWE STORIEVERTEL



1. Verdeel leerders in hul klein groepe.
2. Gee aan elk 'n kopie van die kreatiewe storievertel prentjies.
3. Sê aan leerders om te dink aan 'n storie wat by die prentjies pas.
4. Gee aan leerders 'n minuut of twee om oor hul idees te dink.
5. Vervolgens moet elke leerder in die groep 'n kans kry om te draai en hul weergawe van die storie te deel.
6. Herinner leerders daaraan dat hul storie kreatief moet wees, maar ook by die prentjies moet pas!
7. Herinner leerders om aandagtig na mekaar se stories te luister.
8. Bedank die leerders dat hulle hul stories gedeel het.

## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Hersien Klanke, Vermenging En Segmentasie

**EK DOEN ...**

1. Sê die klank: **oei**
2. Sê die woord: **koei**
3. Segmenteer die woord in individuele klanke: **/k/-/oei/**
4. Sê die beginklank van die woord: **/k/**
5. Sê die endlklank van die woord: **/oei/**
6. Skryf die woord op die swartbord: **koei**
7. Demonstreer deur na die klanke te wys en saam te voeg, hoe die klanke ’n woord bou: : **/k/-/oei/ = koei**

**ONS DOEN ...**

1. Sê die klank: **oei**
2. Sê die woord: **boei**
3. Vra leerders: Wat is die eerste klank in die woord? **/b/**
4. Vra leerders: Wat is laaste klank in die woord? **/oei/**
5. Vra leerders om die oorpronklike woord in individuele klanke te segmenteer: **/b/-/oei/**
6. Skryf die woord op die swartbord: **boei**
7. Sê aan die leerders om die klanke in die woorde saam met jou reg te saam te voeg: **/b/-/oei/ = boei**

**JY DOEN ...**

1. Sê aan leerders om hul boeke uit te haal en die datum en opskrif te skryf: **oei woorde.**
2. Sê nou aan leerders om in die kantlyn te nommer van 1–5.
3. Roep die volgende woorde uit:
   1. **groei**
   2. **broei**
   3. **koei**
   4. **boei**
   5. **bloei**
4. Leerders moet die woorde langs die korrekte nommer skryf en die teikenklank in elke woord onderstreep.
5. In die laaste twee minute van die les, skryf die korrekte woorde op die swartbord en onderstreep die teikenklanke.
6. Gee opdrag aan die leerders om hul eie werk met ’n kleurpotlood te korrigeer
7. Verduidelik aan leerders dat hul in die volgende les gaan leer hoe om hierdie klank in LOPENDE SKRIF te skryf.

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________


______________________________



## Handskrif: 15 minute

### Skryf letter(s) / woorde / sinne in lopende skrif

1. Leer leerders hoe om die klein letters in lopende skrif letter(s) korrek te vorm: **oei**
2. Demonstreer hoe die letter(s) te skryf vir regshandige leerders en links-handige leerders.
3. Gee leerders nou opdrag om met 'n maat te werk en om die letter(s) op mekaar se rûe te skryf met hul vingers.
4. Gee leerders nou opdrag om die letter(s) op hul tafels te skryf met hul vingers.
5. Wys ten laatste weereens aan leerders op die swartbord, hoe om die letter(s) en woorde te vorm.
6. Leerders moet dan die klank/woorde/sinne in hul boeke skryf.
7. Leerders moet die teikenklanke <u>onderstreep</u> in al die woorde/sinne wat hul geskryf het.



bloei

Die hen broei op haar eiers.

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

____________________________________

Sin: ________________________________

____________________________________

## Skryfwerk: 30 minute

### Publiseer en bied aan

**ONDERWERP:** Skryf 'n storie waarin 'n karakter deernis aan iemand anders betoon.

**OPDRAG:** Skryf 'n storie van ten minste 10 sinne wat bymekaar gesit gaan word vir 'n klasboek met die naam: Stories oor deernis.

**SKRYFRAAMWERK:**

***(Beskryf die karakters en die plek waar die storie af speel)***

Eendag ... *(Beskryf die probleem)*

Toe ... *(Verduidelik hoe is die probleem opgelos)*

Aan die einde ... *(Vertel hoe deernis die karakters geaffekteer het)*

**VOORBEREIDING:** Skryf die opstel wat jy Maandag geredigeer het, op die swartbord voor die begin van die les.

**DEMONSTREER DIE PUBLISERINGSPROSES (EK DOEN)**

1. Herinner die leerders dat hulle Maandag die geredigeerde kontrolelys gebruik het om hulle werk te verbeter en reg te stel.
2. Sê aan die leerders dat hulle vandag hulle voltooide werk gaan publiseer en gaan aan bied.
3. Wys aan die leerders hoe jy jou rofwerk / opstel herskryf met die titel en die datum.

## LEERDERS VOLTOOI DIE REDEGERINGSPROSES (JY DOEN)

1. Deel leerders se boeke uit.
2. Vertel leerders om die datum en opskrif neer te skryf: **...Betoon deernis**
3. Sê aan leerders dat hulle, hulle finale skryfwerk sonder enige foute moet neer skryf.
4. Sê aan leerders dat hulle 'n prent kan teken indien hulle genoeg tyd het.
5. Terwyl leerders besig is om te skryf beweeg in die klas rond en help leerders wat sukkel.

## LEERDERS BIED HULLE SKRYFWERK AAN


1. In die laaste 5 minute van die les sê aan die leerders om hulle penne en potlode neer te sit en te luister.
2. Sê aan leerders om te **'draai en te praat**' en hulle skryfwerk vir hulle maat te lees.
3. Roep een of twee leerders na vore om hulle skryfwerk hardop vir die klas te lees.
4. Stel al die leerders se werk in 'n klasboek saam. Plaas die boek in die leeshoekie vir die leerders om te lees.

Julie 15 2020

Boitumelo wys deernis

Boitumelo het in 'n dorpie saam met haar mamma, pappa en boetie gebly. Elke dag as Boitumelo by die huis kom, sou sy speel terwyl haar ma die huis skoonmaak. Op 'n dag sien Boitumelo dat haar ma aanhou om haar kop te vryf en haar oë toe te maak. Boitumelo kon sien dat haar ma nie goed voel nie, maar dat sy aanhou om die huis skoon te maak.

Boitumelo kry 'n idee. Sy neem die besem by haar ma en sê vir haar om in die bed te gaan klim. Mamma het gaan lê terwyl Boitumelo die res van die huis skoon gemaak het.
Uiteindelik het mamma baie beter gevoel en Boitumelo 'n groot drukkie gegee. Boitumelo het besef dat sy haar ma meer moet help.



## Groep Begeleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ____________________________

**WEEK 2**

1 Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 2** het.
2 Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul tafels.
5 Doen ’n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hulle gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Donderdag

## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Letter Ruil

**EK DOEN ...**

1 Verduidelik dat ons vandag gaan oefen om vir klein verskille in woorde te soek. Dit help ons om beter lesers te wees.
2 Skryf die twee woorde op die swartbord: **skreeu, spreeu**
3 Demonstreer aan leerders hoe jy die verskille vind, bv.: **skreeu, spreeu**
4 Verduidelik die verskil, bv. die **/k/** en **/p/** klanke is verskillend, maar die res van die woord is dieselfde!

**ONS DOEN ...**

**DEEL 1**

1 Skryf die twee woorde op die swartbord: **broei, groei**
2 Vra leerders: Wat is die verskil tussen die twee woorde?
3 Vra 'n leerder om die verskil tussen die twee woorde te kom onderstreep, bv.: **broei, groei**
4 Verduidelik die verskil tussen die twee woorde.

**DEEL 2**

1 Skryf nou die volgende woord op die swartbord: **sneeu**
2 Vra leerders: **Wat is een letter in die woord wat jy kan uitruil om 'n ander woord te bou?**
3 Skryf 'n lys van leerders se idees om die swartbord, bv **: spreeu, leeu, skreeu, snak**

**JY DOEN ...**

1 Skryf die woord op die swartbord: **bloei**
2 Gee aan leerders instruksie om soveel woorde as wat hul kan, te maak, deur slegs een klank in die woorde te vervang.
3 Roep nou leerders na die swartbord om een van hul eie woorde neer te skryf.
4 Gaan deur die woorde, en verduidelik watter klank uitgeruil is.
**groei, broei, koei, boei, blaar**

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________



## Gedeelde Lees: 15 minute

### Tweede Lees


**LEESSTRATEGIE: MAAK AFLEIDINGS**

| Teks | Tweede lees (Dink Hardop) |
|---|---|
| **<u>Die ekstra middagete</u>**<br>Een Maandag, haal Matuma sy toebroodjies uit sy kosblik. Dit is hoender mayonnaise – sy gunsteling. Hy neem 'n happie voor hy sien dat Ntsako nie eet nie.<br>"Waar is jou middagete?" vra Matuma vir Ntsako.<br>"Ek het nie vandag middagete nie," sê Ntsako. "My ma was in 'n ongeluk en nou is sy in die hospitaal. Ons het nie brood by die huis nie, maar moenie vir iemand sê nie."<br>Matuma breek sy toebroodjie in twee en gee die helfte vir Ntsako. "Ek sal nie – belowe," sê hy. | Wanneer ons bedagsaam is, sit ons onsself in iemand anders se skoene. Ons behandel hulle soos wat ons hoop om behandel te word. Ek **maak die afleiding** dat Matuma 'n bedagsame mens is, want hy deel dadelik sy kos met sy maatjie – hy hoef nie eens gevra te word nie. |
| Dinsdagoggend, stap Matuma die kombuis binne.<br>"Asseblief Mamma, kan ek vandag twee broodjies kry vir middagete?" vra hy mooi.<br>"Twee? Hoekom twee?" vra sy ma.<br>"Mmm ... ek is vandag ekstra honger!" sê hy oortuigend.<br>"Miskien groei hy?" dink Matuma se ma, soos wat sy die tweede toebroodjie in sy kosblik sit. | Ek **dink** Matuma wys deernis deur nie Ntsako se geheim te deel nie. Dit wys my dat hy regtig aan sy maat se gevoelens dink. |
| Met pouse, neem Matuma die twee broodjies uit sy kosblik en geen een vir Ntsako.<br>"Vir my?" vra Ntsako, hy lyk verras.<br>"Ek sal elke dag vir jou middagete bring totdat jou ma terug is by die huis," sê Matuma, "moenie bekommerd wees nie." | Sjoe, ek hoop as ek ooit nie kos het nie, ek ook 'n maat sal hê met soveel deernis en wat soveel omgee soos Matuma. |

| Teks | Tweede lees (Dink Hardop) |
|---|---|
| Woensdag voor skool, glip Matuma vroeg in die kombuis in om ’n toebroodjie vir Ntsako te maak. Hy wil nie weer sy ma vra om ’n ekstra broodjie te maak nie, maar sy ma stap verby net soos wat hy die grondboontjiebotter op die brood smeer.<br>“Weer ’n ekstra toebroodjie?” vra sy ma nuuskierig.<br>“Mmm … ek het vandag sport, so ek het ekstra kos nodig,” jok hy. | Daar is nog ’n **bewys** dat Matuma bedagsaam is – hy maak ’n verskoning op om ’n ekstra toebroodjie te kry, net sodat hy nie sy belofte verbreek nie. |
| Tydens pouse haal Matuma die twee toebroodjies uit sy kosblik – die ham en kaas toebroodjie wat sy ma vir hom gemaak het en die grondboontjiebotter toebroodjie wat hy self gemaak het.<br>“Watter een wil jy hê?” vra hy sy maat.<br>“Kan ek die ham en kaas kry?” sê Ntsako.<br>“Enige tyd!” antwoord Matuma vriendelik, selfs al sou hy graag self die ham en kaas toebroodjie wou hê. | Ek **dink** dit is so bedagsaam dat Matuma vir sy maat die toebroodjie gee wat hy eintlik self wil hê. Hy behandel regtig sy maat met soveel deernis. |
| Donderdagoggend, neem Matuma aspris ekstra lank om te was en aan te trek, sodat hy nie tyd sal hê vir ontbyt nie.<br>“Matuma! Jy is laat!” roep sy ma.<br>“Jammer Mamma,” roep hy terug. “Maak asseblief vir my ’n toebroodjie vir ontbyt!”<br>Soos wat hy skool toe loop, sit hy die ekstra toebroodjie in sy kosblik. Hy besluit hy kan vir een dag sonder ontbyt bly. | Sjoe! Matuma is so bedagsaam dat hy bereid is om sy ontbyt op te gee om sy maat te help. |
| Teen middagete, grom Matuma se maag, maar hy gee sonder om twee keer te dink sy ekstra broodjie vir sy maat. | – |
| Daardie aand, terwyl Matuma buite speel voor aandete, kry sy ma ’n telefoonoproep.<br>“Dit is Ntsako se ma,” sê die stem op die telefoon.<br>“Ntsako sê vir my jy het elke dag vir hom middagete gestuur terwyl ek in die hospitaal was. Baie dankie dat jy vir hom gesorg het,” sê sy.<br>Matuma se ma glimlag by haarself. Sy verstaan nou uiteindelik die twee toebroodjies. | – |
| Matuma se ma roep hom. “Matuma, ek moet met jou praat, kom sit hier,” sê sy ma.<br>“Agge nee, sy gaan met my raas omdat ek te veel toebroodjies geëet het!” dink hy. | Matuma se ma is trots op haar seun se bedagsaamheid, want hy het kos vir sy maat geneem en hy het sy maat se geheim bewaar. |

| Teks | Tweede lees (Dink Hardop) |
|---|---|
| "Ek weet nou hoekom jy vir ekstra middagete gevra het," sy ma glimlag, "maar hoekom het my nie net vertel nie?"<br><br>"Wel, ek het Ntsako belowe ek sal niemand vertel dat hy nie kos by die huis het nie," sê Matuma.<br><br>"Dit was baie bedagsaam van jou, Matuma. Ek is trots op jou!" | |
| Die volgende dag met middagete, haal Ntsako 'n stokkielekker uit sy kosblik.<br><br>"Dit is vir jou, van my en my ma af." Sê Ntsako. | Ek maak die **afleiding** dat Ntsako en sy ma vir Matuma wil wys hoe dankbaar hulle is vir sy bedagsaamheid – dit moet wees hoekom hulle vir hom 'n stokkielekker gekoop het. |
| Soos wat Matuma sy stokkielekker suig, dink hy hoe lekker dit gevoel het om sy maat te help. | Daar is soveel bewyse in die storie dat Matuma 'n bedagsame maat is. Ek dink hy verdien regtig sy spesiale bederf! |

| **Opvolg vrae** | **Moontlike antwoorde** |
|---|---|
| Wat was Matuma nie veronderstel om vir iemand te vertel nie? | Hy was nie veronderstel om vir enige iemand te sê dat Ntsako nie kos by die huis het nie. |
| Vertel van 'n keer wat jy bedagsaam was teenoor 'n maat, soos Matuma. | *Ek was bedagsaam teenoor 'n maat toe ek …* |
| **Hoekom vrae** | **Moontlike antwoorde** |
| Hoe het Matuma sy bedagsaamheid teenoor sy maat gewys? | • Hy het elke dag, wat sy ma siek was in die hospitaal, vir hom kos gebring.<br>• Hy het sy maat se geheim bewaar.<br>• Hy het verskonings uitgedink om ekstra kos te kry, net om sy maat se geheim te bewaar.<br>• Hy het vir sy maat die toebroodjie gegee wat hy eintlik wou hê.<br>• Hy het sy ontbyt opgeoffer sodat sy maat middagete kon hê. |



## Groep Begeleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ______________________________

1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 2** het.
2 Verduidelik **Donderdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Donderdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Vrydag

## Mondelinge Aktiwiteite 15 minute



### TEMA WOORDESKAT

1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
   - verleë
   - oordeel
   - per ongeluk
   - doelgerig

| Rympie of liedjie | Aksies |
|---|---|
| Doen aan ander, | *Swaai jou wysvinger om 'ja' te wys* |
| Soos wat jy aan jouself gedoen wil hê, | *Swaai jou wysvinger om 'ja' te wys* |
| Wees gaaf en lief en help waar jy kan, | *Wys 'n hartjie met jou hande* |
| Dit maak jou deel van die tip top span! | *Hou jou duim in die lug om te wys dit is die beste* |

### BESPREKING VAN GEDEELDE LEES TEKS

1 Skryf die besprekingsraamwerk op die swartbord:
In die storie …
Matuma se deernis word betoon deur...
Ek dink dat Matuma se leuen kan geregverdig word / kan nie geregverdig word nie want…
2 Lees die besprekingsraamwerk aan die leerders.
3 Verdeel leerders in hul **klein groepe**.
4 Sê aan leerders dat elkeen 'n beurt moet kry om elke besprekingsvraag te antwoord.
5 Roep die klas tot aandag.
6 Vra verskillende leerders of 'n spesifieke groep om hul antwoorde te deel.
7 Korrigeer die antwoorde indien hul verkeerd is.
8 Bedank die leerders vir hul bydrae.

## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Woordsoek

Skryf die tabel op die swartbord wat vorige aangeleerde klanke insluit, sowel as die klanke wat op Dinsdag en Woensdag geleer is.

| | | |
|---|---|---|
| **eeu** | **oei** | **s** |
| **r** | **e** | **p** |
| **o** | **k** | **a** |
| **b** | **n** | **g** |
| **i** | **l** | **u** |

**DEMONSTREER**

1 Herinner leerders aan die klanke van die week: **/eeu/** en **/oei/**
2 Hersien al die klanke en samevoegings op die swartbord.
3 Gee aan leerders 3 minute om soveel woorde as hul kan te maak met die klanke en samevoegings hierbo.
4 Wys aan leerders hoe om 'n woord te bou deur die teikenklank te gebruik, bv.: **/l/-/eeu/ = leeu**
5 Herinner leerder dat hul 'n woord kan bou deur enige van die klanke te gebruik – hulle het nie nodig om **/eeu/** of **/oei/** te gebruik nie.
6 Wys leerders hoe om nog 'n woord te bou, bv.: **/l/-/i/-/g/ = lig**

**LEERDERS DOEN**

1 Sê aan die leerders om hul boeke oop te maak en die opskrif te skryf: **eeu, oei**
2 Gee aan leerders opdrag om te begin skryf.
3 Gee leerders 3 minute om soveel as moontlik woorde te vind en bou as wat hulle kan.
4 Gee aan leerders die geleentheid om hul eie werk te korrigeer. Wys aan leerders hoe om hierdie woorde (en ander) te bou: **spreeu, sneeu, leeu, skreeu, groei, broei, koei, boei, bloei, lig, bel, kaas, keel, slap, brak, skaap**

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

# Gedeelde Lees: 15 minute

## Na-Lees

**BEGRIPSTRATEGIE: SOM OP / MAAK AFLEIDINGS**

**MONDELINGE OF GESKREWE OPSOMMING VAN DIE STORIE**



1. Verduidelik aan die leerders dat ons vandag aan die mees belangrike dele van die teks gaan dink.
2. Ons gaan ook dink aan goed wat ons onself in die storie mee kan **verbind.**
3. Ons gaan die storie ’n punt uit vyf sterre toe ken. Ons gee ’n storie vyf sterre as ons daarvan gehou het. Ons gee ’n storie nul sterre as ons nie daarvan gehou het nie.
4. Skryf die opsommingsraam op die swartbord.
5. Gee opdrag aan die leerders dat hulle die raam moet gebruik om die vrae te beantwoord:
   **Die storie handel oor...** (2–3 sinne)
   **Ek dink Matuma het/het nie die regte ding gedoen / gedoen nie want...**
   **Die storie hou verwant met deernis want ...**
   **Uit vyf sterre sal ek ... ster(re) aan die storie toe ken want....**
6. Verduidelik aan die leerders dat hulle nie alles wat in die teks geskryf is kan oor vertel nie. Hulle moet die mees belangrikste dele uitsoek.
   Demonstreer jou voorbeeld vir die leerders. Sê: ***Die storie handel oor*** *Matuma wat sy maat help.* ***Ek dink Matuma het die regte ding gedoen want*** *sy ma was trots op hom want hy het Ntsako’s se geheim bewaar.* ***Die storie hou verwant met deernis want*** *Matuma behandel Ntsako met bedagsaamheid.* ***Uit vyf sterre sal ek*** *vyf* ***sterre aan die storie toe ken want*** *ek dink Matuma is die beste vriend wat ek al van gelees het.*
7. Gee leerders ’n paar minute om oor die teks te dink.
8. Gee opdrag aan die leerders om **‘te draai en te praat’** en hulle eie opsomming met ’n maat te deel. / Gee opdrag aan die leerders om hulle eie opsommings te skryf deur gebruik te maak van die skryfraamwerk.
9. Kry die leerders se aandag.
10. Vra 1–2 leerders om hulle opsommings met die klas te deel.
    Skep ’n klas opsomming, soos: ***Die storie handel oor*** *Matuma wat sy maat help. Hy behou sy maat se geheim al beteken dit dat hy vir sy ma moet jok.* ***Ek dink Matuma het die regte ding gedoen want*** *sy leuen het niemand seer gemaak nie en hy het gejok om sy maat te help.* ***Die storie hou verwant met deernis want*** *Matuma behandel Ntsako met bedagsaamheid.* ***Uit vyf sterre sal ons*** *drie* ***sterre aan die storie toe ken want*** *party van ons het daarvan gehou terwyl ander minder daarvan gehou het.*

## Groep Begeleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ______________________________

1 Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 2** het.
2 Verduidelik **Vrydag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul tafels.
5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Vrydag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hulle gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

## Week-eind taal onderrig hersiening

15 minute

1 Laat leerders op die mat sit aan die einde van die dag.
2 Voer die weeklikse taal oorsig sessie uit. Jy kan kies om Huistaal en Eerste Addisionele Taal in hierdie verslag te kombineer.
3 Onthou om die leerders toe te laat om om te "Draai en Praat" en hul antwoorde met maats te bespreek. Kies dan 'n paar leerders om hul antwoorde met die klas te deel.
4 Gebruik die volgende leidende vrae om die taal gedeelte van julle bespreking te lei:
   a **Wat was ons taal tema vir die week?**
   b **Watter stories het ons saam gelees?**
   c **Wat was jou gunsteling nuwe woorde vir die week?**
   d **Wat het jy geleer van die stories wat ons gelees het?**
   e **Waaroor het ons geskryf die week?**
   f **Hoe het jou eie skryfwerk verbeter die week?**
   g **Hoe het jou eie leeswerk verbeter die week?**
   h **Waaroor is jy die trotste die week?**
5 Ten einde, sê aan die leerders om aan twee dinge te dink wat hulle aan hul families gaan vertel oor wat hulle geleer het of hoe hulle verbeter het gedurende die week by die skool.

*Let wel: Hierdie proses van self evaluasie en refleksie is 'n krities belangrike deel van leer. Moet asseblief nie die weeklikse aktiwiteit oorslaan nie.*

# Graad 3

# TERMYN 3

# Week 3

# TEMA:

# Eerlikheid

## Klaskamer Voorbereiding

1. Aan die begin van die week maak seker dat jou klaskamer netjies en skoon is.
2. Opdateer jou vertoonborde deur items wat nie meer relevant is nie te verwyder en dit netjies en versigtig weg te bêre.
3. Volgende moet jy die flitskaart woorde, tema woorde en illustrasies wat jy gaan gebruik voorberei.
4. Vind en berei items voor vir jou temamuur en tafel wat jou leerders interessant sal vind byvoorbeeld: Skryf 'n paar goed op stukkies papier wat waar is asook 'n paar wat onwaar is. Kry twee blikke en skryf 'waar' op die een en 'onwaar' op die ander. Laat die leerders toe om te lees wat op die stukkies papier geskryf is. Leerder moet belsuit of dit wat geskryf is waar of onwaar is en die stukkie papier in die regte blik in te gooi. Aan die einde van die dag se die leerders watter 'feite' waar en onwaar is.
5. Doen navorsing op die internet om voor te berei vir die tema. Byvoorbeeld: Verduidelik hoe om die speletjie 'Twee waarhede en een leuen' te speel. Maak tyd om die speletijie met leerders te speel.
6. Maak seker dat alle leerders se Boeke / DBO Werkboeke netjies gebêre is waar hulle hoort.
7. Maak seker dat al jou grootboeke, graad leesboeke en klas biblioteek boeke in goeie toestand is.
8. Pas jou Groep Begeleide Lees groepe aan indien nodig.
9. Beplan jou formele en informele assesseringsaktiwiteite vir die week.

## Uitbreidingsaktiwiteite

Hierdie aktiwiteite kan gebruik word as onafhanklike werk vir leerders wat hul werk vroeg klaarkry OF terwyl jy leerders assesseer.

**Aktiwiteit 1:** DBO Werkboek 2: Bladsy 14, Ons lees

**Aktiwiteit 2:** DBO Werkboek 2: Bladsy 15 & 16, Ons skryf

**Aktiwiteit 3:** DBO Werkboek 2: Bladsy 17, Ons skryf

**Aktiwiteit 4:** Teken 'n prent wat jou gevoelens weergee as jy jok of oneerlik is.

# Maandag

## Mondelinge Aktiwiteite 15 minute

**STEL DIE TEMA BEKEND: ASSESSEER VORIGE KENNIS**

1. Wys aan leerders die prent van Zandile wat 'n armband vind in die Grootboek storie: Die blou armband
2. Vertel aan leerders dat ons 'n nuwe tema begin: Eerlikheid
3. Teken 'n sirkel met die naam van die **tema** in die middel van die swartbord.
4. Vra aan leerders: *Wat weet julle reeds van die tema?*
5. Skryf die leerders se idees neer rondom die breinkaart. Groepeer soortgelyke idees bymekaar.
6. Indien leerders sukkel om te antwoord, vra die volgende leidende vrae:
   - **a** Wat beteken dit om eerlik te wees?
   - **b** Wat beteken dit om oneerlik te wees?
   - **c** Waarom is dit belangrik om eerlik te wees?



**TEMA WOORDESKAT**

1. Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2. Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
   - eerlik
   - oneerlik
   - waarheid
   - leuen

| **Rympie of liedjie *(Op die wysie van Vader Jakob)*** | **Aksies** |
|---|---|
| Praat die waarheid, praat die waarheid | *Swaai jou wysvinger om 'ja' te wys* |
| Waarheid bo, waarheid bo, | *Hou jou duim in die lug om te wys dit is die beste* |
| Dit is die beste, dit is die beste, | *Hou jou duim in die lug om te wys dit is die beste* |
| Altyd so, altyd so! | *Hou jou duim in die lug om te wys dit is die beste* |

## Handskrif 15 minute

1. Vra die leerders om hulle boeke oop te maak en die datum en die opskrif **Enkelvoud na Meervoud Sinne** neer te skryf.
2. Sê aan die leerders om 1–5 in die kantlyn te skryf en om 'n lyn tussen elke nommer oop te los.

**3** Lees die sinne wat onder gelys is hardop aan die leerders. Leerders moet die sinne langs die regte nommer neer skryf.

**Enkelvoud na Meervoud Sinne**

- **1** Ek sal my tand borsel.
- **2** My voet is koud.
- **3** Die gaans hardloop agter my aan.
- **4** Ek sal met 'n mes sny.
- **5** Die blaar sal van die boom af val.

**4** Sê aan die leerders om elke sin oor te skryf met meervoude onder die enkelvoud sin.

**5** In die laaste 5 minute van die les skryf die korrekte sinne op die swartbord neer. Sê die klanke hardop en verduidelik die lopende skrif proses terwyl jy skryf.

**6** Vra die leerders om enige patrone wat hulle kan sien uit te wys soos waar die woorde verander.

**7** Onderstreep die patrone soos volg:

**Enkelvoud na Meervoud Sinne**

- **1** Ek sal my tand borsel.
  Ek sal my <u>tande</u> borsel.
- **2** My voet is koud.
  My <u>voete</u> is koud.
- **3** Die gaans hardloop agter my aan.
  Die <u>ganse</u> hardloop agter my aan.
- **4** Ek sal met 'n mes sny.
  Ek sal met <u>messe</u> sny.
- **5** Die blaar sal van die boom af val.
  Die <u>blare</u> sal van die <u>bome</u> af val.

**8** Sê aan die leerders om aan die patrone te dink as hulle lees en skryf.

**9** Sê aan die leerders om 'n gekleurde potlood te neem en hulle eie werk te korrigeer.

## ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

Sin: ______________________________

______________________________

## Gedeelde Lees: 15 minute

### Voorlees

**BEGRIPSTRATEGIE: VOORSPEL**

1. Laat leerders op die mat sit sodat hulle die Grootboek kan sien.
2. Maak die Grootboek oop by die storie: Die blou armband
3. Gaan deur die prente van elke bladsy en vra leerders wat hulle dink gaan gebeur.
4. Help leerders om die prentjies met mekaar te verbind, sodat hulle ’n goeie idee het waaroor die storie gaan.
5. Stel nuwe woorde bekend by die relevante dele van die storie.
6. Lees die storie een maal deur sonder om te stop.



## Skryfwerk: 30 minute

### Beplan En Berei Voor

**ONDERWERP:** Skryf oor ’n tyd toe jy besluit het om eerlik te wees, al was dit baie moeilik.

**OPDRAG:** Skryf ten minste 10 sinne wat in twee paragrawe verdeel is.

**BEPLANNINGSTRATEGIE:** Maak ’n lys

**STEL DIE SKRYF ONDERWERP BEKEND**

1. Wys aan leerders dat jy **dink voordat jy skryf.**
2. Mondelings, verduidelik jou idees vir jou paragrawe, soos:
   *Eenkeer het ek my suster se nuwe trui verloor. Ek het dit sonder toestemming geleen en toe het ek dit per ongeluk in die bus vergeet. ’n Paar dae later het my suster vir haar trui gesoek. Sy het my gevra waar dit was. Ek wou eers jok maar ek het besluit om haar die waarheid vertel.*

**DEMONSTREER DIE BEPLANNINGSTRATEGIE (EK DOEN)**

1. Skryf die beplanningsraam aan die eenkant van die swartbord.
2. Wys aan die leerders hoe jy ’n lys maak deur die vrae te beantwoord.
3. Voltooi die plan aan die anderkant van die swartbord.

| **Beplannings Vrae** | **Plan** |
|---|---|
| **Paragraaf 1**<br>**1** Wat het gebeur?<br>**2** Waaroor was jy eerlik?<br>**3** Watter leuen kon jy vertel het?<br>**4** Waarom wou jy jok? Hoe het jy daaroor gevoel? | **Paragraaf 1**<br>**1** Ek het my suster se nuwe trui sonder toestemming geleen. Ek het die trui per ongeluk in die bus vergeet. Die trui is vir ewig verlore.<br>**2** Ek het my suster vertel dat ek haar trui verloor het.<br>**3** Ek wou jok en sê dat ek nie geweet het waar die trui is nie.<br>**4** Ek was bang dat sy kwaad sou wees. |
| **Paragraaf 2**<br>**1** Wat het as gevolg daarvan gebeur?<br>**2** Wat dink jy sou gebeur het as jy gejok het?<br>**3** Dink jy dit was die regte besluit om eerlik te wees?<br>**4** Wat dink jy nou van die situasie? | **Paragraaf 2**<br>**1** My suster was nie kwaad nie. Ek het haar belowe dat ek vir haar ’n nuwe trui sal koop. Ek het vir die volgende paar weke my vrye tyd spandeer om los werkies te doen om geld te verdien.<br>**2** My suster sou nooit uit gevind het nie maar sy sou ongelukkig en verward gevoel het.<br>**3** Dit was die regte besluit al was dit moeilik om eerlik te wees. My suster het my vergewe en nou lag ons daaroor.<br>**4** Ek wens ek het nie haar trui sonder toestemming geleen het nie. Ek wens ook dat ek nie die trui verloor het nie. |

## LEERDERS MAAK GEBRUIK VAN DIE BEPLANNINGSTRATEGIE (JY DOEN)

**1** Vertel leerders om hulle oë toe te maak en te dink aan <u>’n tyd toe hulle besluit het om eerlik te wees oor iets al was dit baie moeilik.</u>
**2** Sê aan leerders om **te draai en** met ’n maat **te praat** oor hulle eie stories.
**3** Wys aan die leerders die beplanningsraam op die swartbord. Vertel leerders om die raam te gebruik om hulle skryfwerk te beplan, net soos jy vir hulle gedemonstreer het.
**4** Deel leerders se boeke uit.
**5** Vertel leerders dat hulle hulle eie idees moet neerskryf – hulle moet nie die onderwyser se voorbeeld afskryf nie.
**6** Terwyl leerders besig is om te skryf beweeg rond in die klas en hou mini konferensies.


## Plan

### Paragraaf 1

1. Ek het sjokolade uit die kas geëet alhoewel ek geweet het dit is my broer sin.
2. Ek het vir my broer gesê ek het sy sjokolade geëet.
3. Ek wou eers sê dat my ouers die sjokolade geëet het.
4. Ek was bang dat my broer met my sou raas.

### Paragraaf 2

1. Ek het vir hom gesê dat ek vir hom 'n ander sjokolade sal koop. Ek sal ekstra werkies moet doen om die geld te verdien.
2. Hy sou kwaad gewees het vir my ouers en hulle sou baklei het.
3. Ek dink dit was beter, want hy was net 'n bietjie kwaad. Hy sou kwater gewees het as hy sou uitvind dat ek gejok het.
4. Ek sal nie weer iets vat wat nie aan my behoort nie. Ek het baie sleg gevoel.



## Groep Begeleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ______________________________

1 Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 3** het.
2 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul tafels.
5 Doen ’n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hulle gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Dinsdag

## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Hersien Klanke, Vermenging En Segmentasie

**EK DOEN ...**

1 Sê die klank**: kr**
2 Sê die woord: **kraan**
3 Segmenteer die woord in individuele klanke: **/kr/-/aa/-/n/**
4 Sê die beginklank van die woord: **/kr/**
5 Sê die tweede enkel klank van die woord: **/aa/**
6 Sê die endlklank van die woord: **/n/**
7 Skryf die woord op die swartbord: **kraan**
8 Demonstreer deur na die klanke te wys en saam te voeg, hoe die klanke 'n woord bou: **/kr/-/aa/-/n/** = **kraan**

**ONS DOEN...**

1 Sê die klank**: kr**
2 Sê die woord: **kreun**
3 Vra leerders: Wat is die eerste klank in die woord? **/kr/**
4 Vra leerders: Wat is die tweede enkel klank in die woord? **/eu/**
5 Vra leerders: Wat is die laaste klank in die woord? **/n/**
6 Vra leerders om die woord in individuele klanke te segmenteer: **/kr/-/eu/-/n/**
7 Skryf die woord op die swartbord: **kreun**
8 Sê aan die leerders om die klanke in die woorde saam met jou, reg te saam te voeg: **/kr/-/eu/-/n/** = **kreun**

**JY DOEN ...**

1 Sê aan leerders om hul boeke uit te haal en die datum en opskrif te skryf: **kr woorde.**
2 Sê nou aan leerders om in die kantlyn te nommer van 1–5.
3 Roep die volgende woorde uit:
   1 **kraan**
   2 **krap**
   3 **kreun**
   4 **krop**
   5 **kreef**
4 Leerders moet die woorde langs die korrekte nommer skryf en die teikenklank in elke woord onderstreep.

WEEK 3

5 In die laaste twee minute van die les, skryf die korrekte woorde op die swartbord en onderstreep die teikenklanke.
6 Gee opdrag aan die leerders om hul eie werk met 'n kleurpotlood te korrigeer
7 Verduidelik aan leerders dat hul in die volgende les gaan leer hoe om hierdie klank in LOPENDE SKRIF te skryf.

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________________


Woorde: ______________________________

______________________________

## Handskrif: 15 minute

### Skryf letter(s) / woorde / sinne in lopende skrif

1 Leer leerders hoe om die lopende skrif letter(s) korrek te vorm: **kr**
2 Demonstreer hoe die letter(s) te skryf vir regshandige leerders en links-handige leerders.
3 Gee leerders nou opdrag om met 'n maat te werk en om die letter(s) op mekaar se rûe te skryf met hul vingers.
4 Gee leerders nou opdrag om die letter(s) op hul tafels te skryf met hul vingers.
5 Wys ten laatste weereens aan leerders op die swartbord, hoe om die letter(s) en woorde te vorm.
6 Leerders moet dan die klank/woorde/sinne in hul boeke skryf.
7 Leerders moet die teikenklanke onderstreep in al die woorde/sinne wat hul geskryf het.



kreun

krop

kreef

Draai die kraan toe om

water te spaar.

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

Sin: ______________________________

______________________________

# Gedeelde Lees: 15 Minute


## Aanvangslees

### BEGRIPSTRATEGIE: VISUALISEER

| Teks | Aanvangslees (Dink Hardop) |
|---|---|
| **Die blou armband**<br>Zandile hardloop terug huis toe vanaf haar vriendin Sindiswa se huis. Sy was amper by die huis toe iets haar oog vang. Iets blou wat skitter. Sy buk af en vind 'n pragtige, blink, blou armband. Zandile tel dit op en hou aan met hardloop. Die son was besig om te sak en sy het haar ma belowe sy sal voor donker by die huis wees. | Ek kan myself **voorstel** hoe Zandile skielik stop toe sy iets sien wat skitter in die gras! |
| Toe sy by die huis kom, waai sy die armband in die lug.<br>"Kyk wat het ek gekry!" kondig sy aan.<br>Sy sit dit aan haar pols en bewonder dit. Dit was presies haar grootte! "Waar het jy dit gekry, Zandile?" vra haar ma. "Iemand moet dit regtig mis!"<br>"Wel, ek het dit in die straat opgetel, so dit is nou myne!" sê Zandile, terwyl sy na haarself in die spieël kyk. | Ek kan myself Zandile se groot glimlag **voorstel** wanneer sy na haar nuwe armband kyk! |
| Die volgende oggend gaan Zandile buitentoe. Sy hou haar arm in die lug sodat die son op haar nuwe blou armband kan skyn. Sy kyk hoe dit blink en skitter. Sy het nog nooit iets so mooi gehad nie. | Ek kan myself Zandile se groot glimlag **voorstel** wanneer sy na die armband op haar pols kyk! |
| Dan sien sy haar buurvrou, Geeta, sy kruip in die paadjie voor hulle huise rond.<br>"Wat maak jy?" vra Zandile. "Ek soek my armband. Ek dink dit het afgeval toe ek gister gespeel het!" sê Geeta, sy lyk ontsteld. "Dit is my gunsteling armband." | Ek kan myself **voorstel** hoe ontsteld Geeta moet lyk wanneer sy op die grond rondsoek na haar verlore armband. |
| "O," sê Zandile. Sy wonder of dit dieselfde armband is as wat sy gevind het. Sy trek die mou van haar trui af. "Ek hoop jy vind dit!" sê sy. Toe hardloop sy terug huis toe. | Ek kan myself **voorstel** hoe Zandile versigtig die blou armband aan haar pols toetrek, sodat Geeta dit nie sal oplet nie! |
| Toe Zandile binne is, bewonder sy die armband aan haar pols. Dan kyk sy na haarself in die spieël. Die armband was so blink en pragtig. Sy kon nie wag om dit die volgende dag by die skool vir haar vriende te gaan wys nie, maar dan dink sy aan Geeta. "Wat as Geeta my nuwe armband sien en dit is die een wat sy verloor het?" wonder Zandile. Sy haal die armband af en bêre dit. | Ek kan myself **voorstel** hoe Zandile die armband diep binne in haar laai wegsit, sodat niemand dit kan vind nie! |

| Teks | Aanvangslees (Dink Hardop) |
|---|---|
| Die volgende dag tydens pouse sit Zandile saam met Geeta en Sindiswa. "Ek het my gunsteling armband die naweek verloor. Dit was blou en het geskitter," sê Geeta.<br><br>Zandile dink aan die skitterende blou armband in haar laai. Nou weet sy verseker dat dit aan Geeta behoort.<br><br>"Ek het dit gekry. Dit is nou myne!" dink Zandile. Sy het niks gesê nie. | Kyk na Zandile se gesig! Sy lyk nie gelukkig nie! Ek kan myself **voorstel** hoe Zandile stil sit en hoop dat die klok gou sal lui! |
| Toe Zandile by die huis kom na skool, haal sy die armband uit en sit dit aan. Sy bewonder die armband aan haar pols. Dan kyk sy na haarself in die spieël. Die armband skitter. Sy het nog nooit iets so mooi gehad nie, maar dan dink Zandile aan Geeta se hartseer gesig met middagete. Sy haal die armband af en sit dit in haar sak. | Kyk na Zandile! Sy dra die armband, maar sy lyk nie nou gelukkig nie! Ek kan myself **voorstel** hoe sy diep in gedagte is! Sy moet dink hoe lief sy die mooi armband het, maar sy moet ook dink aan haar vriendin Geeta se hartseer gesig met middagete. |
| Zandile gaan langsaan na die Kapoors se huis toe en klop aan die deur. Toe Geeta antwoord waai sy die armband in die lug.<br><br>"Kyk wat het ek gekry!" kondig sy aan. | O! Sy sit die armband in haar sak om dit vir Geeta te neem! Ek kan myself Zandile se groot glimlag **voorstel** wanneer sy vir Geeta wys wat sy gekry het! |
| Geeta se hele gesig verander in 'n glimlag. Zandile voel amper so gelukkig soos Geeta wanneer sy haar help om die skitterende blou armband om haar pols te sit.<br><br>"Dankie Zandile," sê Geeta. "Jy het my dag gemaak!" | – |

| **Opvolg vrae** | **Moontlike antwoordeonses** |
|---|---|
| Wat het Zandile gevind? | Sy het 'n skitterende, blou armband gevind. |
| Waar het Zandile die armband gevind? | Sy het dit in die straat / op die sypaadjie gekry. |
| Hoekom het Geeta op die sypaadjie voor hulle huise rondgekruip. | Omdat sy haar armband verloor het! Sy het haar armband gesoek. |
| **Hoekom vrae** | **Moontlike antwoorde** |
| Hoekom het Zandile nie die armband skool toe gedra nie? | • Omdat sy besef het die armband behoort eintlik aan Geeta.<br>• Omdat sy nie wou hê Geeta moet die armband sien nie.<br>• Omdat sy die armband wou hou! |



## Groep Begeleide Lees

30 minute

**GROEPE: ____________________________**

1. Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 3** het.
2. Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5. Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

# Woensdag

## Mondelinge Aktiwiteite

15 minute

### TEMA WOORDESKAT

**1** Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
**2** Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
- erken
- armband
- skitter

| **Rympie of liedjie *(Op die wysie van Vader Jakob)*** | **Aksies** |
|---|---|
| Praat die waarheid, praat die waarheid | *Swaai jou wysvinger om 'ja' te wys* |
| Waarheid bo, waarheid bo, | *Hou jou duim in die lug om te wys dit is die beste* |
| Dit is die beste, dit is die beste, | *Hou jou duim in die lug om te wys dit is die beste* |
| Altyd so, altyd so! | *Hou jou duim in die lug om te wys dit is die beste* |

### KREATIEWE STORIEVERTEL



**1** Verdeel leerders in hul klein groepe.
**2** Gee aan elk 'n kopie van die kreatiewe storievertel prentjies.
**3** Sê aan leerders om te dink aan 'n storie wat by die prentjies pas.
**4** Gee aan leerders 'n minuut of twee om oor hul idees te dink.
**5** Vervolgens moet elke leerder in die groep 'n kans kry om te draai en hul weergawe van die storie te deel.
**6** Herinner leerders daaraan dat hul storie kreatief moet wees, maar ook by die prentjies moet pas!
**7** Herinner leerders om aandagtig na mekaar se stories te luister.
**8** Bedank die leerders dat hulle hul stories gedeel het.

## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Hersien Klanke, Vermenging En Segmentasie

**EK DOEN ...**

1 Sê die klank: **kn**
2 Sê die woord: **knaap**
3 Segmenteer die woord in individuele klanke: **/kn/-/aa/-/p/**
4 Sê die beginklank van die woord: **/kn/**
5 Sê die tweede enkel klank van die woord: **/aa/**
6 Sê die endlklank van die woord: **/p/**
7 Skryf die woord op die swartbord: **knaap**
8 Demonstreer deur na die klanke te wys en saam te voeg, hoe die klanke 'n woord bou: : **/kn/-/aa/-/p/ = knaap**

**ONS DOEN ...**

1 Sê die klank: **kn**
2 Sê die woord: **kneus**
3 Vra leerders: Wat is die eerste klank in die woord? **/kn/**
4 Vra leerders: Wat is die tweede enkel klank in die woord? **/eu/**
5 Vra leerders: Wat is laaste klank in die woord? **/s/**
6 Vra leerders om die oorpronklike woord in individuele klanke te segmenteer: **/kn/-/eu/-/s/**
7 Skryf die woord op die swartbord: **kneus**
8 Sê aan die leerders om die klanke in die woorde saam met jou reg te saam te voeg: **/kn/-/eu/-/s/ = kneus**

**JY DOEN ...**

1 Sê aan leerders om hul boeke uit te haal en die datum en opskrif te skryf: **kn woorde.**
2 Sê nou aan leerders om in die kantlyn te nommer van 1–5.
3 Roep die volgende woorde uit:
   1 **knoei**
   2 **kneus**
   3 **knoop**
   4 **knor**
   5 **knaap**
4 Leerders moet die woorde langs die korrekte nommer skryf en die teikenklank in elke woord onderstreep.
5 In die laaste twee minute van die les, skryf die korrekte woorde op die swartbord en onderstreep die teikenklanke.

6 Gee opdrag aan die leerders om hul eie werk met 'n kleurpotlood te korrigeer
7 Verduidelik aan leerders dat hul in die volgende les gaan leer hoe om hierdie klank in LOPENDE SKRIF te skryf.

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________



## Handskrif: 15 minute

### Skryf letter(s) / woorde / sinne in lopende skrif

1 Leer leerders hoe om die klein letters in lopende skrif letter(s) korrek te vorm: **kn**
2 Demonstreer hoe die letter(s) te skryf vir regshandige leerders en linkshandige leerders.
3 Gee leerders nou opdrag om met 'n maat te werk en om die letter(s) op mekaar se rûe te skryf met hul vingers.
4 Gee leerders nou opdrag om die letter(s) op hul tafels te skryf met hul vingers.
5 Wys ten laatste weereens aan leerders op die swartbord, hoe om die letter(s) en woorde te vorm.
6 Leerders moet dan die klank/woorde/sinne in hul boeke skryf.
7 Leerders moet die teikenklanke <u>onderstreep</u> in al die woorde/sinne wat hul geskryf het.



knor

knaap

Mamma werk n knoop
aan my hemp.

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

Sin: ______________________________

______________________________

## Skryfwerk: 30 minute

### Rofwerk / Opstel

**ONDERWERP:** Skryf oor ’n tyd toe jy besluit het om eerlik te wees oor iets al was dit baie moeilik.

**OPDRAG:** Skryf ten minste 10 sinne wat in twee paragrawe verdeel is.

**SKRYFRAAMWERK:**

Eenkeer ...

Ek kon gesê het dat ...

Ek wou jok want ...

Maar ek ...

Daarna ...

As ek oneerlik was ...

Ek dink dit was die regte / verkeerde besluit om eerlik te wees want ...

As ek nou daaroor dink ...

**VOORBEREIDING:** Skryf Maandag se plan op die swartbord voor die skryfles begin.

WEEK 3

#### DEMONSTREER DIE SKRYFPROSES (EK DOEN)

1. Herinner leerders aan die plan wat jy Maandag opgestel het.
2. Lees deur jou plan wat op die swartbord geskryf is.
3. Lees die skryfraamwerk hardop aan die leerders
4. Demonstreer hoe jy die skryfraamwerk voltooi met jou plan soos:
   ***Eenkeer*** *het ek my suster se nuwe trui sonder toestemming geleen. Ek het die trui per ongeluk in die bus vergeet. Die trui is vir ewig verlore.* ***Ek kon gesê het dat*** *ek nie geweet het waar die trui is nie.* ***Ek wou jo****k want ek was bang dat sy kwaad sou wees.* ***Maar ek*** *het my suster vertel dat ek haar trui verloor het.* ***Daarna*** *was my suster ontsteld maar sy het my vergewe. Ek het vir die volgende paar weke my vryetyd spandeer om los werkies te doen om geld te verdien. Ek het die geld gebruik om vir my suster ’n nuwe trui te koop.* ***As ek oneerlik was*** *sou sy nooit uit gevind het wat van haar trui geword het nie. Ek dink dit sou erger gewees het! Sy sou ongelukkig en verward gevoel het.* ***Ek dink dit was die regte besluit om eerlik te wees want*** *ek kon die probleem oplos.* ***As ek nou daaroor dink*** *wens ek dat ek nie haar trui sonder toestemming geleen het nie. Ek wens ook dat ek nie die trui verloor het nie.*

## LEERDERS VOLTOOI DIE SKRYFPROSES (JY DOEN)


1 Deel leerders se boeke uit.
2 Vertel leerders om die datum en opskrif neer te skryf: **Partykeer is dit moeilik om eerlik te wees: Rofwerk / Opstel**
3 Sê aan leerders om na die plan wat hulle Maandag voltooi het te blaai en aan hulle idees te dink.
4 Sê aan leerders om die skryfraamwerk te voltooi deur van hulle planne gebruik te maak.
5 Sê aan leerders dat hulle meer sinne kan byvoeg indien hulle genoeg tyd het.
6 Herinner leerders aan die strategieë wat hulle kan gebruik om hulle te help.
7 Terwyl leerders besig is om te skryf, beweeg rond in die klas en help leerders wat sukkel.

Julie 8 2020

Partykeer is dit moeilik om eerlik te wees: konsep

eenkeer het ek my broer se sjokolade geet wat hy in die kaas gelos het. Ek sou kon se dat ons ouers sy sjokolade geet het. In plaas daarvan het ek die waarheid vertel dat ek die sjokolade geet het.

Daarna was my broer kwaad maar hy het gese dat dit goed was dat ek hom die waarheid vertel het. As ek oneerlik was, sou hy 'n groot rusie met my ouers gehad het.
ek dink dit was reg om eerlik te wees, want my broer was net 'n bietjie kwaad. Hy sou meer kwaad gewees het as hy uitgevind het dat ek gejok het. As ek nou daaraan dink, weet ek dat dit verkeerd vir my was om iets te neem wat nie myne was nie.



## Groep Begeleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ______________________________

1 Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 3** het.
2 Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul tafels.
5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hulle gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Donderdag

## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Letter Ruil

**EK DOEN ...**

1 Verduidelik dat ons vandag gaan oefen om vir klein verskille in woorde te soek. Dit help ons om beter lesers te wees.
2 Skryf die twee woorde op die swartbord: **krap, krop**
3 Demonstreer aan leerders hoe jy die verskille vind, bv.: **krap, krop**
4 Verduidelik die verskil, bv. die **/a/** en **/o/** klanke is verskillend, maar die res van die woord is dieselfde!

**ONS DOEN ...**

**DEEL 1**

1 Skryf die twee woorde op die swartbord: **knaap, knoop**
2 Vra leerders: Wat is die verskil tussen die twee woorde?
3 Vra 'n leerder om die verskil tussen die twee woorde te kom onderstreep, bv.: **knaap, knoop**
4 Verduidelik die verskil tussen die twee woorde.

**DEEL 2**

1 Skryf nou die volgende woord op die swartbord: **krap**
2 Vra leerders: **Wat is een letter in die woord wat jy kan uitruil om 'n ander woord te bou?**
3 Skryf 'n lys van leerders se idees om die swartbord, bv **: krop, stap, slap, flap**

**JY DOEN ...**

1 Skryf die woord op die swartbord: **knaap**
2 Gee aan leerders instruksie om soveel woorde as wat hul kan, te maak, deur slegs een klank in die woorde te vervang.
3 Roep nou leerders na die swartbord om een van hul eie woorde neer te skryf.
4 Gaan deur die woorde, en verduidelik watter klank uitgeruil is.
**knoop, skaap**

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

## Gedeelde Lees: 15 minute

### Tweede Lees


**LEESSTRATEGIE: VISUALISEER**

| Teks | Tweede lees (Dink Hardop) |
|---|---|
| **Die blou armband**<br>Zandile hardloop terug huis toe vanaf haar vriendin Sindiswa se huis. Sy was amper by die huis toe iets haar oog vang. Iets blou wat skitter. Sy buk af en vind 'n pragtige, blink, blou armband. Zandile tel dit op en hou aan met hardloop. Die son was besig om te sak en sy het haar ma belowe sy sal voor donker by die huis wees. | Ek kan myself **voorstel** hoe Zandile se oë rek wanneer sy afbuk in die gras en 'n nuwe armband optel! |
| Toe sy by die huis kom, waai sy die armband in die lug.<br>"Kyk wat het ek gekry!" kondig sy aan.<br>Sy sit dit aan haar pols en bewonder dit. Dit was presies haar grootte! "Waar het jy dit gekry, Zandile?" vra haar ma. "Iemand moet dit regtig mis!"<br>"Wel, ek het dit in die straat opgetel, so dit is nou myne!" sê Zandile, terwyl sy na haarself in die spieël kyk. | Ek kan myself **voorstel** hoe Zandile deur die huis dans, met haar nuwe blou armband wat sy in die lug swaai! Sy moet so opgewonde wees! |
| Die volgende oggend gaan Zandile buitentoe. Sy hou haar arm in die lug sodat die son op haar nuwe blou armband kan skyn. Sy kyk hoe dit blink en skitter. Sy het nog nooit iets so mooi gehad nie. | Ek kan myself Zandile se gelukkige gesig **voorstel** wanneer sy haar nuwe armband bewonder. Sy is mal daaroor! |
| Dan sien sy haar buurvrou, Geeta, sy kruip in die paadjie voor hulle huise rond.<br>"Wat maak jy?" vra Zandile. "Ek soek my armband. Ek dink dit het afgeval toe ek gister gespeel het!" sê Geeta, sy lyk ontsteld. "Dit is my gunsteling armband." | O! Ek kan myself **voorstel** hoe Zandile se oopgaan van verbasing wanneer sy besef die armband mag Geeta sin wees! Ek dink nie Zandile het gedink die armband kan behoort aan iemand wat sy ken nie! |

| **Teks** | **Tweede lees (Dink Hardop)** |
|---|---|
| "O," sê Zandile. Sy wonder of dit dieselfde armband is as wat sy gevind het. Sy trek die mou van haar trui af. "Ek hoop jy vind dit!" sê sy. Toe hardloop sy terug huis toe. | Zandile moet haarself **voorstel** hoe haar nuwe blink blou armband van Geeta se pols afval! Sy moet besef dat die armband aan haar vriendin Geeta behoort! |
| Toe Zandile binne is, bewonder sy die armband aan haar pols. Dan kyk sy na haarself in die spieël. Die armband was so blink en pragtig. Sy kon nie wag om dit die volgende dag by die skool vir haar vriende te gaan wys nie, maar dan dink sy aan Geeta. "Wat as Geeta my nuwe armband sien en dit is die een wat sy verloor het?" wonder Zandile. Sy haal die armband af en bêre dit. | Ek dink Zandile stel haarself voor hoe haar vriende haar nuwe armband gaan bewonder, maar dan stel sy haarself voor hoe Geeta na die armband wys en sê "Haai! Dit is myne!" Ek kan myself voorstel hoe Zandile mooi dink en dan die armband in haar laai bêre, waar niemand dit gaan kry nie! |
| Die volgende dag tydens pouse sit Zandile saam met Geeta en Sindiswa. "Ek het my gunsteling armband die naweek verloor. Dit was blou en het geskitter," sê Geeta.<br><br>Zandile dink aan die skitterende blou armband in haar laai. Nou weet sy verseker dat dit aan Geeta behoort.<br><br>"Ek het dit gekry. Dit is nou myne!" dink Zandile. Sy het niks gesê nie. | Ek kan myself **voorstel** hoe Zandile na haar vriendin luister en oneerlik voel! Sy moet so sleg voel vir Geeta, maar sy wil ook die armband hou! |
| Toe Zandile by die huis kom na skool, haal sy die armband uit en sit dit aan. Sy bewonder die armband aan haar pols. Dan kyk sy na haarself in die spieël. Die armband skitter. Sy het nog nooit iets so mooi gehad nie, maar dan dink Zandile aan Geeta se hartseer gesig met middagete. Sy haal die armband af en sit dit in haar sak. | Zandile lyk nou so ontsteld. Ek kan myself **voorstel** hoe Zandile haar kop heen en weer skud, terwyl sy probeer besluit wat om met die armband te doen. Ek kan myself **voorstel** hoe sy dit uiteindelik afhaal. Ek dink sy het besluit die armband is nie genoeg om haar vriendin te mislei nie. |
| Zandile gaan langsaan na die Kapoors se huis toe en klop aan die deur. Toe Geeta antwoord waai sy die armband in die lug.<br><br>"Kyk wat het ek gekry!" kondig sy aan. | Ek kan myself **voorstel** hoe Zandile stadig loop, want sy wens sy kon die armband vir haarself hou! Ek kan myself ook **voorstel** hoe Zandile glimlag wanneer sy die armband in die lug hou om vir Geeta te wys. |
| Geeta se hele gesig verander in 'n glimlag. Zandile voel amper so gelukkig soos Geeta wanneer sy haar help om die skitterende blou armband om haar pols te sit.<br><br>"Dankie Zandile," sê Geeta. "Jy het my dag gemaak!" | Ek kan myself **voorstel** hoe Zandile 'n diep asemteug neem. Ek dink sy moet wens die armband behoort nog aan haar. Ek kan ook Zandile se trotse glimlag voorstel, want sy weet die regte ding is om Geeta se armband terug te gee! |

| Opvolg vrae | Moontlike antwoorde |
|---|---|
| Hoekom Het Zandile die mou van haar trui afgetrek? | Om die armband, wat sy opgetel en gedra het, te bedek. |
| Wat het Geeta se dag gemaak? | Om haar armband terug te kry. |
| Stel jouself voor om iets op straat te kry waaroor jy mal is! Wat dink jy sal jy doen nadat jy dit gekry het? | Ek dink ek sal ... |
| **Hoekom vrae** | **Moontlike antwoorde** |
| Hoekom het Zandile besluit om die armband terug te gee vir Geeta? | • Omdat sy besef het die armband behoort aan haar vriendin.<br>• Omdat sy besef het sy sal die armband net in die geheim kan dra.<br>• Omdat sy besef het dit sal haar vriendin gelukkig maak om haar armband terug te kry.<br>• Omdat dit die regte ding was om te doen! |





## Groep Begeleide Lees

30 minute

**GROEPE: ____________________________**

1. Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 3** het.
2. Verduidelik **Donderdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5. Doen ’n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Donderdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

# Vrydag

## Mondelinge Aktiwiteite 15 minute

### TEMA WOORDESKAT

1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
- bewonder
- jaloers
- soek of soektog

| Rympie of liedjie *(Op die wysie van Vader Jakob)* | Aksies |
|---|---|
| Praat die waarheid, praat die waarheid | *Swaai jou wysvinger om 'ja' te wys* |
| Waarheid bo, waarheid bo, | *Hou jou duim in die lug om te wys dit is die beste* |
| Dit is die beste, dit is die beste, | *Hou jou duim in die lug om te wys dit is die beste* |
| Altyd so, altyd so! | *Hou jou duim in die lug om te wys dit is die beste* |

### BESPREKING VAN GEDEELDE LEES TEKS

1 Skryf die besprekingsraamwerk op die swartbord:
In die storie …
As ek Zandile was sou ek / sou ek nie die armband terug gegee het / nie want ...
Die storie is verwant aan die tema van 'Eerlikheid' want …
2 Lees die besprekingsraamwerk aan die leerders.
3 Verdeel leerders in hul **klein groepe**.
4 Sê aan leerders dat elkeen 'n beurt moet kry om elke besprekingsvraag te antwoord.
5 Roep die klas tot aandag.
6 Vra verskillende leerders of 'n spesifieke groep om hul antwoorde te deel.
7 Korrigeer die antwoorde indien hul verkeerd is.
8 Bedank die leerders vir hul bydrae.

# Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

## Woordsoek

Skryf die tabel op die bord wat vorige aangeleerde klanke insluit, sowel as die klanke wat op Dinsdag en Woensdag geleer is. **Dit kan ook sekere voorvoegsels insluit.**

| | | |
|---|---|---|
| **kr** | **st** | **a** |
| **p** | **s** | **f** |
| **m** | **e** | **r** |
| **o** | **y** | **t** |



### DEMONSTREER

1 Herinner leerders aan die klanke van die week: **/kr/** en **/st/**
2 Hersien al die klanke en samevoegings op die swartbord.
3 Gee aan leerders 3 minute om soveel woorde as hul kan te maak met die klanke en samevoegings hierbo.
4 Wys aan leerders hoe om 'n woord te bou deur die teikenklank te gebruik, bv.: **/kr/** + **/o/** + **/m/** = **krom**
5 Herinner leerder dat hul 'n woord kan bou deur enige van die klanke te gebruik – hulle het nie nodig om **/ kr /** of **/ st/** te gebruik nie.
6 Wys leerders hoe om nog 'n woord te bou, bv.: **/m/** + **/a/** + **/t/** = **mat**

### LEERDERS DOEN


1 Sê aan die leerders om hul boeke oop te maak en die opskrif te skryf: **kr, st**
2 Gee aan leerders opdrag om te begin skryf.
3 Gee leerders 3 minute om soveel as moontlik woorde te vind en bou as wat hulle kan.
4 Gee aan leerders die geleentheid om hul eie werk te korrigeer. Wys aan leerders hoe om hierdie woorde (en ander) te bou: **krap, kryt, krom, kreef, stap, stam, stop, mat, rym, fees, foto**

### ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________




## Gedeelde Lees: 15 minute

### Na-Lees

**BEGRIPSTRATEGIE: SOM OP / VISUALISEER**

**ILLUSTREER DIE STORIE**

1. Laat die leerders by hulle banke gaan sit. Deel hulle boeke of ’n skoon vel papier uit. Hulle moet hulle potlode en kryt gereed hê.
2. **Verduidelik** aan die leerders dat hulle iets belangriks in die storie moet visualiseer en dit **gaan teken en daaroor skryf**.
3. **Demonstreer** hoe jy **iets belangriks in die storie visualiseer**, soos: Toe Zandile huis toe gestap het, het sy ’n pragtige, skitterende armband gevind. Ek **visualiseer** hoe sy die armband aan gesit het en hoe haar oë geblink het! Sy wou die pragtige armband hou.
4. Teken ’n prent op die swartbord van Zandiel wat die armband aansit.
5. **Demonstreer** hoe jy twee sinne by jou tekening byvoeg, soos: Ek visualiseer hoe Zandile se oë geblink het toe sy die armband gesien het. Sy wou die armband hou.
6. Verduidelik aan die leerders dat hulle nou iets belangriks in die storie gaan kies om te visualiseer
7. Vertel die leerders om hul oë toe te maak en te ontspan. Lees die storie nog een keer vir die leerders.
8. Vertel die leerders om hulle oë oop te maak en hulle idees te teken.
9. Gee die leerders instruksie **om te draai en met ’n maat te praat** oor hul tekeninge.



## Groep Begeleide Lees 30 minute

**GROEPE: ____________________________**

1. Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 3** het.
2. Verduidelik **Vrydag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minute terug na hul tafels.
5. Doen ’n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Vrydag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hulle gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

## Week-eind taal onderrig hersiening

15 minute

1 Laat leerders op die mat sit aan die einde van die dag.
2 Voer die weeklikse taal oorsig sessie uit. Jy kan kies om Huistaal en Eerste Addisionele Taal in hierdie verslag te kombineer.
3 Onthou om die leerders toe te laat om om te "Draai en Praat" en hul antwoorde met maats te bespreek. Kies dan 'n paar leerders om hul antwoorde met die klas te deel.
4 Gebruik die volgende leidende vrae om die taal gedeelte van julle bespreking te lei:
   a **Wat was ons taal tema vir die week?**
   b **Watter stories het ons saam gelees?**
   c **Wat was jou gunsteling nuwe woorde vir die week?**
   d **Wat het jy geleer van die stories wat ons gelees het?**
   e **Waaroor het ons geskryf die week?**
   f **Hoe het jou eie skryfwerk verbeter die week?**
   g **Hoe het jou eie leeswerk verbeter die week?**
   h **Waaroor is jy die trotste die week?**
5 Ten einde, sê aan die leerders om aan twee dinge te dink wat hulle aan hul families gaan vertel oor wat hulle geleer het of hoe hulle verbeter het gedurende die week by die skool.

*Let wel: Hierdie proses van self evaluasie en refleksie is 'n krities belangrike deel van leer. Moet asseblief nie die weeklikse aktiwiteit oorslaan nie.*

# Graad 3

## TERMYN 3

# Week 4

# TEMA:

## Eerlikheid

## Klaskamer Voorbereiding

1. Aan die begin van die week maak seker dat jou klaskamer netjies en skoon is.
2. Opdateer jou vertoonborde deur items wat nie meer relevant is nie te verwyder en dit netjies en versigtig weg te bêre.
3. Volgende moet jy die flitskaart woorde, tema woorde en illustrasies wat jy gaan gebruik voorberei.
4. Vind en berei items voor vir jou temamuur en tafel wat jou leerders interessant sal vind byvoorbeeld: Koerant artikels oor mense wat leuens vertel.
5. Doen navorsing op die internet om voor te berei vir die tema. Byvoorbeeld: Navors situasies waar dit eties reg sal wees om ’n leuen te vertel. Dit is belangrik om die leerders te help om vrae te vra en hulle te help om ’n komplekse begrip van die wêreld te bou.
6. Maak seker dat alle leerders se Boeke / DBO Werkboeke netjies gebêre is waar hulle hoort.
7. Maak seker dat al jou grootboeke, graad leesboeke en klas biblioteek boeke in goeie toestand is.
8. Pas jou Groep Begeleide Lees groepe aan indien nodig.
9. Beplan jou formele en informele assesseringsaktiwiteite vir die week.

## Uitbreidingsaktiwiteite

Hierdie aktiwiteite kan gebruik word as onafhanklike werk vir leerders wat hul werk vroeg klaarkry OF terwyl jy leerders assesseer.

**Aktiwiteit 1:** DBO Werkboek 2: Bladsy 18, Ons lees & Bladsy 19, Ons skryf

**Aktiwiteit 2:** DBO Werkboek 2: Bladsy 20 & 21, Ons doen

**Aktiwiteit 3:** DBO Werkboek 2: Bladsy 22 &23, Ons lees

**Aktiwiteit 4:** Maak ’n dagboek inskrywing wat vandag se weer beskryf.

# Maandag

## Mondelinge Aktiwiteite 15 minute

### HERSIEN DIE TEMA: ASSESSEER VORIGE KENNIS

1 Wys aan leerders die prent van Modise wat 'leeu' skreeu in die Grootboek storie: Die veewagter wat leeu geskreeu het
2 Vertel aan leerders dat ons voortgaan met die tema: Eerlikheid
3 Teken 'n sirkel met die naam van die **tema** in die middel van die swartbord.
4 Vra aan leerders: *Wat weet julle reeds van die tema?*
5 Skryf die leerders se idees neer rondom die breinkaart. Groepeer soortgelyke idees bymekaar.
6 Indien leerders sukkel om te antwoord, vra die volgende leidende vrae:
   a Wat maak 'n mens betroubaar?
   b Wie vertrou jy?
   c Hoe kan iemand jou vertroue verbreek?
   d Wanneer is dit aanvaarbaar om te jok? *(Moedig leerders aan om dit te bespreek. Moet nie sê dat jok nooit aanvaarbaar is nie. Byvoorbeeld vra leerders om aan Matuma te dink wat gejok het om 'n maat te help…Wat as jou leuen iemand se lewe kon red? Wat as jou leuen iemand anders kon beskerm? Wat as jou leuen iemand kon verras? Ens.)*

### TEMA WOORDESKAT

1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
- verneuk / gekul
- toertjie / verneukslag / kul / 'n poets bak
- gek
- nuuskierig
- eksperiment

| **Rympie of liedjie *(Op die wysie van Vader Jakob)*** | **Aksies** |
|---|---|
| Praat die waarheid, praat die waarheid | *Swaai jou wysvinger om 'ja' te wys* |
| Waarheid bo, waarheid bo, | *Hou jou duim in die lug om te wys dit is die beste* |
| Dit is die beste, dit is die beste, | *Hou jou duim in die lug om te wys dit is die beste* |
| Altyd so, altyd so! | *Hou jou duim in die lug om te wys dit is die beste* |

## Handskrif

15 minute

1. Vra die leerders om hulle boeke oop te maak en die datum neer te skryf.
2. Sê aan die leerders om 1–5 in die kantlyn te skryf.
3. Skryf die volgende sin op die swartbord langs nommer 1: Hulle sal hulle speletjie daar speel.
4. Skryf die volgende voornaamwoorde (vakmorfeme) langs nommer 2 – 5:
   2. Ek
   3. Ons
   4. Hy
   5. Sy
5. Sê aan die leerders om die sin oor te skryf met elkeen van die voornaamwoorde.
6. In die laaste 5 minute van die les skryf die korrekte sinne op die swartbord neer. Sê die klanke hardop en verduidelik die lopende skrif proses terwyl jy skryf.
7. Vra die leerders om enige patrone wat hulle kan sien uit te wys soos waar die sin verander.
8. Onderstreep die patrone soos volg:
   1. Hulle sal hulle speletjie daar speel.
   2. Ek sal my speletjie daar speel.
   3. Ons sal ons speletjie daar speel.
   4. Hy sal sy speletjie daar speel.
   5. Sy sal haar speletjie daar speel.
9. Sê aan die leerders om 'n gekleurde potlood te neem en hulle eie werk te korrigeer.

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ____________________

Woorde: ____________________

____________________

Sin: ____________________

____________________

## Gedeelde Lees:

15 minute

### Voorlees

**BEGRIPSTRATEGIE: VOORSPEL**

1. Laat leerders op die mat sit sodat hulle die Grootboek kan sien.
2. Maak die Grootboek oop by die storie: Die veewagter wat leeu geskreeu het
3. Gaan deur die prente van elke bladsy en vra leerders wat hulle dink gaan gebeur.
4. Help leerders om die prentjies met mekaar te verbind, sodat hulle 'n goeie idee het waaroor die storie gaan.
5. Stel nuwe woorde bekend by die relevante dele van die storie.

6 Lees die storie een maal deur sonder om te stop.

## Skryfwerk: 30 minute

### Redigeer

**ONDERWERP:** Skryf oor ’n tyd toe jy besluit het om eerlik te wees oor iets al was dit baie moeilik.

**OPDRAG:** Skryf ten minste 10 sinne wat in twee paragrawe verdeel is.

**VOORBEREIDING:**
- Skryf die redigering kontrolelys op die swartbord voor die les begin.
- Skryf jou rofwerk/opstel op die swartbord voor die begin van die les. Sluit een of twee foute in.

**REDIGERING KONTROLELYS:**
1. Het ek die verlede tyd gebruik?
2. Het ek in die eerste persoon perspektief geskryf? (‘ek’ en ‘ons’)?
3. Het ek ten minste 10 sinne geskryf wat in twee paragrawe verdeel is?
4. Het ek al die woorde reg gespel?
5. Begin elke sin met ’n hoofletter?
6. Eindig elke sin met die regte leesteken?

#### DEMONSTREER DIE REDIGERINGSPROSES (EK DOEN)

1. Lees die redigering kontrolelys hardop vir die leerders.
2. Lees jou rofwerk/opstel haardop vir die leerders.
3. Werk deur die kontrolelys en wys aan die leerders waar jou rofwerk/opstel reg is of waar jy verbeterings of regstellings moet maak.
4. Demonstreer die regstellingsproses vir die leerders.

#### LEERDERS VOLTOOI DIE REDIGERINGSPROSES (JY DOEN):


1. Deel leerders se boeke uit.
2. Sê aan leerders om na hulle rofwerk / opstel van die skryfopdrag te blaai.
3. Sê aan leerders om deur die redigering kontrolelys te werk en verbeterings of regstellings te maak.
4. Terwyl leerders besig is om te skryf, beweeg in die klas rond en hou mini konferensies – maak seker jy werk saam met ’n verskillende groep leerders vir elke skryfopdrag.
5. Maak ’n nota van enige algemene foute wat leerders maak in hulle skryfwerk.
6. Kry die leerders se aandag en skryf die algemene foute op die swartbord neer.
7. Wys vir die leerders hoe om die foute reg te stel.

Julie 8 2020

Partykeer is dit moeilik om eerlik te wees: konsep

eenkeer het ek my broer se sokolade geet wat hy in die kaas gelos het. Ek sou kon sê dat ons ouers sy sokolade geet het. In plaas daarvan het ek die waarheid vertel dat ek die sokolade geet het.

Daarna was my broer kwaad, maar hy het gesê dat dit goed was dat ek hom die waarheid vertel het. As ek oneerlik was, sou hy 'n grot rusie met my ouers gehad het.
ek dink dit was reg om eerlik te wees, want my broer was net 'n bietjie kwaad. Hy sou meer kwad gewees het as hy uitgevind het dat ek gejok het. As ek nou daaraan dink, weet ek dat dit verkeerd vir my was om iets te neem wat nie myne was nie.



## Groep Begeleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ____________________________

1. Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 4** het.
2. Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minute terug na hul tafels.
5. Doen ’n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hulle gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Dinsdag

## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Hersien Klanke, Vermenging En Segmentasie

**EK DOEN ...**

1. Sê die klank**: pl**
2. Sê die woord: **plaak**
3. Segmenteer die woord in individuele klanke: **/pl/-/aa/-/k/**
4. Sê die beginklank van die woord: **/pl/**
5. Sê die tweede enkel klank van die woord: **/aa/**
6. Sê die endlklank van die woord: **/k/**
7. Skryf die woord op die swartbord: **plaak**
8. Demonstreer deur na die klanke te wys en saam te voeg, hoe die klanke 'n woord bou: **/pl/-/aa/-/k/ = plaak**

**ONS DOEN...**

1. Sê die klank**: pl**
2. Sê die woord: **pluis**
3. Vra leerders: Wat is die eerste klank in die woord? **/pl/**
4. Vra leerders: Wat is die tweede enkel klank in die woord? **/ui/**
5. Vra leerders: Wat is die laaste klank in die woord? **/s/**
6. Vra leerders om die woord in individuele klanke te segmenteer: **/pl/-/ui/-/s/**
7. Skryf die woord op die swartbord: **pluis**
8. Sê aan die leerders om die klanke in die woorde saam met jou, reg te saam te voeg: **/pl/-/ui/-/s/ = pluis**

**JY DOEN ...**

1. Sê aan leerders om hul boeke uit te haal en die datum en opskrif te skryf: **pl woorde.**
2. Sê nou aan leerders om in die kantlyn te nommer van 1–5.
3. Roep die volgende woorde uit:
    1. **plaas**
    2. **ploeg**
    3. **plaak**
    4. **plant**
    5. **pluis**
4. Leerders moet die woorde langs die korrekte nommer skryf en die teikenklank in elke woord onderstreep.

5 In die laaste twee minute van die les, skryf die korrekte woorde op die swartbord en onderstreep die teikenklanke.
6 Gee opdrag aan die leerders om hul eie werk met 'n kleurpotlood te korrigeer
7 Verduidelik aan leerders dat hul in die volgende les gaan leer hoe om hierdie klank in LOPENDE SKRIF te skryf.

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ____________________

Woorde: ____________________

____________________



## Handskrif: 15 minute

### Skryf letter(s) / woorde / sinne in lopende skrif

1 Leer leerders hoe om die lopende skrif letter(s) korrek te vorm: **pl**
2 Demonstreer hoe die letter(s) te skryf vir regshandige leerders en links-handige leerders.
3 Gee leerders nou opdrag om met 'n maat te werk en om die letter(s) op mekaar se rûe te skryf met hul vingers.
4 Gee leerders nou opdrag om die letter(s) op hul tafels te skryf met hul vingers.
5 Wys ten laatste weereens aan leerders op die swartbord, hoe om die letter(s) en woorde te vorm.
6 Leerders moet dan die klank/woorde/sinne in hul boeke skryf.
7 Leerders moet die teikenklanke onderstreep in al die woorde/sinne wat hul geskryf het.



plaak

plant

pluis

Boer Jan ploeg op sy plaas.

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

Sin: ______________________________

______________________________

## Gedeelde Lees:

15 Minute

### Aanvangslees

**BEGRIPSTRATEGIE: EK WONDER**


| Teks | Aanvangslees (Dink Hardop) |
|---|---|
| **<u>Die skaapwagter wat 'leeu'geskree het</u>**<br>Elke oggend sodra die son opkom, het Modise in die pad geval om die groenste gras vir<br>sy beeste te kry. Die hele dag lank, het hy sy beeste opgepas om hulle te beskerm teen gevaar. | **–** |
| Een aand, soos Modise naby sy huis is, stap hy verby 'n groep dorpenaars, hulle sit buite en gesels oor die nuusgebeure van die dag. | Ek **wonder** hoe hierdie gesprek Modise laat voel? Ek **wonder** of hy bang is dat 'n leeu sy beeste gaan aanval? |

| Teks | Aanvangslees (Dink Hardop) |
|---|---|
| "Ek hoor nog 'n leeu het uit die park ontsnap en 'n pasgebore kalf aangeval!" roep een van die dorpenaars uit.<br><br>"Ek het gelees van 'n wetenskaplike wat sê ons moet oë verf op die koeie se agterstewe om te probeer om hulle te beskerm teen leeu aanvalle!" lag 'n ander dorpenaar<br><br>"Wat gaan ons doen as die leeu die beeste van ons dorp kom aanval?" het 'n derde dorpenaar gewonder. | |
| Die volgende oggend stap Modise met sy beeste langs die grensdraad van die Makgadikgadi Panne Nasionale Park. Hy sien hoe 'n kameelperd aan 'n hoë boom eet. Hy wonder of leeus kameelperde aanval. Dan wonder hy wat sal gebeur as die leeus een van sy kosbare beeste sou aanval.<br><br>Hy roep uit, "Leeu! Leeu! Daar is 'n leeu wat my beeste jaag!" | Ek **wonder** wat gaan gebeur wanneer Modise skree 'leeu'? |
| Die dorpenaars kom aangehardloop om die seun te help om die leeu weg te jaag, maar toe hulle op die rand van die park aankom, is daar geen leeu en geen teken van 'n jaagtog nie. Modise kon nie help om te giggel toe hy sien hoe verward hul lyk nie.<br><br>"Moenie 'leeu' skree as daar nie 'n leeu is nie Modise!" mompel die dorpenaars, soos hulle wegloop. | O! Al die dorpenaars kom aangehardloop om Modise te help, maar daar is eintlik nie 'n leeu nie. Ek **wonder** hoe hulle voel wanneer hulle besef hulle is gekul. |
| Die volgende middag, raak Modise verveeld terwyl hy by die kremetartboom sit en kyk hoe sy beeste wei. Hy giggel by homself toe hy dink hoe verward die dorpenaars se gesigte gelyk het toe hulle besef dit was net 'n verneukspul. Hy besluit dit sal snaaks wees om hulle weer te kul.<br><br>Hy haal diep asem en skree "Leeu! Leeu! Daar is 'n leeu wat my beeste jaag!" | Ek **wonder** wat gaan gebeur as hy vandag 'leeu' skree, want hy het net gister die dorpenaars gekul? Ek **wonder** of hulle weer aangehardloop gaan kom? |
| Die dorpenaars kom aangehardloop om die leeu weg te jaag, maar toe hulle by die kremetartboom aankom is daar weer nie 'n teken van 'n leeu of 'n teken van 'n jaagtog nie. Modise lag hierdie keer kliphard toe hy sien hoe geirriteerd hulle is.<br><br>"Moenie 'leeu' skree as daar nie 'n leeu is nie!" skree een van die dorpenaars.<br><br>"Dit is onbeskof en oneerbiedig van jou om ons te kul!" skree 'n ander dorpenaar soos sy wegloop. | Ek **wonder** hoe die dorpenaars voel wanneer hulle besef Modise het hulle weer gekul? |

WEEK 4

| Teks | Aanvangslees (Dink Hardop) |
|---|---|
| Die volgende dag neem Modise sy beeste na die rivierbedding om water te drink. Hy sit en dagdroom oor sy snaakse skelmstreke wat hy op die dorpenaars uitgehaal het.<br><br>Skielik, is iets nie reg nie. Hy word bewus van die koeie se harde gebulk. Hulle klokke lui hard soos hulle in alle rigtings hardloop. Net toe, spring 'n leeuwyfie uit die bos na die naaste pasgebore kalfie. Modise kan nie sy oë glo nie.<br><br>"Leeu! Leeu! Daar is 'n leeu wat my beeste jaag!" skree Modise benoud. | Agge nee – nou is daar regtig 'n leeu! Ek **wonder** of die dorpenaars hierdie keer aangehardloop gaan kom? |
| Hierdie keer, kom niemand aangehardloop nie. Die dorpenaars dink Modise wil hulle weer kul. | Ek **wonder** hoekom niemand hierdie keer gekom het nie? Dit moet wees omdat hy hulle twee maal gekul het en nou glo niemand hom nie! |
| Teen sononder, begin die dorpenaars wonder hoekom Modise nie huis toe kom nie. Hulle soek en soek totdat hulle hom kry waar hy sit en huil – te bang om te beweeg. Die leeu sit by haar prooi, haar gesig vol bloed.<br><br>"Daar was regtig 'n leeu hier! My trop het weggehardloop! Ek het 'leeu' geskree! Hoekom het julle nie gekom nie?" vra Modise bewerig. | – |
| 'n Ou man probeer die seun troos soos hulle terugloop dorp toe.<br><br>"Ons sal môre oggend vir jou help om jou beeste op te spoor" sê hy en sit sy arm om Modise se skouers. "Niemand het kom help nie, want niemand glo 'n leuenaar nie ... selfs wanneer hulle die waarheid praat!"<br><br>Van daardie dag af het Modise besluit om nooit weer die dorpenaars te kul nie. | Ek **wonder** of Modise wens hy het eerder nie die dorpenaars gekul nie? |

| **Opvolg vrae** | **Moontlike antwoordeonses** |
|---|---|
| Hoeveel maal het Modise die dorpenaars gekul? | Hy het hul twee maal gekul. |
| Wat se dier het Modise se beeste aangeval? | 'n Leeu het die beeste gejaag. |
| **Hoekom vrae** | **Moontlike antwoorde** |
| Hoekom het die dorpenaars nie aangehardloop gekom toe die leeu Modise se beeste aanval nie? | • Omdat Modise twee maal 'leeu' geskree het, maar daar was nie regtig 'n 'leeu' nie!<br>• Omdat Modise hulle twee maal gekul het en hulle hom nie meer geglo het nie.<br>• Omdat dit geklink het asof Modise jok, selfs al het hy die waarheid gepraat.<br>• Omdat niemand 'n leuenaar glo nie – selfs wanneer hulle die waarheid praat. |



## Groep Begeleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ____________________________

1. Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 4** het.
2. Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5. Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Woensdag

## Mondelinge Aktiwiteite

15 minute

### TEMA WOORDESKAT

**1** Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
**2** Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
- gehinder
- geïrriteerd
- nood

| **Rympie of liedjie *(Op die wysie van Vader Jakob)*** | **Aksies** |
|---|---|
| Praat die waarheid, praat die waarheid | *Swaai jou wysvinger om 'ja' te wys* |
| Waarheid bo, waarheid bo, | *Hou jou duim in die lug om te wys dit is die beste* |
| Dit is die beste, dit is die beste, | *Hou jou duim in die lug om te wys dit is die beste* |
| Altyd so, altyd so! | *Hou jou duim in die lug om te wys dit is die beste* |

### KREATIEWE STORIEVERTEL



**1** Verdeel leerders in hul klein groepe.
**2** Gee aan elk 'n kopie van die kreatiewe storievertel prentjies.
**3** Sê aan leerders om te dink aan 'n storie wat by die prentjies pas.
**4** Gee aan leerders 'n minuut of twee om oor hul idees te dink.
**5** Vervolgens moet elke leerder in die groep 'n kans kry om te draai en hul weergawe van die storie te deel.
**6** Herinner leerders daaraan dat hul storie kreatief moet wees, maar ook by die prentjies moet pas!
**7** Herinner leerders om aandagtig na mekaar se stories te luister.
**8** Bedank die leerders dat hulle hul stories gedeel het.

# Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

## Hersien Klanke, Vermenging En Segmentasie

### EK DOEN …

1. Sê die klank: **pr**
2. Sê die woord: **praat**
3. Segmenteer die woord in individuele klanke: **/pr/-/aa/-/t/**
4. Sê die beginklank van die woord: **/pr/**
5. Sê die tweede enkel klank van die woord: **/aa/**
6. Sê die endlklank van die woord: **/t/**
7. Skryf die woord op die swartbord: **praat**
8. Demonstreer deur na die klanke te wys en saam te voeg, hoe die klanke 'n woord bou: : **/pr/-/aa/-/t/** = **praat**

### ONS DOEN …

1. Sê die klank: **pr**
2. Sê die woord: **pruik**
3. Vra leerders: Wat is die eerste klank in die woord? **/pr/**
4. Vra leerders: Wat is die tweede enkel klank in die woord? **/ui/**
5. Vra leerders: Wat is laaste klank in die woord? **/k/**
6. Vra leerders om die oorpronklike woord in individuele klanke te segmenteer: **/pr/-/ui/-/k/**
7. Skryf die woord op die swartbord: **pruik**
8. Sê aan die leerders om die klanke in die woorde saam met jou reg te saam te voeg: **/pr/-/ui/-/k/** = **pruik**

### JY DOEN …

1. Sê aan leerders om hul boeke uit te haal en die datum en opskrif te skryf: **pr woorde.**
2. Sê nou aan leerders om in die kantlyn te nommer van 1–5.
3. Roep die volgende woorde uit:
   1. **proe**
   2. **pruik**
   3. **praat**
   4. **pret**
   5. **prooi**
4. Leerders moet die woorde langs die korrekte nommer skryf en die teikenklank in elke woord onderstreep.
5. In die laaste twee minute van die les, skryf die korrekte woorde op die swartbord en onderstreep die teikenklanke.

6 Gee opdrag aan die leerders om hul eie werk met ’n kleurpotlood te korrigeer
7 Verduidelik aan leerders dat hul in die volgende les gaan leer hoe om hierdie klank in LOPENDE SKRIF te skryf.

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________


______________________________

## Handskrif:

15 minute

### Skryf letter(s) / woorde / sinne in lopende skrif

1. Leer leerders hoe om die klein letters in lopende skrif letter(s) korrek te vorm: **pr**
2. Demonstreer hoe die letter(s) te skryf vir regshandige leerders en links-handige leerders.
3. Gee leerders nou opdrag om met ’n maat te werk en om die letter(s) op mekaar se rûe te skryf met hul vingers.
4. Gee leerders nou opdrag om die letter(s) op hul tafels te skryf met hul vingers.
5. Wys ten laatste weereens aan leerders op die swartbord, hoe om die letter(s) en woorde te vorm.
6. Leerders moet dan die klank/woorde/sinne in hul boeke skryf.
7. Leerders moet die teikenklanke <u>onderstreep</u> in al die woorde/sinne wat hul geskryf het.



*pret*

*prooi*

*Thandi praat baie in die klas.*

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

Sin: ______________________________

______________________________

## Skryfwerk:

30 minute

### Publiseer en bied aan

**ONDERWERP:** Skryf oor 'n tyd toe jy besluit het om eerlik te wees oor iets al was dit baie moeilik.

**OPDRAG:** Skryf ten minste 10 sinne wat in twee paragrawe verdeel is.

**SKRYFRAAMWERK:**

Eenkeer ...

Ek kon gesê het dat ...

Ek wou jok want ...

Maar ek ...

Daarna ...

As ek oneerlik was ...

Ek dink dit was die regte / verkeerde besluit om eerlik te wees want ...

As ek nou daaroor dink ...

**VOORBEREIDING:** Skryf die opstel wat jy Maandag geredigeer het op die swartbord voor die begin van die les.

#### DEMONSTREER DIE PUBLISERINGSPROSES (EK DOEN)

1 Herinner die leerders dat hulle Maandag die geredigeerde kontrolelys gebruik het om hulle werk te verbeter en reg te stel.
2 Sê aan die leerders dat hulle vandag hulle voltooide werk gaan publiseer en gaan aan bied.
3 Wys aan die leerders hoe jy jou rofwerk / opstel herskryf met die titel en die datum.

#### LEERDERS VOLTOOI DIE REDEGERINGSPROSES (JY DOEN)

1 Deel leerders se boeke uit.
2 Vertel leerders om die datum en opskrif neer te skryf: **Die keer toe ek gejok het.**
3 Sê aan leerders dat hulle, hulle finale skryfwerk sonder enige foute moet neer skryf.
4 Sê aan leerders dat hulle 'n prent kan teken indien hulle genoeg tyd het.
5 Terwyl leerders besig is om te skryf beweeg in die klas rond en help leerders wat sukkel.

**LEERDERS BIED HULLE SKRYFWERK AAN**

1. In die laaste 5 minute van die les sê aan die leerders om hulle penne en potlode neer te sit en te luister.
2. Sê aan leerders om te **'draai en te praat'** en hulle skryfwerk vir hulle maat te lees.
3. Roep een of twee leerders na vore om hulle skryfwerk hardop vir die klas te lees.
4. Vertoon die leerders se skryfwerk in die klas waar hulle mekaar se skryfwerk kan lees.


Julie 15 2020

Partykeer is dit moeilik om eerlik te wees

Eenkeer het ek my broer se sjokolade geëet wat hy in die kas gebêre het. Ek sou kon sê dat ons suster sy sjokolade geëet het. In plaas daarvan het ek die waarheid vertel dat ek die sjokolade geëet het.

Daarna was my broer kwaad, maar hy het gesê dat dit goed was dat ek hom die waarheid vertel het. As ek oneerlik was, sou hy 'n groot rusie met my suster gehad het.
Ek dink dit was reg om eerlik te wees, want my broer was net 'n bietjie kwaad. Hy sou meer kwaad gewees het as hy uitgevind het dat ek gejok het. As ek nou daaraan dink, weet ek dat dit verkeerd vir my was om iets te neem wat nie myne was nie.

WEEK 4



## Groep Begeleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ______________________________

1. Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 4** het.
2. Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minute terug na hul tafels.
5. Doen ’n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hulle gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Donderdag

## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Letter Ruil

**EK DOEN …**

1 Verduidelik dat ons vandag gaan oefen om vir klein verskille in woorde te soek. Dit help ons om beter lesers te wees.
2 Skryf die twee woorde op die swartbord: **plaas, plaak**
3 Demonstreer aan leerders hoe jy die verskille vind, bv.: **plaas, plaak**
4 Verduidelik die verskil, bv. die **/s/** en **/k/** klanke is verskillend, maar die res van die woord is dieselfde!

**ONS DOEN …**

**DEEL 1**

1 Skryf die twee woorde op die swartbord: **prooi, proe**
2 Vra leerders: Wat is die verskil tussen die twee woorde?
3 Vra 'n leerder om die verskil tussen die twee woorde te kom onderstreep, bv.: **prooi, proe**
4 Verduidelik die verskil tussen die twee woorde.

**DEEL 2**

1 Skryf nou die volgende woord op die swartbord: **plaas**
2 Vra leerders: **Wat is een letter in die woord wat jy kan uitruil om 'n ander woord te bou?**
3 Skryf 'n lys van leerders se idees om die swartbord, bv **: plaak, kaas, plas, pluis**

**JY DOEN …**

1 Skryf die woord op die swartbord: **prooi**
2 Gee aan leerders instruksie om soveel woorde as wat hul kan, te maak, deur slegs een klank in die woorde te vervang.
3 Roep nou leerders na die swartbord om een van hul eie woorde neer te skryf.
4 Gaan deur die woorde, en verduidelik watter klank uitgeruil is.
**proe, plooi, vlooi, rooi**

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

## Gedeelde Lees:

15 minute

### Tweede Lees

**LEESSTRATEGIE: MAAK AFLEIDINGS**


| Teks | Tweede lees (Dink Hardop) |
|---|---|
| **<u>Die skaapwagter wat 'leeu' geskree het</u>**<br>Elke oggend sodra die son opkom, het Modise in die pad geval om die groenste gras vir<br>sy beeste te kry. Die hele dag lank, het hy sy beeste opgepas om hulle te beskerm teen gevaar. | – |
| Een aand, soos Modise naby sy huis is, stap hy verby 'n groep dorpenaars, hulle sit buite en gesels oor die nuusgebeure van die dag.<br>"Ek hoor nog 'n leeu het uit die park ontsnap en 'n pasgebore kalf aangeval!" roep een van die dorpenaars uit.<br>"Ek het gelees van 'n wetenskaplike wat sê ons moet oë verf op die koeie se agterstewe om te probeer om hulle te beskerm teen leeu aanvalle!" lag 'n ander dorpenaar<br>"Wat gaan ons doen as die leeu die beeste van ons dorp kom aanval?" het 'n derde dorpenaar gewonder. | Ek kan **aflei** dat die dorpenaars bekommerd is dat die leeu hul beeste gaan aanval – net soos wat hulle gehoor het. |
| Die volgende oggend stap Modise met sy beeste langs die grensdraad van die Makgadikgadi Panne Nasionale Park. Hy sien hoe 'n kameelperd aan 'n hoë boom eet. Hy wonder of leeus kameelperde aanval. Dan wonder hy wat sal gebeur as die leeus een van sy kosbare beeste sou aanval.<br>Hy roep uit, "Leeu! Leeu! Daar is 'n leeu wat my beeste jaag!" | Ek kan **aflei** dat Modise nuuskierig is om te sien wat gaan gebeur as 'n leeu sou aanval! |
| Die dorpenaars kom aangehardloop om die seun te help om die leeu weg te jaag, maar toe hulle op die rand van die park aankom, is daar geen leeu en geen teken van 'n jaagtog nie. Modise kon nie help om te giggel toe hy sien hoe verward hul lyk nie. | Ek kan **aflei** dat die dorpenaars vies voel, want hulle loop weg en mompel. |

| Teks | Tweede lees (Dink Hardop) |
|---|---|
| "Moenie 'leeu' skree as daar nie 'n leeu is nie Modise!" mompel die dorpenaars, soos hulle wegloop. | |
| Die volgende middag, raak Modise verveeld terwyl hy by die kremetartboom sit en kyk hoe sy beeste wei. Hy giggel by homself toe hy dink hoe verward die dorpenaars se gesigte gelyk het toe hulle besef dit was net 'n verneukspul. Hy besluit dit sal snaaks wees om hulle weer te kul.<br><br>Hy haal diep asem en skree "Leeu! Leeu! Daar is 'n leeu wat my beeste jaag!" | Ek **lei af** dat dit vir Modise snaaks is om die dorpenaars te kul, want dit laat hom giggel. |
| Die dorpenaars kom aangehardloop om die leeu weg te jaag, maar toe hulle by die kremetartboom aankom is daar weer nie 'n teken van 'n leeu of 'n teken van 'n jaagtog nie. Modise lag hierdie keer kliphard toe hy sien hoe geirriteerd hulle is.<br><br>"Moenie 'leeu' skree as daar nie 'n leeu is nie!" skree een van die dorpenaars.<br><br>"Dit is onbeskof en oneerbiedig van jou om ons te kul!" skree 'n ander dorpenaar soos sy wegloop. | Dink net hoe geirriteerd die dorpenaars moet voel! Hulle was die eerste maal geirriteerd, nou is hulle vir 'n tweede maal gevang! |
| Die volgende dag neem Modise sy beeste na die rivierbedding om water te drink. Hy sit en dagdroom oor sy snaakse skelmstreke wat hy op die dorpenaars uitgehaal het.<br><br>Skielik, is iets nie reg nie. Hy word bewus van die koeie se harde gebulk. Hulle klokke lui hard soos hulle in alle rigtings hardloop. Net toe, spring 'n leeuwyfie uit die bos na die naaste pasgebore kalfie. Modise kan nie sy oë glo nie.<br><br>"Leeu! Leeu! Daar is 'n leeu wat my beeste jaag!" skree Modise benoud. | – |
| Hierdie keer, kom niemand aangehardloop nie. Die dorpenaars dink Modise wil hulle weer kul. | Ek **lei af** dat toe die dorpenaars Modise se gille hoor, het hulle hulle oë gerol en hom geignoreer! |
| Teen sononder, begin die dorpenaars wonder hoekom Modise nie huis toe kom nie. Hulle soek en soek totdat hulle hom kry waar hy sit en huil – te bang om te beweeg. Die leeu sit by haar prooi, haar gesig vol bloed.<br><br>"Daar was regtig 'n leeu hier! My trop het weggehardloop! Ek het 'leeu' geskree! Hoekom het julle nie gekom nie?" vra Modise bewerig. | Dit is 'n goeie ding die dorpenaars kan die leeu met haar prooi sien – anders het hulle dalk gedink hy jok weer vir hulle! |

WEEK 4

| Teks | Tweede lees (Dink Hardop) |
|---|---|
| 'n Ou man probeer die seun troos soos hulle terugloop dorp toe.<br>"Ons sal môre oggend vir jou help om jou beeste op te spoor" sê hy en sit sy arm om Modise se skouers. "Niemand het kom help nie, want niemand glo 'n leuenaar nie … selfs wanneer hulle die waarheid praat!"<br>Van daardie dag af het Modise besluit om nooit weer die dorpenaars te kul nie. | Ek **lei af** dat Modise sy les geleer het, want hy besluit om nie weer die dorpenaars te kul nie. Wanneer jy die heeltyd jok, glo mense jou nie wanneer jy wel die waarheid praat nie! |

| Opvolg vrae | Moontlike antwoorde |
|---|---|
| Watter leuen het Modise vertel? | Hy het die leuen vertel dat die leeu sy beeste jaag, selfs al het hy nie. |
| Naby aan watter nasionale park kan jy aflei woon Modise? | Ek kan aflei dat Modise naby die Makgadikgadi Panne Nasionale Park woon, want hy loop met sy beeste langs die grensdraad. |
| **Hoekom vrae** | **Moontlike antwoorde** |
| Hoekom het Modise besluit om die dorpenaars nie weer te kul nie? | • Omdat hy besef het dit laat hul ongerespekteerd/ontsteld/geirriteerd voel.<br>• Omdat hy besef het dat toe hy hulle gekul het, het dit beteken dat toe hy hulle regtig nodig gehad het het hulle nie gekom nie.<br>• Omdat hy gesien het om mense te kul het negatiewe gevolge. |



## Groep Begeleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ______________________________

1. Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 4** het.
2. Verduidelik **Donderdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5. Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Donderdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

# Vrydag

## Mondelinge Aktiwiteite 15 minute

### TEMA WOORDESKAT

1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
- gevolg
- bedrieg
- ignoreer

| **Rympie of liedjie *(Op die wysie van Vader Jakob)*** | **Aksies** |
|---|---|
| Praat die waarheid, praat die waarheid | *Swaai jou wysvinger om 'ja' te wys* |
| Waarheid bo, waarheid bo, | *Hou jou duim in die lug om te wys dit is die beste* |
| Dit is die beste, dit is die beste, | *Hou jou duim in die lug om te wys dit is die beste* |
| Altyd so, altyd so! | *Hou jou duim in die lug om te wys dit is die beste* |

### BESPREKING VAN GEDEELDE LEES TEKS

1 Skryf die besprekingsraamwerk op die swartbord:
In die storie …
Die gevolg van Modise se oneerlikheid was...
Ek dink die doel van die storie was om my te leer dat...
2 Lees die besprekingsraamwerk aan die leerders.
3 Verdeel leerders in hul **klein groepe**.
4 Sê aan leerders dat elkeen 'n beurt moet kry om elke besprekingsvraag te antwoord.
5 Roep die klas tot aandag.
6 Vra verskillende leerders of 'n spesifieke groep om hul antwoorde te deel.
7 Korrigeer die antwoorde indien hul verkeerd is.
8 Bedank die leerders vir hul bydrae.

## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Woordsoek

Skryf die tabel op die bord wat vorige aangeleerde klanke insluit, sowel as die klanke wat op Dinsdag en Woensdag geleer is.

| | | |
|---|---|---|
| **pl** | **pr** | **s** |
| **a** | **o** | **g** |
| **k** | **e** | **t** |
| **n** | **u** | **i** |

#### DEMONSTREER

1. Herinner leerders aan die klanke van die week: **/pl/** en **/pr/**
2. Hersien al die klanke en samevoegings op die swartbord.
3. Gee aan leerders 3 minute om soveel woorde as hul kan te maak met die klanke en samevoegings hierbo.
4. Wys aan leerders hoe om ’n woord te bou deur die teikenklank te gebruik, bv.: **/pr/-/e/-/t/** = **pret**
5. Herinner leerder dat hul ’n woord kan bou deur enige van die klanke te gebruik – hulle het nie nodig om **/pl/** of **/pr/** te gebruik nie.
6. Wys leerders hoe om nog ’n woord te bou, bv.: **/s/-/o/-/g/** = **sog**

#### LEERDERS DOEN

1. Sê aan die leerders om hul boeke oop te maak en die opskrif te skryf: **pl, pr**
2. Gee aan leerders opdrag om te begin skryf.
3. Gee leerders 3 minute om soveel as moontlik woorde te vind en bou as wat hulle kan.
4. Gee aan leerders die geleentheid om hul eie werk te korrigeer. Wys aan leerders hoe om hierdie woorde (en ander) te bou: **plaas, ploeg, plaak, plant, pluis, proe, pruik, praat, pret, prooi, sog, sus, kaas, sien, snik, stok, skoen**

#### ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM

Klank/e: ____________________________________________

Woorde: ____________________________________________

____________________________________________________

## Gedeelde Lees: 15 minute

### Na-Lees

**BEGRIPSTRATEGIE: SOM OP / VISUALISEER**

**ILLUSTREER DIE STORIE**

1 Laat die leerders by hulle banke gaan sit. Deel hulle boeke of ’n skoon vel papier uit. Hulle moet hulle potlode en kryte gereed hê.
2 **Verduidelik** aan die leerders dat hulle ’n karakter in die storie se denke en gevoelens **gaan teken en daaroor skryf**.
3 **Demonstreer** hoe jy **’n karakter kies en aflei waaroor hulle dink en wat hulle voel** soos: Modise het naby die wildtuin gewoon. Hy het sy vee langs die hek laat wei. Daar was wilde diere in die wildtuin! Hy het ’n kameelperd gesien. Hy was bang dat as hy ’n wilde dier sien dat daar nog wilde diere naby sal wees.
4 Teken ’n prent op die swartbord van Modise wat langs die heining by sy vee sit en sneuweeagtig lyk.
5 **Demonstreer** hoe jy ’n denk borrel met een of twee sinne binne in by jou tekening byvoeg soos: Ek wonder of daar leeus is. Ek voel seenuweeagtig.!
6 Verduidelik aan die leerders dat hulle nou ’n karakter gaan kies en gaan aflei waaroor hulle dink en wat hulle voel.
7 Vertel die leerders om hul oë toe te maak en te ontspan. Lees die storie nog een keer vir die leerders.
8 Vertel die leerders om hulle oë oop te maak en hulle idees te teken.
9 Gee die leerders instruksie **om te draai en met ’n maat te praat** oor hul tekeninge.

## Groep Begeleide Lees 30 minute

**GROEPE: ____________________________**

1 Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 4** het.
2 Verduidelik **Vrydag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul tafels.
5 Doen ’n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Vrydag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hulle gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

## Week-eind taal onderrig hersiening

15 minute

1. Laat leerders op die mat sit aan die einde van die dag.
2. Voer die weeklikse taal oorsig sessie uit. Jy kan kies om Huistaal en Eerste Addisionele Taal in hierdie verslag te kombineer.
3. Onthou om die leerders toe te laat om om te "Draai en Praat" en hul antwoorde met maats te bespreek. Kies dan 'n paar leerders om hul antwoorde met die klas te deel.
4. Gebruik die volgende leidende vrae om die taal gedeelte van julle bespreking te lei:
   - a **Wat was ons taal tema vir die week?**
   - b **Watter stories het ons saam gelees?**
   - c **Wat was jou gunsteling nuwe woorde vir die week?**
   - d **Wat het jy geleer van die stories wat ons gelees het?**
   - e **Waaroor het ons geskryf die week?**
   - f **Hoe het jou eie skryfwerk verbeter die week?**
   - g **Hoe het jou eie leeswerk verbeter die week?**
   - h **Waaroor is jy die trotste die week?**
5. Ten einde, sê aan die leerders om aan twee dinge te dink wat hulle aan hul families gaan vertel oor wat hulle geleer het of hoe hulle verbeter het gedurende die week by die skool.

*Let wel: Hierdie proses van self evaluasie en refleksie is 'n krities belangrike deel van leer. Moet asseblief nie die weeklikse aktiwiteit oorslaan nie.*

# Graad 3

## TERMYN 3

# Week 5

# TEMA:

## Los probleme op

## Klaskamer Voorbereiding

1. Aan die begin van die week maak seker dat jou klaskamer netjies en skoon is.
2. Opdateer jou vertoonborde deur items wat nie meer relevant is nie te verwyder en dit netjies en versigtig weg te bêre.
3. Volgende moet jy die flitskaart woorde, tema woorde en illustrasies wat jy gaan gebruik voorberei.
4. Vind en berei items voor vir jou temamuur en tafel wat jou leerders interessant sal vind byvoorbeeld: Prente en onderskrifte van beroemde leiers en probleemoplossers.
5. Doen navorsing op die internet om voor te berei vir die tema. Byvoorbeeld: Maniere om kinders te help om probleme op te los. Verduidelik verskillende strategieë aan die leerders om interpersoonlike probleme op te los.
6. Maak seker dat alle leerders se Boeke / DBO Werkboeke netjies gebêre is waar hulle hoort.
7. Maak seker dat al jou grootboeke, graad leesboeke en klas biblioteek boeke in goeie toestand is.
8. Pas jou Groep Begeleide Lees groepe aan indien nodig.
9. Beplan jou formele en informele assesseringsaktiwiteite vir die week.

## Uitbreidingsaktiwiteite

Hierdie aktiwiteite kan gebruik word as onafhanklike werk vir leerders wat hul werk vroeg klaarkry OF terwyl jy leerders assesseer.

**Aktiwiteit 1:** DBO Werkboek 2: Bladsy 24, Ons doen

**Aktiwiteit 2:** DBO Werkboek 2: Bladsy 26, Ons lees & Bladsy 27, Ons doen

**Aktiwiteit 3:** DBO Werkboek 2: Bladsy 28 & 29, Ons skryf

**Aktiwiteit 4:** Teken ’n prent van ’n probleem wat jy in die verlede opgelos het.

# Maandag

## Mondelinge Aktiwiteite

15 minute

### STEL DIE TEMA BEKEND: ASSESSEER VORIGE KENNIS

1. Wys aan leerders die voorblad van die Grootboek storie: William se briljante windpomp
2. Vertel aan leerders dat ons 'n nuwe tema begin: Los probleme op
3. Teken 'n sirkel met die naam van die **tema** in die middel van die swartbord.
4. Vra aan leerders: *Wat weet julle reeds van die tema?*
5. Skryf die leerders se idees neer rondom die breinkaart. Groepeer soortgelyke idees bymekaar.
6. Indien leerders sukkel om te antwoord, vra die volgende leidende vrae:
   a. Watter verskillende probleme is daar om op te los?
   b. Wie los probleme op?
   c. Watse verskillende maniere is daar om probleme op te los?

### TEMA WOORDESKAT

1. Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2. Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
   - windpomp
   - krag
   - ingenieur
   - ingenieurswese

| Rympie of liedjie | Aksies |
|---|---|
| Kom ons krap saam kop, | *Frons en krap jou kop soos jy dink* |
| So kan ons sorg dat ons probleme by die deur uit hop, | *Waai met jou hand die probleme by die deur uit* |
| Want twee koppe is beter as een, | *Druk jul koppe twee twee teen mekaar* |
| Dit gaan binnekort oplossings begin reën. | *Kyk op en wys hoe dit "oplossings" reën* |



## Handskrif

15 minute

1. Vra die leerders om hulle boeke oop te maak en die datum en die opskrif **Enkelvoud na Meervoud Woorde** neer te skryf.
2. Sê aan die leerders om 1–6 in die kantlyn te skryf en om 'n lyn tussen elke nommer oop te los.

3 Lees die woorde wat onder gelys is hardop aan die leerders. Leerders moet die woorde langs die regte nommer neer skryf.

**<u>Enkelvoud na Meervoud Woorde</u>**

- muis
- luis
- lewe
- vrou
- skaap
- vis

4 Sê aan die leerders om elke woord oor te skryf as meervoude onder die enkelvoud woord.

5 In die laaste 5 minute van die les skryf die korrekte sinne op die swartbord neer. Sê die klanke hardop en verduidelik die lopende skrif proses terwyl jy skryf.

6 Vra die leerders om enige patrone wat hulle kan sien uit te wys soos waar die woorde verander.

7 Onderstreep die patrone soos volg:

**<u>Enkelvoud na Meervoud Woorde</u>**

1. muis
   <u>muise</u>
2. luis
   <u>luise</u>
3. lewe
   <u>lewens</u>
4. vrou
   <u>vrouens</u>
5. skaap
   <u>skape</u>
6. vis
   <u>visse</u>

8 Sê aan die leerders om aan die patrone te dink as hulle lees en skryf.

9 Sê aan die leerders om ’n gekleurde potlood te neem en hulle eie werk te korrigeer.

## ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

## Gedeelde Lees: 15 minute

### Voorlees

**BEGRIPSTRATEGIE: VOORSPEL**

1. Laat leerders op die mat sit sodat hulle die Grootboek kan sien.
2. Maak die Grootboek oop by die storie: William se briljante windpomp
3. Gaan deur die prente van elke bladsy en vra leerders wat hulle dink gaan gebeur.
4. Help leerders om die prentjies met mekaar te verbind, sodat hulle 'n goeie idee het waaroor die storie gaan.
5. Stel nuwe woorde bekend by die relevante dele van die storie.
6. Lees die storie een maal deur sonder om te stop.

## Skryfwerk: 30 minute

### Beplan En Berei Voor

**ONDERWERP:** Dink aan een van die stories wat ons al die jaar gelees het. Skryf 'n brief aan 'n maat of familielid oor die probleem in the die storie en hoe die probleem opgelos is.

**OPDRAG:** Skryf 'n brief van ten minste 10 sinne.

**BEPLANNINGSTRATEGIE:** Maak 'n lys



**STEL DIE SKRYF ONDERWERP BEKEND**

1. Wys aan leerders dat jy **dink voordat jy skryf.**
2. Mondelings, verduidelik jou idees vir jou paragrawe, soos:
   *Meeste stories het een of ander probleem wat opgelos word. Ek het van die storie wat ons verlede termyn oor Timeo gelees het gehou. Ek onthou dat al die lede van sy gesin op dieselfde dag afgeknou is. Hulle het almal sleg gevoel. Timeo kon nie die afknouery stop nie maar hy het die probleem van hulle wat sleg voel op gelos. Hy het na hulle geluister en verbindings tussen hulle probleme gevind.*

**DEMONSTREER DIE BEPLANNINGSTRATEGIE (EK DOEN):**

1. Skryf die beplanningsraam aan die eenkant van die swartbord.
2. Wys aan die leerders hoe jy 'n lys maak deur die vrae te beantwoord.
3. Voltooi die plan aan die anderkant van die swartbord.

| **<u>Beplannings Vrae</u>** | **<u>Plan</u>** |
|---|---|
| **Paragraaf 1**<br>**1** Watter storie gaan jy kies?<br>**2** Wat was die probleem?<br>**3** Hoe was die probleem opgelos?<br>**Paragraaf 2**<br>**1** Wat het jy van die storie gedink? Waarom?<br>**2** Wat het jy gedink van die manier waarop die probleem opgelos is? Waarom?<br>**3** Wat dink jy kan jy of die ontvanger van die brief van die storie leer? | **Paragraaf 1**<br>**1** Timeo help sy gesin.<br>**2** Die probleem was dat die lede van sy gesin op verskillende maniere afgeknou is.<br>**3** Timeo het sy gesin bymekaar geroep. Hy het hulle van sy afknou ervaring vertel. Hy het hulle gehelp om verbindings tussen hulle probleme te maak sodat hulle nie meer alleen gevoel het nie.<br>**Paragraaf 2**<br>**1** Ek het van die storie gehou want Timeo was ’n goeie pa.<br>**2** Ek het gedink dat die probleem op ’n goeie manier opgelos is. Hy kon nie wat in sy gesin se lewens gebeur het beheer nie maar hy kon hulle help deur na hulle te luister.<br>**3** Al kan ons nie al mekaar se probleme op los nie kan ons party probleme op los deur na mekaar se probleme te luister en daaroor te praat. |

## LEERDERS MAAK GEBRUIK VAN DIE BEPLANNINGSTRATEGIE (JY DOEN)

1. Vertel leerders om hulle oë toe te maak en te dink aan <u>’n storie wat hulle gelees het wat ’n probleem gehad het wat opgelos is.</u>
2. Sê aan leerders om **te draai en** met ’n maat **te praat** oor hulle eie stories.
3. Wys aan die leerders die beplanningsraam op die swartbord. Vertel leerders om die raam te gebruik om hulle skryfwerk te beplan, net soos jy vir hulle gedemonstreer het.
4. Deel leerders se boeke uit.
5. Vertel leerders dat hulle hulle eie idees moet neerskryf – hulle moet nie die onderwyser se voorbeeld afskryf nie.
6. Terwyl leerders besig is om te skryf beweeg rond in die klas en hou mini konferensies.


Plan

Paragraaf 1

1. Jojo se nuwe skool.
2. Die probleem was dat Jojo geboelie is by die nuwe skool.
3. Die winkelier het vir hom 'n paar sokkerstewels gegee en hy by die sokkerspan aangesluit. Hy is 'n baie goeie sokkerspeler.

Paragraaf 2

1. Ek het daarvan gehou, want Jojo kry nuwe stewels, hy sluit by die sokkerspan aan en die boelies hou op om gemeen te wees met hom.
2. Ek het gedink dit was goed. Die winkelier het hom gehelp met 'n idee en hy was baie gaaf.
3. Ons moet altyd probeer om mense te help en gaaf te wees, al ken jy nie eers die mense nie.



## Groep Begeleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ____________________

1. Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 5** het.
2. Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minute terug na hul tafels.
5. Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hulle gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

WEEK 5

# Dinsdag

## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Hersien Klanke, Vermenging En Segmentasie

**EK DOEN ...**

1. Sê die klank**: st**
2. Sê die woord: **stout**
3. Segmenteer die woord in individuele klanke: **/st/-/ou/-/t/**
4. Sê die beginklank van die woord: **/st/**
5. Sê die tweede enkel klank van die woord: **/ou/**
6. Sê die endlklank van die woord: **/t/**
7. Skryf die woord op die swartbord: **stout**
8. Demonstreer deur na die klanke te wys en saam te voeg, hoe die klanke 'n woord bou: **/st/-/ou/-/t/** = **stout**

**ONS DOEN...**

1. Sê die klank**: st**
2. Sê die woord: **stap**
3. Vra leerders: Wat is die eerste klank in die woord? **/st/**
4. Vra leerders: Wat is die tweede enkel klank in die woord? **/a/**
5. Vra leerders: Wat is die laaste klank in die woord? **/p/**
6. Vra leerders om die woord in individuele klanke te segmenteer: **/st/-/a/-/p/**
7. Skryf die woord op die swartbord: **stap**
8. Sê aan die leerders om die klanke in die woorde saam met jou, reg te saam te voeg: **/st/-/a/-/p/** = **stap**

**JY DOEN ...**

1. Sê aan leerders om hul boeke uit te haal en die datum en opskrif te skryf: **st woorde.**
2. Sê nou aan leerders om in die kantlyn te nommer van 1–5.
3. Roep die volgende woorde uit:
   1. **stoel**
   2. **stout**
   3. **steel**
   4. **stap**
   5. **strooi**
4. Leerders moet die woorde langs die korrekte nommer skryf en die teikenklank in elke woord onderstreep.

5 In die laaste twee minute van die les, skryf die korrekte woorde op die swartbord en onderstreep die teikenklanke.
6 Gee opdrag aan die leerders om hul eie werk met 'n kleurpotlood te korrigeer
7 Verduidelik aan leerders dat hul in die volgende les gaan leer hoe om hierdie klank in LOPENDE SKRIF te skryf.

### ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

## Handskrif: 15 minute

### Skryf letter(s) / woorde / sinne in lopende skrif

1 Leer leerders hoe om die lopende skrif letter(s) korrek te vorm: **st**
2 Demonstreer hoe die letter(s) te skryf vir regshandige leerders en links-handige leerders.
3 Gee leerders nou opdrag om met 'n maat te werk en om die letter(s) op mekaar se rûe te skryf met hul vingers.
4 Gee leerders nou opdrag om die letter(s) op hul tafels te skryf met hul vingers.
5 Wys ten laatste weereens aan leerders op die swartbord, hoe om die letter(s) en woorde te vorm.
6 Leerders moet dan die klank/woorde/sinne in hul boeke skryf.
7 Leerders moet die teikenklanke onderstreep in al die woorde/sinne wat hul geskryf het.




WEEK 5

*stap*

*strooi*

*My stoel het gebreek vandag.*

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ____________________________________________

Woorde: ____________________________________________

______________________________________________________

Sin: ________________________________________________

______________________________________________________

## Gedeelde Lees:

15 Minute

### Aanvangslees


**BEGRIPSTRATEGIE: MAAK AFLEIDINGS**

| Teks | Aanvangslees (Dink Hardop) |
|---|---|
| **<u>William se briljante windpomp</u>** | Mense reg oor die wêreld gebruik windpompe vir elektrisiteit. Ons sien gereeld windpompe naby aan water, want in Suid-Afrika gebruik mense gereeld windpompe om hulle waterpompe krag te gee! Ek wonder of hierdie storie oor elektrisiteit of water gaan? |
| Hierdie storie is gebasseer op die ware storie van William Kamkwamba. Willliam het sy kreatiwiteit gebruik om ander mense te help in 'n baie moeilike tyd! | – |
| William het grootgeword in 'n klein dorpie in Malawi, met die naam Wimbe. Toe William jonk was, was daar geen elektrisiteit in sy dorpie nie. Die mense in William se dorpie het staat gemaak op die reën om hul landerye nat te maak. | Kom ons **bepaal** die probleem in hierdie storie: daar was geen elektrisiteit in William se dorpie nie. |

| Teks | Aanvangslees (Dink Hardop) |
|---|---|
| Toe William 14 jaar oud was, het Malawi 'n vreeslike droogte beleef. Daar was nie genoeg kos nie en die mense in sy dorpie het begin om dood te gaan. William se familie het net genoeg kos gehad om elke aand 'n klein maaltyd te eet.<br><br>William is gedwing om die skool te verlaat toe sy ouers nie genoeg geld vir die skoolfonds gehad het nie. | O! Daar was nie net een probleem vir William nie … hy was verhonger en gedwing om die skool te verlaat. |
| In sy vrye tyd het, William daarvan gehou om biblioteek toe te gaan en te lees. Een dag kry William 'n boek met die titel *Om energie te gebruik*. Die boek het 'n groot windpomp op die voorblad gehad. Die boek het verduidelik dat windpompe gebruik kan word om energie op te wek. Die boek het ook aanwysings gegee hoe om 'n windpomp te bou.<br><br>Daardie dag het, William besluit om elektrisiteit en water na sy dorpie te bring deur dieselfde windpomp te gebruik. | Toe William die windpomp sien, dink ek hy het besef hy kan help om 'n groot probleem in Wimbe op te los! |
| Nietemin, was dit nie maklik vir William om al die materiale in die boek te vind nie. Terwyl ander kinders van sy ouderdom in die skool was, het William gesoek na materiale in die skrootwerf. William het ou trekkeronderdele, stukke van ou fietsrame, plastiese pype en selfs ou stukke yster gevind. | **Ek maak die afleiding** dat om die probleem op te los, nie maklik was vir William nie. Hy het gewerk en gewerk! |
| Op die dae wat William in die skrootwerf rondgesoek het, het mense hom mal genoem. Hulle het hom gespot. Hulle het vir hom gelag, maar William het nie toegelaat dat hierdie nare woorde hom stop nie, want hy was vasbeslote om 'n windpomp te bou. | – |
| By die huis het William die instruksies in sy boek gevolg en al die materiale wat hy opgetel het, gebruik om 'n klein windpomp te bou. Een aand het hy uiteindelik 'n plastiese pyp in die regte plek gesit en die windpomp het begin draai. | – |
| William se nuwe uitvinding het genoeg krag gemaak om vier gloeilampies te verlig en 'n radio in hulle huis te laat speel! William het die elektrisiteit gebruik om saans te lees wanneer dit donker was buite. Die ligte in hulle huis het hom vry laat voel. | Wow! William het gewerk en gewerk om 'n klein windpomp te bou. **Ek maak die afleiding** dat hy baie slim mens is. |

| **Teks** | **Aanvangslees (Dink Hardop)** |
|---|---|
| William wou meer doen as om net elektrisiteit na sy dorpie te bring – William wou seker maak al die mense in sy dorpie het elektrisiteit en water vir hulle landerye. William het gewerk en gewerk om 'n groot windpomp in die middel van Wimbe te bou. Met die krag van sy tweede windpomp het hy water uit 'n diep put gepomp. Dit het beteken dat Wimbe se boere nie hoef te gewag het vir die reën nie – daar was altyd water vir hulle landerye! | William het geweet dat ander mense in sy dorpie net so swaar kry soos hy. Ek dink William het die **afleiding gemaak** dat dit nie goed genoeg was om net homself te help nie, hy moes die ander mense ook help! |
| William werk steeds hard om seker te maak dat alle mense toegang het tot water en elektrisiteit. | William is steeds vasbeslote om probleme op te los en ander mense te help. |

| **Opvolg vrae** | **Moontlike antwoordeonses** |
|---|---|
| Wat het William se eerste windpomp krag gegee? | Dit het krag gegee vir vier gloeilampe en 'n radio in hulle huis. |
| Wat het William se tweede windpomp krag gegee? | Dit het krag gegee vir 'n diep waterput vir die hele dorpie. |
| **Hoekom vrae** | **Moontlike antwoorde** |
| Hoekom wou William die probleem van elektrisiteit in sy gemeenskap oplos? | • Omdat hy saans wou lees.<br>• Omdat hy wou seker maak dat boere water vir hulle landerye het.<br>• Omdat hy almal in sy gemeenskap wou help – nie net homself nie. |



## Groep Begeleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ______________________________

1. Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 5** het.
2. Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5. Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Woensdag

## Mondelinge Aktiwiteite 15 minute

### TEMA WOORDESKAT

1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
- hongersnood
- droogte
- om honger to lei

| Rympie of liedjie | Aksies |
|---|---|
| Kom ons krap saam kop, | *Frons en krap jou kop soos jy dink* |
| So kan ons sorg dat ons probleme by die deur uit hop, | *Waai met jou hand die probleme by die deur uit* |
| Want twee koppe is beter as een, | *Druk jul koppe twee twee teen mekaar* |
| Dit gaan binnekort oplossings begin reën. | *Kyk op en wys hoe dit "oplossings" reën* |



### KREATIEWE STORIEVERTEL

1 Verdeel leerders in hul klein groepe.
2 Gee aan elk 'n kopie van die kreatiewe storievertel prentjies.
3 Sê aan leerders om te dink aan 'n storie wat by die prentjies pas.
4 Gee aan leerders 'n minuut of twee om oor hul idees te dink.
5 Vervolgens moet elke leerder in die groep 'n kans kry om te draai en hul weergawe van die storie te deel.
6 Herinner leerders daaraan dat hul storie kreatief moet wees, maar ook by die prentjies moet pas!
7 Herinner leerders om aandagtig na mekaar se stories te luister.
8 Bedank die leerders dat hulle hul stories gedeel het.



## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Hersien Klanke, Vermenging En Segmentasie

**EK DOEN ...**

1. Sê die klank: **sw**
2. Sê die woord: **swem**
3. Segmenteer die woord in individuele klanke: **/sw/-/e/-/m/**
4. Sê die beginklank van die woord: **/sw/**
5. Sê die tweede enkel klank van die woord: **/e/**
6. Sê die endlklank van die woord: **/m/**
7. Skryf die woord op die swartbord: **swem**
8. Demonstreer deur na die klanke te wys en saam te voeg, hoe die klanke 'n woord bou: : **/sw/-/e/-/m/ = swem**

**ONS DOEN ...**

1. Sê die klank: **sw**
2. Sê die woord: **swak**
3. Vra leerders: Wat is die eerste klank in die woord? **/sw/**
4. Vra leerders: Wat is die tweede enkel klank in die woord? **/a/**
5. Vra leerders: Wat is laaste klank in die woord? **/k/**
6. Vra leerders om die oorpronklike woord in individuele klanke te segmenteer: **/ sw/-/a/-/k/**
7. Skryf die woord op die swartbord: **swak**
8. Sê aan die leerders om die klanke in die woorde saam met jou reg te saam te voeg: **/sw/-/a/-/k/ = swak**

**JY DOEN ...**

1. Sê aan leerders om hul boeke uit te haal en die datum en opskrif te skryf: **sw woorde.**
2. Sê nou aan leerders om in die kantlyn te nommer van 1–5.
3. Roep die volgende woorde uit:
   1. **swoeg**
   2. **swak**
   3. **swart**
   4. **sweet**
   5. **swem**
4. Leerders moet die woorde langs die korrekte nommer skryf en die teikenklank in elke woord onderstreep.
5. In die laaste twee minute van die les, skryf die korrekte woorde op die swartbord en onderstreep die teikenklanke.

6 Gee opdrag aan die leerders om hul eie werk met 'n kleurpotlood te korrigeer
7 Verduidelik aan leerders dat hul in die volgende les gaan leer hoe om hierdie klank in LOPENDE SKRIF te skryf.

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ____________________

Woorde: ____________________

____________________

## Handskrif: 15 minute

### Skryf letter(s) / woorde / sinne in lopende skrif

1 Leer leerders hoe om die klein letters in lopende skrif letter(s) korrek te vorm: **sw**
2 Demonstreer hoe die letter(s) te skryf vir regshandige leerders en links-handige leerders.
3 Gee leerders nou opdrag om met 'n maat te werk en om die letter(s) op mekaar se rûe te skryf met hul vingers.
4 Gee leerders nou opdrag om die letter(s) op hul tafels te skryf met hul vingers.
5 Wys ten laatste weereens aan leerders op die swartbord, hoe om die letter(s) en woorde te vorm.
6 Leerders moet dan die klank/woorde/sinne in hul boeke skryf.
7 Leerders moet die teikenklanke <u>onderstreep</u> in al die woorde/sinne wat hul geskryf het.






WEEK 5

sweet

swem

Die swart kat vreet

die muis.

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

Sin: ______________________________

______________________________

## Skryfwerk: 30 minute

### Rofwerk / Opstel

**ONDERWERP:** Dink aan een van die stories wat ons al die jaar gelees het. Skryf 'n brief aan 'n maat of familielid oor die probleem in the die storie en hoe die probleem opgelos is.

**OPDRAG:** Skryf 'n brief van ten minste 10 sinne.

**SKRYFRAAMWERK:**

Liewe...

Ons leer tans oor probleemoplossing. Ek wil jou vertel van...

In die storie...

Die probleem...

Ek wou jou van die storie vertel want....

Ek dink...

Ek het geleer dat...

Liefde

....

**VOORBEREIDING:** Skryf Maandag se plan op die swartbord voor die skryfles begin.

#### DEMONSTREER DIE SKRYFPROSES (EK DOEN)

1 Herinner leerders aan die plan wat jy Maandag opgestel het.
2 Lees deur jou plan wat op die swartbord geskryf is.
3 Lees die skryfraamwerk hardop aan die leerders
4 Demonstreer hoe jy die skryfraamwerk voltooi met jou plan soos:
***Liewe*** *Martie*
***Ons leer tans oor probleemoplossing. Ek wil jou vertel van*** *'n storie wat ons gelees het met die titel 'Timeo help sy gesin'.* ***In die storie*** *is Timeo se gesinslede afgeknou.* ***Die probleem*** *was dat hulle ongelukkig was. Timeo het besluit om hulle te help om beter te voel deur sy gesin bymekaar te roep en na hulle probleme te luister.*
***Ek wou jou van die storie vertel want*** *ek het van die manier waarop Timeo die probleem opgelos het gehou.* ***Ek dink*** *hy het mooi na hulle geluister en almal het beter gevoel.* ***Ek het geleer dat*** *as ons oor ons probleme praat en na mekaar se probleme luister kan ons mekaar help om beter te voel.*
***Liefde***
*Mevrou Schmidt*

WEEK 5

**LEERDERS VOLTOOI DIE SKRYFPROSES (JY DOEN)**


1. Deel leerders se boeke uit.
2. Vertel leerders om die datum en opskrif neer te skryf: **'n Brief oor probleemoplossing: Rofwerk / Opstel**
3. Sê aan leerders om na die plan wat hulle Maandag voltooi het te blaai en aan hulle idees te dink.
4. Sê aan leerders om die skryfraamwerk te voltooi deur van hulle planne gebruik te maak.
5. Sê aan leerders dat hulle meer sinne kan byvoeg indien hulle genoeg tyd het.
6. Herinner leerders aan die strategieë wat hulle kan gebruik om hulle te help.
7. Terwyl leerders besig is om te skryf, beweeg rond in die klas en help leerders wat sukkel.

Augustus 5 2020

'n Brief oor probleem-oplossing: konsep

Liewe lungile
Ons leer oor probleemoplossing. Ek wou jou vertel van 'n storie oor 'jojo's se nuwe skool'
In hierdie verhaal verhuis jojo na 'n nuwe skool.
Die problem is dat hy by sy nuwe skool geboelie word.

ek wou jou van hierdie verhaal vertel omdat ek daarvan gehou het dat die winkeleienaar jojo wou help.
Ek dink die winkeleienaar het jojo regtig gehelp. Hy het vir hom nuwe sokkerstewels gegee, hom aangesê om by die sokkerspan aan te sluit en jojo met die boelies help.
ek het geleer dat dit altyd goed is om ander te help en vriendelik te wees met hulle, selfs al ken jy hulle nie.
Liefde
thembikile



## Groep Begeleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ______________________________

1 Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 5** het.
2 Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul tafels.
5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hulle gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Donderdag

## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Letter Ruil

**EK DOEN ...**

1 Verduidelik dat ons vandag gaan oefen om vir klein verskille in woorde te soek. Dit help ons om beter lesers te wees.
2 Skryf die twee woorde op die swartbord: **stoel, steel**
3 Demonstreer aan leerders hoe jy die verskille vind, bv.: **stoel, steel**
4 Verduidelik die verskil, bv. die **/oe/** en **/ee/** klanke is verskillend, maar die res van die woord is dieselfde!

**ONS DOEN ...**

**DEEL 1**

1 Skryf die twee woorde op die swartbord: **swart, sweet**
2 Vra leerders: Wat is die verskil tussen die twee woorde?
3 Vra 'n leerder om die verskil tussen die twee woorde te kom onderstreep, bv.: **swart, sweet**
4 Verduidelik die verskil tussen die twee woorde.

**DEEL 2**

1 Skryf nou die volgende woord op die swartbord: **stap**
2 Vra leerders: **Wat is een letter in die woord wat jy kan uitruil om 'n ander woord te bou?**
3 Skryf 'n lys van leerders se idees om die swartbord, bv **: slap, sap, krap, flap**

**JY DOEN ...**

1 Skryf die woord op die swartbord: **swak**
2 Gee aan leerders instruksie om soveel woorde as wat hul kan, te maak, deur slegs een klank in die woorde te vervang.
3 Roep nou leerders na die swartbord om een van hul eie woorde neer te skryf.
4 Gaan deur die woorde, en verduidelik watter klank uitgeruil is.
**hak, slak, twak, brak, snak**

## Gedeelde Lees: 15 minute

### Tweede Lees

**LEESSTRATEGIE: MAAK AFLEIDINGS**


| Teks | Tweede lees (Dink Hardop) |
|---|---|
| **William se briljante windpomp** | Mense reg oor die wêreld gebruik windpompe vir elektrisiteit. Ons sien gereeld windpompe naby aan water, want in Suid-Afrika gebruik mense gereeld windpompe om hulle waterpompe krag te gee! Ek wonder of hierdie storie oor elektrisiteit of water gaan? |
| Hierdie storie is gebasseer op die ware storie van William Kamkwamba. Willliam het sy kreatiwiteit gebruik om ander mense te help in 'n baie moeilike tyd! | – |
| William het grootgeword in 'n klein dorpie in Malawi, met die naam Wimbe. Toe William jonk was, was daar geen elektrisiteit in sy dorpie nie. Die mense in William se dorpie het staat gemaak op die reën om hul landerye nat te maak. | – |
| Toe William 14 jaar oud was, het Malawi 'n vreeslike droogte beleef. Daar was nie genoeg kos nie en die mense in sy dorpie het begin om dood te gaan. William se familie het net genoeg kos gehad om elke aand 'n klein maaltyd te eet.<br><br>William is gedwing om die skool te verlaat toe sy ouers nie genoeg geld vir die skoolfonds gehad het nie. | **Ek maak die afleiding** dat 14 'n slegte jaar was vir die arme William. |
| In sy vrye tyd het, William daarvan gehou om biblioteek toe te gaan en te lees. Een dag kry William 'n boek met die titel Om energie te gebruik. Die boek het 'n groot windpomp op die voorblad gehad. Die boek het verduidelik dat windpompe gebruik kan word om energie op te wek. Die boek het ook aanwysings gegee hoe om 'n windpomp te bou.<br><br>Daardie dag het, William besluit om elektrisiteit en water na sy dorpie te bring deur dieselfde windpomp te gebruik. | William kon nie skool toe gaan nie, maar hy het steeds biblioteek toe gegaan om op sy eie te leer. **Ek maak die afleiding** dat William vasbeslote was om te leer. |
| Nietemin, was dit nie maklik vir William om al die materiale in die boek te vind nie. Terwyl ander kinders van sy ouderdom in die skool was, het William gesoek na materiale in die skrootwerf. William het ou trekkeronderdele, stukke van ou fietsrame, plastiese pype en selfs ou stukke yster gevind. | William het in die skrootwerf gesoek, selfs al het mense vir hom gelag. Dit help my om **die afleiding te maak** dat William 'n vasberade persoon is. |

WEEK 5

| Teks | Tweede lees (Dink Hardop) |
|---|---|
| Op die dae wat William in die skrootwerf rondgesoek het, het mense hom mal genoem. Hulle het hom gespot. Hulle het vir hom gelag, maar William het nie toegelaat dat hierdie nare woorde hom stop nie, want hy was vasbeslote om 'n windpomp te bou. | – |
| By die huis het William die instruksies in sy boek gevolg en al die materiale wat hy opgetel het, gebruik om 'n klein windpomp te bou. Een aand het hy uiteindelik 'n plastiese pyp in die regte plek gesit en die windpomp het begin draai. | William het baie verskillende materiale gebruik. Baie van die goed wat hy probeer het, het nie gewerk nie, maar hy het nie so maklik moed opgegee nie! |
| William se nuwe uitvinding het genoeg krag gemaak om vier gloeilampies te verlig en 'n radio in hulle huis te laat speel! William het die elektrisiteit gebruik om saans te lees wanneer dit donker was buite. Die ligte in hulle huis het hom vry laat voel. | – |
| William wou meer doen as om net elektrisiteit na sy dorpie te bring – William wou seker maak al die mense in sy dorpie het elektrisiteit en water vir hulle landerye. William het gewerk en gewerk om 'n groot windpomp in die middel van Wimbe te bou. Met die krag van sy tweede windpomp het hy water uit 'n diep put gepomp. Dit het beteken dat Wimbe se boere nie hoef te gewag het vir die reën nie – daar was altyd water vir hulle landerye! | William was vasbeslote om nie net homself te help nie, maar ook ander. Ek kan **hierdie afleiding maak**, want William het 'n windpomp vir almal in die dorpie gebou! |
| Na 'n paar jaar het 'n joernalis Wimbe besoek en 'n storie in die koerant geskryf oor William se windpomp. Meer en meer mense in Malawi en die wêreld het gelees van William se briljante gedagte.<br><br>William het 'n praatjie op video gegee om te verduidelik wat hy gedoen het, sodat mense reg oor die wêreld sy idee kon gebruik! Op die ou einde, was daar vreemdelinge wat so beïndruk was met William se kreatiwiteit dat hulle hom betaal het om skool toe te gaan en later selfs universiteit toe! | – |
| William werk steeds hard om seker te maak dat alle mense toegang het tot water en elektrisiteit. | William is steeds vasbeslote om probleme op te los en ander mense te help. |

| Opvolg vrae | Moontlike antwoorde |
|---|---|
| Wat was die probleme wat William in die gesig gestaar het? | • Sy dorpie het nie elektrisiteit gehad nie<br>• Daar was hongersnood in sy dorpie.<br>• Hy moes die skool verlaat.<br>• Hy kon nie behoorlike materiale vir sy windpomp kry nie. |
| Hoe het William uiteindelik terug gegaan skool toe? | Vreemdelinge het vir sy skoolfonds betaal toe hulle van sy windpomp gelees het. |
| **Hoekom vrae** | **Moontlike antwoorde** |
| Wat gebeur in die storie wat ons help om die afleiding te maak dat William slim en vasbeslote is? | • William hou aan om te lees en te leer, selfs al is hy nie meer in die skool nie.<br>• William het 'n prentjie van 'n windpomp gesien en besluit om dit te maak.<br>• William het gesoek na materiale vir sy windpomp in die skrootwerf.<br>• William het in die skrootwerf gesoek, selfs al is hy gespot.<br>• William het nie na een klein windpompie gestop nie – hy het 'n groot een gebou om almal te help! |





## Groep Begeleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ______________________

1. Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 5** het.
2. Verduidelik **Donderdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5. Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Donderdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

# Vrydag

## Mondelinge Aktiwiteite 15 minute

### TEMA WOORDESKAT

1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
   - beïndruk
   - indrukwekkende
   - bespot
   - joernalis

| Rympie of liedjie | Aksies |
|---|---|
| Kom ons krap saam kop, | *Frons en krap jou kop soos jy dink* |
| So kan ons sorg dat ons probleme by die deur uit hop, | *Waai met jou hand die probleme by die deur uit* |
| Want twee koppe is beter as een, | *Druk jul koppe twee twee teen mekaar* |
| Dit gaan binnekort oplossings begin reën. | *Kyk op en wys hoe dit "oplossings" reën* |

### BESPREKING VAN GEDEELDE LEES TEKS

1 Skryf die besprekingsraamwerk op die swartbord:
In die storie …
William het 'n probleem oor... opgelos.
William kan as indrukwekkend beskryf word want ...
2 Lees die besprekingsraamwerk aan die leerders.
3 Verdeel leerders in hul **klein groepe**.
4 Sê aan leerders dat elkeen 'n beurt moet kry om elke besprekingsvraag te antwoord.
5 Roep die klas tot aandag.
6 Vra verskillende leerders of 'n spesifieke groep om hul antwoorde te deel.
7 Korrigeer die antwoorde indien hul verkeerd is.
8 Bedank die leerders vir hul bydrae.

## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Woordsoek

Skryf die tabel op die swartbord wat vorige aangeleerde klanke insluit, sowel as die klanke wat op Dinsdag en Woensdag geleer is.

| | | |
|---|---|---|
| **st** | **sw** | **t** |
| **e** | **o** | **l** |
| **a** | **p** | **u** |
| **i** | **g** | **k** |
| **r** | **m** | **d** |

#### DEMONSTREER

1 Herinner leerders aan die klanke van die week: **/st/** en **/sw/**
2 Hersien al die klanke en samevoegings op die swartbord.
3 Gee aan leerders 3 minute om soveel woorde as hul kan te maak met die klanke en samevoegings hierbo.
4 Wys aan leerders hoe om 'n woord te bou deur die teikenklank te gebruik, bv.: **/st/-/a/-/p/** = **stap**
5 Herinner leerder dat hul 'n woord kan bou deur enige van die klanke te gebruik – hulle het nie nodig om **/st/** of **/sw/** te gebruik nie.
6 Wys leerders hoe om nog 'n woord te bou, bv.: **/r/-/o/-/t/** = **rot**

#### LEERDERS DOEN

1 Sê aan die leerders om hul boeke oop te maak en die opskrif te skryf: **st, sw**
2 Gee aan leerders opdrag om te begin skryf.
3 Gee leerders 3 minute om soveel as moontlik woorde te vind en bou as wat hulle kan.
4 Gee aan leerders die geleentheid om hul eie werk te korrigeer. Wys aan leerders hoe om hierdie woorde (en ander) te bou: **stoel, stout, steel, stap, strooi, swoeg, swak, swart, sweet, swem, rot, dam, raak, koor, koud, stop, krag, plek**

#### ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM

Klank/e: ____________________

Woorde: ____________________

____________________

WEEK 5

## Gedeelde Lees: 15 minute

### Na-Lees

**BEGRIPSTRATEGIE: SOM OP / MAAK AFLEIDINGS**

**GESKREWE BEGRIPSTOETS**


1. Voor die begin van die les skryf die volgende opskrif, vrae en sin begin frases op die swartbord.
2. Lees deur die vrae saam met die leerder en verduidelik die vrae indien nodig.
3. Gee die leerders instruksie **om te draai en met 'n maat te praat** oor die vrae.
4. Vra die leerders om hulle boeke oop te maak en die datum, die opskrif en die vrae se antwoorde neer te skryf.
5. In die laaste vyf minute van die les gaan deur die korrekte antwoorde saam met die leerders en gee opdrag aan die leerders om hul eie werk te korrigeer.

**WILLIAM SE BRILJANTE WINDPOMP**

1. Waar het William groot geword?
   ***William het in...groot geword.***
2. Hoe het William geleer hoe om 'n windpomp te bou?
   ***William het geleer hoe om 'n windpomp te bou...***
3. Watter soort persoon dink jy is William? Waarom?
   ***Ek dink William is 'n...want...***

**WILLIAM SE BRILJANTE WINDPOMP**

1. Waar het William groot geword?
   ***William het in Wimbe groot geword.***
2. Hoe het William geleer hoe om 'n windpomp te bou?
   ***William het geleer hoe om 'n windpomp te bou deur 'n boek te lees.***
3. Watter soort persoon dink jy is William? Waarom?
   ***Ek dink William is 'n vasbeslote persoon want hy het uitgepluis hoe om elektrisiteit aan sy dorp te verskaf.***



## Groep Begeleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ____________________________

1 Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 5** het.
2 Verduidelik **Vrydag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul tafels.
5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Vrydag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hulle gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.



## Week-eind taal onderrig hersiening

15 minute



1 Laat leerders op die mat sit aan die einde van die dag.
2 Voer die weeklikse taal oorsig sessie uit. Jy kan kies om Huistaal en Eerste Addisionele Taal in hierdie verslag te kombineer.
3 Onthou om die leerders toe te laat om om te "Draai en Praat" en hul antwoorde met maats te bespreek. Kies dan 'n paar leerders om hul antwoorde met die klas te deel.
4 Gebruik die volgende leidende vrae om die taal gedeelte van julle bespreking te lei:
   a **Wat was ons taal tema vir die week?**
   b **Watter stories het ons saam gelees?**
   c **Wat was jou gunsteling nuwe woorde vir die week?**
   d **Wat het jy geleer van die stories wat ons gelees het?**
   e **Waaroor het ons geskryf die week?**
   f **Hoe het jou eie skryfwerk verbeter die week?**
   g **Hoe het jou eie leeswerk verbeter die week?**
   h **Waaroor is jy die trotste die week?**
5 Ten einde, sê aan die leerders om aan twee dinge te dink wat hulle aan hul families gaan vertel oor wat hulle geleer het of hoe hulle verbeter het gedurende die week by die skool.

*Let wel: Hierdie proses van self evaluasie en refleksie is 'n krities belangrike deel van leer. Moet asseblief nie die weeklikse aktiwiteit oorslaan nie.*

# Graad 3

## TERMYN 3

# Week 6

# TEMA:

## Los probleme op

## Klaskamer Voorbereiding

1. Aan die begin van die week maak seker dat jou klaskamer netjies en skoon is.
2. Opdateer jou vertoonborde deur items wat nie meer relevant is nie te verwyder en dit netjies en versigtig weg te bêre.
3. Volgende moet jy die flitskaart woorde, tema woorde en illustrasies wat jy gaan gebruik voorberei.
4. Vind en berei items voor vir jou temamuur en tafel wat jou leerders interessant sal vind byvoorbeeld: Prente en onderskrifte van mense wat probleme in hulle gemeenskappe opgelos het. Prente van William Kamkwamba en Kelvin Doe.
5. Doen navorsing op die internet om voor te berei vir die tema. Byvoorbeeld: Oor jong mense wat 'n verskil in hulle gemeenskappe gemaak het soos William en Kevin.
6. Maak seker dat alle leerders se Boeke / DBO Werkboeke netjies gebêre is waar hulle hoort.
7. Maak seker dat al jou grootboeke, graad leesboeke en klas biblioteek boeke in goeie toestand is.
8. Pas jou Groep Begeleide Lees groepe aan indien nodig.
9. Beplan jou formele en informele assesseringsaktiwiteite vir die week.

## Uitbreidingsaktiwiteite

Hierdie aktiwiteite kan gebruik word as onafhanklike werk vir leerders wat hul werk vroeg klaarkry OF terwyl jy leerders assesseer.

**Aktiwiteit 1:** DBO Werkboek 2: Bladsy 30–32, Ons doen

**Aktiwiteit 2:** DBO Werkboek 2: Bladsy 36, Ons lees

**Aktiwiteit 3:** DBO Werkboek 2: Bladsy 37–39, Ons doen

**Aktiwiteit 4:** Teken 'n prent van 'n mens wat jou help om probleme optelos.

# Maandag

## Mondelinge Aktiwiteite 15 minute

### HERSIEN DIE TEMA: ASSESSEER VORIGE KENNIS

1. Wys aan leerders die voorblad van die Grootboek storie: Kelvin Doe: DJ Fokus
2. Vertel aan leerders dat ons voortgaan met die tema: Los probleme op
3. Teken 'n sirkel met die naam van die **tema** in die middel van die swartbord.
4. Vra aan leerders: *Wat weet julle reeds van die tema?*
5. Skryf die leerders se idees neer rondom die breinkaart. Groepeer soortgelyke idees bymekaar.
6. Indien leerders sukkel om te antwoord, vra die volgende leidende vrae:
   - **a** Watter soort probleme het ons al oor gelees die jaar?
   - **b** Hoe was die probleme opgelos?
   - **c** Wat is goeie maniere om probleme op te los?
   - **d** Wat is slegte maniere om probleme op te los?
   - **e** Waarom is problemoplossing belangrik?

### TEMA WOORDESKAT

1. Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2. Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
   - fokus
   - battery
   - uitvinding

| Rympie of liedjie | Aksies |
|---|---|
| Kom ons krap saam kop, | *Frons en krap jou kop soos jy dink* |
| So kan ons sorg dat ons probleme by die deur uit hop, | *Waai met jou hand die probleme by die deur uit* |
| Want twee koppe is beter as een, | *Druk jul koppe twee twee teen mekaar* |
| Dit gaan binnekort oplossings begin reën. | *Kyk op en wys hoe dit "oplossings" reën* |

## Handskrif 15 minute

1. Vra die leerders om hulle boeke oop te maak en die datum en die opskrif **Enkelvoud na Meervoud Sinne** neer te skryf.
2. Sê aan die leerders om 1–5 in die kantlyn te skryf en om 'n lyn tussen elke nommer oop te los.

3. Lees die sinne wat onder gelys is hardop aan die leerders. Leerders moet die sinne langs die regte nommer neer skryf.

   **Enkelvoud na Meervoud Sinne**

   1. Die muis eet die kaas.
   2. Die luis lê ’n eier.
   3. Die man waardeer sy lewe.
   4. Die vrou is mooi.
   5. Die skaap eet gras.
   6. Die vis eet ’n wurm.
4. Sê aan die leerders om elke sin oor te skryf as meervoude onder die enkelvoud sin.
5. In die laaste 5 minute van die les skryf die korrekte sinne op die swartbord neer. Sê die klanke hardop en verduidelik die lopende skrif proses terwyl jy skryf.
6. Vra die leerders om enige patrone wat hulle kan sien uit te wys soos waar die woorde verander.
7. Onderstreep die patrone soos volg:

   **Enkelvoud na Meervoud Sinne**

   1. Die muis eet die kaas.
      Die muise eet die kaas.
   2. Die luis lê ’n eier.
      Die luise lê eiers.
   3. Die man waardeer sy lewe.
      Die mans waardeer hulle lewens.
   4. Die vrou is mooi.
      Die vrouens is mooi.
   5. Die skaap eet gras.
      Die skape eet gras.
   6. Die vis eet ’n wurm.
      Die visse eet wurms.
8. Sê aan die leerders om aan die patrone te dink as hulle lees en skryf.
9. Sê aan die leerders om ’n gekleurde potlood te neem en hulle eie werk te korrigeer.

## ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM

Klank/e: ____________________

Woorde: ____________________

____________________

Sin: ____________________

____________________

## Gedeelde Lees: 15 minute

### Voorlees

**BEGRIPSTRATEGIE: VOORSPEL**

1. Laat leerders op die mat sit sodat hulle die Grootboek kan sien.
2. Maak die Grootboek oop by die storie: Kelvin Doe: DJ Fokus
3. Gaan deur die prente van elke bladsy en vra leerders wat hulle dink gaan gebeur.
4. Help leerders om die prentjies met mekaar te verbind, sodat hulle 'n goeie idee het waaroor die storie gaan.
5. Stel nuwe woorde bekend by die relevante dele van die storie.
6. Lees die storie een maal deur sonder om te stop.

## Skryfwerk: 30 minute

### Redigeeer

**ONDERWERP:** Dink aan een van die stories wat ons al die jaar gelees het. Skryf 'n brief aan 'n maat of familielid oor die probleem in the die storie en hoe die probleem op gelos is.

**OPDRAG:** Skryf 'n brief van ten minste 10 sinne.

**VOORBEREIDING:**

- Skryf die redigering kontrolelys op die swartbord voor die les begin.
- Skryf jou rofwerk/opstel op die swartbord voor die begin van die les. Sluit een of twee foute in.

**REDIGERING KONTROLELYS:**

1. Het ek geskryf asof ek met iemand praat?
2. Het ek die probleem in die storie opgesom?
3. Het ek my mening gegee oor hoe die probleem opgelos is?
4. Het ek 'n groet en afsluiting ingesluit?
5. Het ek ten minste 10 sinne geskryf?
6. Het ek al die woorde reg gespel?
7. Begin elke sin met 'n hoofletter?
8. Eindig elke sin met die regte leesteken?

**DEMONSTREER DIE REDIGERINGSPROSES (EK DOEN)**

1. Lees die redigering kontrolelys hardop vir die leerders.
2. Lees jou rofwerk/opstel haardop vir die leerders.

3 Werk deur die kontrolelys en wys aan die leerders waar jou rofwerk/opstel reg is of waar jy verbeterings of regstellings moet maak.
4 Demonstreer die regstellingsproses vir die leerders.

### LEERDERS VOLTOOI DIE REDIGERINGSPROSES (JY DOEN)


1. Deel leerders se boeke uit.
2. Sê aan leerders om na hulle rofwerk / opstel van die skryfopdrag te blaai.
3. Sê aan leerders om deur die redigering kontrolelys te werk en verbeterings of regstellings te maak.
4. Terwyl leerders besig is om te skryf, beweeg in die klas rond en hou mini konferensies – maak seker jy werk saam met ’n verskillende groep leerders vir elke skryfopdrag.
5. Maak ’n nota van enige algemene foute wat leerders maak in hulle skryfwerk.
6. Kry die leerders se aandag en skryf die algemene foute op die swartbord neer.
7. Wys vir die leerders hoe om die foute reg te stel.

Augustus 5 2020

'n Brief oor probleem-oplossing: konsep

Liewe Dingile,
Ons leer oor probleemoplossing. Ek wou jou vertel van 'n storie oor 'Jojo's se nuwe skool'
In hierdie verhal verhuis Jojo na 'n nuwe skool.
Die problem is dat hy by sy nuwe skool geboelie word.

Ek wou jou van hierdie verhal vertel omdat ek daarvan gehou het dat die winkeleienar Jojo wou help.
Ek dink die winkeleienar het Jojo regtig gehelp. Hy het vir hom nuwe sokkerstewels gegee, hom aangeseê om by die sokkerspan aan te sluit en Jojo met die boelies help.
Ek het geleer dat dit altyd goed is om ander te help en vriendelik te wees met hulle, selfs al ken jy hulle nie.
Liefde
Thembikile



## Groep Begeleide Lees

30 minute

**GROEPE: ______________________________**

1 Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 6** het.
2 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul tafels.
5 Doen ’n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hulle gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Dinsdag

## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Hersien Klanke, Vermenging En Segmentasie

**EK DOEN ...**

1 Sê die klank**: gl**
2 Sê die woord: **glad**
3 Segmenteer die woord in individuele klanke: **/gl/-/a/-/d/**
4 Sê die beginklank van die woord: **/gl/**
5 Sê die tweede enkel klank van die woord: **/a/**
6 Sê die endlklank van die woord: **/d/**
7 Skryf die woord op die swartbord: **glad**
8 Demonstreer deur na die klanke te wys en saam te voeg, hoe die klanke ’n woord bou: **/gl/-/a/-/d/** = **glad**

**ONS DOEN...**

1 Sê die klank**: gl**
2 Sê die woord: **gleuf**
3 Vra leerders: Wat is die eerste klank in die woord? **/gl/**
4 Vra leerders: Wat is die tweede enkel klank in die woord? **/eu/**
5 Vra leerders: Wat is die laaste klank in die woord? **/f/**
6 Vra leerders om die woord in individuele klanke te segmenteer: **/gl/-/eu/-/f/**
7 Skryf die woord op die swartbord: **gleuf**
8 Sê aan die leerders om die klanke in die woorde saam met jou, reg te saam te voeg: **/gl/-/eu/-/f/** = **gleuf**

**JY DOEN ...**

1 Sê aan leerders om hul boeke uit te haal en die datum en opskrif te skryf: **gl woorde.**
2 Sê nou aan leerders om in die kantlyn te nommer van 1–5.
3 Roep die volgende woorde uit:
   1 **gloei**
   2 **glad**
   3 **glips**
   4 **gleuf**
   5 **glinster**
4 Leerders moet die woorde langs die korrekte nommer skryf en die teikenklank in elke woord onderstreep.

WEEK 6

5 In die laaste twee minute van die les, skryf die korrekte woorde op die swartbord en onderstreep die teikenklanke.
6 Gee opdrag aan die leerders om hul eie werk met ’n kleurpotlood te korrigeer
7 Verduidelik aan leerders dat hul in die volgende les gaan leer hoe om hierdie klank in LOPENDE SKRIF te skryf.

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________________________________


Woorde: ______________________________________________

______________________________________________________

## Handskrif: 15 minute

### Skryf letter(s) / woorde / sinne in lopende skrif

1 Leer leerders hoe om die lopende skrif letter(s) korrek te vorm: **gl**
2 Demonstreer hoe die letter(s) te skryf vir regshandige leerders en linkshandige leerders.
3 Gee leerders nou opdrag om met ’n maat te werk en om die letter(s) op mekaar se rûe te skryf met hul vingers.
4 Gee leerders nou opdrag om die letter(s) op hul tafels te skryf met hul vingers.
5 Wys ten laatste weereens aan leerders op die swartbord, hoe om die letter(s) en woorde te vorm.
6 Leerders moet dan die klank/woorde/sinne in hul boeke skryf.
7 Leerders moet die teikenklanke onderstreep in al die woorde/sinne wat hul geskryf het.



glips

gleuf

glinster

Die sterre glinter in die nag.

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

Sin: ______________________________

______________________________



## Gedeelde Lees:

15 Minute

### Aanvangslees


**BEGRIPSTRATEGIE: MAAK VERBINDINGS**

| Teks | Aanvangslees (Dink Hardop) |
|---|---|
| **Voorblad** | Vandag, gaan ons voort om die **verband** te sien tussen hierdie storie en die een wat ons verlede week gelees het oor William se briljante windpomp. Ons gaan dink oor hoe hierdie stories *dieselfde* is. |
| Hierdie storie is gebasseer op die ware verhaal van Kelvin Doe. Kelvin is ’n innoverende mens wat sy kreatiwiteit en deursettingsvermoë gebruik het om sy gemeenskap te help. | Ek kan ’n verband sien met die boek wat ons gelees het oor William. Beide hierdie storie en die storie oor William is ware verhale. Hulle is ook beide oor mense wat hul kreatiwiteit gebruik het om ander te help. |

| **Teks** | **Aanvangslees (Dink Hardop)** |
|---|---|
| Kelvin is gebore in Freetown, Sierra Leone. Waar Kelvin grootgeword het, was daar baie kragdrade, maar hulle het nie altyd elektrisiteit na mense se huise gebring nie. Die ligte het miskien een maal per week aangegaan. Die res van die tyd was die mense se huise donker. | Nie William of Kelvin het elektrisiteit in hulle huise gehad toe hulle grootgeword het nie! |
| Toe Kelvin net 10 jaar oud was, het hy besluit hy sal help om die elektrisiteitsprobleem vir sy bure op te los. Kelvin het begin om stukke metaal, weggegooide apparate en elektroniese toerusting bymekaar te maak. Hy het regoor Freetown van vullisdrom tot vullisdrom gegaan en daardeur gekrap om die regte goed te kry om homself te leer. | Ek kan nog 'n **verband** sien tussen Kelvin en William – hulle het beide besluit hulle sal elektrisiteit na hul gemeenskappe bring! |
| Toe het Kelvin ure aaneen spandeer om die stukke van ou, gebreekte elektroniese toerusting aanmekaar te sit, om hulle weer te laat werk. Hy het homself ingenieurswerk geleer deur te leer, te probeer en om gefokus te wees. | Kelvin en William het beide hulself ingenieurswerk geleer! Hulle moet beide baie vasberade jong mense gewees het. |
| Teen die tyd dat Kelvin 13 jaar oud was, het hy 'n battery ontwerp deur herwinbare materiale te gebruik, onder andere soda, suur, metaal en<br><br>kleefband. Die battery was sterk genoeg om lig te verskaf aan die huise in sy gemeenskap en om hom te help om te werk aan sy nuwe uitvindings. | Beide William en Kelvin het lig na hulle eie huise en die huise van hul bure gebring! |
| Toe, hoor Kelvin van 'n kamp wat aangebied word oor uitvindsels Die kamp is gereël deur 'n jong man van Sierra Leone, David Sengeh. David het jongmense uitgedaag om te dink oor die moeilikste struikelblokke in hulle gemeenskappe en om dit op die kamp te kom oplos.<br><br>Kelvin het besluit die jeug in sy gemeenskap het 'n manier nodig om gehoor te word. Kelvin het 'n span bymekaargemaak en hulle het aansoek gedoen om na die kamp te gaan om alles te ontwikkel wat mens nodig het om 'n radiostasie te begin. "As ons 'n radiostasie het, kan ons praat oor die probleme wat ons gemeenskap, sowel as Sierra Leone as 'n geheel raak," het Kelvin verduidelik. | Ek kan William en Kelvin **verbind**, want hulle het beide hulle talente gebruik om hul gemeenskappe beter te maak.<br><br>Hulle het nie net hulle ingenieurswerk gebruik om hulle eie lewens te verbeter nie. |
| By David se kamp het Kelvin sy eie radiosender en die ander toerusting, wat hy nodig gehad het om te kan uitsaai by sy gemeenskapsradiostasie, gebou. | Kelvin en William het beide gewerk om behoeftes in hul gemeenskappe aan te spreek. Kelvin het alles gebou vir 'n radiostasie, want dit is wat hy geglo het sy gemeenskap nodig het. William het alles gemaak om water na die boere se landerye te pomp, want hy het gesien dit is wat sy mense se behoefte is. |

| Teks | Aanvangslees (Dink Hardop) |
|---|---|
| Toe hy alles gebou het wat hulle nodig gehad het, het Kelvin voltydse werknemers aangestel. Sy radiostasie het toe begin om nuus uit te saai, om mense se idees en opinies te lees en musiek te speel. Op die radio was Kelvin bekend as DJ Focus. Kelvin se platejoggienaam het ontstaan omdat hy geglo het deur te fokus, is enige uitvinding moontlik! | – |
| Kelvin se briljante radiostasie was net mooi die uitvinding wat David in gedagte gehad het. David se hoofdoel was om duisende jongmense te ontwikkel wat gedroom het om die probleme in hulle woonbuurte op te los. David het geglo Kelvin het die vaardighede en passie om die toekoms vir die mense van Sierra Leone te verander. Kelvin se innoverende radiostasie het daartoe gelei dat hy die topprys by David se somerkamp gewen het. | David was beïndruk met Kelvin se kreatiwiteit. ’n Joernalis en mense regoor die wêreld was beïndruk met William se kreatiwiteit. Hulle was beide indrukwekkende jong mense. |
| David het aan Kelvin begin dink as ’n jonger broer. Hy wou help om Kelvin se gedagtes en vaardighede te verbreed deur saam met ander ingenieurs te werk. David het gehelp organiseer om vir Kelvin na ’n spesiale ingenieursprogram te stuur by die Amerikaanse Universiteit MIT. | Ek kan ’n **verband** sien. Beide William en Kelvin is gelukkig dat mense hulle raak gesien het en dit vir hulle moontlik gemaak het om verder te leer! |
| Kelvin was net 16 jaar oud en die jongste mens wat nog ooit vir die program genooi is. Dit was Kelvin se eerste maal uit Sierra Leone. Kelvin was mal oor die geleentheid om saam met ervare ingenieurs te werk en by hulle te leer. Tog het Kelvin baie huistoe verlang – veral na sy ma. | – |
| In ’n onderhoud het Kelvin gesê dat, ’deursettingsvermoeë en passie baie belangrik is om kreatiwiteit te kweek.’<br><br>Tot vandag toe, hou Kelvin vol om sy deursettingsvermoeë en passie te gebruik om sy radiostasie te bedryf, nuwe goed uit te vind en te help om die lewens van sy familie, gemeenskap en land beter te maak. | Beide William en Kelvin werk steeds om ander mense se lewens te verbeter! |

| Opvolg vrae | Moontlike antwoordeonses |
|---|---|
| Waar het Kelvin grootgeword? | Hy het grootgeword in Freetown, Sierra Leone. |
| Wat was Kelvin se bynaam op sy radiostasie? | Sy bynaam was DJ Focus. |
| **Hoekom vrae** | **Moontlike antwoorde** |
| Watter verbande kan jy maak tussen William en Kelvin? | • Hulle het beide hulself ingenieurswerk geleer.<br>• Hulle het beide grootgeword sonder elektrisiteit.<br>• Hulle het beide besluit om die probleem van elektrisiteit in hul gemeenskappe op te los.<br>• Hulle is beide kreatiewe en indrukwekkende mense. |



## Groep Begeleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ______________________________

1. Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 6** het.
2. Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5. Doen ’n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Woensdag

## Mondelinge Aktiwiteite 15 minute

### TEMA WOORDESKAT

**1** Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
**2** Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
- soorteglyk
- heimwee
- innoverende

| Rympie of liedjie | Aksies |
|---|---|
| Kom ons krap saam kop, | *Frons en krap jou kop soos jy dink* |
| So kan ons sorg dat ons probleme by die deur uit hop, | *Waai met jou hand die probleme by die deur uit* |
| Want twee koppe is beter as een, | *Druk jul koppe twee twee teen mekaar* |
| Dit gaan binnekort oplossings begin reën. | *Kyk op en wys hoe dit "oplossings" reën* |

### KREATIEWE STORIEVERTEL

**1** Verdeel leerders in hul klein groepe.
**2** Gee aan elk 'n kopie van die kreatiewe storievertel prentjies.
**3** Sê aan leerders om te dink aan 'n storie wat by die prentjies pas.
**4** Gee aan leerders 'n minuut of twee om oor hul idees te dink.
**5** Vervolgens moet elke leerder in die groep 'n kans kry om te draai en hul weergawe van die storie te deel.
**6** Herinner leerders daaraan dat hul storie kreatief moet wees, maar ook by die prentjies moet pas!
**7** Herinner leerders om aandagtig na mekaar se stories te luister.
**8** Bedank die leerders dat hulle hul stories gedeel het.



## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Hersien Klanke, Vermenging En Segmentasie

**EK DOEN …**

1 Sê die klank: **gr**
2 Sê die woord: **graat**
3 Segmenteer die woord in individuele klanke: **/gr/-/aa/-/t/**
4 Sê die beginklank van die woord: **/gr/**
5 Sê die tweede enkel klank van die woord: **/aa/**
6 Sê die endlklank van die woord: **/t/**
7 Skryf die woord op die swartbord: **graat**
8 Demonstreer deur na die klanke te wys en saam te voeg, hoe die klanke 'n woord bou: : **/gr/-/aa/-/t/ = graat**

**ONS DOEN …**

1 Sê die klank: **gr**
2 Sê die woord: **groet**
3 Vra leerders: Wat is die eerste klank in die woord? **/gr/**
4 Vra leerders: Wat is die tweede enkel klank in die woord? **/oe/**
5 Vra leerders: Wat is laaste klank in die woord? **/t/**
6 Vra leerders om die oorpronklike woord in individuele klanke te segmenteer: **/gr/-/oe/-/t/**
7 Skryf die woord op die swartbord: **groet**
8 Sê aan die leerders om die klanke in die woorde saam met jou reg te saam te voeg: **/gr/-/oe/-/t/ = groet**

**JY DOEN …**

1 Sê aan leerders om hul boeke uit te haal en die datum en opskrif te skryf: **gr woorde.**
2 Sê nou aan leerders om in die kantlyn te nommer van 1–5.
3 Roep die volgende woorde uit:
    1 **groente**
    2 **grys**
    3 **graat**
    4 **grappie**
    5 **groet**
4 Leerders moet die woorde langs die korrekte nommer skryf en die teikenklank in elke woord onderstreep.
5 In die laaste twee minute van die les, skryf die korrekte woorde op die swartbord en onderstreep die teikenklanke.

6 Gee opdrag aan die leerders om hul eie werk met 'n kleurpotlood te korrigeer
7 Verduidelik aan leerders dat hul in die volgende les gaan leer hoe om hierdie klank in LOPENDE SKRIF te skryf.

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ____________________

Woorde: ____________________

____________________

## Handskrif: 15 minute

### Skryf letter(s) / woorde / sinne in lopende skrif

1 Leer leerders hoe om die klein letters in lopende skrif letter(s) korrek te vorm: **gr**
2 Demonstreer hoe die letter(s) te skryf vir regshandige leerders en links-handige leerders.
3 Gee leerders nou opdrag om met 'n maat te werk en om die letter(s) op mekaar se rûe te skryf met hul vingers.
4 Gee leerders nou opdrag om die letter(s) op hul tafels te skryf met hul vingers.
5 Wys ten laatste weereens aan leerders op die swartbord, hoe om die letter(s) en woorde te vorm.
6 Leerders moet dan die klank/woorde/sinne in hul boeke skryf.
7 Leerders moet die teikenklanke <u>onderstreep</u> in al die woorde/sinne wat hul geskryf het.



grappie

Oupa groei groente in die groentetuin.

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ____________________________________________

Woorde: ____________________________________________

____________________________________________

Sin: ____________________________________________

____________________________________________

## Skryfwerk: 30 minute

### Publiseer en bied aan

**ONDERWERP:** Dink aan een van die stories wat ons al die jaar gelees het. Skryf ’n brief aan ’n maat of familielid oor die probleem in the die storie en hoe die probleem opgelos is.

**OPDRAG:** Skryf ’n brief van ten minste 10 sinne.

**SKRYFRAAMWERK:**

Liewe...

Ons leer tans oor probleemoplossing. Ek wil jou vertel van...

In die storie...

Die probleem...

Ek wou jou van die storie vertel want....

Ek dink...

Ek het geleer dat...

Liefde

....

**VOORBEREIDING:** Skryf die opstel wat jy Maandag geredigeer het op die swartbord voor die begin van die les.



**DEMONSTREER DIE PUBLISERINGSPROSES (EK DOEN)**

1. Herinner die leerders dat hulle Maandag die geredigeerde kontrolelys gebruik het om hulle werk te verbeter en reg te stel.
2. Sê aan die leerders dat hulle vandag hulle voltooide werk gaan publiseer en gaan aan bied.
3. Wys aan die leerders hoe jy jou rofwerk / opstel herskryf met die titel en die datum.

**LEERDERS VOLTOOI DIE REDEGERINGSPROSES (JY DOEN)**

1. Deel leerders se boeke uit en indien moontlik skoon velle A4 papier uit sodat leerders hulle briewe vir die ontvangers kan gee.
2. Vertel leerders om die datum en opskrif neer te skryf: **’n Brief oor probleemoplossing**
3. Sê aan leerders dat hulle, hulle finale skryfwerk sonder enige foute moet neer skryf.
4. Sê aan leerders dat hulle ’n prent kan teken indien hulle genoeg tyd het.
5. Terwyl leerders besig is om te skryf beweeg in die klas rond en help leerders wat sukkel.

**LEERDERS BIED HULLE SKRYFWERK AAN**

1. In die laaste 5 minute van die les sê aan die leerders om hulle penne en potlode neer te sit en te luister.
2. Sê aan leerders om te '**draai en te praat**' en hulle skryfwerk vir hulle maat te lees.
3. Roep een of twee leerders na vore om hulle skryfwerk hardop vir die klas te lees.
4. Indien moontlik laat leerders die briewe huis toe neem en vir die ontvangers gee. Dit help om sin te maak van skryf.

Augustus 12 2020


'n Brief oor porbleem-oplossing

Liewe Lungile,

Ons leer oor probleemoplossing. Ek wou jou vertel van 'n storie oor 'Jojo's se nuwe skool'
In hierdie verhaal verhuis Jojo na 'n nuwe skool.
Die probleem is dat hy by sy nuwe skool geboelie word.

Ek wou jou van hierdie verhaal vertel omdat ek daarvan gehou het dat die winkeleienaar Jojo wou help.
Ek dink die winkeleienaar het Jojo regtig gehelp. Hy het vir hom nuwe sokkerstewels gegee, hom aangesê om by die sokkerspan aan te sluit en Jojo met die boelies gehelp.
Ek het geleer dat dit altyd goed is om ander te help en vriendelik te wees met hulle, selfs al ken jy hulle nie.

Liefde,
Thembikile



## Groep Begeleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ____________________________

1 Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 6** het.
2 Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul tafels.
5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hulle gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Donderdag

## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Letter Ruil

**EK DOEN ...**

1 Verduidelik dat ons vandag gaan oefen om vir klein verskille in woorde te soek. Dit help ons om beter lesers te wees.
2 Skryf die twee woorde op die swartbord: **gloei, bloei**
3 Demonstreer aan leerders hoe jy die verskille vind, bv.: **gloei, bloei**
4 Verduidelik die verskil, bv. die **/gl/** en **/bl/** klanke is verskillend, maar die res van die woord is dieselfde!

**ONS DOEN ...**

**DEEL 1**

1 Skryf die twee woorde op die swartbord: **groet, soet**
2 Vra leerders: Wat is die verskil tussen die twee woorde?
3 Vra 'n leerder om die verskil tussen die twee woorde te kom onderstreep, bv.: **groet, soet**
4 Verduidelik die verskil tussen die twee woorde.

**DEEL 2**

1 Skryf nou die volgende woord op die swartbord: **groet**
2 Vra leerders: **Wat is een letter in die woord wat jy kan uitruil om 'n ander woord te bou?**
3 Skryf 'n lys van leerders se idees om die swartbord, bv **: soet, boet, graat**

**JY DOEN ...**

1 Skryf die woord op die swartbord: **graat, maat, praat, groet**
2 Gee aan leerders instruksie om soveel woorde as wat hul kan, te maak, deur slegs een klank in die woorde te vervang.
3 Roep nou leerders na die swartbord om een van hul eie woorde neer te skryf.
4 Gaan deur die woorde, en verduidelik watter klank uitgeruil is.
**maat, praat, groet**

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

## Gedeelde Lees:

15 minute

### Tweede Lees

**LEESSTRATEGIE: MAAK VERBINDINGS**

| Teks | Tweede lees (Dink Hardop) |
|---|---|
| **Kelvin Doe: DJ Focus** | Vandag, gaan ons voort om die stories van William en Kelvin te vergelyk. Vandag, gaan ons dink hoe William en Kelvin *verskil*. |
| Hierdie storie is gebasseer op die ware verhaal van Kelvin Doe. Kelvin is 'n innoverende mens wat sy kreatiwiteit en deursettingsvermoë gebruik het om sy gemeenskap te help. | – |
| Kelvin is gebore in Freetown, Sierra Leone. Waar Kelvin grootgeword het, was daar baie kragdrade, maar hulle het nie altyd elektrisiteit na mense se huise gebring nie. Die ligte het miskien een maal per week aangegaan. Die res van die tyd was die mense se huise donker. | Kelvin en William het op verskillende plekke grootgeword. William het grootgeword in 'n klein dorpie in Malawi, terwyl Kevin grootgeword het in 'n groot stad in Sierra Leone. |
| Toe Kelvin net 10 jaar oud was, het hy besluit hy sal help om die elektrisiteitsprobleem vir sy bure op te los. Kelvin het begin om stukke metaal, weggegooide apparate en elektroniese toerusting bymekaar te maak. Hy het regoor Freetown van vullisdrom tot vullisdrom gegaan en daardeur gekrap om die regte goed te kry om homself te leer. | Ek onthou dat William ook rondgekrap het om te kry wat hy nodig het. William is geterg, maar dit lyk nie asof iemand vir Kelvin terg omdat hy in die vullisdromme krap nie. |
| Toe het Kelvin ure aaneen spandeer om die stukke van ou, gebreekte elektroniese toerusting aanmekaar te sit, om hulle weer te laat werk. Hy het homself ingenieurswerk geleer deur te leer, te probeer en om gefokus te wees. | Beide Kelvin en William het hulself ingenieurswerk geleer, maar William het 'n boek bestudeer. Kelvin het geleer en probeer. |
| Teen die tyd dat Kelvin 13 jaar oud was, het hy 'n battery ontwerp deur herwinbare materiale te gebruik, onder andere soda, suur, metaal en kleefband. Die battery was sterk genoeg om lig te verskaf aan die huise in sy gemeenskap en om hom te help om te werk aan sy nuwe uitvindings. | Kelvin en William het beide elektrisiteit na hul gemeenskappe gebring, maar op verskillende maniere – Kelvin het 'n battery gebou en William 'n windpomp. |


WEEK 6

| Teks | Tweede lees (Dink Hardop) |
|---|---|
| Toe, hoor Kelvin van ’n kamp wat aangebied word oor uitvindsels Die kamp is gereël deur ’n jong man van Sierra Leone, David Sengeh. David het jongmense uitgedaag om te dink oor die moeilikste struikelblokke in hulle gemeenskappe en om dit op die kamp te kom oplos.<br><br>Kelvin het besluit die jeug in sy gemeenskap het ’n manier nodig om gehoor te word. Kelvin het ’n span bymekaargemaak en hulle het aansoek gedoen om na die kamp te gaan om alles te ontwikkel wat mens nodig het om ’n radiostasie te begin. “As ons ’n radiostasie het, kan ons praat oor die probleme wat ons gemeenskap, sowel as Sierra Leone as ’n geheel raak,” het Kelvin verduidelik. | Beide William en Kelvin het hul vaardighede gebruik om behoeftes wat hul in hul gemeenskappe gesien het aan te spreek. Selfs al was die behoeftes wat hul gesien het verskillend. |
| By David se kamp het Kelvin sy eie radiosender en die ander toerusting, wat hy nodig gehad het om te kan uitsaai by sy gemeenskapsradiostasie, gebou. | – |
| Toe hy alles gebou het wat hulle nodig gehad het, het Kelvin voltydse werknemers aangestel. Sy radiostasie het toe begin om nuus uit te saai, om mense se idees en opinies te lees en musiek te speel. Op die radio was Kelvin bekend as DJ Focus. Kelvin se platejoggienaam het ontstaan omdat hy geglo het deur te fokus, is enige uitvinding moontlik! | William en Kelvin het daarop gefokus om verskillende goed te maak. Ek dink dit is omdat hul elkeen ’n ander behoefte in hul gemeenskap gesien het. William se gemeenskap het ’n droogte in die gesig gestaar en hulle het water nodig gehad vir hulle landerye. Terwyl Kelvin in die stad gewoon het waar mense nie landerye saai nie. In plaas daarvan het hy gesien mense het ’n manier nodig om ingelig te bly en hulle opinies te bespreek. |
| Kelvin se briljante radiostasie was net mooi die uitvinding wat David in gedagte gehad het. David se hoofdoel was om duisende jongmense te ontwikkel wat gedroom het om die probleme in hulle woonbuurte op te los. David het geglo Kelvin het die vaardighede en passie om die toekoms vir die mense van Sierra Leone te verander. Kelvin se innoverende radiostasie het daartoe gelei dat hy die topprys by David se somerkamp gewen het. | – |
| David het aan Kelvin begin dink as ’n jonger broer. Hy wou help om Kelvin se gedagtes en vaardighede te verbreed deur saam met ander ingenieurs te werk. David het gehelp organiseer om vir Kelvin na ’n spesiale ingenieursprogram te stuur by die Amerikaanse Universiteit MIT. | Beide William en Kelvin het hulp van ander ontvang. Kelvin het iemand in sy eie gemeenskap gekry wat hom kon help om verdere opleiding te kry. Die mense wat vir William gehelp het, het van regoor die wêreld gekom. |

| Teks | Tweede lees (Dink Hardop) |
|---|---|
| Kelvin was net 16 jaar oud en die jongste mens wat nog ooit vir die program genooi is. Dit was Kelvin se eerste maal uit Sierra Leone. Kelvin was mal oor die geleentheid om saam met ervare ingenieurs te werk en by hulle te leer. Tog het Kelvin baie huistoe verlang – veral na sy ma. | – |
| In 'n onderhoud het Kelvin gesê dat, 'deursettingsvermoeë en passie baie belangrik is om kreatiwiteit te kweek.'<br><br>Tot vandag toe, hou Kelvin vol om sy deursettingsvermoeë en passie te gebruik om sy radiostasie te bedryf, nuwe goed uit te vind en te help om die lewens van sy familie, gemeenskap en land beter te maak. | Uiteindelik, is beide William en Kelvin sulke indrukwekkende mense wat hulle gemeenskappe op belangrike maniere beter gemaak het. |

| Opvolg vrae | Moontlike antwoorde |
|---|---|
| Hoekom het Kelvin besluit om 'n radiostasie te bou? | Omdat hy gedink het sy gemeenskap het 'n plek nodig om hul idees te deel en te bespreek. |
| Hoekom het William 'n groot windpomp in sy gemeenskap gebou? | Omdat daar 'n droogte was en mense water nodig gehad het om kos te kan plant. |
| **Hoekom vrae** | **Moontlike antwoorde** |
| Hoe verskil hierdie storie van William se storie? | • Kelvin en William het verskillende behoeftes in hulle gemeenskappe gesien.<br>• Kelvin en William het op verskillende plekke grootgeword.<br>• Kelvin en William en hulself op verskillende maniere ingenieurswerk geleer. |





## Groep Begeleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ______________________________

1. Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 6** het.
2. Verduidelik **Donderdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5. Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Donderdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

# Vrydag

## Mondelinge Aktiwiteite 15 minute

### TEMA WOORDESKAT

1. Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2. Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
   - probeer en leer
   - aas
   - ontwikkel

| Rympie of liedjie | Aksies |
|---|---|
| Kom ons krap saam kop, | *Frons en krap jou kop soos jy dink* |
| So kan ons sorg dat ons probleme by die deur uit hop, | *Waai met jou hand die probleme by die deur uit* |
| Want twee koppe is beter as een, | *Druk jul koppe twee twee teen mekaar* |
| Dit gaan binnekort oplossings begin reën. | *Kyk op en wys hoe dit "oplossings" reën* |

### BESPREKING VAN GEDEELDE LEES TEKS

1. Skryf die besprekingsraamwerk op die swartbord:
   In die storie …
   Ek dink Kelvin is...want...
   Die storie is verwant aan die tema 'Probleme op los' want...
2. Lees die besprekingsraamwerk aan die leerders.
3. Verdeel leerders in hul **klein groepe**.
4. Sê aan leerders dat elkeen 'n beurt moet kry om elke besprekingsvraag te antwoord.
5. Roep die klas tot aandag.
6. Vra verskillende leerders of 'n spesifieke groep om hul antwoorde te deel.
7. Korrigeer die antwoorde indien hul verkeerd is.
8. Bedank die leerders vir hul bydrae.

## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Woordsoek

Skryf die tabel op die swartbord wat vorige aangeleerde klanke insluit, sowel as die klanke wat op Dinsdag en Woensdag geleer is.

| | | |
|---|---|---|
| **gl** | **gr** | **o** |
| **a** | **r** | **d** |
| **p** | **e** | **s** |
| **f** | **n** | **i** |
| **u** | **t** | **y** |

**DEMONSTREER**

1. Herinner leerders aan die klanke van die week: **/gl/** en **/gr/**
2. Hersien al die klanke en samevoegings op die swartbord.
3. Gee aan leerders 3 minute om soveel woorde as hul kan te maak met die klanke en samevoegings hierbo.
4. Wys aan leerders hoe om ’n woord te bou deur die teikenklank te gebruik, bv.: **/gl/-/a/-/d/** = **glad**
5. Herinner leerder dat hul ’n woord kan bou deur enige van die klanke te gebruik – hulle het nie nodig om **/gl/** of **/gr/** te gebruik nie.
6. Wys leerders hoe om nog ’n woord te bou, bv.: **/n/-/a/-/t/** = **nat**

**LEERDERS DOEN**

1. Sê aan die leerders om hul boeke oop te maak en die opskrif te skryf: **gl, gr**
2. Gee aan leerders opdrag om te begin skryf.
3. Gee leerders 3 minute om soveel as moontlik woorde te vind en bou as wat hulle kan.
4. Gee aan leerders die geleentheid om hul eie werk te korrigeer. Wys aan leerders hoe om hierdie woorde (en ander) te bou: **groente, grys, graat, grappie, groet, gloei, glad, glips, gleuf, glinster, nat, pot, ys, foon, snip, stout, spuit, fraai**

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________________


## Gedeelde Lees: 15 minute

### Na-Lees

**BEGRIPSTRATEGIE: SOM OP / MAAK VERBINDINGS**

**MONDELINGE OF GESKREWE OPSOMMING VAN DIE STORIE**

1. Verduidelik aan die leerders dat ons vandag aan die mees belangrike dele van die teks gaan dink.
2. Ons gaan ook die stories vergelyk en kontrasteer.
3. Skryf die opsommingsraam op die swartbord.
4. Gee opdrag aan die leerders dat hulle die raam moet gebruik om die vrae te beantwoord:
   **Die storie handel oor...** (2–3 sinne)
   **Een ooreenkoms tussen William en Kelvin is...**
   **Een verskil tussen William en Kelvin is...**
   **Ek verkies die storie oor Kelvin / William want...**
5. Verduidelik aan die leerders dat hulle nie alles wat in die teks geskryf is kan oor vertel nie. Hulle moet die mees belangrikste dele uitsoek.
   Demonstreer jou voorbeeld vir die leerders. Sê: ***Die storie handel oor*** *Kelvin Doe. Hy het homself ingenieurswese geleer en krag in sy huis aangelê.* ***Een ooreenkoms tussen William en Kelvin is*** *dat hulle albei hulle self geleer het hoe om elektrisiteit te maak.* ***Een verskil tussen William en Kelvin is*** *dat hulle op verskillende maniere geleer het hoe om elektrisiteit te maak.* ***Ek verkies die storie oor Kelvin want*** *ek het daarvan gehou dat hy 'n hele radiostasie gebou het.*
6. Gee leerders 'n paar minute om oor die teks te dink.
7. Gee opdrag aan die leerders om **'te draai en te praat'** en hulle eie opsomming met 'n maat te deel. / Gee opdrag aan die leerders om hulle eie opsommings te skryf deur gebruik te maak van die skryfraamwerk.
8. Kry die leerders se aandag.
9. Vra 1–2 leerders om hulle opsommings met die klas te deel.
   Skep 'n klas opsomming, soos: ***Die storie handel oor*** *'n jong suen met die naam Kelvin Dow. Hy het homself geleer hoe om elektrisiteit te maak en het sy eie battery en radiostasie gebou.* ***Een ooreenkoms tussen William en Kelvin is*** *dat hulle albei probleme in hulle gemeenskappe opgelos het.* ***Een verskil tussen William en Kelvin is*** *dat hulle verskillende probleme in hulle gemeenskappe raakgesien het.* ***Ons verkies die storie oor William want*** *sonder William sou sy dorp gesukkel het. Hy het die dag gered! het daarvan gehou dat hy 'n hele radiostasie gebou het.*



## Groep Begeleide Lees
30 minute

**GROEPE:** ____________________________

1 Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 6** het.
2 Verduidelik **Vrydag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul tafels.
5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Vrydag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hulle gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.



## Week-eind taal onderrig hersiening
15 minute

1 Laat leerders op die mat sit aan die einde van die dag.
2 Voer die weeklikse taal oorsig sessie uit. Jy kan kies om Huistaal en Eerste Addisionele Taal in hierdie verslag te kombineer.
3 Onthou om die leerders toe te laat om om te "Draai en Praat" en hul antwoorde met maats te bespreek. Kies dan 'n paar leerders om hul antwoorde met die klas te deel.
4 Gebruik die volgende leidende vrae om die taal gedeelte van julle bespreking te lei:
 a **Wat was ons taal tema vir die week?**
 b **Watter stories het ons saam gelees?**
 c **Wat was jou gunsteling nuwe woorde vir die week?**
 d **Wat het jy geleer van die stories wat ons gelees het?**
 e **Waaroor het ons geskryf die week?**
 f **Hoe het jou eie skryfwerk verbeter die week?**
 g **Hoe het jou eie leeswerk verbeter die week?**
 h **Waaroor is jy die trotste die week?**
5 Ten einde, sê aan die leerders om aan twee dinge te dink wat hulle aan hul families gaan vertel oor wat hulle geleer het of hoe hulle verbeter het gedurende die week by die skool.

*Let wel: Hierdie proses van self evaluasie en refleksie is 'n krities belangrike deel van leer. Moet asseblief nie die weeklikse aktiwiteit oorslaan nie.*

# Graad 3

## TERMYN 3

# Week 7

# TEMA:

## Leer nuwe goed

## Klaskamer Voorbereiding

1. Aan die begin van die week maak seker dat jou klaskamer netjies en skoon is.
2. Opdateer jou vertoonborde deur items wat nie meer relevant is nie te verwyder en dit netjies en versigtig weg te bêre.
3. Volgende moet jy die flitskaart woorde, tema woorde en illustrasies wat jy gaan gebruik voorberei.
4. Vind en berei items voor vir jou temamuur en tafel wat jou leerders interessant sal vind byvoorbeeld: Speletjie met eenvoudige reëls wat die leerders kan lees en dan speel.
5. Doen navorsing op die internet om voor te berei vir die tema. Byvoorbeeld: Hoe om ’n kenner met iets nuuts te word.
6. Maak seker dat alle leerders se Boeke / DBO Werkboeke netjies gebêre is waar hulle hoort.
7. Maak seker dat al jou grootboeke, graad leesboeke en klas biblioteek boeke in goeie toestand is.
8. Pas jou Groep Begeleide Lees groepe aan indien nodig.
9. Beplan jou formele en informele assesseringsaktiwiteite vir die week.

## Uitbreidingsaktiwiteite

Hierdie aktiwiteite kan gebruik word as onafhanklike werk vir leerders wat hul werk vroeg klaarkry OF terwyl jy leerders assesseer.

**Aktiwiteit 1:** DBO Werkboek 2: Bladsy 40, Ons doen

**Aktiwiteit 2:** DBO Werkboek 2: Bladsy 41, Ons doen

**Aktiwiteit 3:** DBO Werkboek 2: Bladsy 42, Ons lees & Bladsy 43, Ons skryf

**Aktiwiteit 4:** Maak ’n dagboek inskrywing oor iets nuuts wat jy wil leer.

# Maandag

## Mondelinge Aktiwiteite

15 minute

### STEL DIE TEMA BEKEND: ASSESSEER VORIGE KENNIS

1. Wys aan leerders die prent van Zandile wat die internet gebruik in die Grootboek storie: Zandile gebruik die internet.
2. Vertel aan leerders dat ons 'n nuwe tema begin: Leer nuwe goed
3. Teken 'n sirkel met die naam van die **tema** in die middel van die swartbord.
4. Vra aan leerders: *Wat weet julle reeds van die tema?*
5. Skryf die leerders se idees neer rondom die breinkaart. Groepeer soortgelyke idees bymekaar.
6. Indien leerders sukkel om te antwoord, vra die volgende leidende vrae:
   - a Hoe leer ons iets nuuts?
   - b Wat is iets nuuts wat jy graag sal wil leer om te doen?
   - c Wie kan jou help om nuwe goed te leer?

### TEMA WOORDESKAT

1. Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2. Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
   - navorsing
   - internet
   - informasie

| Rympie of liedjie | Aksies |
|---|---|
| Die internet is die plek om te gaan, | – |
| As jy dinge nie verstaan, | *Frons en krap jou kop soos jy dink* |
| Alleen of met 'n maat, | *Wys na jouself en wys na jou maat* |
| Op die rekenaar of 'n foon, | *Maak asof jy op 'n rekenaar of 'n foon tik* |
| Sal Google jou met die inligting beloon! | *Hou jou duim in die lug om te wys jy het die inligting gekry!* |

## Handskrif

15 minute

1. Vra die leerders om hulle boeke oop te maak en die datum neer te skryf.
2. Sê aan die leerders om 1–5 in die kantlyn te skryf.
3. Skryf die volgende sin op die swartbord langs nommer 1: Ek eet springmielies en drink sap saam met my maats gedurende pouse.

4 Skryf die volgende voornaamwoorde (vakmorfeme) langs nommer 2 – 5:
   2 Hy
   3 Sy
   4 Hulle
   5 Ons
5 Sê aan die leerders om die sin oor te skryf met elkeen van die voornaamwoorde.
6 In die laaste 5 minute van die les skryf die korrekte sinne op die swartbord neer. Sê die klanke hardop en verduidelik die lopende skrif proses terwyl jy skryf.
7 Vra die leerders om enige patrone wat hulle kan sien uit te wys soos waar die sin verander.
8 Onderstreep die patrone soos volg:
   1 Ek eet springmielies en drink sap saam met my maats gedurende pouse.
   2 Hy eet springmielies en drink sap saam met sy maats gedurende pouse.
   3 Sy eet springmielies en drink sap saam met haar maats gedurende pouse.
   4 Hulle eet springmielies en drink sap saam met hulle maats gedurende pouse.
   5 Ons eet springmielies en drink sap saam met ons maats gedurende pouse.
9 Sê aan die leerders om 'n gekleurde potlood te neem en hulle eie werk te korrigeer.

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

Sin: ______________________________

______________________________

## Gedeelde Lees: 15 minute

### Voorlees

**BEGRIPSTRATEGIE: VOORSPEL**

1 Laat leerders op die mat sit sodat hulle die Grootboek kan sien.
2 Maak die Grootboek oop by die storie: Zandile gebruik die internet
3 Gaan deur die prente van elke bladsy en vra leerders wat hulle dink gaan gebeur.
4 Help leerders om die prentjies met mekaar te verbind, sodat hulle 'n goeie idee het waaroor die storie gaan.
5 Stel nuwe woorde bekend by die relevante dele van die storie.
6 Lees die storie een maal deur sonder om te stop.

## Skryfwerk:

30 minute

### Beplan En Berei Voor

**ONDERWERP:** Skryf 'n brief aan 'n maat of familielid oor die leer van nuwe goed. Die eerste paragraaf sal handel oor jou ervaring van iets nuuts wat jy in die verlede geleer het. Die tweede paragraaf sal handel oor iets wat jy in die toekoms wil leer.

**OPDRAG:** Skryf ten minste 10 sinne wat in twee paragrawe verdeel is.

**BEPLANNINGSTRATEGIE:** Maak 'n lys

#### STEL DIE SKRYF ONDERWERP BEKEND

1 Wys aan leerders dat jy **dink voordat jy skryf.**
2 Mondelings, verduidelik jou idees vir jou paragrawe, soos:
*Ek het geleer hoe om 'n kamera te gebruik. Ek het myself geleer! Ek sal daarvan hou om te leer Frans praat. Ek dink ek het 'n instrukteur nodig – of miskien 'n App!*

#### DEMONSTREER DIE BEPLANNINGSTRATEGIE (EK DOEN)

1 Skryf die beplanningsraam aan die eenkant van die swartbord.
2 Wys aan die leerders hoe jy 'n lys maak deur die vrae te beantwoord.
3 Voltooi die plan aan die anderkant van die swartbord.

| **Beplannings Vrae** | **Plan** |
|---|---|
| **Paragraaf 1**<br>1 Wat het jy geleer?<br>2 Hoe het jy dit geleer?<br>3 Hoe was die ervaring?<br>4 Wat het die ervaring jou geleer?<br>**Paragraaf 2**<br>1 Wat sal jy graag wil leer?<br>2 Hoe sal jy dit leer?<br>3 Hoe dink jy sal die ervaring wees?<br>4 Watter lesse van **paragraaf 1** sal jy gebruik om jou te help? | **Paragraaf 1**<br>1 Ek het geleer hoeom 'n kamera te gebruik.<br>2 Ek het 'n boek oor fotografie gekoop end dit gelees om te leer hoe om 'n kamarea te gebruik. Daarna het ek baie geoefen.<br>3 Dit was 'n goeie ervaring want my vaardighede het verbeter.<br>4 Ek het geleer dat baie oefening verg om iets nuuts te leer.<br>**Paragraaf 2**<br>1 Ek sal graag wil leer hoe om Frans te praat. Ek dink dit is belangrik om baie tale te kan praat.<br>2 Ek sal 'n App op my foon gebruik.<br>3 Ek dink dit sal pret asook uitdagend wees. Ek dink dit sal baie moeite verg.<br>4 Ek het geleer dat dit baie oefening verg om iets nuuts te leer. Ek sal dit onthou en gereeld oefen om Frans te praat sodat ek die taal kan leer. |

### LEERDERS MAAK GEBRUIK VAN DIE BEPLANNINGSTRATEGIE (JY DOEN)

1. Vertel leerders om hulle oë toe te maak en te dink aan iets wat hulle geleer het en iets wat hulle in die toekoms graag sal wil leer.
2. Sê aan leerders om **te draai en** met 'n maat **te praat** oor hulle eie stories.
3. Wys aan die leerders die beplanningsraam op die swartbord. Vertel leerders om die raam te gebruik om hulle skryfwerk te beplan, net soos jy vir hulle gedemonstreer het.
4. Deel leerders se boeke uit.
5. Vertel leerders dat hulle hulle eie idees moet neerskryf – hulle moet nie die onderwyser se voorbeeld afskryf nie.
6. Terwyl leerders besig is om te skryf beweeg rond in die klas en hou mini konferensies.


Plan

Paragraaf 1

1. Ek maak my eie materiaal masker
2. Ek het na 'n YouTube video gekyk op my ma se foon en myself so geleer.
3. Dit was 'n goeie idee, want almal in my area wou hê ek moes vir hulle ook een maak.
4. Ek het geleer dat dit baie oefening vat om iets nuuts te leer en dit goed te kan doen.

Paragraaf 2

1. Om my eie klere te maak.
2. Ek sal na videos op YouTube kyk.
3. Ek dit dit sal pret wees. Ek kan die pragtige klere maak wat my ma nie kan bekostig nie. Ek dink dit kan gaan harde werk wees.
4. Ek het geleer dat dit oefening vat om iets nuuts te leer en dat dit nie altyd die eerste keer perfek sal wees nie. Ek sal onthou om die moed op te gee nie!



## Groep Begeleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ______________________________

1. Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 7** het.
2. Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minute terug na hul tafels.
5. Doen ’n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hulle gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Dinsdag

## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Hersien Klanke, Vermenging En Segmentasie

**EK DOEN ...**

1. Sê die klank**: ng**
2. Sê die woord: **ring**
3. Segmenteer die woord in individuele klanke: **/r/-/i/-/ng/**
4. Sê die beginklank van die woord: **/r/**
5. Sê die tweede enkel klank van die woord: **/i/**
6. Sê die endlklank van die woord: **/ng/**
7. Skryf die woord op die swartbord: **ring**
8. Demonstreer deur na die klanke te wys en saam te voeg, hoe die klanke 'n woord bou: **/r/-/i/-/ng/** = **ring**

**ONS DOEN...**

1. Sê die klank**: ng**
2. Sê die woord: **bang**
3. Vra leerders: Wat is die eerste klank in die woord? **/b/**
4. Vra leerders: Wat is die tweede enkel klank in die woord? **/a/**
5. Vra leerders: Wat is die laaste klank in die woord? **/ng/**
6. Vra leerders om die woord in individuele klanke te segmenteer: **/b/-/a/-/ng/**
7. Skryf die woord op die swartbord: **bang**
8. Sê aan die leerders om die klanke in die woorde saam met jou, reg te saam te voeg: **/b/-/a/-/ng/** = **bang**

**JY DOEN ...**

1. Sê aan leerders om hul boeke uit te haal en die datum en opskrif te skryf: **ng woorde.**
2. Sê nou aan leerders om in die kantlyn te nommer van 1–5.
3. Roep die volgende woorde uit:
    1. **ring**
    2. **bang**
    3. **sing**
    4. **meng**
    5. **bring**
4. Leerders moet die woorde langs die korrekte nommer skryf en die teikenklank in elke woord onderstreep.

5 In die laaste twee minute van die les, skryf die korrekte woorde op die swartbord en onderstreep die teikenklanke.
6 Gee opdrag aan die leerders om hul eie werk met 'n kleurpotlood te korrigeer
7 Verduidelik aan leerders dat hul in die volgende les gaan leer hoe om hierdie klank in LOPENDE SKRIF te skryf.

### ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM

Klank/e: ____________________

Woorde: ____________________

____________________

## Handskrif: 15 minute

### Skryf letter(s) / woorde / sinne in lopende skrif

1 Leer leerders hoe om die lopende skrif letter(s) korrek te vorm: **ng**
2 Demonstreer hoe die letter(s) te skryf vir regshandige leerders en links-handige leerders.
3 Gee leerders nou opdrag om met 'n maat te werk en om die letter(s) op mekaar se rûe te skryf met hul vingers.
4 Gee leerders nou opdrag om die letter(s) op hul tafels te skryf met hul vingers.
5 Wys ten laatste weereens aan leerders op die swartbord, hoe om die letter(s) en woorde te vorm.
6 Leerders moet dan die klank/woorde/sinne in hul boeke skryf.
7 Leerders moet die teikenklanke <u>onderstreep</u> in al die woorde/sinne wat hul geskryf het.



*meng*

*bring*

*Bring die ring vir die bruid.*

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

Sin: ______________________________

______________________________

## Gedeelde Lees: 15 Minute

### Aanvangslees


**BEGRIPSTRATEGIE: SOEK DIE TEKS**

| Teks | Aanvangslees (Dink Hardop) |
|---|---|
| **<u>Zandile gebruik die internet</u>**<br>Zandile is mal oor aarbeie, maar aarbeie is so duur in die winkel!<br>Een dag soek Zandile se ma vir pampoensade. Mamma draai die rak, op soek na die saad.<br>Dan sien Zandile 'n pakkie aarbeisaad! "Mamma, asseblief kan ons hierdie saad koop?" vra sy. Mama kyk na die prys: R28. "Sjoe! Hulle is nie goedkoop nie!" sê sy, maar sy knik haar kop en neem die saad. | **Wat het Zandile by die winkel gekry?** O! Sy het 'n pakkie aarbeisaad gekry, sodat sy haar eie aarbeie by die huis kan plant. |
| By die huis gee Zandile se ma haar pakkie aarbeisaad vir haar. "Ek het nog nooit hierdie geplant nie!' sê Mamma. "Jy sal moet uitvind hoe om hulle behoorlik te laat groei." | **Wat het plante nodig om te groei?**<br>Ek sien, sommige plante het net 'n bietjie son en water nodig en sommige plante het baie son en water nodig, maar alle plante het son en water nodig om te groei. |

| Teks | Aanvangslees (Dink Hardop) |
|---|---|
| "Ek het gedink alle plante is dieselfde?" sê Zandile.<br><br>"Verskillende plante het verskillende goed nodig," verduidelik haar ma. "Sommige plante het net 'n bietjie son nodig. Ander plante het baie son nodig. Sommige plante het net 'n klein bietjie water nodig. Ander plante het baie water nodig!" | |
| Zandile wil nie haar arbeisaadjies mors nie, hulle was so duur!<br><br>"Hoe kan ek seker maak my aarbeie groei behoorlik?" wonder Zandile. | **Wat wonder Zandile?**<br><br>O! Sy wonder hoe om die saadjies behoorlik te laat groei. |
| Zandile gaan buitentoe. Sy sien hulle buurvrou, Gogo Minah, in die son sit. "Goeiemôre Gogo," sê sy.<br><br>"Ja, hallo," sê Gogo Minah.<br><br>"Het jy al ooit aarbeie geplant?" vra Zandile.<br><br>"Nee, ek het nie," sê sy. | **Wat vra Zandile vir Gogo Minah?**<br><br>Zandile vra Gogo Minah of sy al ooit aarbeie geplant het. |
| Die volgende oggend na kerk, sien Zandile haar suster se vriendin, Lindi. "Hallo Lindi," sê sy.<br><br>"Haai Zandile," groet Lindi.<br><br>"Het jy al ooit aarbeie geplant?" vra Zandile.<br><br>"Nee, ek het nie. Jammer!" sê sy. | **Wat vra Zandile vir Lindi?**<br><br>Zandile vra Lindi of sy al ooit aarbeie geplant het. |
| Daardie aand bel Zandile se ouer suster, Sonto, uit Johannesburg. Mamma gee die telefoon vir Zandile.<br><br>"Wat is nuus?" vra Sonto.<br><br>"Nie veel nie. Mamma het vir my 'n pakkie aarbeisaad gekoop! Ek wil hulle plant, maar ek weet nie hoe nie," sê sy.<br><br>"Jy kan enige iets op die internet kry!" sê Sonto. "Gebruik Mama se telefoon," sê sy. "Ek sal vir jou data stuur." | **Met wie praat Zandile op die telefoon?** O! Sy praat met Sonto, haar ouer suster, op die telefoon. |
| Daardie aand maak Mamma die internet oop vir Zandile. "Sonto het vir jou data gestuur," sê Mama en gee vir Zandile die telefoon.<br><br>Die bokant van die blad sê "Google".<br><br>"Wat moet ek doen?" vra Zandile.<br><br>"Tik hier in wat jy nodig het," verduidelik Mamma.<br><br>Zandile tik in: Hoe plant ek aarbeie. Dan kliek sy op die soekknoppie. | **Waarvoor het Zandile gesoek op die internet?** O! Zandile het gesoek hoe om aarbeie te plant. |

| Teks | Aanvangslees (Dink Hardop) |
|---|---|
| 'n Paar sekondes later, kom 'n lys van videos en artikels op. Zandile kliek "speel" op 'n video. | **Hoeveel antwoorde is daar op Zandile se vraag?**<br>O! Ek sien, daar is 4 antwoorde vir die vraag. |
| Terwyl Zandile na die video kyk, leer sy baie dinge.<br>Sy leer dat aarbeiplantjies 8 ure sonlig elke dag nodig het.<br>Sy leer dat hierdie plantjies baie water nodig het.<br>Sy leer dat sy vir ten minste 4 weke moet wag om enige vruggies te kry. | **Wat leer Zandile van aarbeie en sonlig?**<br>O! Sy leer dat aarbeie ten minste 8 ure sonlig elke dag nodig het. |
| Die volgende dag na skool, gaan Zandile buitentoe met haar saadjies.<br>Sy plant die saadjies in 'n sonnige deel van hulle erf. Sy plant die saadjies in houers, net soos wat sy op die video gesien het. Sy gee die saadjies water.<br>Sy kan nie wag vir die vruggies om te kom nie! | **Hoe het Zandile geweet hoe om die saadjies te plant?**<br>Sy het van die video wat sy op die internet gekyk het geleer! Kyk – sy weet wat om te doen! |

| Opvolg vrae | Moontlike antwoordeonses |
|---|---|
| Wat het Zandile se ma vir haar by die winkel gekoop? | Sy het vir haar 'n pakkie aarbeisaad gekoop. |
| Wat het Zandile gebruik om te leer hoe om aarbeisaadjies te plant? | Sy het haar ma se telefoon gebruik. Sy het Google gebruik. Sy het die internet gebruik. |
| Wat het Zandile geleer oor die aarbeie wat sy wou plant? | • Sy het geleer dat aarbeiplantjies 8 ure sonlig elke dag nodig het.<br>• Sy het geleer dat hierdie plantjies baie water nodig het.<br>• Sy het geleer dat sy ten minste 4 weke moet wag voor daar vruggies gaan wees. |
| **Hoekom vrae** | **Moontlike antwoorde** |
| Hoe het Zandile geleer hoe om aarbeisaadjies te plant? | • Sy het op die internet gesoek.<br>• Haar suster Sonto het vir haar data na haar ma se foon toe gestuur. Toe het sy die internet gebruik.<br>• Sy het 'n video gekyk wat haar gewys het hoe om aarbeisaadjies te plant. |



## Groep Begeleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ______________________________

1. Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 7** het.
2. Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5. Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Woensdag

## Mondelinge Aktiwiteite 15 minute


### TEMA WOORDESKAT

**1** Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)

**2** Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
- bronne
- artikels
- biblioteek
- leen

| Rympie of liedjie | Aksies |
|---|---|
| Die internet is die plek om te gaan, | – |
| As jy dinge nie verstaan, | *Frons en krap jou kop soos jy dink* |
| Alleen of met 'n maat, | *Wys na jouself en wys na jou maat* |
| Op die rekenaar of 'n foon, | *Maak asof jy op 'n rekenaar of 'n foon tik* |
| Sal Google jou met die inligting beloon! | *Hou jou duim in die lug om te wys jy het die inligting gekry!* |

### KREATIEWE STORIEVERTEL



**1** Verdeel leerders in hul klein groepe.

**2** Gee aan elk 'n kopie van die kreatiewe storievertel prentjies.

**3** Sê aan leerders om te dink aan 'n storie wat by die prentjies pas.

**4** Gee aan leerders 'n minuut of twee om oor hul idees te dink.

**5** Vervolgens moet elke leerder in die groep 'n kans kry om te draai en hul weergawe van die storie te deel.

**6** Herinner leerders daaraan dat hul storie kreatief moet wees, maar ook by die prentjies moet pas!

**7** Herinner leerders om aandagtig na mekaar se stories te luister.

**8** Bedank die leerders dat hulle hul stories gedeel het.

## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Hersien Klanke, Vermenging En Segmentasie

**EK DOEN …**

1 Sê die klank: **nk**
2 Sê die woord: **bank**
3 Segmenteer die woord in individuele klanke: **/b/-/a/-/nk/**
4 Sê die beginklank van die woord: **/b/**
5 Sê die tweede enkel klank van die woord: **/a/**
6 Sê die endlklank van die woord: **/nk/**
7 Skryf die woord op die swartbord: **bank**
8 Demonstreer deur na die klanke te wys en saam te voeg, hoe die klanke 'n woord bou: : **/b/-/a/-/nk/ = bank**

**ONS DOEN …**

1 Sê die klank: **nk**
2 Sê die woord: **pienk**
3 Vra leerders: Wat is die eerste klank in die woord? **/p/**
4 Vra leerders: Wat is die tweede enkel klank in die woord? **/ie/**
5 Vra leerders: Wat is laaste klank in die woord? **/nk/**
6 Vra leerders om die oorpronklike woord in individuele klanke te segmenteer: **/p/-/ie/-/nk/**
7 Skryf die woord op die swartbord: **pienk**
8 Sê aan die leerders om die klanke in die woorde saam met jou reg te saam te voeg: **/p/-/ie/-/nk/ = pienk**

**JY DOEN …**

1 Sê aan leerders om hul boeke uit te haal en die datum en opskrif te skryf: **nk woorde.**
2 Sê nou aan leerders om in die kantlyn te nommer van 1–5.
3 Roep die volgende woorde uit:
   1 **bank**
   2 **tenk**
   3 **drink**
   4 **pienk**
   5 **sink**
4 Leerders moet die woorde langs die korrekte nommer skryf en die teikenklank in elke woord onderstreep.
5 In die laaste twee minute van die les, skryf die korrekte woorde op die swartbord en onderstreep die teikenklanke.

**6** Gee opdrag aan die leerders om hul eie werk met 'n kleurpotlood te korrigeer

**7** Verduidelik aan leerders dat hul in die volgende les gaan leer hoe om hierdie klank in LOPENDE SKRIF te skryf.

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ____________________________________________

Woorde: ____________________________________________

____________________________________________

## Handskrif: 15 minute

### Skryf letter(s) / woorde / sinne in lopende skrif

**1** Leer leerders hoe om die klein letters in lopende skrif letter(s) korrek te vorm: **nk**

**2** Demonstreer hoe die letter(s) te skryf vir regshandige leerders en links-handige leerders.

**3** Gee leerders nou opdrag om met 'n maat te werk en om die letter(s) op mekaar se rûe te skryf met hul vingers.

**4** Gee leerders nou opdrag om die letter(s) op hul tafels te skryf met hul vingers.

**5** Wys ten laatste weereens aan leerders op die swartbord, hoe om die letter(s) en woorde te vorm.

**6** Leerders moet dan die klank/woorde/sinne in hul boeke skryf.

**7** Leerders moet die teikenklanke <u>onderstreep</u> in al die woorde/sinne wat hul geskryf het.



pienk

sink

Ek hou baie van pienk
melkskommel.

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

Sin: ______________________________

______________________________

## Skryfwerk:

30 minute

### Rofwerk / Opstel

**ONDERWERP:** Skryf ’n brief aan ’n maat of familielid oor die leer van nuwe goed. Die eerste paragraaf sal handel oor jou ervaring van iets nuuts wat jy in die verlede geleer het. Die tweede paragraaf sal handel oor iets wat jy in die toekoms wil leer.

**OPDRAG:** Skryf ten minste 10 sinne wat in twee paragrawe verdeel is.

**SKRYFRAAMWERK:**

Liewe...

Ek skryf om jou van...te vertel.

Ek het geleer....by/deur...

Om iets nuuts te leer was...want...

Ek het geleer dat...

Volgende sal ek wil leer hoe om...want....

Ek sal...

Nou weet ek...

Liefde

....

**VOORBEREIDING:** Skryf Maandag se plan op die swartbord voor die skryfles begin.

#### DEMONSTREER DIE SKRYFPROSES (EK DOEN)

1 Herinner leerders aan die plan wat jy Maandag opgestel het.
2 Lees deur jou plan wat op die swartbord geskryf is.
3 Lees die skryfraamwerk hardop aan die leerders
4 Demonstreer hoe jy die skryfraamwerk voltooi met jou plan soos:
*__Liewe__ Nicki*
*__Ek skryf om jou van__ die keer toe ek geleer het hoe om ’n kamera te gebruik __te vertel.__ Ek het van fotografie geleer. __Ek het geleer__ hoe om ’n kamera te gebruik en fotos te neem __deur__ ’n boek oor fotografie te lees. __Om iets nuuts te leer was__ ’n goeie ervaring __want__ ek het besef dat my vaardighede verbeter. __Ek het geleer dat__ dit baie oefening verg om iets nuuts te leer. __Volgende sal ek wil leer hoe om__ Frans te leer praat __want__ ek dink dat dit belangrik is om baie tale te kan praat. __Ek sal__ ’n App op my foon gebruik om Frans te leer praat. __Nou weet ek__ dat ek baie sal moet oefen om Frans te praat.*
*Wat sal jy graag wil leer om te doen?*
*__Liefde__*
*Mevrou Schmidt*


## LEERDERS VOLTOOI DIE SKRYFPROSES (JY DOEN)

1. Deel leerders se boeke uit.
2. Vertel leerders om die datum en opskrif neer te skryf: **'n Brief oor die leer van nuwe goed: Rofwerk / Opstel**
3. Sê aan leerders om na die plan wat hulle Maandag voltooi het te blaai en aan hulle idees te dink.
4. Sê aan leerders om die skryfraamwerk te voltooi deur van hulle planne gebruik te maak.
5. Sê aan leerders dat hulle meer sinne kan byvoeg indien hulle genoeg tyd het.
6. Herinner leerders aan die strategieë wat hulle kan gebruik om hulle te help.
7. Terwyl leerders besig is om te skryf, beweeg rond in die klas en help leerders wat sukkel.

Augustus 19 2020
'n Brief oor die leer van nuwe dinge:
Konsep

Liewe Nomsa
ek skryf om jou te vertel van die tyd toe ek geleer het hoe om my eie maskers van materiaal te maak. Ek het dit geleer deur na 'n YouTube-video's op my ma se foon te kyk. Om iets nuuts te leer was 'n goeie ervaring, want almal in my area wou he ek moes ook een vir hulle maak. My maskers het gehelp om baie mense veilig te hou. ek het geleer dat dit baie oefening verg om iets nuts te leer en dit regtig goed te doen.

volgende wil ek graag leer hoe om my eie klerre te maak, want ek kan vir myself pragtige klere maak wat my ma nie kan bekostig om te koop nie. Ek sal video's op YouTube kyk.
Ek dink dat sal baie werk verg. Nou weet ek dat om iets nuts te leer, verg oefening en dit sal nie altyd die eerste keer perfek wees nie. Ek sal onthou om nie moed op te ge nie!
Liefde
Philisiwe



## Groep Begeleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ______________________________

1 Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 7** het.
2 Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul tafels.
5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hulle gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

# Donderdag

## Fonemiese Bewustheid En Klanke: Letter Ruil

15 minute

### EK DOEN ...

1 Verduidelik dat ons vandag gaan oefen om vir klein verskille in woorde te soek. Dit help ons om beter lesers te wees.
2 Skryf die twee woorde op die swartbord: **ring, sing**
3 Demonstreer aan leerders hoe jy die verskille vind, bv.: **ring, sing**
4 Verduidelik die verskil, bv. die **/r/** en **/s/** klanke is verskillend, maar die res van die woord is dieselfde!

### ONS DOEN ...

#### DEEL 1

1 Skryf die twee woorde op die swartbord: **drink, sink**
2 Vra leerders: Wat is die verskil tussen die twee woorde?
3 Vra 'n leerder om die verskil tussen die twee woorde te kom onderstreep, bv.: **drink, sink**
4 Verduidelik die verskil tussen die twee woorde.

#### DEEL 2

1 Skryf nou die volgende woord op die swartbord: **sing**
2 Vra leerders: **Wat is een letter in die woord wat jy kan uitruil om 'n ander woord te bou?**
3 Skryf 'n lys van leerders se idees om die swartbord, bv **: ring, bring, sink, sin, sit**

### JY DOEN ...

1 Skryf die woord op die swartbord: **drink**
2 Gee aan leerders instruksie om soveel woorde as wat hul kan, te maak, deur slegs een klank in die woorde te vervang.
3 Roep nou leerders na die swartbord om een van hul eie woorde neer te skryf.
4 Gaan deur die woorde, en verduidelik watter klank uitgeruil is.
**sink**, **pienk, drank**

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

## Gedeelde Lees: 15 minute


### Tweede Lees

**LEESSTRATEGIE: SOEK DIE TEKS**

| Teks | Tweede lees (Dink Hardop) |
|---|---|
| **<u>Zandile gebruik die internet</u>**<br>Zandile is mal oor aarbeie, maar aarbeie is so duur in die winkel!<br>Een dag soek Zandile se ma vir pampoensade. Mamma draai die rak, op soek na die saad.<br>Dan sien Zandile ’n pakkie aarbeisaad! “Mamma, asseblief kan ons hierdie saad koop?” vra sy. Mama kyk na die prys: R28. “Sjoe! Hulle is nie goedkoop nie!” sê sy, maar sy knik haar kop en neem die saad. | **Hoekom wou Zandile aarbeisaad koop?** Zandile wil haar eie aarbeie plant. Sy is mal daaroor om dit te eet, maar dit is so duur om te koop. |
| By die huis gee Zandile se ma haar pakkie aarbeisaad vir haar. “Ek het nog nooit hierdie geplant nie!’ sê Mamma. “Jy sal moet uitvind hoe om hulle behoorlik te laat groei.”<br>“Ek het gedink alle plante is dieselfde?” sê Zandile.<br>“Verskillende plante het verskillende goed nodig,” verduidelik haar ma. “Sommige plante het net ’n bietjie son nodig. Ander plante het baie son nodig. Sommige plante het net ’n klein bietjie water nodig. Ander plante het baie water nodig!” | **Hoekom kan Zandile se ma haar nie help om die aarbeisade te plant?**<br>O! Zandile se ma kan nie help nie, want sy het nog nooit vantevore aarbeie geplant nie. Sy weet nie hoe om die saadjies behoorlik te laat groei nie. |
| Zandile wil nie haar arbeisaadjies mors nie, hulle was so duur!<br>“Hoe kan ek seker maak my aarbeie groei behoorlik?” wonder Zandile. | **Hoekom wil Zandile nie haar saadjies mors nie?** O! Ek sien – dit is omdat hulle so duur was. |
| Zandile gaan buitentoe. Sy sien hulle buurvrou, Gogo Minah, in die son sit. “Goeiemôre Gogo,” sê sy.<br>“Ja, hallo,” sê Gogo Minah.<br>“Het jy al ooit aarbeie geplant?” vra Zandile.<br>“Nee, ek het nie,” sê sy. | **Wie is Gogo Minah?**<br>O! Gogo Minah is Zandile hulle se buurvrou. |

| Teks | Tweede lees (Dink Hardop) |
| --- | --- |
| Die volgende oggend na kerk, sien Zandile haar suster se vriendin, Lindi. "Hallo Lindi," sê sy.<br><br>"Haai Zandile," groet Lindi.<br><br>"Het jy al ooit aarbeie geplant?" vra Zandile.<br><br>"Nee, ek het nie. Jammer!" sê sy. | **Wie is Lindi?** O, Lindi is se Zandile se suster se vriendin. |
| Daardie aand bel Zandile se ouer suster, Sonto, uit Johannesburg. Mamma gee die telefoon vir Zandile.<br><br>"Wat is nuus?" vra Sonto.<br><br>"Nie veel nie. Mamma het vir my 'n pakkie aarbeisaad gekoop! Ek wil hulle plant, maar ek weet nie hoe nie," sê sy.<br><br>"Jy kan enige iets op die internet kry!" sê Sonto. "Gebruik Mama se telefoon," sê sy. "Ek sal vir jou data stuur." | **Hoe help Sonto vir Zandile?** Sonto sê vir Zandile sy kan die antwoord op die internet kry. Sy sal vir haar data stuur sodat Zandile die internet op haar ma se telefoon kan gebruik. |
| Daardie aand maak Mamma die internet oop vir Zandile. "Sonto het vir jou data gestuur," sê Mama en gee vir Zandile die telefoon.<br><br>Die bokant van die blad sê "Google".<br><br>"Wat moet ek doen?" vra Zandile.<br><br>"Tik hier in wat jy nodig het," verduidelik Mamma.<br><br>Zandile tik in: Hoe plant ek aarbeie. Dan kliek sy op die soekknoppie. | **Hoekom het Zandile se ma die internet vir Zandile oopgemaak?**<br><br>O! Dit moet wees omdat Sonto vir Zandile data gestuur het, sodat sy kan uitvind hoe om saadjies behoorlik te plant. |
| 'n Paar sekondes later, kom 'n lys van videos en artikels op. Zandile kliek "speel" op 'n video. | **Hoe laat Zandile die video speel op Mama se telefoon?**<br><br>O! Zandile kliek op die speelknoppie – dit lyk soos 'n driehoek. |
| Terwyl Zandile na die video kyk, leer sy baie dinge.<br><br>Sy leer dat aarbeiplantjies 8 ure sonlig elke dag nodig het.<br><br>Sy leer dat hierdie plantjies baie water nodig het.<br><br>Sy leer dat sy vir ten minste 4 weke moet wag om enige vruggies te kry. | **Wat leer Zandile van aarbeie en water?**<br><br>O! Sy leer dat aarbeie baie water nodig het. |
| Die volgende dag na skool, gaan Zandile buitentoe met haar saadjies.<br><br>Sy plant die saadjies in 'n sonnige deel van hulle erf. Sy plant die saadjies in houers, net soos wat sy op die video gesien het. Sy gee die saadjies water.<br><br>Sy kan nie wag vir die vruggies om te kom nie! | **Hoekom het Zandile haar saadjies in die sonnige deel van die erf geplant?**<br><br>O! Dit is omdat dit een van die dinge is wat sy geleer het van die video wat sy gekyk het. |

| **Opvolg vrae** | **Moontlike antwoorde** |
|---|---|
| Hoekom kan Mamma nie vir Zandile help om aarbeie te plant? | Omdat sy dit nog nie self vantevore gedoen het nie. |
| Hoekom het Zandile die saadjies in netjiese rytjies geplant? | Omdat sy dit op die video wat sy gekyk het, gesien het. |
| Hoe kry Zandile dit reg om die internet te gebruik? | Haar suster stuur data na Mamma se telefoon vir haar om te gebruik. |
| **Hoekom vrae** | **Moontlike antwoorde** |
| Hoekom gebruik Zandile die internet? | • Omdat sy wil leer hoe om aarbeisaadjies te plant.<br>• Omdat niemand wat sy vra weet hoe om aarbeisaadjies te plant nie.<br>• Omdat jy enige iets van die internet af kan leer! |



## Groep Begeleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ______________________________

1. Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 7** het.
2. Verduidelik **Donderdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5. Doen ’n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Donderdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

# Vrydag

## Mondelinge Aktiwiteite 15 minute

### TEMA WOORDESKAT

1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
- data
- kliek
- blaai

| Rympie of liedjie | Aksies |
|---|---|
| Die internet is die plek om te gaan, | – |
| As jy dinge nie verstaan, | *Frons en krap jou kop soos jy dink* |
| Alleen of met 'n maat, | *Wys na jouself en wys na jou maat* |
| Op die rekenaar of 'n foon, | *Maak asof jy op 'n rekenaar of 'n foon tik* |
| Sal Google jou met die inligting beloon! | *Hou jou duim in die lug om te wys jy het die inligting gekry!* |

### BESPREKING VAN GEDEELDE LEES TEKS

1 Skryf die besprekingsraamwerk op die swartbord:
In die storie …
As ek die internet sou gebruik, sou ek narvorsing doen oor......
Die storie is verwant aan die tema 'Leer nuwe goed' want...
2 Lees die besprekingsraamwerk aan die leerders.
3 Verdeel leerders in hul **klein groepe**.
4 Sê aan leerders dat elkeen 'n beurt moet kry om elke besprekingsvraag te antwoord.
5 Roep die klas tot aandag.
6 Vra verskillende leerders of 'n spesifieke groep om hul antwoorde te deel.
7 Korrigeer die antwoorde indien hul verkeerd is.
8 Bedank die leerders vir hul bydrae.

## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Woordsoek

Skryf die tabel op die swartbord wat vorige aangeleerde klanke insluit, sowel as die klanke wat op Dinsdag en Woensdag geleer is.

| | | |
|---|---|---|
| **ng** | **nk** | **r** |
| **a** | **i** | **b** |
| **s** | **e** | **m** |
| **t** | **d** | **p** |

#### DEMONSTREER

1. Herinner leerders aan die klanke van die week: **/ng/** en **/nk/**
2. Hersien al die klanke en samevoegings op die swartbord.
3. Gee aan leerders 3 minute om soveel woorde as hul kan te maak met die klanke en samevoegings hierbo.
4. Wys aan leerders hoe om 'n woord te bou deur die teikenklank te gebruik, bv.: **/r/-/i/-/ng/** = **ring**
5. Herinner leerder dat hul 'n woord kan bou deur enige van die klanke te gebruik – hulle het nie nodig om **/ng/** of **/nk/** te gebruik nie.
6. Wys leerders hoe om nog 'n woord te bou, bv.: **/b/-/e/-/s/** = **bes**

#### LEERDERS DOEN

1. Sê aan die leerders om hul boeke oop te maak en die opskrif te skryf: **ng, nk**
2. Gee aan leerders opdrag om te begin skryf.
3. Gee leerders 3 minute om soveel as moontlik woorde te vind en bou as wat hulle kan.
4. Gee aan leerders die geleentheid om hul eie werk te korrigeer. Wys aan leerders hoe om hierdie woorde (en ander) te bou: **bank, tenk, drink, pienk, sink, ring, bang, sing, meng, bring, bes, tas, pas, maat, meer, baai, brak, stap**

#### ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM

Klank/e: ____________________

Woorde: ____________________

____________________

Sin: ____________________

____________________

## Gedeelde Lees: 15 minute

### Na-Lees

**BEGRIPSTRATEGIE: SOM OP / SOEK DIE TEKS**

**GESKREWE BEGRIPSTOETS**

1. Voor die begin van die les skryf die volgende opskrif, vrae en sin begin frases op die swartbord.
2. Lees deur die vrae saam met die leerder en verduidelik die vrae indien nodig.
3. Gee die leerders instruksie **om te draai en met 'n maat te praat** oor die vrae.
4. Vra die leerders om hulle boeke oop te maak en die datum, die opskrif en die vrae se antwoorde neer te skryf.
5. In die laaste vyf minute van die les gaan deur die korrekte antwoorde saam met die leerders en gee opdrag aan die leerders om hul eie werk te korrigeer.

**ZANDILE GEBRUIK DIE INTERNET**

1. Watter soort saad het Zandile se ma gekoop?
   ***Zandile se ma het...***
2. Wat is 'n feit wat Zandile van die Youtube video geleer het?
   ***Sy het geleer dat...***
3. Wie het voorgestel dat Zandile die internet gebruik om navorsing te doen oor hoe om aarbeie te kweek?
   ***...het voorgestel dat Zandile die internet gebruik.***

**ZANDILE GEBRUIK DIE INTERNET**

1. Watter soort saad het Zandile se ma gekoop?
   ***Zandile se ma het aarbeisaad gekoop.***
2. Wat is 'n feit wat Zandile van die Youtube video geleer het?
   ***Sy het geleer dat aarbeiplante baie water benodig.***
3. Wie het voorgestel dat Zandile die internet gebruik om navorsing te doen oor hoe om aarbeie te kweek?
   ***Haar ouer suster het voorgestel dat Zandile die internet gebruik.***

## Groep Begeleide Lees 30 minute

**GROEPE:** ______________________________

1 Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 7** het.
2 Verduidelik **Vrydag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul tafels.
5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Vrydag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hulle gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

## Week-eind taal onderrig hersiening 15 minute

1 Laat leerders op die mat sit aan die einde van die dag.
2 Voer die weeklikse taal oorsig sessie uit. Jy kan kies om Huistaal en Eerste Addisionele Taal in hierdie verslag te kombineer.
3 Onthou om die leerders toe te laat om om te "Draai en Praat" en hul antwoorde met maats te bespreek. Kies dan 'n paar leerders om hul antwoorde met die klas te deel.
4 Gebruik die volgende leidende vrae om die taal gedeelte van julle bespreking te lei:
   a **Wat was ons taal tema vir die week?**
   b **Watter stories het ons saam gelees?**
   c **Wat was jou gunsteling nuwe woorde vir die week?**
   d **Wat het jy geleer van die stories wat ons gelees het?**
   e **Waaroor het ons geskryf die week?**
   f **Hoe het jou eie skryfwerk verbeter die week?**
   g **Hoe het jou eie leeswerk verbeter die week?**
   h **Waaroor is jy die trotste die week?**
5 Ten einde, sê aan die leerders om aan twee dinge te dink wat hulle aan hul families gaan vertel oor wat hulle geleer het of hoe hulle verbeter het gedurende die week by die skool.

*Let wel: Hierdie proses van self evaluasie en refleksie is 'n krities belangrike deel van leer. Moet asseblief nie die weeklikse aktiwiteit oorslaan nie.*

# Graad 3

## TERMYN 3

# Week 8

# TEMA:

## Leer nuwe goed

## Klaskamer Voorbereiding

1. Aan die begin van die week maak seker dat jou klaskamer netjies en skoon is.
2. Opdateer jou vertoonborde deur items wat nie meer relevant is nie te verwyder en dit netjies en versigtig weg te bêre.
3. Volgende moet jy die flitskaart woorde, tema woorde en illustrasies wat jy gaan gebruik voorberei.
4. Vind en berei items voor vir jou temamuur en tafel wat jou leerders interessant sal vind byvoorbeeld: Vra leerders se ouers om ’n paar sinne te skryf oor ’n keer toe hulle iets nuuts geleer het en hoe hulle dit ervaar het.
5. Doen navorsing op die internet om voor te berei vir die tema. Byvoorbeeld: Frustrasie beheer. Dit kan frustrerend wees om iets nuuts te leer want ’n mens moet risikos neem en foute maak. Praat met leerders oor hoe om die gevoelens te hanteer.
6. Maak seker dat alle leerders se Boeke / DBO Werkboeke netjies gebêre is waar hulle hoort.
7. Maak seker dat al jou grootboeke, graad leesboeke en klas biblioteek boeke in goeie toestand is.
8. Pas jou Groep Begeleide Lees groepe aan indien nodig.
9. Beplan jou formele en informele assesseringsaktiwiteite vir die week.

## Uitbreidingsaktiwiteite

Hierdie aktiwiteite kan gebruik word as onafhanklike werk vir leerders wat hul werk vroeg klaarkry OF terwyl jy leerders assesseer.

**Aktiwiteit 1:** DBO Werkboek 2: Bladsy 44 & 45, Ons doen

**Aktiwiteit 2:** DBO Werkboek 2: Bladsy 46 & 47, Ons skryf

**Aktiwiteit 3:** DBO Werkboek 2: Bladsy 48 & 49, Ons doen

**Aktiwiteit 4:** Maak ’n dagboek inskrywing oor ’n keer toe jy iets nuuts probeer het en misluk het.

# Maandag

## Mondelinge Aktiwiteite 15 minute

### HERSIEN DIE TEMA BEKEND: ASSESSEER VORIGE KENNIS

1. Wys aan leerders die voorblad van die Grootboek storie: <u>Wie is Katherine Johnson?</u>
2. Vertel aan leerders dat ons voortgaan met die tema: <u>Leer nuwe goed</u>
3. Teken 'n sirkel met die naam van die **tema** in die middel van die swartbord.
4. Vra aan leerders: *Wat weet julle reeds van die tema?*
5. Skryf die leerders se idees neer rondom die breinkaart. Groepeer soortgelyke idees bymekaar.
6. Indien leerders sukkel om te antwoord, vra die volgende leidende vrae:
   - **a** Watter bronne kan ons gebruik om nuwe goed te leer?
   - **b** Waarom leer ons nuwe goed?
   - **c** Wat maak dit pret of opwindend om nuwe goed te leer?
   - **d** Wat is uitdagend van nuwe goed leer?

### TEMA WOORDESKAT

1. Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2. Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
   - ruimtevaarder
   - wiskundige
   - briljant

| Rympie of liedjie | Aksies |
|---|---|
| Die internet is die plek om te gaan, | – |
| As jy dinge nie verstaan, | *Frons en krap jou kop soos jy dink* |
| Alleen of met 'n maat, | *Wys na jouself en wys na jou maat* |
| Op die rekenaar of 'n foon, | *Maak asof jy op 'n rekenaar of 'n foon tik* |
| Sal Google jou met die inligting beloon! | *Hou jou duim in die lug om te wys jy het die inligting gekry!* |

## Handskrif 15 minute

1. Vra die leerders om hulle boeke oop te maak en die datum en die opskrif **<u>Enkelvoud na Meervoud Woorde</u>** neer te skryf.
2. Sê aan die leerders om 1–5 in die kantlyn te skryf en om 'n lyn tussen elke nommer oop te los.

WEEK 8

3 Lees die woorde wat onder gelys is hardop aan die leerders. Leerders moet die woorde langs die regte nommer neer skryf.

**Enkelvoud na Meervoud Woorde**

1 kamera
2 persoon
3 televisie
4 telefoon
5 kaggel

4 Sê aan die leerders om elke woord oor te skryf as meervoude onder die enkelvoud woord.

5 In die laaste 5 minute van die les skryf die korrekte sinne op die swartbord neer. Sê die klanke hardop en verduidelik die lopende skrif proses terwyl jy skryf.

6 Vra die leerders om enige patrone wat hulle kan sien uit te wys soos waar die woorde verander.

7 Onderstreep die patrone soos volg:

**Enkelvoud na Meervoud Woorde**

1 kamera
kameras
2 persoon
persone
3 televisie
televisies
4 telefoon
telefone
5 kaggel
kaggels

8 Sê aan die leerders om aan die patrone te dink as hulle lees en skryf.

9 Sê aan die leerders om ’n gekleurde potlood te neem en hulle eie werk te korrigeer.

## ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM

Klank/e: ______________________________________________

Woorde: ______________________________________________

______________________________________________

Sin: ______________________________________________

______________________________________________

## Gedeelde Lees: 15 minute

### Voorlees

**BEGRIPSTRATEGIE: VOORSPEL**

1 Laat leerders op die mat sit sodat hulle die Grootboek kan sien.
2 Maak die Grootboek oop by die storie: Wie is Katherine Johnson?
3 Gaan deur die prente van elke bladsy en vra leerders wat hulle dink gaan gebeur.
4 Help leerders om die prentjies met mekaar te verbind, sodat hulle ŉ goeie idee het waaroor die storie gaan.
5 Stel nuwe woorde bekend by die relevante dele van die storie.
6 Lees die storie een maal deur sonder om te stop.

## Skryfwerk: 30 minute

### Redigeer

**ONDERWERP:** Skryf ŉ brief aan ŉ maat of familielid oor die leer van nuwe goed. Die eerste paragraaf sal handel oor jou ervaring van iets nuuts wat jy in die verlede geleer het. Die tweede paragraaf sal handel oor iets wat jy in die toekoms wil leer.

**OPDRAG:** Skryf ten minste 10 sinne wat in twee paragrawe verdeel is.

**VOORBEREIDING:**
- Skryf die redigering kontrolelys op die swartbord voor die les begin.
- Skryf jou rofwerk/opstel op die swartbord voor die begin van die les. Sluit een of twee foute in.

**REDIGERING KONTROLELYS:**
1 Het ek geskryf asof ek met iemand praat?
2 Is my eerste paragraaf in die verlede tyd geskryf?
3 Is my tweede paragraaf in die toekomende tyd geskryf?
4 Het ek ŉ groet en afsluiting ingesluit?
5 Ek het ten minste 10 sinne geskryf?
6 Het ek al die woorde reg gespel?
7 Begin elke sin met ŉ hoofletter?
8 Eindig elke sin met die regte leesteken?

**DEMONSTREER DIE REDIGERINGSPROSES (EK DOEN)**

1 Lees die redigering kontrolelys hardop vir die leerders.
2 Lees jou rofwerk/opstel haardop vir die leerders.

**3** Werk deur die kontrolelys en wys aan die leerders waar jou rofwerk/opstel reg is of waar jy verbeterings of regstellings moet maak.

**4** Demonstreer die regstellingsproses vir die leerders.

### LEERDERS VOLTOOI DIE REDIGERINGSPROSES (JY DOEN)

**1** Deel leerders se boeke uit.

**2** Sê aan leerders om na hulle rofwerk / opstel van die skryfopdrag te blaai.

**3** Sê aan leerders om deur die redigering kontrolelys te werk en verbeterings of regstellings te maak.

**4** Terwyl leerders besig is om te skryf, beweeg in die klas rond en hou mini konferensies – maak seker jy werk saam met ’n verskillende groep leerders vir elke skryfopdrag.

**5** Maak ’n nota van enige algemene foute wat leerders maak in hulle skryfwerk.

**6** Kry die leerders se aandag en skryf die algemene foute op die swartbord neer.

**7** Wys vir die leerders hoe om die foute reg te stel.

Augustus 19 2020
'n Brief oor die leer van nuwe dinge:
Konsep


Liewe Nomsa,

Ek skryf om jou te fetel van die tyd toe ek geleer het hoe om my eie maskers van materiaal te maak. Ek het dit geleer deur na 'n youtube-video's op my ma se foon te kyk. Om iets nuuts te leer was 'n goeie ervaring, want almal in my area wou hê ek moes ook een vir hulle maak. My maskers het gehelp om baie mense veilig te hou. Ek het geleer dat dit baie oefening verg om iets nuts te leer en dit regtig goed te doen.

Volgende wil ek graag leer hoe om my eie klere te maak, want ek kan vir myself pragtige klere maak wat my ma nie kan bekoostig om te koop nie. Ek sal video's op YouTube kyk.
Ek dink dat sal baie werk verg. Nou weet ek dat om iets nuts te leer, verg oefening en dit sal nie altyd die eerste keer perfek wees nie. Ek sal onthou om nie moed op te ge nie!

Liefde
Philisiwe

WEEK 8



## Groep Begeleide Lees

30 minute

**GROEPE: ______________________________**

1 Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 8** het.
2 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul tafels.
5 Doen ’n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hulle gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Dinsdag

## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Hersien Klanke, Vermenging En Segmentasie

**EK DOEN ...**

1 Sê die klank**: ld**
2 Sê die woord: **held**
3 Segmenteer die woord in individuele klanke: **/h/**-**/e/**-**/ld/**
4 Sê die beginklank van die woord: **/h/**
5 Sê die tweede enkel klank van die woord: **/e/**
6 Sê die endlklank van die woord: **/ld/**
7 Skryf die woord op die swartbord: **held**
8 Demonstreer deur na die klanke te wys en saam te voeg, hoe die klanke 'n woord bou: **/h/**-**/e/**-**/ld/** = **held**

**ONS DOEN...**

1 Sê die klank**: ld**
2 Sê die woord: **wild**
3 Vra leerders: Wat is die eerste klank in die woord? **/w/**
4 Vra leerders: Wat is die tweede enkel klank in die woord? **/i/**
5 Vra leerders: Wat is die laaste klank in die woord? **/ld/**
6 Vra leerders om die woord in individuele klanke te segmenteer: **/w/**-**/i/**-**/ld/**
7 Skryf die woord op die swartbord: **wild**
8 Sê aan die leerders om die klanke in die woorde saam met jou, reg te saam te voeg: **/w/**-**/i/**-**/ld/** = **wild**

**JY DOEN ...**

1 Sê aan leerders om hul boeke uit te haal en die datum en opskrif te skryf: **ld woorde.**
2 Sê nou aan leerders om in die kantlyn te nommer van 1–5.
3 Roep die volgende woorde uit:
   1 **held**
   2 **skuld**
   3 **naald**
   4 **veld**
   5 **wild**
4 Leerders moet die woorde langs die korrekte nommer skryf en die teikenklank in elke woord onderstreep.

5 In die laaste twee minute van die les, skryf die korrekte woorde op die swartbord en onderstreep die teikenklanke.
6 Gee opdrag aan die leerders om hul eie werk met 'n kleurpotlood te korrigeer
7 Verduidelik aan leerders dat hul in die volgende les gaan leer hoe om hierdie klank in LOPENDE SKRIF te skryf.

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________________


Woorde: ______________________________

______________________________

## Handskrif: 15 minute

### Skryf letter(s) / woorde / sinne in lopende skrif

1 Leer leerders hoe om die lopende skrif letter(s) korrek te vorm: **ld**
2 Demonstreer hoe die letter(s) te skryf vir regshandige leerders en links-handige leerders.
3 Gee leerders nou opdrag om met 'n maat te werk en om die letter(s) op mekaar se rûe te skryf met hul vingers.
4 Gee leerders nou opdrag om die letter(s) op hul tafels te skryf met hul vingers.
5 Wys ten laatste weereens aan leerders op die swartbord, hoe om die letter(s) en woorde te vorm.
6 Leerders moet dan die klank/woorde/sinne in hul boeke skryf.
7 Leerders moet die teikenklanke onderstreep in al die woorde/sinne wat hul geskryf het.





*veld*

*wild*

*In die veld in wilde diere.*

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ____________________

Woorde: ____________________

____________________

Sin: ____________________

____________________

## Gedeelde Lees: 15 Minute

### Aanvangslees

**BEGRIPSTRATEGIE: SOEK DIE TEKS & MAAK AFLEIDINGS**


| Teks | Aanvangslees (Dink Hardop) |
|---|---|
| **Wie is Katherine Johnson?**<br>*'Katherine G. Johnson het geweier om ingeperk te word deur die samelewing se verwagtinge van haar geslag en ras terwyl sy die grense van medemenslikheid uitgebrei het.' – President Barack Obama, 2015* | – |
| Een warm aand, sit Geeta en haar pa in hulle agterplaas en kyk na die helder, volmaan. "Ek wil eendag maan toe gaan! Ek wil in die lug rond sweef sonder swaartekrag!" sê Geeta droomverlore. "Ek sal nie daarvan hou om aan jou te dink wat in 'n vuurpyl verbyskiet nie!" lag mnr. Kapoor. "Miskien moet jy eerder soos Katherine Johnson wees." | |

WEEK 8

| Teks | Aanvangslees (Dink Hardop) |
|---|---|
| "Wie is Katherine Johnson?" vra Geeta.<br><br>"Sy was 'n briljante wiskundige. Sy het nie maan toe gegaan nie, maar niemand sou maan toe kon gaan sonder haar nie," verduidelik mnr. Kapoor. | ***Wie** was Katherine Johnson? Ek lees hier dat sy 'n wiskundige was.* |
| "Ek lees dat Katherine alles getel het," vertel mnr. Kapoor vir Geeta. "Sy het die bakke in haar kombuiskas getel. Sy het getel hoeveel tree sy oppad skool toe gee. Sy het selfs probeer tel hoeveel sterre daar in die hemel is!"<br><br>Geeta kyk op na die sterre en begin hulle tel. In een klein stukkie hemel, tel sy meer as 100 sterre. "Die hele hemel moes haar vir ewig geneem het!" lag Geeta. | ***Wat** het mnr. Kapoor gelees van Katherine? O, hy het gelees as 'n jong kind, het sy alles getel.* |
| "Katherine begin met hoërskool toe sy net 10 jaar oud was. Dink net as jy nou met hoërskool moes begin!" sê mnr. Kapoor. "Sy begin met Universiteit toe sy net 14 was! Sy was so goed met wiskunde dat die professore 'n nuwe, spesiale kursus vir haar moes saamstel." | ***Wanneer** het Katherine met hoërskool begin? Ek lees hier sy was net 10 jaar oud toe sy met hoërskool begin het.* |
| Geeta probeer haarself voorstel hoe sy hoërskool toe gaan in plaas van graad Sy stel haarself voor hoe sy by 'n groot hoërskoolbank sit saam met ouer hoërskoolkinders. "Ek dink nie ek is al reg vir hoërskool nie!" sê sy. | – |
| "Katherine wou 'n navorsings wiskundige word. Sy was briljant en goed opgelei. Toe sy haar universiteitsgraad gekry het, was dit baie moeilik vir vroue, veral swart vroue, om hierdie tipe werksaanbod te kry, as gevolg van die diskriminasie wat hulle moes verduur." sê mnr. Kapoor. | ***Hoekom** was dit moeilik vir Katherine om 'n werk as 'n navorsings wiskundige te kry? Ek lees hier, dit is omdat daar teen haar as 'n swart vrou gediskrimeer is.* |
| "Wat is diskriminasie?" vra Geeta haar pa.<br><br>"Wel, diskriminasie is wanneer mense jou onregverdig behandel oor iets wat hulle nie kan verander nie – soos jou ras of geslag. Katherine is behandel asof sy nie so slim soos ander mense is nie oor haar velkleur en geslag."<br><br>Geeta dink aan die keer toe Malcolm haar gespot het sy sal nooit soos goed soos hy in wiskunde wees nie, want sy is 'n meisie. "Diskriminasie voel nie lekker nie," sê sy, "en dit is nie waar nie – ek kry altyd beter punte vir my wiskunde huiswerk as Malcolm!" | ***Hoe** is Katherine behandel? Ek lees hier sy is behandel asof sy nie slim genoeg is nie, as gevolg van haar velkleur en geslag. Sy is teen gediskrimineer.* |

| Teks | Aanvangslees (Dink Hardop) |
|---|---|
| “Stel jouself voor as Malcolm probeer het om jou wiskunde huiswerk te vat en sy naam daarop te skryf!” mnr. Kapoor gaan aan. “Toe Katherine net begin het om by NASA, die ruimte agentskap, te werk was sy verantwoordlik om verslae te skryf oor haar werk. Die mans vir wie sy gewerk het wou nie toelaat dat sy haar naam op haar verslae skryf nie. Daardeur het die mans al die erkenning vir haar werk gekry. Sy is nie toegelaat om vergaderings by te woon saam met die mans wat saam met haar gewerk het nie. Katherine moes weer en weer vir mense laat verstaan dat sy daar behoort het. Uiteindelik, het sy toestemming gekry dat haar naam op haar verslae mag staan en sy is ingesluit by vergaderings.<br><br>Geeta stel haarself voor as Malcolm haar huiswerk sou steel en sy naam daarop sou skryf. Sy stel hul onderwyser, mnr. Payi, voor wat vir Malcolm prys vir haar harde werk. “As ek Katherine was, sou ek wou … skree!” sê Geeta. | ***Hoe*** *is daar teen Katherine gediskrimineer by NASA? Ek lees hier dat sy nie dieselfde behandel is as die mans saam met wie sy gewerk het nie. Sy is nie toegelaat om haar naam op haar verslae te skryf of om vergaderings by te woon nie!* |
| “Selfs met daardie struikelblokke, was Katherine een van die mees briljante mense by NASA. Sy het gehelp met die berekeninge om die eerste persoon in die ruimte te kry. Sy het help beplan aan die eerste vlug na die Maan, en ook aan ruimtevlugte daarna. Na haar aftrede het Katherine gepraat oor hoe belangrik wiskunde opvoeding vir alle kinders is,” sê mnr. Kapoor. “So, ek dink sy sou wou hê dat jy eerder wiskunde moet leer, in plaas daarvan om maan toe te gaan!” lag mnr. Kapoor. | *Wat het Katherine gedoen nadat sy afgetree het? Ek lees dat sy gepraat het oor hoe belangrik wiskunde opvoeding vir almal is!* |
| “Bedtyd!” sê hy. Geeta kyk nog een maal na die maan. Sy stel haarself voor hoe Katherine bereken het hoe om daar te kom. Toe volg sy haar pa na binne. | – |

| Opvolg vrae | Moontlike antwoordeonses |
|---|---|
| Wie was Katherine Johnson? | Katherine Johnson was ’n bekende wiskundige wat vir NASA gewerk het. |
| Hoe oud was Katherine toe sy met hoërskool begin het? | Sy was 10 jaar oud toe sy met hoërskool begin het. |
| **Hoekom vrae** | **Moontlike antwoorde** |
| Hoe is daar teen Katherine gediskrimineer? | • Dit was vir haar moeilik om ’n werk te kry, selfs al was sy briljant en goed opgelei.<br>• Sy is behandel asof sy nie so slim was soos ander mense nie, omdat sy swart was.<br>• Die mans by NASA het probeer om die erkenning te kry vir haar verslae. Sy is nie toegelaat om haar naam daarop te skryf nie.<br>• Sy is nie toegelaat om die vergaderings by te woon saam met die mans saam met wie sy gewerk het nie. |



## Groep Begeleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ______________________________

1. Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 8** het.
2. Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5. Doen ’n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

# Woensdag

## Mondelinge Aktiwiteite

15 minute


### TEMA WOORDESKAT

1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
   - swaartekrag
   - diskriminasie
   - onregverdig

| Rympie of liedjie | Aksies |
|---|---|
| Die internet is die plek om te gaan, | – |
| As jy dinge nie verstaan, | *Frons en krap jou kop soos jy dink* |
| Alleen of met 'n maat, | *Wys na jouself en wys na jou maat* |
| Op die rekenaar of 'n foon, | *Maak asof jy op 'n rekenaar of 'n foon tik* |
| Sal Google jou met die inligting beloon! | *Hou jou duim in die lug om te wys jy het die inligting gekry!* |

### KREATIEWE STORIEVERTEL

1 Verdeel leerders in hul klein groepe.
2 Gee aan elk 'n kopie van die kreatiewe storievertel prentjies.
3 Sê aan leerders om te dink aan 'n storie wat by die prentjies pas.
4 Gee aan leerders 'n minuut of twee om oor hul idees te dink.
5 Vervolgens moet elke leerder in die groep 'n kans kry om te draai en hul weergawe van die storie te deel.
6 Herinner leerders daaraan dat hul storie kreatief moet wees, maar ook by die prentjies moet pas!
7 Herinner leerders om aandagtig na mekaar se stories te luister.
8 Bedank die leerders dat hulle hul stories gedeel het.



WEEK 8

## Fonemiese Bewustheid En Klanke: Hersien Klanke, Vermenging En Segmentasie

15 minute

**EK DOEN ...**

1 Sê die klank: **lk**
2 Sê die woord: **melk**
3 Segmenteer die woord in individuele klanke: **/m/-/e/-/lk/**
4 Sê die beginklank van die woord: **/m/**
5 Sê die tweede enkel klank van die woord: **/e/**
6 Sê die endlklank van die woord: **/lk/**
7 Skryf die woord op die swartbord: **melk**
8 Demonstreer deur na die klanke te wys en saam te voeg, hoe die klanke 'n woord bou: : **/m/-/e/-/lk/ = melk**

**ONS DOEN ...**

1 Sê die klank: **lk**
2 Sê die woord: **dalk**
3 Vra leerders: Wat is die eerste klank in die woord? **/d/**
4 Vra leerders: Wat is die tweede enkel klank in die woord? **/a/**
5 Vra leerders: Wat is laaste klank in die woord? **/lk/**
6 Vra leerders om die oorpronklike woord in individuele klanke te segmenteer: **/d/-/a/-/lk/**
7 Skryf die woord op die swartbord: **dalk**
8 Sê aan die leerders om die klanke in die woorde saam met jou reg te saam te voeg: **/d/-/a/-/lk/ = dalk**

**JY DOEN ...**

1 Sê aan leerders om hul boeke uit te haal en die datum en opskrif te skryf: **lk woorde.**
2 Sê nou aan leerders om in die kantlyn te nommer van 1–5.
3 Roep die volgende woorde uit:
   1 **wolk**
   2 **melk**
   3 **valk**
   4 **dalk**
   5 **bulk**
4 Leerders moet die woorde langs die korrekte nommer skryf en die teikenklank in elke woord onderstreep.
5 In die laaste twee minute van die les, skryf die korrekte woorde op die swartbord en onderstreep die teikenklanke.

6 Gee opdrag aan die leerders om hul eie werk met 'n kleurpotlood te korrigeer
7 Verduidelik aan leerders dat hul in die volgende les gaan leer hoe om hierdie klank in LOPENDE SKRIF te skryf.

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

## Handskrif: 15 minute

### Skryf letter(s) / woorde / sinne in lopende skrif

1 Leer leerders hoe om die klein letters in lopende skrif letter(s) korrek te vorm: **lk**
2 Demonstreer hoe die letter(s) te skryf vir regshandige leerders en linkshandige leerders.
3 Gee leerders nou opdrag om met 'n maat te werk en om die letter(s) op mekaar se rûe te skryf met hul vingers.
4 Gee leerders nou opdrag om die letter(s) op hul tafels te skryf met hul vingers.
5 Wys ten laatste weereens aan leerders op die swartbord, hoe om die letter(s) en woorde te vorm.
6 Leerders moet dan die klank/woorde/sinne in hul boeke skryf.
7 Leerders moet die teikenklanke <u>onderstreep</u> in al die woorde/sinne wat hul geskryf het.



dalk

bulk

Die valk vlieg deur die wolk.

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ____________________

Woorde: ____________________

____________________

Sin: ____________________

____________________

## Skryfwerk: 30 minute

### Publiseer en Bied aan

**ONDERWERP:** Skryf 'n brief aan 'n maat of familielid oor die leer van nuwe goed. Die eerste paragraaf sal handel oor jou ervaring van iets nuuts wat jy in die verlede geleer het. Die tweede paragraaf sal handel oor iets wat jy in die toekoms wil leer.

**OPDRAG:** Skryf ten minste 10 sinne wat in twee paragrawe verdeel is.

**SKRYFRAAMWERK:**

Liewe...

Ek skryf om jou van...te vertel.

Ek het geleer....by/deur...

Om iets nuuts te leer was...want...

Ek het geleer dat...

Volgende, sal ek wil leer hoe om...want....

Ek sal...

Nou weet ek...

Liefde

....

**VOORBEREIDING:** Skryf die opstel wat jy Maandag geredigeer het op die swartbord voor die begin van die les.

#### DEMONSTREER DIE PUBLISERINGSPROSES (EK DOEN)

1. Herinner die leerders dat hulle Maandag die geredigeerde kontrolelys gebruik het om hulle werk te verbeter en reg te stel.
2. Sê aan die leerders dat hulle vandag hulle voltooide werk gaan publiseer en gaan aan bied.
3. Wys aan die leerders hoe jy jou rofwerk / opstel herskryf met die titel en die datum.

#### LEERDERS VOLTOOI DIE REDEGERINGSPROSES (JY DOEN)

1. Deel leerders se boeke en indien moontlik skoon velle A4 papier uit sodat hulle hulle briewe aan die ontvangers kan gee.
2. Vertel leerders om die datum en opskrif neer te skryf: **'n Brief oor nuwe goed leer**
3. Sê aan leerders dat hulle, hulle finale skryfwerk sonder enige foute moet neer skryf.
4. Sê aan leerders dat hulle 'n prent kan teken indien hulle genoeg tyd het.

**5** Terwyl leerders besig is om te skryf beweeg in die klas rond en help leerders wat sukkel.

## LEERDERS BIED HULLE SKRYFWERK AAN

**1** In die laaste 5 minute van die les sê aan die leerders om hulle penne en potlode neer te sit en te luister.
**2** Sê aan leerders om te **'draai en te praat'** en hulle skryfwerk vir hulle maat te lees.
**3** Roep een of twee leerders na vore om hulle skryfwerk hardop vir die klas te lees.
**4** Indien moontlik laat leerders die briewe huis toe neem en vir die ontvangers gee. Dit help om sin te maak van skryf.


Augustus 26 2020
'n Brief oor die leer van nuwe dinge

Liewe Nomsa,

Ek skryf om jou te vertel van die tyd toe ek geleer het hoe om my eie maskers van materiaal te maak. Ek het dit geleer deur na 'n YouTube-video's op my ma se foon te kyk. Om iets nuuts te leer was 'n goeie ervaring, want almal in my area wou hê ek moes ook een vir hulle maak. My maskers het gehelp om baie mense veilig te hou. Ek het geleer dat dit baie oefening verg om iets nuuts te leer en dit regtig goed te doen.

Volgende wil ek graag leer hoe om my eie klere te maak, want ek kan vir myself pragtige klere maak wat my ma nie kan bekostig om te koop nie. Ek sal video's op YouTube kyk.
Ek dink dit sal baie werk verg. Nou weet ek dat om iets nuuts te leer, verg oefening en dit sal nie altyd die eerste keer perfek wees nie. Ek sal onthou om nie moed op te gee nie!

Liefde,
Philisiwe



## Groep Begeleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ______________________________

1 Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 8** het.
2 Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul tafels.
5 Doen ’n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hulle gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Donderdag

## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Letter Ruil

**EK DOEN ...**

1 Verduidelik dat ons vandag gaan oefen om vir klein verskille in woorde te soek. Dit help ons om beter lesers te wees.
2 Skryf die twee woorde op die swartbord: **held, veld**
3 Demonstreer aan leerders hoe jy die verskille vind, bv.: **held, veld**
4 Verduidelik die verskil, bv. die **/h/** en **/v/** klanke is verskillend, maar die res van die woord is dieselfde!

**ONS DOEN ...**

**DEEL 1**

1 Skryf die twee woorde op die swartbord: **dalk, valk**
2 Vra leerders: Wat is die verskil tussen die twee woorde?
3 Vra 'n leerder om die verskil tussen die twee woorde te kom onderstreep, bv.: **dalk, valk**
4 Verduidelik die verskil tussen die twee woorde.

**DEEL 2**

1 Skryf nou die volgende woord op die swartbord: **held**
2 Vra leerders: **Wat is een letter in die woord wat jy kan uitruil om 'n ander woord te bou?**
3 Skryf 'n lys van leerders se idees om die swartbord, bv **: help, veld, hen, hek**

**JY DOEN ...**

1 Skryf die woord op die swartbord: **valk**
2 Gee aan leerders instruksie om soveel woorde as wat hul kan, te maak, deur slegs een klank in die woorde te vervang.
3 Roep nou leerders na die swartbord om een van hul eie woorde neer te skryf.
4 Gaan deur die woorde, en verduidelik watter klank uitgeruil is.
**dalk**, **vark, van**

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

## Gedeelde Lees:

15 minute

### Tweede Lees


**LEESSTRATEGIE: SOEK DIE TEKS & MAAK AFLEIDINGS**

| Teks | Tweede lees (Dink Hardop) |
|---|---|
| **Wie is Katherine Johnson?**<br>*'Katherine G. Johnson het geweier om ingeperk te word deur die samelewing se verwagtinge van haar geslag en ras terwyl sy die grense van medemenslikheid uitgebrei het.' – President Barack Obama, 2015* | – |
| Een warm aand, sit Geeta en haar pa in hulle agterplaas en kyk na die helder, volmaan. "Ek wil eendag maan toe gaan! Ek wil in die lug rond sweef sonder swaartekrag!" sê Geeta droomverlore. "Ek sal nie daarvan hou om aan jou te dink wat in 'n vuurpyl verbyskiet nie!" lag mnr. Kapoor. "Miskien moet jy eerder soos Katherine Johnson wees."<br>"Wie is Katherine Johnson?" vra Geeta.<br>"Sy was 'n briljante wiskundige. Sy het nie maan toe gegaan nie, maar niemand sou maan toe kon gaan sonder haar nie," verduidelik mnr. Kapoor. | ***Hoekom** wil mnr. Kapoor hê Geeta moet soos Katherine Johnson wees? O, ek dink hy wil hê Geeta moet eerder 'n wiskundige as 'n ruimtevaarder wees. Dit is baie veiliger!* |
| "Ek lees dat Katherine alles getel het," vertel mnr. Kapoor vir Geeta. "Sy het die bakke in haar kombuiskas getel. Sy het getel hoeveel tree sy oppad skool toe gee. Sy het selfs probeer tel hoeveel sterre daar in die hemel is!"<br>Geeta kyk op na die sterre en begin hulle tel. In een klein stukkie hemel, tel sy meer as 100 sterre. "Die hele hemel moes haar vir ewig geneem het!" lag Geeta. | ***Hoekom** het Katherine alles getel? O, ek **lei af** sy het alles getel, want sy was reeds van kleins af mal oor wiskunde.* |
| "Katherine begin met hoërskool toe sy net 10 jaar oud was. Dink net as jy nou met hoërskool moes begin!" sê mnr. Kapoor. "Sy begin met Universiteit toe sy net 14 was! Sy was so goed met wiskunde dat die professore 'n nuwe, spesiale kursus vir haar moes saamstel." | ***Hoe** weet ons dat Katherine baie slim was? O, ek kan **aflei** dat sy baie slim was, want sy het met hoërskool begin toe sy nog baie jonk was en omdat sy haar eie spesiale kursus op universiteit gehad het.* |

| Teks | Tweede lees (Dink Hardop) |
|---|---|
| Geeta probeer haarself voorstel hoe sy hoërskool toe gaan in plaas van graad Sy stel haarself voor hoe sy by 'n groot hoërskoolbank sit saam met ouer hoërskoolkinders. "Ek dink nie ek is al reg vir hoërskool nie!" sê sy. | ***Hoekom*** *probeer Geeta haarself in die hoërskool voorstel? O! Ek kan* ***aflei*** *dat sy omtrent dieselfde ouderdom moet wees as toe Katherine met hoërskool begin het!* |
| "Katherine wou 'n navorsings wiskundige word. Sy was briljant en goed opgelei. Toe sy haar universiteitsgraad gekry het, was dit baie moeilik vir vroue, veral swart vroue, om hierdie tipe werksaanbod te kry, as gevolg van die diskriminasie wat hulle moes verduur." sê mnr. Kapoor. | ***Hoekom*** *moes dit vir Katherine makliker wees om 'n werk aangebied te word? O, omdat sy briljant en baie goed opgelei was. Daardie feite moes maak dat almal haar sou wou aanstel!* |
| "Wat is diskriminasie?" vra Geeta haar pa.<br><br>"Wel, diskriminasie is wanneer mense jou onregverdig behandel oor iets wat hulle nie kan verander nie – soos jou ras of geslag. Katherine is behandel asof sy nie so slim soos ander mense is nie oor haar velkleur en geslag."<br><br>Geeta dink aan die keer toe Malcolm haar gespot het sy sal nooit soos goed soos hy in wiskunde wees nie, want sy is 'n meisie. "Diskriminasie voel nie lekker nie," sê sy, "en dit is nie waar nie – ek kry altyd beter punte vir my wiskunde huiswerk as Malcolm!" | ***Hoe*** *het Geeta diskriminasie ervaar? Sy het diskriminasie ervaar toe Malcolm vir haar gesê het dat meisies nie so goed soos seuns is in wiskunde. Daardie tipe onregverdige behandeling is wat Katherine die heel tyd ervaar het.* |
| "Stel jouself voor as Malcolm probeer het om jou wiskunde huiswerk te vat en sy naam daarop te skryf!" mnr. Kapoor gaan aan. "Toe Katherine net begin het om by NASA, die ruimte agentskap, te werk was sy verantwoordlik om verslae te skryf oor haar werk. Die mans vir wie sy gewerk het wou nie toelaat dat sy haar naam op haar verslae skryf nie. Daardeur het die mans al die erkenning vir haar werk gekry. Sy is nie toegelaat om vergaderings by te woon saam met die mans wat saam met haar gewerk het nie. Katherine moes weer en weer vir mense laat verstaan dat sy daar behoort het. Uiteindelik, het sy toestemming gekry dat haar naam op haar verslae mag staan en sy is ingesluit by vergaderings.<br><br>Geeta stel haarself voor as Malcolm haar huiswerk sou steel en sy naam daarop sou skryf. Sy stel hul onderwyser, mnr. Payi, voor wat vir Malcolm prys vir haar harde werk. "As ek Katherine was, sou ek wou ... skree!" sê Geeta. | ***Hoekom*** *sou Geeta wou skree? O! Dit moet wees omdat diskriminasie sleg en frustrerend voel. Geeta stel haarself voor hoe Katherine by NASA moes voel!* |

| Teks | Tweede lees (Dink Hardop) |
|---|---|
| "Selfs met daardie struikelblokke, was Katherine een van die mees briljante mense by NASA. Sy het gehelp met die berekeninge om die eerste persoon in die ruimte te kry. Sy het help beplan aan die eerste vlug na die Maan, en ook aan ruimtevlugte daarna. Na haar aftrede het Katherine gepraat oor hoe belangrik wiskunde opvoeding vir alle kinders is," sê mnr. Kapoor. "So, ek dink sy sou wou hê dat jy eerder wiskunde moet leer, in plaas daarvan om maan toe te gaan!" lag mnr. Kapoor. | – |
| "Bedtyd!" sê hy. Geeta kyk nog een maal na die maan. Sy stel haarself voor hoe Katherine bereken het hoe om daar te kom. Toe volg sy haar pa na binne. | ***Hoekom*** *het Geeta aan Katherine gedink toe sy na die maan kyk? O, dit is omdat Katherine bereken het hoe om ruimtevaarders daar te kry!* |

| **Opvolg vrae** | **Moontlike antwoorde** |
|---|---|
| Soos wie wil mnr. Kapoor hê moet Geeta wees? | Hy wil hê Geeta moet soos Katherine Johnson wees. |
| Wie het teen Geeta gediskrimineer? | Malcolm het teen Geeta gediskrimineer. |
| **Hoekom vrae** | **Moontlike antwoorde** |
| Hoekom het Geeta se pa voorgestel dat sy soos Katherine Johnson moet wees? | • Omdat hy nie wil hê Geeta moet in 'n vuurpyl na die maan skiet nie – hy wil hê sy moet eerder wiskunde doen.<br>• Miskien omdat hy gedink het Katherine Johnson is 'n indrukwekkende mens.<br>• Miskien omdat hy wou hê Geeta moet teen diskriminasie veg soos wat Katherine Johnson gedoen het. |



## Groep Begeleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ______________________________

1. Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 8** het.
2. Verduidelik **Donderdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5. Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Donderdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Vrydag

## Mondelinge Aktiwiteite

15 minute

### TEMA WOORDESKAT

1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
- krediet
- lof
- bereken

| Rympie of liedjie | Aksies |
|---|---|
| Die internet is die plek om te gaan, | – |
| As jy dinge nie verstaan, | *Frons en krap jou kop soos jy dink* |
| Alleen of met 'n maat, | *Wys na jouself en wys na jou maat* |
| Op die rekenaar of 'n foon, | *Maak asof jy op 'n rekenaar of 'n foon tik* |
| Sal Google jou met die inligting beloon! | *Hou jou duim in die lug om te wys jy het die inligting gekry!* |

### BESPREKING VAN GEDEELDE LEES TEKS

1 Skryf die besprekingsraamwerk op die swartbord:
In die storie …
Katherine leer...
Een nuwe ding wat ek geleer het is...
2 Lees die besprekingsraamwerk aan die leerders.
3 Verdeel leerders in hul **klein groepe**.
4 Sê aan leerders dat elkeen 'n beurt moet kry om elke besprekingsvraag te antwoord.
5 Roep die klas tot aandag.
6 Vra verskillende leerders of 'n spesifieke groep om hul antwoorde te deel.
7 Korrigeer die antwoorde indien hul verkeerd is.
8 Bedank die leerders vir hul bydrae.

## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Woordsoek

Skryf die tabel op die swartbord wat vorige aangeleerde klanke insluit, sowel as die klanke wat op Dinsdag en Woensdag geleer is.

| | | |
|---|---|---|
| **ld** | **lk** | **e** |
| **a** | **n** | **h** |
| **m** | **u** | **v** |
| **i** | **w** | **k** |
| **s** | **o** | **d** |

**DEMONSTREER**

1. Herinner leerders aan die klanke van die week: **/ld/** en **/lk/**
2. Hersien al die klanke en samevoegings op die swartbord.
3. Gee aan leerders 3 minute om soveel woorde as hul kan te maak met die klanke en samevoegings hierbo.
4. Wys aan leerders hoe om 'n woord te bou deur die teikenklank te gebruik, bv.: **/h/**-**/e/**-**/ld/** = **held**
5. Herinner leerder dat hul 'n woord kan bou deur enige van die klanke te gebruik – hulle het nie nodig om **/ld/** of **/lk/** te gebruik nie.
6. Wys leerders hoe om nog 'n woord te bou, bv.: **/h/**-**/e/**-**/n/** = **hen**

**LEERDERS DOEN**

1. Sê aan die leerders om hul boeke oop te maak en die opskrif te skryf: **ld, lk**
2. Gee aan leerders opdrag om te begin skryf.
3. Gee leerders 3 minute om soveel as moontlik woorde te vind en bou as wat hulle kan.
4. Gee aan leerders die geleentheid om hul eie werk te korrigeer. Wys aan leerders hoe om hierdie woorde (en ander) te bou: **held, skuld, naald, veld, wild, wolk, melk, valk, dalk, hen, hek, van, kaas, soom, koek, snaaks, swem**

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ____________________

Woorde: ____________________

____________________

## Gedeelde Lees: 15 minute

### Na-Lees

**BEGRIPSTRATEGIE: SOM OP / SOEK DIE TEKS**

**GESKREWE BEGRIPSTOETS**


1. Voor die begin van die les skryf die volgende opskrif, vrae en sin begin frases op die swartbord.
2. Lees deur die vrae saam met die leerder en verduidelik die vrae indien nodig.
3. Gee die leerders instruksie **om te draai en met ’n maat te praat** oor die vrae.
4. Vra die leerders om hulle boeke oop te maak en die datum, die opskrif en die vrae se antwoorde neer te skryf.
5. In die laaste vyf minute van die les gaan deur die korrekte antwoorde saam met die leerders en gee opdrag aan die leerders om hul eie werk te korrigeer.

**WIE IS KATHERINE JOHNSON?**

1. Wanneer het Katherine hoërskool begin?
   ***Sy het hoërskool begin toe...***
2. Waarom het Katherine hoërskool begin toe sy baie jonk was?
   ***Sy het hoërskool begin toe sy baie jonk was want...***
3. Hoe het Katherine diskriminasie ervaar?
   ***Sy het diskriminasie ervaar toe...***

**WIE IS KATHERINE JOHNSON? – ANTWOORDE**

1. Wanneer het Katherine hoërskool begin?
   ***Sy het hoërskool begin toe sy tien jaar oud was.***
2. Waarom het Katherine hoërskool begin toe sy baie jonk was?
   ***Sy het hoërskool begin toe sy baie jonk was want sy was baie slim.***
3. Hoe het Katherine diskriminasie ervaar?
   ***Sy het diskriminasie ervaar toe sy dit moeilik gevind het om ’n werk te kry / toe mans haar nie toegelaat het om haar naam op haar rapporte te skryf nie ens.***



## Groep Begeleide Lees

30 minute

**GROEPE: ______________________________**

1 Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 8** het.
2 Verduidelik **Vrydag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul tafels.
5 Doen ’n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Vrydag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hulle gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.



## Week-eind taal onderrig hersiening

15 minute

1 Laat leerders op die mat sit aan die einde van die dag.
2 Voer die weeklikse taal oorsig sessie uit. Jy kan kies om Huistaal en Eerste Addisionele Taal in hierdie verslag te kombineer.
3 Onthou om die leerders toe te laat om om te “Draai en Praat” en hul antwoorde met maats te bespreek. Kies dan ’n paar leerders om hul antwoorde met die klas te deel.
4 Gebruik die volgende leidende vrae om die taal gedeelte van julle bespreking te lei:
   a **Wat was ons taal tema vir die week?**
   b **Watter stories het ons saam gelees?**
   c **Wat was jou gunsteling nuwe woorde vir die week?**
   d **Wat het jy geleer van die stories wat ons gelees het?**
   e **Waaroor het ons geskryf die week?**
   f **Hoe het jou eie skryfwerk verbeter die week?**
   g **Hoe het jou eie leeswerk verbeter die week?**
   h **Waaroor is jy die trotste die week?**
5 Ten einde, sê aan die leerders om aan twee dinge te dink wat hulle aan hul families gaan vertel oor wat hulle geleer het of hoe hulle verbeter het gedurende die week by die skool.

*Let wel: Hierdie proses van self evaluasie en refleksie is ’n krities belangrike deel van leer. Moet asseblief nie die weeklikse aktiwiteit oorslaan nie.*

# Graad 3

## TERMYN 3

# Week 9

# TEMA:

## Identiteite

## Klaskamer Voorbereiding

1. Aan die begin van die week maak seker dat jou klaskamer netjies en skoon is.
2. Opdateer jou vertoonborde deur items wat nie meer relevant is nie te verwyder en dit netjies en versigtig weg te bêre.
3. Volgende moet jy die flitskaart woorde, tema woorde en illustrasies wat jy gaan gebruik voorberei.
4. Vind en berei items voor vir jou temamuur en tafel wat jou leerders interessant sal vind byvoorbeeld: prente van mense van oral in die wêreld om gesprekke oor verskillende identiteite te vergemaklik.
5. Doen navorsing op die internet om voor te berei vir die tema. Byvoorbeeld: Hoe om jou klaskamer meer inklusief vir kinders van verskillende identiteite te maak.
6. Maak seker dat alle leerders se Boeke / DBO Werkboeke netjies gebêre is waar hulle hoort.
7. Maak seker dat al jou grootboeke, graad leesboeke en klas biblioteek boeke in goeie toestand is.
8. Pas jou Groep Begeleide Lees groepe aan indien nodig.
9. Beplan jou formele en informele assesseringsaktiwiteite vir die week.

## Uitbreidingsaktiwiteite

Hierdie aktiwiteite kan gebruik word as onafhanklike werk vir leerders wat hul werk vroeg klaarkry OF terwyl jy leerders assesseer.

**Aktiwiteit 1:** DBO Werkboek 2: Bladsy 50 & 51, Ons doen

**Aktiwiteit 2:** DBO Werkboek 2: Bladsy 52, Ons lees

**Aktiwiteit 3:** DBO Werkboek 2: Bladsy 53, Ons lees

**Aktiwiteit 4:** Maak ’n dagboek inskrywing oor ’n deel van jou identiteit wat vir jou belangrik is en waarom dit vir jou belangrik is.

# Maandag

## Mondelinge Aktiwiteite

15 minute

### STEL DIE TEMA BEKEND: ASSESSEER VORIGE KENNIS

1. Wys aan leerders die prent van Trevor Noah in die Grootboek storie: Trevor Noah, die verkleurmannetjie
2. Vertel aan leerders dat ons 'n nuwe tema begin: Identiteite
3. Teken 'n sirkel met die naam van die **tema** in die middel van die swartbord.
4. Vra aan leerders: *Wat weet julle reeds van die tema?*
5. Skryf die leerders se idees neer rondom die breinkaart. Groepeer soortgelyke idees bymekaar.
6. Indien leerders sukkel om te antwoord, vra die volgende leidende vrae:
   - **a** Wat is identiteit?
   - **b** Watter gedeelte van ons is deel van ons identiteit? *Help leerders om te verstaan dat 'n persoon se identiteit uit die kwaliteite, eienskappe of oortuigings waarin hulle glo bestaan.*
   - **c** Watter identiteite kom voor in ons klaskamer?

### TEMA WOORDESKAT

1. Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2. Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
   - identiteit
   - verkleurmannetjie
   - uniek

| Rympie of liedjie | Aksies |
|---|---|
| Ek is spesiaal, | *Sit jou hand op jou bors* |
| Daar is nie nog iemand soos ek, | *Swaai jou wysvinger om 'nee' te wys* |
| Want ek is enig in my soort | *Swaai jou wysvinger om 'nee' te wys* |
| So behoort jy te weet jy is ook uniek, | *Wys na jou vriend* |
| En enig in jou soort | *Wys na jou vriend* |
| Ons is beide spesiaal en uniek | *Wys met een vinger na mekaar met jou ander hand op jou bors!* |
| Die beste ons wat daar kan wees! | *Spring in die lug en lag* |

## Handskrif

15 minute

1 Vra die leerders om hulle boeke oop te maak en die datum en die opskrif **Enkelvoud na Meervoud Sinne** neer te skryf.
2 Sê aan die leerders om 1–5 in die kantlyn te skryf en om 'n lyn tussen elke nommer oop te los.
3 Lees die sinne wat onder gelys is hardop aan die leerders. Leerders moet die sinne langs die regte nommer neer skryf.
   **Enkelvoud na Meervoud Sinne**
   1 Die kamera het van die tafel afgeval.
   2 Die persoon is vermis.
   3 Ek het 'n groot televisie.
   4 Die telefoon werk nie.
   5 Die kaggel is vuil.
4 Sê aan die leerders om elke sin oor te skryf met meervoude onder die enkelvoud sin.
5 In die laaste 5 minute van die les skryf die korrekte sinne op die swartbord neer. Sê die klanke hardop en verduidelik die lopende skrif proses terwyl jy skryf.
6 Vra die leerders om enige patrone wat hulle kan sien uit te wys soos waar die woorde verander.
7 Onderstreep die patrone soos volg:
   **Enkelvoud na Meervoud Sinne**
   1 Die kamera het van die tafel afgeval.
     Die kameras het van die tafel afgeval.
   2 Die persoon is vermis.
     Die persone is vermis.
   3 Ek het 'n groot televisie.
     Ek het groot televisies.
   4 Die telefoon werk nie.
     Die telefone werk nie.
   5 Die kaggel is vuil.
     Die kaggels is vuil.
8 Sê aan die leerders om aan die patrone te dink as hulle lees en skryf.
9 Sê aan die leerders om 'n gekleurde potlood te neem en hulle eie werk te korrigeer.

### ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

Sin: ______________________________

______________________________

## Gedeelde Lees: 15 minute

### Voorlees

**BEGRIPSTRATEGIE: VOORSPEL**

1 Laat leerders op die mat sit sodat hulle die Grootboek kan sien.
2 Maak die Grootboek oop by die storie: Trevor Noah, die verkleurmannetjie
3 Gaan deur die prente van elke bladsy en vra leerders wat hulle dink gaan gebeur.
4 Help leerders om die prentjies met mekaar te verbind, sodat hulle 'n goeie idee het waaroor die storie gaan.
5 Stel nuwe woorde bekend by die relevante dele van die storie.
6 Lees die storie een maal deur sonder om te stop.

## Skryfwerk: 30 minute

### Beplan En Berei Voor

**ONDERWERP:** Skryf 'n beskrywing van jou identiteit.

**OPDRAG:** Skryf 'n beskrywing van ten minste 10 sinne wat bymekaar gesit gaan word vir 'n klasboek met die naam: Ons identiteite.

**BEPLANNINGSTRATEGIE:** Teken 'n breinkaart

**STEL DIE SKRYF ONDERWERP BEKEND**

1 Wys aan leerders dat jy **dink voordat jy skryf.**
2 Mondelings, verduidelik jou idees vir jou beskrywing, soos:
*Ek is 'n seun. My huistaal is Kirundi. Ek is Suid-Afrikaans asook Burundiaans. My voorouers kom van 'n klein dorp in Burundi. Ek hou van ons tradisies van tromme speel by spesiale geleenthede. Ek woon in Suid-Afrika en ek kan isiZulu en Engels praat.*

**DEMONSTREER DIE BEPLANNINGSTRATEGIE (EK DOEN)**


1 Teken 'n breinkaart aan die eenkant van die swartbord.
2 Wys aan die leerders hoe jy die breinkaart gebruik om die vrae te beantwoord.
3 Voltooi die breinkaart aan die anderkant van die swartbord.


| Breinkaart Plan | | |
|---|---|---|
| Wat is jou husitaal? | Wat is jou nasionaliteit? (Die land waar jy vandaan kom) | Wat is jou kultuur / erfenis? |
| Wat is jou geloof? | **My storie** | Wat is jou geslag? |
| Wat is jou ras? | Is daar enige ander belangrike gedeeltes van jou identiteit? | Hoe word die probleem in die storie opgelos? |

| Breinkaart | | |
|---|---|---|
| Kirundi | Suid-Afrikaans | Burundiaans |
| Ateïs | **My storie** | Seun |
| Afrikaan | Ek kan Frans, isiZulu en Afrikaans praat. Ek hou daarvan om baie tale te kan praat. Ek kan sokker speel. | Ek is Brurundiaans en Suid-Afrikaans |

## LEERDERS MAAK GEBRUIK VAN DIE BEPLANNINGSTRATEGIE (JY DOEN)

1. Vertel leerders om hulle oë toe te maak en te dink aan <u>die verskillende gedeeltes van hulle identiteit.</u>
2. Sê aan leerders om **te draai en** met ’n maat **te praat** oor hulle eie stories.
3. Wys aan die leerders die beplanningsraam op die swartbord. Vertel leerders om die raam te gebruik om hulle skryfwerk te beplan, net soos jy vir hulle gedemonstreer het.
4. Deel leerders se boeke uit.
5. Vertel leerders dat hulle hulle eie idees moet neerskryf – hulle moet nie die onderwyser se voorbeeld afskryf nie.
6. Terwyl leerders besig is om te skryf beweeg rond in die klas en hou mini konferensies.



## Groep Begeleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ____________________

1 Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 9** het.
2 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul tafels.
5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hulle gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Dinsdag

## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Hersien Klanke, Vermenging En Segmentasie

**EK DOEN ...**

1 Sê die klank**: ooi**
2 Sê die woord: **kooi**
3 Segmenteer die woord in individuele klanke: **/k/-/ooi/**
4 Sê die beginklank van die woord: **/k/**
5 Sê die endlklank van die woord: **/ooi/**
6 Skryf die woord op die swartbord: **kooi**
7 Demonstreer deur na die klanke te wys en saam te voeg, hoe die klanke 'n woord bou: **/k/-/ooi/ = kooi**

**ONS DOEN ...**

1 Sê die klank**: kr**
2 Sê die woord: **kreun**
3 Vra leerders: Wat is die eerste klank in die woord? **/kr/**
4 Vra leerders: Wat is die tweede enkel klank in die woord? **/eu/**
5 Vra leerders: Wat is die laaste klank in die woord? **/n/**
6 Vra leerders om die woord in individuele klanke te segmenteer: **/kr/-/eu/-/n/**
7 Skryf die woord op die swartbord: **kreun**
8 Sê aan die leerders om die klanke in die woorde saam met jou, reg te saam te voeg: **/kr/-/eu/-/n/ = kreun**

**JY DOEN ...**

1 Sê aan leerders om hul boeke uit te haal en die datum en opskrif te skryf: **ooi en kr woorde**
2 Sê nou aan leerders om in die kantlyn te nommer van 1–5.
3 Roep die volgende woorde uit:
   1 **tooi**
   2 **nooi**
   3 **kooi**
   4 **vlooi**
   5 **rooi**
   6 **kraan**
   7 **krap**
   8 **kreun**

9 **krop**
10 **kreef**

4 Leerders moet die woorde langs die korrekte nommer skryf en die teikenklank in elke woord onderstreep.
5 In die laaste twee minute van die les, skryf die korrekte woorde op die swartbord en onderstreep die teikenklanke.
6 Gee opdrag aan die leerders om hul eie werk met 'n kleurpotlood te korrigeer
7 Verduidelik aan leerders dat hul in die volgende les gaan leer hoe om hierdie klank in LOPENDE SKRIF te skryf.

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________________


Woorde: ______________________________


______________________________

## Handskrif: 15 minute

### Skryf letter(s) / woorde / sinne in lopende skrif

1 Leer leerders hoe om die kleinletter korrek in lopende skrif letter(s) te vorm: **ooi, kr**
2 Demonstreer hoe die letter(s) te skryf vir regshandige leerders en links-handige leerders.
3 Gee leerders nou opdrag om met 'n maat te werk en om die letter(s) op mekaar se rûe te skryf met hul vingers.
4 Gee leerders nou opdrag om die letter(s) op hul tafels te skryf met hul vingers.
5 Wys ten laatste weereens aan leerders op die swartbord, hoe om die letter(s) en woorde te vorm.
6 Leerders moet dan die klank/woorde/sinne in hul boeke skryf.
7 Leerders moet die teikenklanke <u>onderstreep</u> in al die woorde/sinne wat hul geskryf het.





tooi

nooi

kooi

vlooi

rooi

kraan

krap

kreun

krop

kreef

Die nooi dra 'n rooi trui.

Draai die kraan toe om water

*te spaar.*

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ____________________

Woorde: ____________________

____________________

Sin: ____________________

____________________

## Gedeelde Lees: 15 Minute

### Aanvangslees


**BEGRIPSTRATEGIE: EK WONDER**

| Teks | Aanvangslees (Dink Hardop) |
| --- | --- |
| **Trevor Noah, die verkleurmannetjie** | Ek **wonder** hoekom vergelyk die titel Trevor Noah met 'n verkleurmannetjie? |
| Het jy al ooit gehoor van Trevor Noah? Hy is 'n bekende Suid-Afrikaanse komediant en skrywer. Trevor het die boek *"Born a crime"* geskryf, dit gaan oor sy grootwordjare tydens Apartheid. | - |
| Gedurende Apartheid was mense van verskillende rasse veronderstel om geskei te word. Dit was onwettig vir mense van verskillende rasse om saam 'n kind te hê of te trou. Natuurlik het mense van verskillende rasse steeds verlief geraak en kinders gehad. | - |
| Trevor se ma was 'n swart, Xhosa vrou. Sy ma het die onregverdige wette van Apartheid verbreek. Sy het getrek na 'n area in Johannesburg waar net wit mense veronderstel was om te woon. Dit is waar sy Trevor se pa ontmoet het. Hy was 'n wit man en het gekom van 'n land met die naam, Switserland. Hulle het Trevor gehad, 'n kind van gemengde ras. Gedurende daardie vreeslik tyd het Trevor nie maklik ingepas nie! Hy is nie toegelaat in plekke vir wit mense nie. Hy is ook nie toegelaat in plekke vir swart mense nie. Hy was die enigste mens in sy familie wat van gemengde ras was. | Ek **wonder** hoe dit is wanneer almal in jou familie verskillend lyk van mekaar? Dit moet moeilik wees om te voel dat jy inpas! |

| Teks | Aanvangslees (Dink Hardop) |
|---|---|
| Toe Trevor 'n jong kind was het sy ouers hom soms na die parkie geneem, maar Trevor se ouers het geweet hulle sal in die moeilikheid beland as die polisie uitvind dat hulle 'n gesin is. So, wanneer hulle parkie toe gegaan het, moes hulle maak asof hulle mekaar nie ken nie! | Ek **wonder** hoe dit vir 'n jong kind was? Ek kan **aflei** dat dit nogal verwarrend kan wees! |
| Een maal, toe Trevor baie klein was, het hy geroep "Pappa!" en na sy pa gehardloop. Trevor se pa was bang dat iets verskrikliks kan gebeur. Hy moes van sy eie kind af weghardloop, maar klein Trevor het gedink dit is 'n speletjie en hy het deur die parkie agter hom aangehardloop en geskree "Pappa!" | **–** |
| Trevor het baie tyd by sy ouma in Soweto spandeer. Op daardie stadium was slegs swart mense veronderstel om in Soweto te bly. Trevor se familie was bekommerd dat as die polisie hom sien, hulle mag probeer om hom weg te neem van sy familie. So, Trevor is nie toegelaat om op straat saam met die ander kinders te speel nie!<br><br>Een maal was Trevor so desperaat om saam te speel, dat hy 'n gat onder deur die muur, wat rondom die erf was, gegrawe het! | Ek kan **aflei** dat Trevor nie vriende van sy eie ouderdom gehad het nie, want hy is nie toegelaat om buite te gaan speel nie. Dit moes dit baie moeilik gemaak het om in te pas. |
| Tevor het geleer dat taal 'n belangrike manier was om brue te bou met mense wat anders as hy lyk. Trevor het een maal gesê dat wanneer hy tale leer, hy "'n verkleurmannetjie word." Met ander woorde, Trevor het gevind dat wanneer hy iemand se taal praat, hulle vergeet dat hy anders as hulle lyk. Taal het hom gehelp om te voel dat hy behoort in baie plekke waar hy anders gelyk het. | Trevor het nie altyd maklik ingepas nie. Ek kan **aflei** dat om baie tale te praat Trevor gehelp het om in te pas! |
| Toe Trevor tien jaar oud was, het Apartheid geëindig. Trevor het na 'n groot skool toe gegaan met meer as 'n duisend kinders. Daar was Kleurling, Indiese, Chinese, swart en wit kinders by Trevor se skool. Van al die kinders in sy skool, was hy die enigste kind van gemengde ras. Dit was vir hom moeilik om te besluit by wie hy pouses moes gaan staan. | Ek **wonder** hoe dit voel om rond te kyk en verskillend te voel van almal anders? Dit lyk asof dit moeilik was vir Trevor om in te pas. |
| So, Trevor het 'n besigheid begin. Hy het geld by kinders gekry en dan vir hulle kos by die snoepie gaan koop. As gevolg van sy besigheid, het Trevor met al die verskillende groepe kinders by sy skool gepraat. Trevor het geleer hoe om in te pas deur grappe te maak en mense te laat lag. Om snaaks te wees het Trevor gehelp om 'n verkleurmannetjie te wees wat oral inpas! | **–** |

| Teks | Aanvangslees (Dink Hardop) |
|---|---|
| Reg deur sy lewe, het Trevor soos 'n buitestaander gevoel op baie verskillende maniere. So, Trevor het ander maniere gekry om te behoort. Hy het mense dopgehou. Hy het hulle tale geleer. Hy het geleer hoe om verskillende mense te laat lag. Om anders te wees het Trevor Noah gehelp om die briljante komediant te wees wat hy vandag is! | Ek kan **aflei** dat Trevor in sy lewe soms nie ingepas het nie. Daardie ervarings het gehelp om Trevor, die bekende en suksesvolle mens te maak wat hy vandag is. |

| **Opvolg vrae** | **Moontlike antwoordeonses** |
|---|---|
| Wanneer is Trevor gebore? | Trevor is gedurende Apartheid gebore. |
| Waar het Trevor se ouma gewoon? | Sy het in Soweto gewoon. |
| Wat het Trevor gedoen om in te pas? | • Hy het baie tale geleer.<br>• Hy het 'n besigheid by die skool begin.<br>• Hy het geleer om mense te laat lag. |
| Hoekom vrae | **Moontlike antwoorde** |
| Hoekom het Trevor 'n moeilike tyd gehad om in te pas? | • Omdat hy anders as enige iemand anders in sy familie gelyk het.<br>• Omdat hy nie toegelaat is om met ander kinders te speel nie, want die polisie kon hom wegvat.<br>• Omdat hy in die hoërskool, die enigste kind van gemengde ras was. Hy het nie maklik ingepas met ander groepe kinders by die skool. |



## Groep Begeleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ______________________

1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 9** het.
2 Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

WEEK 9

# Woensdag

## Mondelinge Aktiwiteite

15 minute

### TEMA WOORDESKAT

1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
- geslag
- ras
- geloof
- behoort

| Rympie of liedjie | Aksies |
|---|---|
| Ek is spesiaal, | *Sit jou hand op jou bors* |
| Daar is nie nog iemand soos ek, | *Swaai jou wysvinger om 'nee' te wys* |
| Want ek is enig in my soort | *Swaai jou wysvinger om 'nee' te wys* |
| So behoort jy te weet jy is ook uniek, | *Wys na jou vriend* |
| En enig in jou soort | *Wys na jou vriend* |
| Ons is beide spesiaal en uniek | *Wys met een vinger na mekaar met jou ander hand op jou bors!* |
| Die beste ons wat daar kan wees! | *Spring in die lug en lag* |

### KREATIEWE STORIEVERTEL



1 Verdeel leerders in hul klein groepe.
2 Gee aan elk 'n kopie van die kreatiewe storievertel prentjies.
3 Sê aan leerders om te dink aan 'n storie wat by die prentjies pas.
4 Gee aan leerders 'n minuut of twee om oor hul idees te dink.
5 Vervolgens moet elke leerder in die groep 'n kans kry om te draai en hul weergawe van die storie te deel.
6 Herinner leerders daaraan dat hul storie kreatief moet wees, maar ook by die prentjies moet pas!
7 Herinner leerders om aandagtig na mekaar se stories te luister.
8 Bedank die leerders dat hulle hul stories gedeel het.

## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Hersien Klanke, Vermenging En Segmentasie

**EK DOEN …**

1 Sê die klank: **aai**
2 Sê die woord: **taai**
3 Segmenteer die woord in individuele klanke: **/t/-/aai/**
4 Sê die beginklank van die woord: **/t/**
5 Sê die endlklank van die woord: **/aai/**
6 Skryf die woord op die swartbord: **taai**
7 Demonstreer deur na die klanke te wys en saam te voeg, hoe die klanke 'n woord bou: : **/t/-/aai/ = taai**

**ONS DOEN …**

1 Sê die klank: **kn**
2 Sê die woord: **kneus**
3 Vra leerders: Wat is die eerste klank in die woord? **/kn/**
4 Vra leerders: Wat is die tweede enkel klank in die woord? **/eu/**
5 Vra leerders: Wat is laaste klank in die woord? **/s/**
6 Vra leerders om die oorpronklike woord in individuele klanke te segmenteer: **/kn/-/eu/-/s/**
7 Skryf die woord op die swartbord: **kneus**
8 Sê aan die leerders om die klanke in die woorde saam met jou reg te saam te voeg: **/ kn/-/eu/-/s/ = kneus**

**JY DOEN …**

1 Sê aan leerders om hul boeke uit te haal en die datum en opskrif te skryf: **aai en kn woorde**
2 Sê nou aan leerders om in die kantlyn te nommer van 1–5.
3 Roep die volgende woorde uit:
    1 **laai**
    2 **taai**
    3 **swaai**
    4 **kraai**
    5 **draai**
    6 **knoei**
    7 **kneus**
    8 **knoop**
    9 **knor**
    10 **knaap**

4 Leerders moet die woorde langs die korrekte nommer skryf en die teikenklank in elke woord onderstreep.
5 In die laaste twee minute van die les, skryf die korrekte woorde op die swartbord en onderstreep die teikenklanke.
6 Gee opdrag aan die leerders om hul eie werk met 'n kleurpotlood te korrigeer
7 Verduidelik aan leerders dat hul in die volgende les gaan leer hoe om hierdie klank in LOPENDE SKRIF te skryf.

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________________


Woorde: ______________________________


______________________________

## Handskrif: 15 minute

### Skryf letter(s) / woorde / sinne in lopende skrif

1 Leer leerders hoe om die lopende skrif kleinletter(s) korrek te vorm: **aai en kn**
2 Demonstreer hoe die letter(s) te skryf vir regshandige leerders en linkshandige leerders.
3 Gee leerders nou opdrag om met 'n maat te werk en om die letter(s) op mekaar se rûe te skryf met hul vingers.
4 Gee leerders nou opdrag om die letter(s) op hul tafels te skryf met hul vingers.
5 Wys ten laatste weereens aan leerders op die swartbord, hoe om die letter(s) en woorde te vorm.
6 Leerders moet dan die klank/woorde/sinne in hul boeke skryf.
7 Leerders moet die teikenklanke onderstreep in al die woorde/sinne wat hul geskryf het.





laai

taai

swaai

kraai

draai

knoei

kneus

knoop

knor

knaap

Wat kraai so vroeg in die oggend?

Mamma werk 'n <u>kn</u>oop aan my hemp.

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________________

Sin: __________________________________

______________________________________

## Skryfwerk: 30 minute

### Rofwerk / Opstel

**ONDERWERP:** Skryf 'n beskrywing van jou identiteit.

**OPDRAG:** Skryf 'n beskrywing van ten minste 10 sinne wat bymekaar gesit gaan word vir 'n klasboek met die naam: Ons identiteite.

**SKRYFRAAMWERK:**

Daar is soveel verskillende dele van my identiteit.

Ek is...

Ek praat...

My kultuur is...

'n Belangrike tradisie is...

Hierdie gedeelte van my identiteit is belangrik want...

My identiteit is...

***Verduidelik aan die leerders dat hulle die verskillende begin sin frases kan gebruik net soos hulle wil. Hulle kan die sin frases herrangskik op enige manier om hulle te help om hulle identiteit te beskryf.***

**VOORBEREIDING:** Skryf Maandag se plan op die swartbord voor die skryfles begin.

## DEMONSTREER DIE SKRYFPROSES (EK DOEN)

1. Herinner leerders aan die plan wat jy Maandag opgestel het.
2. Lees deur jou plan wat op die swartbord geskryf is.
3. Lees die skryfraamwerk hardop aan die leerders
4. Demonstreer hoe jy die skryfraamwerk voltooi met jou plan soos:
   ***Daar is soveel verskillende dele van my identiteit*. *Ek is*** *Suid-Afrikaans.* ***Ek is*** *ook Burundiaans want my ouers kom van Burundi af. Daarom is* ***my kultuur*** *Burundiaans.****’n Belangrike tradisie is*** *om tromme by spesiale geleenthede te speel.* ***Hierdie gedeelte van my identiteit is belangrik want*** *my ouers, grootouers en hulle grootouers het ook tromme gespeel. Dit is ook belangrik vir my want ek hou daarvan om tromme te speel.* ***Ek*** *kan Kirundi, Frans, Engels en Afrikaans* ***praat. Hierdie gedeelte van my identiteit is belangrik want*** *ek kan met baie verskillende mense gesels.* ***My identiteit is*** *uniek.*


## LEERDERS VOLTOOI DIE SKRYFPROSES (JY DOEN)

1. Deel leerders se boeke uit.
2. Vertel leerders om die datum en opskrif neer te skryf: **My identiteit: Rofwerk / Opstel**
3. Sê aan leerders om na die plan wat hulle Maandag voltooi het te blaai en aan hulle idees te dink.
4. Sê aan leerders om die skryfraamwerk te voltooi deur van hulle planne gebruik te maak.
5. Sê aan leerders dat hulle meer sinne kan byvoeg indien hulle genoeg tyd het.
6. Herinner leerders aan die strategieë wat hulle kan gebruik om hulle te help.
7. Terwyl leerders besig is om te skryf, beweeg rond in die klas en help leerders wat sukkel.

September 2 2020

Bongile's identiteit

daar is soveel verskillende aspekte van my. Ek is suid-afrikaans. Ek praat isiZulu. My familie kom uit 'n dorpie in Kwa-Zulu Natal, msinga. Ek het 'n groot gesin en ons is almal baie godsdienstig. 'n belangrike tradisie is die manier waarop ons verskillende kulturele seremonies vier. Hierdie deel van my identiteit is belangrik omdat baie van ons seremonies slegs in my kultuur gedoen word en dit ons spesiaal maak. My identiteit is vir my baie spesiaal.



## Groep Begeleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ____________________________

1 Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 9** het.
2 Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul tafels.
5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hulle gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Donderdag

## Fonemiese Bewustheid En Klanke: Letter Ruil

15 minute

### EK DOEN ...

1 Verduidelik dat ons vandag gaan oefen om vir klein verskille in woorde te soek. Dit help ons om beter lesers te wees.
2 Skryf die twee woorde op die swartbord: **tooi, nooi**
3 Demonstreer aan leerders hoe jy die verskille vind, bv.: **tooi, nooi**
4 Verduidelik die verskil, bv. die **/t/** en **/n/** klanke is verskillend, maar die res van die woord is dieselfde!

### ONS DOEN ...

#### DEEL 1

1 Skryf die twee woorde op die swartbord: **knaap, knoop**
2 Vra leerders: Wat is die verskil tussen die twee woorde?
3 Vra 'n leerder om die verskil tussen die twee woorde te kom onderstreep, bv.: **knaap, knoop**
4 Verduidelik die verskil tussen die twee woorde.

#### DEEL 2

1 Skryf nou die volgende woord op die swartbord: **tooi**
2 Vra leerders: **Wat is een letter in die woord wat jy kan uitruil om 'n ander woord te bou?**
3 Skryf 'n lys van leerders se idees om die swartbord, bv **: nooi, kooi, vlooi, rooi, taai**

### JY DOEN ...

1 Skryf die woord op die swartbord: **knaap**
2 Gee aan leerders instruksie om soveel woorde as wat hul kan, te maak, deur slegs een klank in die woorde te vervang.
3 Roep nou leerders na die swartbord om een van hul eie woorde neer te skryf.
4 Gaan deur die woorde, en verduidelik watter klank uitgeruil is.
**knoop, skaap**

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

## Gedeelde Lees: 15 minute


### Tweede Lees

**LEESSTRATEGIE: MAAK AFLEIDINGS**

| Teks | Tweede lees (Dink Hardop) |
|---|---|
| **Trevor Noah, die verkleurmannetjie** | Ek kan **aflei** dat Trevor soos 'n verkleurmannetjie is wat van kleur in verskillende plekke verander. Dit is soos wat Trevor sy taal en grappe kan verander om in te pas by verskillende plekke! |
| Het jy al ooit gehoor van Trevor Noah? Hy is 'n bekende Suid-Afrikaanse komediant en skrywer. Trevor het die boek *"Born a crime"* geskryf, dit gaan oor sy grootwordjare tydens Apartheid. | – |
| Gedurende Apartheid was mense van verskillende rasse veronderstel om geskei te word. Dit was onwettig vir mense van verskillende rasse om saam 'n kind te hê of te trou. Natuurlik het mense van verskillende rasse steeds verlief geraak en kinders gehad. | Ek **wonder** hoekom Trevor se boek *"Born a crime"* genoem is? Dit moet wees omdat dit op daardie stadium onwettig was vir sy ouers om saam 'n baba te hê. |
| Trevor se ma was 'n swart, Xhosa vrou. Sy ma het die onregverdige wette van Apartheid verbreek. Sy het getrek na 'n area in Johannesburg waar net wit mense veronderstel was om te woon. Dit is waar sy Trevor se pa ontmoet het. Hy was 'n wit man en het gekom van 'n land met die naam, Switserland. Hulle het Trevor gehad, 'n kind van gemengde ras. Gedurende daardie vreeslik tyd het Trevor nie maklik ingepas nie! Hy is nie toegelaat in plekke vir wit mense nie. Hy is ook nie toegelaat in plekke vir swart mense nie. Hy was die enigste mens in sy familie wat van gemengde ras was. | Ek kan **aflei** dat almal in Trevor se familie verskillend lyk van mekaar. |
| Toe Trevor 'n jong kind was het sy ouers hom soms na die parkie geneem, maar Trevor se ouers het geweet hulle sal in die moeilikheid beland as die polisie uitvind dat hulle 'n gesin is. So, wanneer hulle parkie toe gegaan het, moes hulle maak asof hulle mekaar nie ken nie! | Ek kan **aflei** dat Trevor se velkleur die polisie kon wys dat sy ouers saam is. Dit was op daardie stadium onwettig. So, ek kan **aflei** dat as Trevor by sy ouers was, kon hy hulle almal in die moeilikheid bring. |

| Teks | Tweede lees (Dink Hardop) |
|---|---|
| Een maal, toe Trevor baie klein was, het hy geroep "Pappa!" en na sy pa gehardloop. Trevor se pa was bang dat iets verskrikliks kan gebeur. Hy moes van sy eie kind af weghardloop, maar klein Trevor het gedink dit is 'n speletjie en hy het deur die parkie agter hom aangehardloop en geskree "Pappa!" | Ek kan **aflei** dat klein Trevor nie verstaan het nie! Dit moes moeilik vir Trevor se ouers wees om die onregverdige reëls van Apartheid aan klein Trevor te verduidelik. |
| Trevor het baie tyd by sy ouma in Soweto spandeer. Op daardie stadium was slegs swart mense veronderstel om in Soweto te bly. Trevor se familie was bekommerd dat as die polisie hom sien, hulle mag probeer om hom weg te neem van sy familie. So, Trevor is nie toegelaat om op straat saam met die ander kinders te speel nie!<br><br>Een maal was Trevor so desperaat om saam te speel, dat hy 'n gat onder deur die muur, wat rondom die erf was, gegrawe het! | – |
| Tevor het geleer dat taal 'n belangrike manier was om brue te bou met mense wat anders as hy lyk. Trevor het een maal gesê dat wanneer hy tale leer, hy "'n verkleurmannetjie word." Met ander woorde, Trevor het gevind dat wanneer hy iemand se taal praat, hulle vergeet dat hy anders as hulle lyk. Taal het hom gehelp om te voel dat hy behoort in baie plekke waar hy anders gelyk het. | Ek kan **aflei** dat taal Trevor gehelp het om 'n verkleurmannetjie te word, want dit het hom gehelp om enige plek in te pas! Trevor kon taal gebruik om te behoort. |
| Toe Trevor tien jaar oud was, het Apartheid geëindig. Trevor het na 'n groot skool toe gegaan met meer as 'n duisend kinders. Daar was Kleurling, Indiese, Chinese, swart en wit kinders by Trevor se skool. Van al die kinders in sy skool, was hy die enigste kind van gemengde ras. Dit was vir hom moeilik om te besluit by wie hy pouses moes gaan staan. | – |
| So, Trevor het 'n besigheid begin. Hy het geld by kinders gekry en dan vir hulle kos by die snoepie gaan koop. As gevolg van sy besigheid, het Trevor met al die verskillende groepe kinders by sy skool gepraat. Trevor het geleer hoe om in te pas deur grappe te maak en mense te laat lag. Om snaaks te wees het Trevor gehelp om 'n verkleurmannetjie te wees wat oral inpas! | Ek kan **aflei** dat Trevor se besigheid hom gehelp het om soos 'n verkleurmannetjie te wees. Sy besigheid het hom 'n rede gegee om met almal te gesels en almal te laat lag. |
| Reg deur sy lewe, het Trevor soos 'n buitestaander gevoel op baie verskillende maniere. So, Trevor het ander maniere gekry om te behoort. Hy het mense dopgehou. Hy het hulle tale geleer. Hy het geleer hoe om verskillende mense te laat lag. Om anders te wees het Trevor Noah gehelp om die briljante komediant te wees wat hy vandag is! | O! Ek kan **aflei** dat om anders te wees Trevor gehelp het om 'n bekende komediant te word, want hy moes leer hoe om allerhande verskillende mense te laat lag. |

| **Opvolg vrae** | **Moontlike antwoorde** |
|---|---|
| Waar het Trevor groot geword? | Hy het in Johannesburg groot geword. |
| Wat is een ding wat jy kan aflei van Trevor se moeilike lewe? | Ek kan aflei dat dit moeilik was vir Trevor om … |
| Wat se besigheid het Trevor gehad? | Hy het geld geneem by die ander leerders en dan vir hulle kos by die snoepie gaan koop. |
| **Hoekom vrae** | **Moontlike antwoorde** |
| Hoekom dink jy hierdie storie word genoem *Trevor Noah, die verkleurmannetjie*? | • Omdat Trevor moes leer om in te pas, net soos 'n verkleurmannetjie.<br>• Omdat Trevor geleer het dat tale hom help om soos 'n verkleurmannetjie te word en oral in te pas.<br>• Omdat om mense te laat lag Trevor gehelp het om soos 'n verkleurmannetjie te word en oral in te pas.<br>• Omdat Trevor se besigheid hom gehelp het om soos 'n verkleurmannetjie te word. |



## Groep Begeleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ____________________

1. Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 9** het.
2. Verduidelik **Donderdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5. Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Donderdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

# Vrydag

## Mondelinge Aktiwiteite 15 minute

### TEMA WOORDESKAT

1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
- onwettig
- misdaad
- komediant

| Rympie of liedjie | Aksies |
|---|---|
| Ek is spesiaal, | *Sit jou hand op jou bors* |
| Daar is nie nog iemand soos ek, | *Swaai jou wysvinger om 'nee' te wys* |
| Want ek is enig in my soort | *Swaai jou wysvinger om 'nee' te wys* |
| So behoort jy te weet jy is ook uniek, | *Wys na jou vriend* |
| En enig in jou soort | *Wys na jou vriend* |
| Ons is beide spesiaal en uniek | *Wys met een vinger na mekaar met jou ander hand op jou bors!* |
| Die beste ons wat daar kan wees! | *Spring in die lug en lag* |

### BESPREKING VAN GEDEELDE LEES TEKS

1 Skryf die besprekingsraamwerk op die swartbord:
Die storie handel oor…
Een ding wat ek van die storie geleer het is...
Die storie is verwant aan die tema 'Identiteite' want...
2 Lees die besprekingsraamwerk aan die leerders.
3 Verdeel leerders in hul **klein groepe**.
4 Sê aan leerders dat elkeen 'n beurt moet kry om elke besprekingsvraag te antwoord.
5 Roep die klas tot aandag.
6 Vra verskillende leerders of 'n spesifieke groep om hul antwoorde te deel.
7 Korrigeer die antwoorde indien hul verkeerd is.
8 Bedank die leerders vir hul bydrae.

## Fonemiese Bewustheid En Klanke: Woordsoek

15 minute

Teken die table op die swartbord en sluit al die klanke in wat ons hierdie termyn geleer het.

| | | |
|---|---|---|
| **a** | **s** | **p** |
| **ooi** | **aai** | **eeu** |
| **e** | **i** | **n** |
| **oei** | **kr** | **kn** |
| **m** | **d** | **o** |
| **pl** | **pr** | **st** |
| **g** | **u** | **k** |
| **sw** | **gl** | **gr** |
| **r** | **l** | **h** |

### DEMONSTREER

1 Hersien al die klanke wat op die swartbord is.
2 Gee die leeerders 3 minute om so veel woorde as monntlik te bou met die klanke op die swartbord.

### LEERDERS DOEN

1 Leerders maak hulle skrifte oop.
2 Sê dat hulle kan begin skryf.
3 Gee die leeerders 3 minute om so veel woorde as monntlik te bou met die klanke op die swartbord.
4 Laat die leerders hulle eie werk merk.
5 Vra nou die leerders om hulle woorde ted eel met die klas en dit op die swartbord te skryf.

### ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM

Klank/e: ____________________

Woorde: ____________________

____________________

## Gedeelde Lees: 15 minute

### Na-Lees

**BEGRIPSTRATEGIE: SOM OP**

**MONDELINGE OF GESKREWE OPSOMMING VAN DIE STORIE**

1. Verduidelik aan die leerders dat ons vandag aan die mees belangrike dele van die teks gaan dink.
2. Ons gaan ook dink aan goed wat ons onself in die storie kan **verbind.**
3. Ons gaan die storie ’n punt uit vyf sterre toe ken. Ons gee ’n storie vyf sterre as ons daarvan gehou het. Ons gee ’n storie nul sterre as ons nie daarvan gehou het nie.
4. Skryf die opsommingsraam op die swartbord.
5. Gee opdrag aan die leerders dat hulle die raam moet gebruik om die vrae te beantwoord:
   **Die storie handel oor...** (2–3 sinne)
   **Trevor Noah word met ’n verkleurmanntejie vergelyk want...**
   **Ek het geleer dat...**
   **Uit vyf sterre sal ek ... ster(re) aan die storie toe ken want....**
6. Verduidelik aan die leerders dat hulle nie alles wat in die teks geskryf is kan oor vertel nie. Hulle moet die mees belangrikste dele uitsoek.
   Demonstreer jou voorbeeld vir die leerders. Sê: ***Die storie handel oor*** *Trevor Noah wie ’n beroemde komediant is. Die storie vertel ons van sy kinderjare.* ***Trevor Noah word met ’n verkleurmannetjie vergelyk want*** *hy kan by sy omgewing aanpas.* ***Ek het geleer dat*** *Trevor se geboorte as ’n misdaad beskou was. Sy ouers was nie toegelaat om te trou nie want hulle was verskillende rasse.* ***Uit vyf sterre sal ek*** *vyf* ***sterre aan die storie toe ken want*** *ek hou van Trevor Noah.*
7. Gee leerders ’n paar minute om oor die teks te dink.
8. Gee opdrag aan die leerders om **‘te draai en te praat’** en hulle eie opsomming met ’n maat te deel. / Gee opdrag aan die leerders om hulle eie opsommings te skryf deur gebruik te maak van die skryfraamwerk.
9. Kry die leerders se aandag.
10. Vra 1–2 leerders om hulle opsommings met die klas te deel.
   Skep ’n klas opsomming, soos: ***Die storie handel oor*** *Trevor noah se kinderjare. Ons het geleer dat sy geboorte as ’n misdaad beskou was.* ***Trevor Noah word met ’n verkleurmannetjie vergelyk want*** *hy kan in baie verskillende plekke in pas.* ***Ons het geleer dat*** *Trevor baie tyd by sy ouma in Soweto deurgebring het. Sy was bang dat hy by haar weggeneem sou word omdat sy vel so lig was.* ***Uit vyf sterre sal ons*** *vyf* ***sterre aan die storie toe ken want*** *ons hou van Trevor Noah!*

## Groep Begeleide Lees 30 minute

**GROEPE: ___________________________**

1 Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 9** het.
2 Verduidelik **Vrydag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul tafels.
5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Vrydag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hulle gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

## Week-eind taal onderrig hersiening 15 minute

1 Laat leerders op die mat sit aan die einde van die dag.
2 Voer die weeklikse taal oorsig sessie uit. Jy kan kies om Huistaal en Eerste Addisionele Taal in hierdie verslag te kombineer.
3 Onthou om die leerders toe te laat om om te "Draai en Praat" en hul antwoorde met maats te bespreek. Kies dan 'n paar leerders om hul antwoorde met die klas te deel.
4 Gebruik die volgende leidende vrae om die taal gedeelte van julle bespreking te lei:
   a **Wat was ons taal tema vir die week?**
   b **Watter stories het ons saam gelees?**
   c **Wat was jou gunsteling nuwe woorde vir die week?**
   d **Wat het jy geleer van die stories wat ons gelees het?**
   e **Waaroor het ons geskryf die week?**
   f **Hoe het jou eie skryfwerk verbeter die week?**
   g **Hoe het jou eie leeswerk verbeter die week?**
   h **Waaroor is jy die trotste die week?**
5 Ten einde, sê aan die leerders om aan twee dinge te dink wat hulle aan hul families gaan vertel oor wat hulle geleer het of hoe hulle verbeter het gedurende die week by die skool.

*Let wel: Hierdie proses van self evaluasie en refleksie is 'n krities belangrike deel van leer. Moet asseblief nie die weeklikse aktiwiteit oorslaan nie.*

# Graad 3

## TERMYN 3

# Week 10

# TEMA:

## Identiteite

## Klaskamer Voorbereiding

1. Aan die begin van die week maak seker dat jou klaskamer netjies en skoon is.
2. Opdateer jou vertoonborde deur items wat nie meer relevant is nie te verwyder en dit netjies en versigtig weg te bêre.
3. Volgende moet jy die flitskaart woorde, tema woorde en illustrasies wat jy gaan gebruik voorberei.
4. Vind en berei items voor vir jou temamuur en tafel wat jou leerders interessant sal vind byvoorbeeld: skryf 'n kort beskrywing van jou identiteit vir die leerders om te lees.
5. Doen navorsing op die internet om voor te berei vir die tema. Byvoorbeeld: Hoe om leerders te help om stereotipes te erken en af te breek (oor ras, geslag, ens)
6. Maak seker dat alle leerders se Boeke / DBO Werkboeke netjies gebêre is waar hulle hoort.
7. Maak seker dat al jou grootboeke, graad leesboeke en klas biblioteek boeke in goeie toestand is.
8. Pas jou Groep Begeleide Lees groepe aan indien nodig.
9. Beplan jou formele en informele assesseringsaktiwiteite vir die week.

## Uitbreidingsaktiwiteite

Hierdie aktiwiteite kan gebruik word as onafhanklike werk vir leerders wat hul werk vroeg klaarkry OF terwyl jy leerders assesseer.

**Aktiwiteit 1:** DBO Werkboek 2: Bladsy 54 & 55, Ons doen

**Aktiwiteit 2:** DBO Werkboek 2: Bladsy 56 & 57, Ons skryf

**Aktiwiteit 3:** DBO Werkboek 2: Bladsy 58, Ons lees

**Aktiwiteit 4:** Skryf 'n dagboek inskrywing oor 'n deel van jou identiteit waarvan jy hou.

# Maandag

## Mondelinge Aktiwiteite 15 minute

### HERSIEN DIE TEMA BEKEND: ASSESSEER VORIGE KENNIS

1. Wys aan leerders die prent van Olivier in sy pagne in die Grootboek storie: Almal se Suid-Afrika
2. Vertel aan leerders dat ons voortgaan met die tema: Identiteite
3. Teken 'n sirkel met die naam van die **tema** in die middel van die swartbord.
4. Vra aan leerders: *Wat weet julle reeds van die tema?*
5. Skryf die leerders se idees neer rondom die breinkaart. Groepeer soortgelyke idees bymekaar.
6. Indien leerders sukkel om te antwoord, vra die volgende leidende vrae:
   a. Hoe kan identiteit ons op 'n positiewe manier affekteer?
   b. Wanneer word mense uitgesluit asgevolg van hulle identiteit?
   c. Waarom is dit belangrik om almal se identiteit te aanvaar?

### TEMA WOORDESKAT

1. Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2. Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
   - kultuur
   - Burundi
   - fees

| Rympie of liedjie | Aksies |
|---|---|
| Ek is spesiaal, | *Sit jou hand op jou bors* |
| Daar is nie nog iemand soos ek, | *Swaai jou wysvinger om 'nee' te wys* |
| Want ek is enig in my soort | *Swaai jou wysvinger om 'nee' te wys* |
| So behoort jy te weet jy is ook uniek, | *Wys na jou vriend* |
| En enig in jou soort | *Wys na jou vriend* |
| Ons is beide spesiaal en uniek | *Wys met een vinger na mekaar met jou ander hand op jou bors!* |
| Die beste ons wat daar kan wees! | *Spring in die lug en lag* |

## Handskrif

15 minute

1. Vra die leerders om hulle boeke oop te maak en die datum neer te skryf.
2. Sê aan die leerders om 1–5 in die kantlyn te skryf.
3. Skryf die volgende sin op die swartbord langs nommer 1: Haar onderwyser leer haar hoe om netjies te skryf.
4. Skryf die volgende voornaamwoorde (vakmorfeme) langs nommer 2 – 5:
   2. Jou
   3. My
   4. Sy
   5. Hulle
5. Sê aan die leerders om die sin oor te skryf met elkeen van die voornaamwoorde.
6. In die laaste 5 minute van die les skryf die korrekte sinne op die swartbord neer. Sê die klanke hardop en verduidelik die lopende skrif proses terwyl jy skryf.
7. Vra die leerders om enige patrone wat hulle kan sien uit te wys soos waar die sin verander.
8. Onderstreep die patrone soos volg:
   1. Haar onderwyser leer haar hoe om netjies te skryf.
   2. Jou onderwyser leer jou hoe om netjies te skryf.
   3. My onderwyser leer my hoe om netjies te skryf.
   4. Sy onderwyser leer hom hoe om netjies te skryf.
   5. Hulle onderwyser leer hulle hoe om netjies te skryf.
9. Sê aan die leerders om ’n gekleurde potlood te neem en hulle eie werk te korrigeer.

## Gedeelde Lees:

15 minute

### Voorlees

**BEGRIPSTRATEGIE: VOORSPEL**

1. Laat leerders op die mat sit sodat hulle die Grootboek kan sien.
2. Maak die Grootboek oop by die storie: Almal se Suid-Afrika
3. Gaan deur die prente van elke bladsy en vra leerders wat hulle dink gaan gebeur.
4. Help leerders om die prentjies met mekaar te verbind, sodat hulle ’n goeie idee het waaroor die storie gaan.
5. Stel nuwe woorde bekend by die relevante dele van die storie.
6. Lees die storie een maal deur sonder om te stop.

## Skryfwerk: 30 minute

### Redigeer

**ONDERWERP:** Skryf ’n beskrywing van jou identiteit.

**OPDRAG:** Skryf ’n beskrywing van ten minste 10 sinne wat bymekaar gesit gaan word vir ’n klasboek met die naam: Ons identiteite.

**VOORBEREIDING:**

- Skryf die redigering kontrolelys op die swartbord voor die les begin.
- Skryf jou rofwerk/opstel op die swartbord voor die begin van die les. Sluit een of twee foute in.

**REDIGERING KONTROLELYS:**

1. Het ek myself beskryf?
2. Handel my paragraaf net oor my?
3. Het ek ten minste 10 sinne geskryf?
4. Het ek al die woorde reg gespel?
5. Begin elke sin met ’n hoofletter?
6. Eindig elke sin met die regte leesteken?

#### DEMONSTREER DIE REDIGERINGSPROSES (EK DOEN)

1. Lees die redigering kontrolelys hardop vir die leerders.
2. Lees jou rofwerk/opstel haardop vir die leerders.
3. Werk deur die kontrolelys, wys aan die leerders waar jou rofwerk/opstel reg is of waar jy verbeterings of regstellings moet maak.
4. Demonstreer die regstellingsproses vir die leerders.


#### LEERDERS VOLTOOI DIE REDIGERINGSPROSES (JY DOEN)

1. Deel leerders se boeke uit.
2. Sê aan leerders om na hulle rofwerk / opstel van die skryfopdrag te blaai.
3. Sê aan leerders om deur die redigering kontrolelys te werk en verbeterings of regstellings te maak.
4. Terwyl leerders besig is om te skryf, beweeg in die klas rond en hou mini konferensies – maak seker jy werk saam met ’n verskillende groep leerders vir elke skryfopdrag.
5. Maak ’n nota van enige algemene foute wat leerders maak in hulle skryfwerk.
6. Kry die leerders se aandag en skryf die algemene foute op die swartbord neer.
7. Wys vir die leerders hoe om die foute reg te stel.

September 2 2020

Bongile's identiteit

daar is soveel verskillende aspekte van my. Ek is suid-afrikaans. Ek praat IsiZulu. My familie kom uit 'n dorpie in Kwa-Zulu Natal, msinga. Ek het 'n groot gesin en ons is almal baie godsdienstig. 'n belangrike tradisie is die manier waarop ons verskillende kulturele seremonies vier. Hierdie deel van my identiteit is belangrik omdaat baie van ons seremonies slegs in my kultuur gedoen word en dit ons spesiaal maak. My identiteit is vir my baie spesiaal.



## Groep Begeleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ____________________________

1 Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 10** het.
2 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul tafels.
5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hulle gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Dinsdag

## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Hersien Klanke, Vermenging En Segmentasie

**EK DOEN …**

1 Sê die klank**: eeu**
2 Sê die woord: **sneeu**
3 Segmenteer die woord in individuele klanke: **/sn/-/eeu/**
4 Sê die beginklank van die woord: **/sn/**
5 Sê die endlklank van die woord: **/eeu/**
6 Skryf die woord op die swartbord: **sneeu**
7 Demonstreer deur na die klanke te wys en saam te voeg, hoe die klanke 'n woord bou: **/ sn/-/eeu/ = sneeu**

**ONS DOEN…**

1 Sê die klank**: pl**
2 Sê die woord: **pluis**
3 Vra leerders: Wat is die eerste klank in die woord? **/pl/**
4 Vra leerders: Wat is die tweede enkel klank in die woord? **/ui/**
5 Vra leerders: Wat is die laaste klank in die woord? **/s/**
6 Vra leerders om die woord in individuele klanke te segmenteer: **/pl/-/ui/-/s/**
7 Skryf die woord op die swartbord: **pluis**
8 Sê aan die leerders om die klanke in die woorde saam met jou, reg te saam te voeg: **/ pl/-/ui/-/s/ = pluis**

**JY DOEN …**

1 Sê aan leerders om hul boeke uit te haal en die datum en opskrif te skryf: **eeu en pl woorde**
2 Sê nou aan leerders om in die kantlyn te nommer van 1–5.
3 Roep die volgende woorde uit:
    1 **spreeu**
    2 **sneeu**
    3 **leeu**
    4 **skreeu**
    5 **plaas**
    6 **ploeg**
    7 **plaak**
    8 **plant**
    9 **pluis**

4 Leerders moet die woorde langs die korrekte nommer skryf en die teikenklank in elke woord onderstreep.
5 In die laaste twee minute van die les, skryf die korrekte woorde op die swartbord en onderstreep die teikenklanke.
6 Gee opdrag aan die leerders om hul eie werk met ’n kleurpotlood te korrigeer
7 Verduidelik aan leerders dat hul in die volgende les gaan leer hoe om hierdie klank in LOPENDE SKRIF te skryf.

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________________


Woorde: ______________________________


______________________________

## Handskrif: 15 minute

### Skryf letter(s) / woorde / sinne in lopende skrif

1 Leer leerders hoe om die kleinletter korrek in lopende skrif letter(s) te vorm: **eeu, pl**
2 Demonstreer hoe die letter(s) te skryf vir regshandige leerders en linkshandige leerders.
3 Gee leerders nou opdrag om met ’n maat te werk en om die letter(s) op mekaar se rûe te skryf met hul vingers.
4 Gee leerders nou opdrag om die letter(s) op hul tafels te skryf met hul vingers.
5 Wys ten laatste weereens aan leerders op die swartbord, hoe om die letter(s) en woorde te vorm.
6 Leerders moet dan die klank/woorde/sinne in hul boeke skryf.
7 Leerders moet die teikenklanke onderstreep in al die woorde/sinne wat hul geskryf het.





spreeu

sneeu

leeu

skreeu

plaas

ploeg

plaak

plant

pluis

Ons maak n sneeuman.

Boer Jan ploeg op sy plaas.

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

Sin: ______________________________

______________________________

## Gedeelde Lees:

15 Minute

### Aanvangslees


**BEGRIPSTRATEGIE: MAAK AFLEIDINGS**

| Teks | Aanvangslees (Dink Hardop) |
|---|---|
| **Almal se Suid-Afrika**<br>Mense wat in Suid-Afrika woon het voorsate en familielede wat van baie verskillende plekke kom. Een land waar mense in Suid-Afrika vandaan kom is Burundi. Baie mense het uit Burundi gevlug, want daar was ’n oorlog wat 13 jaar geduur het.<br>Burundi is ’n klein landjie in Oos-Afrika. Die hoofstad is Bujumbura. Die hooftaal wat gepraat word is Kirundi.<br>Die Karyenda drom is ’n tradisionele drom van Burundi. Hierdie drome word gespeel by belangrike feeste, soos die Umuganuro fees (Sorgum fees) en ander spesiale geleenthede. | Onthou ons tema vir die week is identiteit? Ons identiteit is die kenmerke, karaktereienskappe en oortuigings wat ons maak wat ons is.<br>Ek kan **aflei** dat hierdie storie mag gaan oor ’n karakter wie se identiteit verband hou met Burundi, want ons het al hierdie inligting! |
| “Dit is amper Erfenisdag. Môre sal ons al die Suid-Afrikaanse kulture en tradisies vier!” kondig mnr. Dube aan. “Wat is ’n spesiale tradisie in jou kultuur?” Ithabeleng steek haar hand op. “Ek hou daarvan dat wanneer daar ’n spesiale geleentheid is ek en my ma ons seshoeshoes dra!” sê sy.<br>“O! Ek is mal oor die Indlamu dans in my kultuur,” roep Funani uit. | Ek kan **aflei** dat die kinders in die klas opgewonde is om die tradisies waarvan hulle hou te deel. Hierdie tradisies is deel van hulle identiteit. |
| Olivier sit stil op sy sitplek. Hy dink aan die Karyenda dromme wat die mans speel met feeste in Bujumbura. “Ek wonder of ek toegelaat gaan word om my Burundese tradisies op Erfenisdag te vier?” dink hy. | Ek kan **aflei** dat Olivier se herkoms Burundees is. Hy weet nie of hy toegelaat gaan word om hierdie deel van sy identiteit op Erfenisdag te vier nie. |

| Teks | Aanvangslees (Dink Hardop) |
|---|---|
| Die klok lui aan die einde van die dag. “Moenie vergeet om iets van julle kultuur môre te dra om al ons Suid-Afrikaanse tradisies te vier!” kondig mnr. Dube aan. “Sal ek toegelaat word op my pagne te dra?” wonder Olivier. | Ek **wonder** of Olivier gaan besluit om iets te dra wat sy Burundese herkoms vier of nie? |
| Olivier bekommer hom tot hy moet bed toe gaan oor sy uitrusting vir Erfenisdag. | – |
| Daardie nag, droom Olivier van sy klaskamer op Erfenisdag. Al die kinders is aangetrek in hulle tradisionele klere, maar hy lyk anders as al die ander. Hy staan in die middel van die klas terwyl almal na hom vingerwys en vir hom lag.<br>“Wat is dit?” giggel Ithabeleng.<br>“Dit is nie Suid-Afrikaans nie!” roep Funani uit.<br>“Olivier hoort nie hier nie!” kondig mnr. Dube aan. | O! Ek **lei af** dat Olivier bekommerd is wat die ander gaan dink as hy sy tradisionele Burundese klere aantrek. Ek dink hy is bekommerd dat die ander sal sê hy is nie regtig Suid-Afrikaans nie. |
| Olivier se nagmerrie word onderbreek deur sy pa wat hom saggies skud.<br>“Olivier, dit is tyd vir skool!” sê mnr. Buyoya.<br>“Ek wil nie vandag skool toe gaan nie,” antwoord Olivier.<br>“Hoekom, wat is verkeerd?” vra mnr. Buyoya.<br>“Vandag is Erfenisdag by die skool. Mnr. Dube het ons gevra om iets te dra om ons Suid-Afrikaanse kulture te vier, maar ek het nie ’n Suid-Afrikaanse kultuur nie,” sê hy.<br>“Wel, jy het dalk nie ’n Suid-Afrikaanse kultuur nie, maar jy het spesiale kulturele herkoms. Erfenisdag gaan daaroor om alle Suid-Afrikaners te vier – dit sluit ook Suid-Afrikaners met ’n ander herkoms in!” sê mnr. Buyoya sag. “Wag hier!” sê hy. | Ek kan **aflei** dat Olivier nie weet wat om te dra nie, want sy kultuur is nie van Suid-Afrika nie. Hy is bekommerd dat sy kultuur nie sal inpas in Suid-Afrikaanse Erfenisdag nie. |
| Olivier se pa kom terug met ’n ou pagne en hy help Olivier om aan te trek. “Nou lyk dit of jy reg is om jou eie Karyenda drom te speel!” sê mnr. Buyoya. | – |
| Olivier bewonder sy tradisionele Burundese uitrusting in die spieël, maar sy glimlag verdwyn vinnig. “Wat as iemand sê ek behoort nie?” sê hy bekommerd.<br>“Dan sê jy vir hulle Suid-Afrika behoort aan ons almal. Jy is ’n trotse Suid-Afrikaner met ’n Burundese herkoms!” roep mnr. Buyoya uit. | Ek kan **aflei** dat mnr. Buyoya wil hê dat Olivier moet weet hy kan trots wees op beide sy Burundese en Suid-Afrikaanse identiteit. |

| Teks | Aanvangslees (Dink Hardop) |
|---|---|
| Olivier kyk rond soos hy in die klaskamer inloop. Hy maak homself gereed vir kinders wat na hom gaan wys en vir hom gaan lag. Hy herhaal in sy kop wat sy pa vir hom gesê het: "Suid-Afrika behoort aan ons almal. Ek is 'n trotse Suid-Afrikaner met 'n Burundese herkoms!" | Ek **dink** hierdie ervaring laat Olivier besef dat dit goed is om baie verskillende dinge te hê wat deel is van jou identiteit. |
| Niemand sê dat Oliver nie behoort nie.<br>"Wow! Ek is mal oor jou uitrusting," sê Ithabeleng. "Ek wil van jou herkoms leer!" sê Funani.<br>"Al ons erfenisse hoort hier!" kondig mnr. Dube aan. | Ek **lei af** van Olivier se ervaring dat dit moeilik kan wees as dit voel of jou identiteit verskillend van almal anders is. |

| **Opvolg vrae** | **Moontlike antwoordeonses** |
|---|---|
| Waar kom Olivier se familie vandaan? | Hulle is van Burundi. |
| Waar woon Olivier se familie nou? | Hulle woon nou in Suid-Afrika. |
| **Hoekom vrae** | **Moontlike antwoorde** |
| Hoekom wou Olivier nie skool toe gaan nie? | • Omdat hy gedink het Erfenisdag vier net sekere kulture.<br>• Omdat hy nie geweet het hy kan iets van sy Burundese kultuur dra nie.<br>• Omdat hy gevoel het hy gaan nie inpas nie.<br>• Omdat hy bang was dat die ander kinders hom gaan spot en vir hom sê hy hoort nie hier nie. |



## Groep Begeleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ______________________________

1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 10** het.
2 Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Woensdag

## Mondelinge Aktiwiteite 15 minute

### TEMA WOORDESKAT

1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
   - tradisie
   - tradisioneel
   - erfenis

| Rympie of liedjie | Aksies |
|---|---|
| Ek is spesiaal, | *Sit jou hand op jou bors* |
| Daar is nie nog iemand soos ek, | *Swaai jou wysvinger om 'nee' te wys* |
| Want ek is enig in my soort | *Swaai jou wysvinger om 'nee' te wys* |
| So behoort jy te weet jy is ook uniek, | *Wys na jou vriend* |
| En enig in jou soort | *Wys na jou vriend* |
| Ons is beide spesiaal en uniek | *Wys met een vinger na mekaar met jou ander hand op jou bors!* |
| Die beste ons wat daar kan wees! | *Spring in die lug en lag* |

### KREATIEWE STORIEVERTEL

1 Verdeel leerders in hul klein groepe.
2 Gee aan elk 'n kopie van die kreatiewe storievertel prentjies.
3 Sê aan leerders om te dink aan 'n storie wat by die prentjies pas.
4 Gee aan leerders 'n minuut of twee om oor hul idees te dink.
5 Vervolgens moet elke leerder in die groep 'n kans kry om te draai en hul weergawe van die storie te deel.
6 Herinner leerders daaraan dat hul storie kreatief moet wees, maar ook by die prentjies moet pas!
7 Herinner leerders om aandagtig na mekaar se stories te luister.
8 Bedank die leerders dat hulle hul stories gedeel het.



WEEK 10

## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Hersien Klanke, Vermenging En Segmentasie

**EK DOEN ...**

1 Sê die klank: **oei**
2 Sê die woord: **koei**
3 Segmenteer die woord in individuele klanke: **/k/-/oei/**
4 Sê die beginklank van die woord: **/k/**
5 Sê die endlklank van die woord: **/oei/**
6 Skryf die woord op die swartbord: **koei**
7 Demonstreer deur na die klanke te wys en saam te voeg, hoe die klanke 'n woord bou: : **/k/-/oei/ = koei**

**ONS DOEN ...**

1 Sê die klank: **pr**
2 Sê die woord: **pruik**
3 Vra leerders: Wat is die eerste klank in die woord? **/pr/**
4 Vra leerders: Wat is die tweede enkel klank in die woord? **/ui/**
5 Vra leerders: Wat is laaste klank in die woord? **/k/**
6 Vra leerders om die oorpronklike woord in individuele klanke te segmenteer: **/pr/-/ui/-/k/**
7 Skryf die woord op die swartbord: **pruik**
8 Sê aan die leerders om die klanke in die woorde saam met jou reg te saam te voeg: **/pr/-/ui/-/k/ = pruik**

**JY DOEN ...**

1 Sê aan leerders om hul boeke uit te haal en die datum en opskrif te skryf: **oei en pr woorde**
2 Sê nou aan leerders om in die kantlyn te nommer van 1–5.
3 Roep die volgende woorde uit:
   1 **groei**
   2 **broei**
   3 **koei**
   4 **boei**
   5 **bloei**
   6 **proe**
   7 **pruik**
   8 **praat**
   9 **pret**
   10 **prooi**

4 Leerders moet die woorde langs die korrekte nommer skryf en die teikenklank in elke woord onderstreep.
5 In die laaste twee minute van die les, skryf die korrekte woorde op die swartbord en onderstreep die teikenklanke.
6 Gee opdrag aan die leerders om hul eie werk met 'n kleurpotlood te korrigeer
7 Verduidelik aan leerders dat hul in die volgende les gaan leer hoe om hierdie klank in LOPENDE SKRIF te skryf.

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________________


Woorde: ______________________________


______________________________

## Handskrif: 15 minute

### Skryf letter(s) / woorde / sinne in lopende skrif

1 Leer leerders hoe om die lopende skrif kleinletter(s) korrek te vorm: **oei en pr**
2 Demonstreer hoe die letter(s) te skryf vir regshandige leerders en links-handige leerders.
3 Gee leerders nou opdrag om met 'n maat te werk en om die letter(s) op mekaar se rûe te skryf met hul vingers.
4 Gee leerders nou opdrag om die letter(s) op hul tafels te skryf met hul vingers.
5 Wys ten laatste weereens aan leerders op die swartbord, hoe om die letter(s) en woorde te vorm.
6 Leerders moet dan die klank/woorde/sinne in hul boeke skryf.
7 Leerders moet die teikenklanke onderstreep in al die woorde/sinne wat hul geskryf het.





groei

broei

koei

boei

bloei

proe

pruik

praat

pret

prooi

Die hen broei op haar eiers.

Thandi praat baie in die klas.

### ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

Sin: ______________________________

______________________________

## Skryfwerk: 30 minute

### Publiseer en Bied aan

**ONDERWERP:** Skryf 'n beskrywing van jou identiteit.

**OPDRAG:** Skryf 'n beskrywing van ten minste 10 sinne wat bymekaar gesit gaan word vir 'n klasboek met die naam: Ons identiteite.

**SKRYFRAAMWERK:**

Daar is soveel verskillende dele van my identiteit.

Ek is...

Ek praat...

My kultuur is...

'n Belangrike tradisie is...

Hierdie gedeelte van my identiteit is belangrik want...

My identiteit is...

***Verduidelik aan die leerders dat hulle die verskillende begin sin frases kan gebruik net soos hulle wil. Hulle kan die sin frases herrangskik op enige manier om hulle te help om hulle identiteit te beskryf.***

**VOORBEREIDING:** Skryf die opstel wat jy Maandag geredigeer het op die swartbord voor die begin van die les.

### DEMONSTREER DIE PUBLISERINGSPROSES (EK DOEN)

1 Herinner die leerders dat hulle Maandag die geredigeerde kontrolelys gebruik het om hulle werk te verbeter en reg te stel.
2 Sê aan die leerders dat hulle vandag hulle voltooide werk gaan publiseer en gaan aan bied.
3 Wys aan die leerders hoe jy jou rofwerk / opstel herskryf met die titel en die datum.

### LEERDERS VOLTOOI DIE REDEGERINGSPROSES (JY DOEN)

1. Deel leerders se boeke uit.
2. Vertel leerders om die datum en opskrif neer te skryf: **... se identiteit**
3. Sê aan leerders dat hulle, hulle finale skryfwerk sonder enige foute moet neer skryf.
4. Sê aan leerders dat hulle 'n prent kan teken indien hulle genoeg tyd het.
5. Terwyl leerders besig is om te skryf beweeg in die klas rond en help leerders wat sukkel.


### LEERDERS BIED HULLE SKRYFWERK AAN

1. In die laaste 5 minute van die les sê aan die leerders om hulle penne en potlode neer te sit en te luister.
2. Sê aan leerders om te **'draai en te praat**' en hulle skryfwerk vir hulle maat te lees.
3. Roep een of twee leerders na vore om hulle skryfwerk hardop vir die klas te lees.
4. Stel al die leerders se werk in 'n klasboek saam. Plaas die boek in die leeshoekie vir die leerders om te lees.

September 9 2020

Bongile's identiteit

Daar is soveel verskillende aspekte van my. Ek is Suid-Afrikaans. Ek praat isiZulu. My familie kom uit 'n dorpie in Kwa-Zulu Natal, Msinga. Ek het 'n groot gesin en ons is almal baie godsdienstig. 'n Belangrike tradisie is die manier waarop ons verskillende kulturele seremonies vier. Hierdie deel van my identiteit is belangrik omdat baie van ons seremonies slegs in my kultuur gedoen word en dit ons spesiaal maak. My identiteit is vir my baie spesiaal.



## Groep Begeleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ____________________________

1 Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 10** het.
2 Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul tafels.
5 Doen ’n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hulle gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Donderdag

## Fonemiese Bewustheid En Klanke: 15 minute

### Letter Ruil

**EK DOEN ...**

1 Verduidelik dat ons vandag gaan oefen om vir klein verskille in woorde te soek. Dit help ons om beter lesers te wees.
2 Skryf die twee woorde op die swartbord: **plaas, plaak**
3 Demonstreer aan leerders hoe jy die verskille vind, bv.: **plaas, plaak**
4 Verduidelik die verskil, bv. die **/s/** en **/k/** klanke is verskillend, maar die res van die woord is dieselfde!

**ONS DOEN ...**

**DEEL 1**

1 Skryf die twee woorde op die swartbord: **broei, groei**
2 Vra leerders: Wat is die verskil tussen die twee woorde?
3 Vra 'n leerder om die verskil tussen die twee woorde te kom onderstreep, bv.: **broei, groei**
4 Verduidelik die verskil tussen die twee woorde.

**DEEL 2**

1 Skryf nou die volgende woord op die swartbord: **plaas**
2 Vra leerders: **Wat is een letter in die woord wat jy kan uitruil om 'n ander woord te bou?**
3 Skryf 'n lys van leerders se idees om die swartbord, bv **: plaak, kaas, plas, pluis**

**JY DOEN ...**

1 Skryf die woord op die swartbord: **bloei**
2 Gee aan leerders instruksie om soveel woorde as wat hul kan, te maak, deur slegs een klank in die woorde te vervang.
3 Roep nou leerders na die swartbord om een van hul eie woorde neer te skryf.
4 Gaan deur die woorde, en verduidelik watter klank uitgeruil is.
**groei, broei, koei, boei, blaar**

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

## Gedeelde Lees: 15 minute

### Tweede Lees


**LEESSTRATEGIE: MAAK AFLEIDINGS**

| Teks | Tweede lees (Dink Hardop) |
|---|---|
| **Almal se Suid-Afrika**<br>Mense wat in Suid-Afrika woon het voorsate en familielede wat van baie verskillende plekke kom. Een land waar mense in Suid-Afrika vandaan kom is Burundi. Baie mense het uit Burundi gevlug, want daar was 'n oorlog wat 13 jaar geduur het.<br>Burundi is 'n klein landjie in Oos-Afrika. Die hoofstad is Bujumbura. Die hooftaal wat gepraat word is Kirundi.<br>Die Karyenda drom is 'n tradisionele drom van Burundi. Hierdie drome word gespeel by belangrike feeste, soos die Umuganuro fees (Sorgum fees) en ander spesiale geleenthede. | Ek **onthou** Olivier se identiteit is beide Suid-Afrikaans en Burundees. Dit maak Erfenisdag vir hom verwarrend. Ons sal vandag daaraan dink wanneer ons lees. |
| "Dit is amper Erfenisdag. Môre sal ons al die Suid-Afrikaanse kulture en tradisies vier!" kondig mnr. Dube aan. "Wat is 'n spesiale tradisie in jou kultuur?" Ithabeleng steek haar hand op. "Ek hou daarvan dat wanneer daar 'n spesiale geleentheid is ek en my ma ons seshoeshoes dra!" sê sy.<br>"O! Ek is mal oor die Indlamu dans in my kultuur," roep Funani uit. | Olivier het 'n kultuur waarop hy trots is, maar dit is nie van Suid-Afrika nie. Ek **wonder** of dit die rede is dat hy nie enige iets wil deel nie. |
| Olivier sit stil op sy sitplek. Hy dink aan die Karyenda dromme wat die mans speel met feeste in Bujumbura. "Ek wonder of ek toegelaat gaan word om my Burundese tradisies op Erfenisdag te vier?" dink hy. | Ek kan **aflei** dat Olivier lief is vir sy kultuur en trots is daarop – maar hy is bekommerd dat dit nie sal pas in sy Sujid-Afrikaanse klaskamer nie. |
| Die klok lui aan die einde van die dag. "Moenie vergeet om iets van julle kultuur môre te dra om al ons Suid-Afrikaanse tradisies te vier!" kondig mnr. Dube aan. "Sal ek toegelaat word op my pagne te dra?" wonder Olivier. | Olivier is nie net Burundees – hy is ook Suid-Afrikaans. Sy kultuur kom van Burundi. **Ek lei af** dat Olivier verward voel oor wat Erfenisdag vir hom beteken. |

| Teks | Tweede lees (Dink Hardop) |
|---|---|
| Olivier bekommer hom tot hy moet bed toe gaan oor sy uitrusting vir Erfenisdag. | – |
| Daardie nag, droom Olivier van sy klaskamer op Erfenisdag. Al die kinders is aangetrek in hulle tradisionele klere, maar hy lyk anders as al die ander. Hy staan in die middel van die klas terwyl almal na hom vingerwys en vir hom lag.<br>“Wat is dit?” giggel Ithabeleng.<br>“Dit is nie Suid-Afrikaans nie!” roep Funani uit.<br>“Olivier hoort nie hier nie!” kondig mnr. Dube aan. | Arme Olivier het ’n nagmerrie oor Erfenisdag. Ek **lei af** dat hy bekommerd is oor hoe sy identiteit inmekaarpas, daarom het hy ’n nagmerrie. Ek **lei af** hy is baie bekommerd oor hoe hy inpas. |
| Olivier se nagmerrie word onderbreek deur sy pa wat hom saggies skud.<br>“Olivier, dit is tyd vir skool!” sê mnr. Buyoya.<br>“Ek wil nie vandag skool toe gaan nie,” antwoord Olivier.<br>“Hoekom, wat is verkeerd?” vra mnr. Buyoya.<br>“Vandag is Erfenisdag by die skool. Mnr. Dube het ons gevra om iets te dra om ons Suid-Afrikaanse kulture te vier, maar ek het nie ’n Suid-Afrikaanse kultuur nie,” sê hy.<br>“Wel, jy het dalk nie ’n Suid-Afrikaanse kultuur nie, maar jy het spesiale kulturele herkoms. Erfenisdag gaan daaroor om alle Suid-Afrikaners te vier – dit sluit ook Suid-Afrikaners met ’n ander herkoms in!” sê mnr. Buyoya sag. “Wag hier!” sê hy. | Olivier se pa help om Olivier te laat verstaan dat hy beide Suid-Afrikaans en Burundees is – hy hoef nie te kies tussen sy twee identiteite nie. Dit moet Olivier baie verlig laat voel! |
| Olivier se pa kom terug met ’n ou pagne en hy help Olivier om aan te trek. “Nou lyk dit of jy reg is om jou eie Karyenda drom te speel!” sê mnr. Buyoya. | – |
| Olivier bewonder sy tradisionele Burundese uitrusting in die spieël, maar sy glimlag verdwyn vinnig. “Wat as iemand sê ek behoort nie?” sê hy bekommerd.<br>“Dan sê jy vir hulle Suid-Afrika behoort aan ons almal. Jy is ’n trotse Suid-Afrikaner met ’n Burundese herkoms!” roep mnr. Buyoya uit. | Ek kan **aflei** dat Olivier van sy uitrusting hou, want hy glimlag wanneer hy homself in die spieël sien, maar hy is steeds bekommerd wat die ander van hom gaan dink. |
| Olivier kyk rond soos hy in die klaskamer inloop. Hy maak homself gereed vir kinders wat na hom gaan wys en vir hom gaan lag. Hy herhaal in sy kop wat sy pa vir hom gesê het: “Suid-Afrika behoort aan ons almal. Ek is ’n trotse Suid-Afrikaner met ’n Burundese herkoms!” | Olivier se pa help Olivier om trots te voel oor sy identiteite. |

| Teks | Tweede lees (Dink Hardop) |
|---|---|
| Niemand sê dat Oliver nie behoort nie.<br>"Wow! Ek is mal oor jou uitrusting," sê Ithabeleng. "Ek wil van jou herkoms leer!" sê Funani.<br>"Al ons erfenisse hoort hier!" kondig mnr. Dube aan. | **Ek lei af** dat Olivier se klasmaats en onderwyser vir Olivier laat welkom voel in die klaskamer. Dit moet 'n groot verligting wees! |

| Opvolg vrae | Moontlike antwoorde |
|---|---|
| Wat is Olivier se herkoms? | Sy herkoms is Burundees. |
| Wat het in Olivier se droom gebeur? | Almal het hom gespot / Almal het na hom gewys en gelag / Sy onderwyser het vir hom gesê hy hoort nie hier nie. |
| **Hoekom vrae** | **Moontlike antwoorde** |
| Hoekom het Olivier sy pagne skool toe aangetrek? | • Omdat sy herkoms Burundees is het hy 'n pagne op Erfenisdag gedra.<br>• Omdat sy onderwyser die leerders gevra het om iets te dra van hulle eie kultuur op Erfenisdag.<br>• Omdat 'n pagne klere is van sy kultuur.<br>• Omdat sy pa gehelp het om hom te laat verstaan dat Erfenisdag daaroor gaan om al die verskillende herkomse in Suid-Afrika te vier.<br>• Omdat hy besef het hy kan trots wees op sy identiteit en kulturele herkoms, selfs al kom dit nie van Suid-Afrika nie. |



## Groep Begeleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ______________________________

1. Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 10** het.
2. Verduidelik **Donderdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5. Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Donderdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Vrydag

## Mondelinge Aktiwiteite 15 minute

### TEMA WOORDESKAT

1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
   - behoort
   - geleentheid
   - familielid

| Rympie of liedjie | Aksies |
|---|---|
| Ek is spesiaal, | *Sit jou hand op jou bors* |
| Daar is nie nog iemand soos ek, | *Swaai jou wysvinger om 'nee' te wys* |
| Want ek is enig in my soort | *Swaai jou wysvinger om 'nee' te wys* |
| So behoort jy te weet jy is ook uniek, | *Wys na jou vriend* |
| En enig in jou soort | *Wys na jou vriend* |
| Ons is beide spesiaal en uniek | *Wys met een vinger na mekaar met jou ander hand op jou bors!* |
| Die beste ons wat daar kan wees! | *Spring in die lug en lag* |

### BESPREKING VAN GEDEELDE LEES TEKS

1 Skryf die besprekingsraamwerk op die swartbord:
Die storie handel oor…
Een ding wat ek van die storie geleer het is...
Die storie is verwant aan die tema 'Identiteite' want...
2 Lees die besprekingsraamwerk aan die leerders.
3 Verdeel leerders in hul **klein groepe**.
4 Sê aan leerders dat elkeen 'n beurt moet kry om elke besprekingsvraag te antwoord.
5 Roep die klas tot aandag.
6 Vra verskillende leerders of 'n spesifieke groep om hul antwoorde te deel.
7 Korrigeer die antwoorde indien hul verkeerd is.
8 Bedank die leerders vir hul bydrae.

## Fonemiese Bewustheid En Klanke: Woordsoek

15 minute

Teken die table op die swartbord en sluit al die klanke in wat ons hierdie termyn geleer het.

| | | |
|---|---|---|
| **a** | **s** | **p** |
| **ooi** | **aai** | **eeu** |
| **e** | **i** | **n** |
| **oei** | **kr** | **kn** |
| **m** | **d** | **o** |
| **pl** | **pr** | **st** |
| **g** | **u** | **k** |
| **sw** | **gl** | **gr** |
| **r** | **l** | **h** |

### DEMONSTREER

1. Hersien al die klanke wat op die swartbord is.
2. Gee die leeerders 3 minute om so veel woorde as monntlik te bou met die klanke op die swartbord.

### LEERDERS DOEN

1. Leerders maak hulle skrifte oop.
2. Sê dat hulle kan begin skryf.
3. Gee die leeerders 3 minute om so veel woorde as monntlik te bou met die klanke op die swartbord.
4. Laat die leerders hulle eie werk merk.
5. Vra nou die leerders om hulle woorde ted eel met die klas en dit op die swartbord te skryf.

### ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

## Gedeelde Lees: 15 minute

### Na-Lees

**BEGRIPSTRATEGIE: SOM OP / MAAK AFLEIDINGS**

**ILLUSTREER DIE STORIE**

1. Laat die leerders by hulle banke gaan sit. Deel hulle boeke of ’n skoon vel papier uit. Hulle moet hulle potlode en kryte gereed hê.
2. **Verduidelik** aan die leerders dat hulle ’n karakter in die storie se denke en gevoelens **gaan teken en daaroor skryf**.
3. **Demonstreer** hoe jy **’n karakter kies en aflei waaroor hulle dink en wat hulle voel**, soos: Olivier wat in die klas sit en wonder oor wat die ander kinders gaan aantrek vir Erfenisdag. Hy weet nie wat om te doen nie!
4. Teken ’n prent op die swartbord van Olivier wat by sy lessenaar sit en om die klas kyk.
5. **Demonstreer** hoe jy ’n denk borrel met een of twee sinne binne in by jou tekening byvoeg, soos: Ek wonder of enige iemand anders soos ek voel.
6. Verduidelik aan die leerders dat hulle nou ’n karakter gaan kies en gaan aflei waaroor hulle dink en wat hulle voel.
7. Vertel die leerders om hul oë toe te maak en te ontspan. Lees die storie nog een keer vir die leerders.
8. Vertel die leerders om hulle oë oop te maak en hulle idees te teken.
9. Gee die leerders instruksie **om te draai en met ’n maat te praat** oor hul tekeninge.

## Groep Begeleide Lees 30 minute

**GROEPE:** ______________________________

1. Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 10** het.
2. Verduidelik **Vrydag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minute terug na hul tafels.
5. Doen ’n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Vrydag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hulle gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

## Week-eind taal onderrig hersiening

15 minute

1. Laat leerders op die mat sit aan die einde van die dag.
2. Voer die weeklikse taal oorsig sessie uit. Jy kan kies om Huistaal en Eerste Addisionele Taal in hierdie verslag te kombineer.
3. Onthou om die leerders toe te laat om om te "Draai en Praat" en hul antwoorde met maats te bespreek. Kies dan 'n paar leerders om hul antwoorde met die klas te deel.
4. Gebruik die volgende leidende vrae om die taal gedeelte van julle bespreking te lei:
   - a **Wat was ons taal tema vir die week?**
   - b **Watter stories het ons saam gelees?**
   - c **Wat was jou gunsteling nuwe woorde vir die week?**
   - d **Wat het jy geleer van die stories wat ons gelees het?**
   - e **Waaroor het ons geskryf die week?**
   - f **Hoe het jou eie skryfwerk verbeter die week?**
   - g **Hoe het jou eie leeswerk verbeter die week?**
   - h **Waaroor is jy die trotste die week?**
5. Ten einde, sê aan die leerders om aan twee dinge te dink wat hulle aan hul families gaan vertel oor wat hulle geleer het of hoe hulle verbeter het gedurende die week by die skool.

*Let wel: Hierdie proses van self evaluasie en refleksie is 'n krities belangrike deel van leer. Moet asseblief nie die weeklikse aktiwiteit oorslaan nie.*